# Die pastorale bediening van die plaaslike kerk aan substituutversorgers van MIV/VIGS geaffekteerdes

**HERMANUS ARNOLDUS SMITH**

**B.A.Teol., B.A. (Hons.), B.D., M.Div.**

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor (Pastoraal) in die Fakulteit Teologie aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus)

**Promotor:** **Prof. dr. G.A. Lotter**

**Mede-promotor:** **Dr. F.G. Minnie**

**Mei 2009**

**Potchefstroom**

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

**OPGEDRA AAN MY VROU, ROSA, WAT AAN MY NET HAAR BESTE GEE EN NET DIE BESTE VAN MY VERDIEN.**

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

# I. VOORWOORD

Ek gee graag erkenning aan die volgende persone en instansies wat bewustelik of onbewustelik deel gehad het aan die voltooiing van die studie:

- My promotor, prof. dr. G.A. Lotter, vir leiding en ondersteuning - veral ten opsigte van die afhandeling van die studie. Sy positiewe leiding, openheid, ondersteuning en insig word waardeer. Sy ondersteuning in 'n fase van teleurstelling verdien die hoogste lof en maak my 'n skuldenaar ten opsigte van ander wat iewers teleurstelling mag beleef;
- My mede-promotor, dr. Frans Minnie, vir sy kennis, leiding, geduld, insig, toeganklikheid en aanmoediging oor so 'n lang periode. Sy leiding het die studie ook 'n proses van persoonlike groei gemaak;
- Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek en in besonder me. Gerda van Rooyen van die Teologiese Biblioteek vir haar vriendelike hulp en ondersteuning;
- Die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus) vir die beurs aan my toegestaan;
- Heslia van Eck wat my taalkundig bygestaan het;
- Wouter en Lorinda Enslin en Christien Geel wat met die tegniese versorging gehelp het;
- Die "granny's" van Dobsonville vir die ondersteuning en die openheid;
- Die Clinix hospitaal, Dobsonville en in besonder pastoor Chris Mbali en Antoinette Landsberg;
- Die versorgers by Sparrows Ministries, Chris en Lani by "Baba Moses" en al die ander versorgers wat hul harte oopgemaak het;
- Die maatskaplike werkers by NG Welsyn en veral Heleen Scholtz en San-Marié Ferreira vir hulle inspirasie;
- Die gemeente waaraan ek verbonde is, NG kerk Witpoortjie en kollega, dr. Japie Steyn vir belangstelling en geduld;
- My ouers, Tienie en Sannie Smith en skoonouers, Braam en Truia Grobbelaar vir hulle aanmoediging;
- My broer, susters, swaers en hulle kinders vir hulle gebede en ondersteuning;
- My vrou, Rosa, vir soveel opofferings, liefde, geduld, gebede en aanmoediging gedurende die jare van studie;

- Ons seuns, Marco en Braam en skoondogter, Frandri, vir al hulle liefde en aanmoediging;
- Alle eer aan die Here wat my eerste liefgehad het, die Here wie ek liefhet, en die Here wie se mense ek lief het!

# II. OPSOMMING

## DIE PASTORALE BEDIENING VAN DIE PLAASLIKE KERK AAN SUBSTITUUTVERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES


MIV/Vigs is 'n skrikwekkende afgrond waar die hele wêreld voor te staan gekom het. Dit is 'n afgrond wat niemand kan ontken of ignoreer nie, maar tog ook 'n enorme uitdaging.

Dis nie net mense wat geïnfekteer is deur MIV wat geraak word nie, miljoene ander word daardeur geaffekteer. Miljoene vigswesies leef in die ellende van armoede en stigma. Dis een of albei hulle ouers wat gesterf het en aan hulle die erfenis nagelaat het van rousmart, armoede, ongeletterheid, versorgingsverantwoordelikheid, misbruik en soms MIV/Vigs.
Grootouers is beroof van hulle kinders en het onvoorbereid, gedompel in smart soms die verantwoordelikheid vir hulle kleinkinders aanvaar. Ander familie en vriende het versorgingsverantwoordelikheid gekry waarop hulle nie gereken het nie. Die staat se verantwoordelikheid vir fondse en wetgewing groei progressief.

Die Kerk en veral die plaaslike kerk, ook geraak deur die werklikheid van MIV/Vigs, kan haar nie langer van die ongelukstoneel verskoon en haar roeping in terme van die nood ontduik nie.

In die studie word van die prakties-teologiese model van Zerfass gebruik gemaak.

Die basisteoretiese aspekte van die studie handel oor die feit dat die plaaslike kerk haar nie van nood kan onttrek nie. Matteus 25 : 31 - 46 en ander ondersteunende tekste in die Skrif wil die plaaslike kerk toets aan hulle betrokkenheid by universele nood in 'n universele gemeenskap. Verder wil die beginsels binne die Praktiese Teologie, die Skifgedeeltes, sowel as die kommunikatiewe handelingstradisie van die kerk deur die eeue, 'n basis en norm skep vir nuwe optrede in geval van nood.

In kommunikasie met die sosiale wetenskappe ontdek die studie die diepte van die nood met betrekking tot MIV/Vigs. Dit is: Wat MIV/Vigs is; die omvang van die uitdaging, die stigma wat steeds daaraan kleef, die oorsake van verspreiding, die rol van armoede en die tekort aan

antiretrovirale middels; die ongeneeslikheid van MIV/Vigs; hoe die situasie van die geaffekteerdes, in besonder vigswesies lyk, asook die uitdagings. Verder bestudeer die studie versorgers in die MIV/Vigs arena. Dit handel dan veral oor substituutversorgers en die kategorieë van groot en groot-groot ouers; familieversorgers, hulp van formele versorging, institusionele sorg en kinders as familiehoofde. Die ervarings en behoeftes word weergegee asook wat hulle nodig het om te kan voortbestaan en selfs te kan groei binne hulle omstandighede.

Die plaaslike kerk het 'n pastorale taak wat wyer strek as amptelike bediening aan lidmate, maar wat binne missionale kerkwees lidmate kan bemagtig om hulle roeping uit leef in so mate dat hulle die ontmagtigdes van die samelewing met die kommunikasie van die Evangelie, binne magtelose omstandighede, met Christelike hoop kan bemagtig. Die moontlike reikwydte van die kerk binne nood is onbeperk met 'n moontlike totaal van 33 000 Christelike gemeentes in Suid-Afrika. Perspektiewe op kleingroepe ondersoek 'n terrein waardeur die kerk haar pastorale taak met bemagtiging kan uitleef.

In 'n kwalitatiewe studie is gefokus op die leefwêreld van 'n aantal kategorieë van substituutversorgers: Grootouers wat kleinkinders versorg; familielede wat die verantwoordelikheid by grootouers moes oorneem; die ervarings van substituutversorgers binne geïnstitusionaliseerde sorg; die belewenisse van blanke mense wat in 'n bo-gemiddelde woonbuurt 'n huis van veiligheid bedryf en ook vigswesies versorg en laastens die ervaring van iemand wat reeds geruime tyd boeties en sussies versorg as kinderhoof van 'n huisgesin. Daar is die opgewondenheid van kerklike betrokkenheid asook hartseer van kerklike onbetrokkenheid. In die studie word verskeie verhale vertel.

Die praktykmodel poog om al die lyne bymekaar te bring in die daarstelling van 'n model waardeur die plaaslike kerk haar pastorale bediening aan substituutversorgers kan nakom en so deel kan wees van die oplossing van die uitdaging van MIV/Vigs en nie deel van die probleem nie. Die model word 'n "sakpasmodel" genoem. Alle gemeentes of plaaslike kerke beskik nie oor dieselfde opleiding en infrastruktuur nie, maar verskeie moontlikhede van kleingroepe bestaan waarbinne lidmate bemagtig kan word, substituutversorgers ingetrek en bemagtig kan word, belangegroepe ontwikkel kan word en hulp gegee kan word aan instellings. Die gevolg is groei binne die plaaslike gemeente; innerlike gesondheid van versorgers en groei; identifisering van substituutversorgers; wederkerigheid; hulp in armoede; oorsteek van grense; bemagtiging van lidmate in terme van

gawebediening; missionale kerkwees; inligting oor die uitdaging van MIV/Vigs en die verdere bemagtiging van substituutversorgers tot voordeel van vigswesies.

Die positiewe uiteinde is die innerlike ervaring van 'n plaaslike kerk en die toepassing van Matt. 25 : 31 - 46, in besonder vers 40b : ".. Vir sover julle dit aan die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen."

## III. SLEUTELTERME

MIV/Vigs, Taak van die kerk, Die Kerk en MIV/Vigs, Gesinsorg en MIV/Vigs, Sorg en MIV/Vigs, Versorgers, Kinders as gesinshoofde, Kerk en nood, Strategie, Substituutversorgers, MIV/Vigs-geaffekteerdes, pastorale bediening, Onderhoud.

# IV. ABSTRACT


## THE PASTORAL MINISTRY OF THE LOCAL CHURCH TO SUBSTITUTE CAREGIVERS OF HIV/AIDS AFFECTED.

HIV/AIDS is a terrible scourge that affects the whole of humanity. This is something nobody can deny or ignore.

It is not only HIV infected people who are affected by this. Millions of others suffer too. Millions of Aids orphans live in poverty and are stigmatized by their communities. If one or both of the parents died of AIDS these orphans will have to burden the ensuing grief, hunger, illiteracy, sibling care, abuse and sometimes having AIDS themselves. Grandparents lose there children and get the responsibilities of raising their grandchildren thrust upon them. Other family members and friends sometimes have to share these unforeseen responsibilities too. The state faces an ever-increasing financial drain on its resources, and tries to keep up with ever changing legislation.

The church, especially the local church is also deeply affected by this reality. She cannot shirk her responsibilities in the matter. She cannot turn a blind eye to the overwhelming need out there.

The methodological model of Zerfass is being used in the study.

The crux of this study concerns the church's duty in this matter. Matthew 25 : 31 - 46 and their supportive texts will test the local church on their involvement in this universal need. This study endeavors to find adequate and novel ways and forms of dealing with need with reference to Practical Theology, relevant Scriptural quotes and the historical churchly tradition of communal aid as witnessed in the early church.

The social sciences are involved in this endeavor to fathom the depth of human need in connection with HIV/AIDS. This study clarifies what HIV/AIDS really means to people, the extent of the challenge, the stigma attached to the affliction, reasons for its spread, poverty, a shortage of ARV's, its incurability, the problems of Aids orphans. In addition this study will explore the challenges facing caregivers, substitute parents like grandparents or family members, formal or

institutional care and children acting as heads of families. Their experiences are dealt with, as well as people's material and spiritual wants, and what they need, in order to survive and even grow in dire circumstances.

The local church has a pastoral duty that encompasses much more than the needs of its parishioners. It needs to equip church members with missionary skills to strengthen those in need with the hope and good news of the Gospel. The impact of a concerted effort of a possible 33 000 Christian congregations in South-Africa cannot be underestimated. A study on smallgroups identify smallgroups as empowering bodies in the church's pastoral obligation.

In one qualitative study the focus is on the daily life of a range of substitute caregivers: Grandparents, relatives, the experiences of substitute caregivers within institutionalized care, the experiences of people of European descent that run a house of safety and lastly the story of a kid acting as a family head over her siblings. There is the excitement of church involvement and the disappointment over church apathy.

This practical model envisions a coordinated plan whereby the local church can serve and aid these substitute caregivers, to be part of the solution and not of the problem concerning HIV/AIDS. This could be called a "Flexi model". All local churches do not have the same resources, training and infrastructure. Nevertheless several possible solutions are possible, so that caregivers can be involved and empowered, to do what they have to do. The consequences of a successful outreach could be spiritual growth in a local church, inner mental and spiritual health, identification of new and suitable caregivers, reciprocity, poverty alleviation, the breaching of boundaries, empowerment of church members in the exercising of spiritual gifts, development of spiritual zeal, information exchange about the real challenges of AIDS, and the ongoing empowerment of caregivers to the lasting benefit of Aids orphans.

The positive outcome is the inner transformation of a local church. Matthew 25 : 31 - 46 especially verse 40b will become relevant to everyone: "In as much as you have done it to the lesser most of these brethren, you have done it to me."

# V. KEYWORDS

HIV/Aids, Task of the church, The church and HIV/Aids, Family care and HIV/AIDS, HIV/AIDS and care, Caregivers, Child-headed households, church and needs, Strategy, Substitute caregivers, HIV/Aids affected, Pastoral care, Interview.

# INHOUDSOPGAWE

I. VOORWOORD .......... I

II. OPSOMMING .......... III

III. SLEUTELTERME .......... V

IV. ABSTRACT .......... VI

V. KEYWORDS .......... VIII

HOOFSTUK 1 .......... 1

INLEIDING .......... 1

1.1 TITEL VAN DIE STUDIE .......... 1
1.2. DEFINISIES VAN TERME IN DIE TITEL GEBRUIK .......... 1
1.2.1 PLAASLIKE KERK .......... 1
1.2.2 PASTORALE BEDIENING .......... 2
1.2.3 SUBSTITUUTVERSORGERS .......... 2
1.2.4 MIV/VIGS .......... 3
1.2.5 GEAFFEKTEERDES .......... 3
1.3 PROBLEEMSTELLING .......... 4
1.3.1 MIV/VIGS - WESENLIKE PROBLEEM IN SUID-AFRIKA .......... 4
1.3.2 SUBSTITUUTVERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES .......... 5
1.3.3 DIE PLAASLIKE KERK SE UITDAGING .......... 8
1.4 NAVORSINGSVRAAG .......... 10
1.5 DOELSTELLING EN DOELWITTE .......... 11
1.5.1 DOELSTELLING .......... 11
1.5.2 DOELWITTE .......... 11
1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT .......... 11
1.7 METODE .......... 12
1.7.1 BASISTEORETIESE ONDERSOEK IN DIE TEOLOGIESE TRADISIE EN IN BESONDER DIE SKRIFOPENBARING VANUIT MATTEUS 25 : 31 - 46 MET VERWYSING NA ANDER ONDERSTEUNENDE TEKSTE .......... 13
1.7.2 METATEORIESE ONDERSOEK DEUR LITERATUURSTUDIE IN DIE RESULTATE VAN ANDER WETENSKAPPE EN DIE KADER VAN DIE TEOLOGIESE WETENSKAPPE .......... 14
1.7.3 KWALITATIEWE STUDIE DEUR MIDDEL VAN IN DIEPTE VRAELYSTE .......... 15
1.7.4 INTEGRERING VAN DIE RESULTATE VAN DIE BASIS-, METATEORETIESE- EN KWALITATIEWE ONDERSOEK IN DIE SKEPPING VAN PRAKTYKTEORIEË ASOOK DIE PRAKTYKMODEL .......... 16
1.8 HOOFSTUKINDELING .......... 16
1.9 BIBLIOGRAFIE EN ANDER TEGNIESE ASPEKTE .......... 17
1.10 DIE KORRELASIE TUSSEN NAVORSINGSVRAAG, DOELWITTE EN METODE .......... 18

**HOOFSTUK 2 ........ 20**

**BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE: TEOLOGIESE TRADISIE- EN SKRIFGETUIENIS OOR DIE KERK SE ROL IN DIE AANSPREEK VAN NOOD ........ 20**

2.1 NAVORSINGSVRAAG ........ 20
2. 2 DOELSTELLING ........ 20
2. 3 INLEIDING ........ 20
2.4 PRAKTIES-TEOLOGIESE STUDIEVELD ........ 21
2.4.1 MOONTLIKE DEFINISIES EN BASISTEORETIESE BEGINSELS ........ 21
2.4.2 ZERFASS SE PRAKTIES-TEOLOGIESE MODEL ........ 22
2.5 DIE KERK AS HANDELINGSTERREIN BINNE DIE PRAKTIESE TEOLOGIE ........ 26
2.5.1 PLAASLIKE KERK AS KOMMUNIKATIEWE RUIMTE VAN DIE GEES ........ 26
2.5.2 PLAASLIKE KERK AS KOMMUNIKATIEWE GEMEENSKAP ........ 26
2.5.3 DIE WÊRELD AS KOMMUNIKATIEWE RUIMTE VIR DIE GEES ........ 27
2.5.4 DIE KERK AS KOMMUNIKATIEWE GEMEENSKAP ........ 27
2.5.5 FUNKSIES VAN DIE KERK ........ 28
2.6 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT 'N TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE ........ 28
2.6.1 RELEVANSIE ........ 28
2.6.2 ANTROPOLOGIE ........ 29
2.6.3 TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE ........ 29
2.6.4 BUITE-BYBELSE MENSBESKOUINGE ........ 29
2.6.4.1 DUALISTIESE MENSBESKOUING ........ 30
2.6.4.2 HUMANISTIESE MENSBESKOUING ........ 30
2.6.4.3 EKSISTENSIALISTIESE MENSBESKOUING ........ 30
2.6.4.4 LIBERALISTIESE MENSBESKOUING ........ 30
2.6.4.5 NASIONAAL-SOSIALISTIESE MENSBESKOUING ........ 31
2.6.4.6 KOMMUNISTIESE MENSBESKOUING ........ 31
2.6.4.7 KOMMUNALISME ........ 31
2.6.5 BYBELSE MENSBESKOUING ........ 32
2.6.5.1 DIE MENS, GESKAPE AS BEELD VAN GOD ........ 34
2.6.5.2 VERHOUDING TOT GOD ........ 37
2.6.5.3 VERHOUDING TOT DIE NAASTE ........ 37
2.6.5.4 VERHOUDING TOT HOMSELF ........ 37
2.6.5.5 VERHOUDING TOT DIE KOSMOS ........ 37
2.7 DIE SKRIF AS NORMATIEWE KENBRON VIR DIE BASISTEORIE ........ 39
2.7.1 GESAG VAN DIE BYBEL ........ 39
2.7.2 GEBRUIK VAN DIE BYBEL ........ 40
2.7.3 DIE GRAMMATIES-HISTORIESE EKSEGETIESE MODEL IN DIENS VAN VERANTWOORDELIKE SKRIFGEBRUIK ........ 41
2.7.3.1 GRAMMATIESE ELEMENT ........ 42
2.7.3.2 HISTORIESE ELEMENT ........ 43
2.7.3.3 TEOLOGIESE ELEMENT ........ 43
2.7.4 PSIGOLOGIESE LEES VAN TEKSTE ........ 43
2.7.5 DIE HISTORIES-KRITIESE METODE VAN SKRIFVERKLARING ........ 44
2.7.6 HERMENEUTIESE SLEUTELS ........ 44
2.7.7 POSTMODERNISME EN DIE INTERPRETASIE VAN TEKSTE, KERK EN SAMELEWING ........ 45

2.8 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE PASTORALE BEDIENING VAN DIE PLAASLIKE KERK AAN SUBSTITUUTVERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES VANUIT MATTEUS 25 : 31 - 46 EN ONDERSTEUNENDE TEKSTE ........ 48
2.8.1 INLEIDING ........ 48
2.8.2 TEKSKEUSE ........ 49
2.8.2.1 KEUSE VIR DIE MATTEUS-EVANGELIE ........ 49
2.8.2.2 KEUSE VIR DIE BESONDERE PERIKOOP, MATT. 25 : 31 - 46 ........ 50
2.8.3 POSISIE VAN MATT. 25 : 31 - 46 AS DEEL VAN DIE MAKROSTRUKTUUR VAN MATTEUS ........ 50
2.8.4 MATT. 25 : 31 - 46 GRIEKSE TEKS (BYLAAG 1) ........ 51
2.8.5 VERTALING VAN DIE PERIKOOP MATT. 25 : 31 - 46 (NAV, 1983) (BYLAAG 1) ........ 51
2.8.6 DIE GENRE VAN MATTEUS 25 : 31 – 46 ........ 51
2.8.7 ONTLEDING VAN DIE GEDAGTE-OPBOU VAN DIE PERIKOOP MATT. 25 : 31 - 46 ........ 53
2.8.8 BEPALING VAN DIE SOSIO-HISTORIESE KONTEKS VAN DIE PERIKOOP ........ 55
2.8.8.1 MATTEUS-GEMEENSKAP ........ 55
2.8.8.2 ETIEK VAN DIE LIEFDE ........ 56
2.8.8.3 UNIVERSALITEIT ........ 57
2.8.8.4 MATTEUS SE KERK ........ 58
2.8.8.5 KERK EN KONINKRYK IN MATTEUS ........ 60
2.8.9 WOORDSTUDIE VAN BELANGRIKE BEGRIPPE IN DIE KERNVERS, TOEPASLIK OP DIE STUDIETEMA: ........ 61
2.8.10 DIE OPENBARING OOR GOD IN DIE PERIKOOP ........ 77
2.8.11 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS MATT. 25 : 31- 46 ........ 77
2.9 KERKLIKE REAKSIE OP DIE SKRIF ........ 78
2.10 AFLEIDINGS ........ 79

**HOOFSTUK 3 ........ 85**

**METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT SUBSTITUUT VERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES ........ 85**

3.1 NAVORSINGSVRAAG ........ 85
3.2 DOELSTELLING ........ 85
3.3 METATEORIE ........ 85
3.4 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP MIV/VIGS ........ 87
3.4.1 DIE WERKLIKHEID VAN MIV/VIGS ........ 87
3.4.2 DEFINISIE VAN MIV/VIGS ........ 89
3.4.3 ONGENEESLIKHEID VAN MIV/VIGS ........ 90
3.4.4 GLOBALE EN PLAASLIKE IMPAK VAN MIV/VIGS ........ 91
3.4.5 KERNOORSAKE VAN DIE MIV/VIGS-PANDEMIE ........ 93
3.4.6 STIGMA ........ 95
3.4.7 AFLEIDINGS ........ 98
3.5 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP MIV/VIGSWESIES ........ 99
3.5.1 INLEIDING ........ 99
3.5.2 KINDERS MET MIV ........ 99
3.5.3 DEFINIËRING VAN VIGSWESIES ........ 99
3.5.3.1 VIGSWESIES ........ 101
3.5.3.2 OUDERDOMSGROEP 15 – 24 EN VERDER ........ 103
3.5.4 BEHOEFTES EN PROBLEME VAN VIGSWEESKINDERS ........ 103

3.5.5 VIGSWESIES EN UBUNTU ..... 105
3.5.6 KINDERS EN ONVOORSIENE DOOD VAN OUERS ..... 106
3.5.6.1 JONG KINDERS ..... 107
3.5.6.2 KINDERS WAAR BINDING MET OUER REEDS PLAASGEVIND HET ..... 107
3.5.6.3 OUER KINDERS ..... 108
3.5.6.4 PRE-ADOLESSENTE ..... 108
3.5.6.5 KONFLIK FAMILIES ..... 109
3.5.6.6 VERWAGTE DOOD ..... 109
3.5.7 AFLEIDINGS ..... 109
3.6 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP SUBSTITUUTVERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES ..... 110
3.6.1 INLEIDING ..... 110
3.6.2 ERKENNING AAN VERSORGERS ..... 110
3.6.3 SUBSTITUUTVERSORGERS ..... 113
3.6.4 FAMILIEVERWANTE AS SUBSTITUUTVERSORGERS ..... 114
3.6.5 EFFEK VAN SUBSTITUUTVERSORGING OP GROOTOUERS EN ANDER FAMILIE VERSORGERS ..... 117
3.6.6 FORMELE SORG OF VERSORGINGSINSTITUTE ..... 119
3.6.6.1 INSTITUSIONELE SORG POSITIEF GESIEN ..... 119
3.6.6.2 KONTAK MET ORGANISASIES ..... 120
3.6.6.3 INSTITUSIONELE SORG AS NEGATIEF GESIEN ..... 121
3.6.6.4 POSITIEWE ROL VIR FORMELE SORG ..... 122
3.6.7 FAMILIE UITDAGINGS ..... 124
3.6.8 KINDERS AS SUBSTITUUTVERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES ..... 127
3.6.9 DIE STAAT AS SUBSTITUUTVERSORGER VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES ..... 130
3.6.10 VERSORGING VAN SUBSTITUUTVERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES ..... 132
3.6.10.1 SOSIALE ONDERSTEUNING AAN VERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES ..... 132
3.6.10.2 SALUTOGENE BENADERING ..... 137
3.6.10.3 WEDERKERIGHEID "RECIPROCITY" ..... 139
3.6.10.4 GEMEENSKAPSINISIATIEWE ..... 141
3.6.11 DOOD VAN VERSORGDES WAAR VERLIGTING ERVAAR WORD ..... 142
3.6.12 AFLEIDINGS ..... 144
3.7 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PLAASLIKE KERK EN PASTORAAT ..... 145
3.7.1. FUNKSIE VAN PASTORAAT ..... 145
3.7.2 PASTORAAT BINNE MISSIONALE KERKWEES ..... 146
3.7.3 DEFINISIE VAN PASTORAAT ..... 146
3.7.4 PASTORAAT BINNE KONTEKS ..... 146
3.7.5 DIE ROL VAN DIE KERK IN PASTORAAT ..... 150
3.7.6 PASTORALE SORG AS BEMAGTIGING ..... 152
3.7.7 AFLEIDINGS ..... 154
3.8 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP KLEINGROEPE ..... 155
3.8.1 INLEIDING ..... 155
3.8.2 KLEINGROEPE ALGEMEEN ..... 155
3.8.3 WAT IS 'N CHRISTELIKE KLEINGROEP? ..... 157
3.8.4 KLEINGROEPE BINNE SKRIF EN KERK ..... 159
3.8.4.1DIE VROEË KERK ..... 159
3.8.4.2 KERKGROEI ..... 161
3.8.5 VOORDELE VAN KLEINGROEPE ..... 162
3.8.5.1 SPIRITUALITEIT ..... 162

3.8.5.2 DIE AANSPREEK VAN SOSIO-EMOSIONELE BEHOEFTES DEUR DIE KLEINGROEP ........ 164
3.8.5.3 DIE FUNKSIONERING VAN DIE KLEINGROEP AS OOP KANAAL NA - EN VAN DIE WÊRELD ........ 165
3.8.6 DIE KLEINGROEP AS POTENSIËLE ANTWOORD VIR DIE WARE BYBELSE SPIRITUALITEIT IN HIERDIE TYD EN SITUASIE. ........ 165
3.8.7 AFLEIDINGS ........ 166

**HOOFSTUK 4 ........ 167**

**EMPIRIESE STUDIE EN NAVORSINGSRESULTATE ........ 167**

4.1 NAVORSINGSVRAAG ........ 167
4.2 DOELSTELLING ........ 167
4.3 KWANTITATIEWE- EN KWALITATIEWE NAVORSING ........ 167
4.3.1 KWANTITATIEWE BENADERING ........ 169
4.3.2 KWALITATIEWE BENADERING ........ 169
4.3.2.1 EIENSKAPPE VAN KWALITATIEWE WAARNEMING ........ 170
4.3.2.2 VERSAMELING VAN DATA BINNE KWALITATIEWE ONDERSOEK (WAT) ........ 170
4.3.3 METODE VAN DATAVERSAMELING ........ 170
4.3.4 MAKSIMUM(MULTI) VARIASIE VERSAMELING STRATEGIE ........ 171
4.3.4.1 KEUSE VIR "A MULTIDIMENSIONAL FORM OF QUOTA SAMPLING" OF "MAKSIMUM VARIASIE VERSAMELING STRATEGIE". ........ 172
4.3.4.2 DIEPTE ONDERHOUD ........ 173
4.3.4.3 KEUSE VIR DIEPTE ONDERHOUDE IN VERHALENDE VORM MET DIE OOG OP NARRATIEWE OORVERTEL ........ 175
4.3.4.4 TRANSKRIPSIE ........ 177
4.3.4.5 TRANSKRIPSIE PROSES ........ 178
4.4 NARRATIEWE BENADERINGS TOT KWALITATIEWE NAVORSING ........ 178
4.4.1 OORSPRONG VAN DIE WOORD "NARRATIEF" ........ 178
4.4.2 WAARDE VAN STORIES VERTEL ........ 178
4.4.3 STORIES IN DIE MEDIESE WÊRELD ........ 179
4.4.4 NARRATIEWE IN KOMMUNIKASIESTUDIES ........ 179
4.4.5 NARRATIEWE DIMENSIES ........ 180
4.4.6 NARRATIEWE EN KWALITATIEWE SOSIALE NAVORSING ........ 182
4.4.7 NARRATIEWE GEBRUIK VAN DIEPTE ONDERHOUDE WAT VERHALEND AANGEBIED IS. ........ 182
4.4.8 VERTROULIKHEID VAN ONDERHOUDE ........ 183
4.5 VERHALE ........ 183
4.5.1 VERLAMDE "GRANNY" WAT KLEINDOGTER VERSORG ........ 183
4.5.2 FAMILIEVERWANT(TANTE) MET DIABETES WAT VIER KINDERS VERSORG NA "GRANNY" STERF ........ 185
4.5.3 "GRANNY" WAT DRIE KLEINKINDERS VERSORG ........ 186
4.5.4 VERSORGER IN INSTITUSIONELE DIENS BY SENTRUM VIR VIGSLYERS - VERSORG OOK VIGSWESIES WAT AAN MIV/VIGS LY ........ 187
4.5.5 VERSORGERS IN GEMEENSKAPSONDERSTEUNDE SENTRUM VIR VEILIGHEID WAAR OOK VIGSWESIES VERSORG WORD ........ 188
4.5.6 VERHAAL VAN MEISIE AS HOOF VAN HUISHOUDING MET VIER AFHANKLIKES ........ 190
4.6 AFLEIDINGS ........ 191

**HOOFSTUK 5 ........ 194**

**PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE PASTORALE BEDIENING VAN DIE PLAASLIKE KERK AAN SUBSTITUUT VERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES ... 194**

5.1 NAVORSINGSVRAAG ... 194
5.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE ... 194
5.2.1 DOELSTELLING ... 194
5.2.2 DOELWIT VIR DIE HOOFSTUK ... 194
5.3 OORSIGTELIKE RESULTATE VANUIT DIE VORIGE HOOFSTUKKE ... 195
1.3.1 HOOFSTUK 1 ... 195
5.3.2 HOOFSTUK 2 ... 195
5.3.3 HOOFSTUK 3 ... 195
5.3.4 HOOFSTUK 4 ... 196
5.4 AFLEIDINGS EN BEGINSELS ... 197
5.4.1 ENKELE AFLEIDINGS UIT HOOFSTUKKE 2, 3, 4 ... 197
5.4.1.1 BASISTEORIE PLAASLIKE KERK ... 197
5.4.1.2 METATEORIE PLAASLIKE KERK ... 197
5.4.1.3 BASISTEORIE DIENSBAARHEID ... 200
5.4.1.4 METATEORIE DIENSBAARHEID ... 200
5.4.1.5 BASISTEORIE UNIVERSELE ARBEIDSTERREIN VAN DIE KERK ... 202
5.4.1.6 METATEORIE UNIVERSALITEIT ... 202
5.4.1.7 BASISTEORIE EN PRAKTYK ... 204
5.4.1.8 METATEORIE EN PRAKTYK ... 204
5.4.1.9 EMPIRIESE STUDIE DIENSLEWERING ... 207
5.4.2 OPSOMMING EN PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE ... 209
5.5 PRAKTIESE TOEPASSING (SAKPASMODEL) ... 210
5.5.1 VOORBEELD 1SELGROEP BETROKKE BY VERSORGER WAT HUIS VAN VEILIGHEID BESIT ... 211
5.5.2 VOORBEELD 2 ONDERSTEUNINGSGROEP VAN DIE PLAASLIK, HOOFSAAKLIK BLANKE KERK BETROKKE BY "GRANNY" IN DOBSONVILLE, SOWETO. ... 213
5.5.3 VOORBEELD 3 BELANGE GROEP WAT MET HULP VANUIT DIE PLAASLIKE GEMEENTE ONTWIKKEL EN GROEI ... 214
5.5.4 VOORBEELD 4 WYK IN DIE PLAASLIKE KERK BETROKKE BY HUISHOUDING MET KIND AS HOOF ... 215
5.6 GEVOLGTREKKINGS ... 216

**HOOFSTUK 6 ... 218**

**FINALE SAMEVATTING ... 218**

**BIBLIOGRAFIE ... 221**

BYLAAG 1 ... 241
MATTEUS 25 : 31 – 46 GRIEKSE TEKS (NESTLÉ-ALAND,1983) (BYLAAG 1) ... 241
MATTEUS 25 : 31 – 46 (NAV) ... 242
BYLAAG 2 ... 243
VOORBEELDE VAN DIE VOORBEREIDING EN INHOUD VAN DIE DIEPTE ONDERHOUDE, ... 243

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 TITEL VAN DIE STUDIE

Die pastorale bediening van die plaaslike kerk aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes.

## 1.2. DEFINISIES VAN TERME IN DIE TITEL GEBRUIK

### 1.2.1 *Plaaslike kerk*

Met "plaaslike kerk" word bedoel die gemeenskap van gelowiges in 'n bepaalde geografiese gebied (Patton,1993:5). Die plaaslike kerk is volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 27 soos dit verskyn in die Handboek vir die Erediens, uitgegee deur die Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (ASK, 1988:174), deel van die algemene Christelike kerk wat van die begin van die wêreld tot aan die einde daar sal wees omdat Christus 'n ewige Koning is wat nooit sonder onderdane kan wees nie.

God bring sy eiendom bymekaar in 'n gemeenskap van omgee en wat God se liefde en genade wil laat uitkring na ander. Hierdie gemeenskap is nuut omdat dit wyer wil kyk as net die pastorale bediening van die geordende pastor (Patton, 1993:5). Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 28 (ASK,1988:174) verklaar dat almal verplig is om by die kerk aan te sluit, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien en by die vergadering aan te sluit..."waar God dit ook al gevestig het.."

Hierdie belydenis bevestig lidmaatskap en betrokkenheid by die kerk in die algemeen, maar ook by die plaaslike kerk. "Hierdie beginsel (ecclesia completa) is natuurlik 'n baie belangrike een en vorm die grondslag van 'n gereformeerde kerkorde" (Symington, 2007:1.)

### 1.2.2 Pastorale bediening

Pastorale bediening voorsien die bring van die Woord in bepaalde omstandighede, wel op so 'n wyse dat verandering plaasvind.

In die pastorale optrede staan die werk van 'n mens nie sentraal nie, maar wel die daad van God, wat via die voertuig van amptelike diens deur sy Woord tot mense kom (Firet,1982:25). Dit handel in die studie oor die koms van die Woord deur middel van die *plaaslike kerk* binne menslike omstandighede.

Heitink (1999:6) stel dat pastorale bediening die mediasie van die Christelike geloof in die praksis van die moderne samelewing is. Die gevaar is wanneer daar met "moderne samelewing" slegs 'n Westerse samelewingsbeeld gesien word. Volgens Louw (1995:29) is pastorale sorg in Suid-Afrika baie op die individu gerig. Dit is volgens hom gebaseer op 'n Westerse model waar die fokuspunt die individu en persoonlike geloofsverhoudinge is. Met die verandering in Suid-Afrika en die Afrika konteks pleit hy vir 'n meer *sistemiese benadering* wat nader aan die Afrika konteks is, eerder as 'n individuele benadering wat sterk Amerikaans georiënteerd is. Hierdie siening van Louw bring die belangrikheid van die kulturele konteks, waarbinne pastorale sorg moet funksioneer, na vore wat vir hierdie studie belangrik is.

Vir McMinn (1996:269,270) is berading meer effektief as dit omvattend is ten opsigte van *drie* gebiede: Dit moet die psigologiese-, teologiese- en spirituele fasette van menswees kan aanspreek.

### 1.2.3 Substituutversorgers

"...anyone (professional, lay or family) involved in taking care of the physical, emotional and/or spiritual needs of a person infected or affected by HIV/AIDS" is volgens Van Dyk (2005:323) 'n "versorger" in die MIV/Vigs konteks.

Wat die studie betref handel dit oor substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes. Die geaffekteerdes is in besonder kinders wat wees gelaat is as gevolg van vigs. Die woord "substituutversorger" suggereer dat die primêre versorger deur 'n ander versorger vervang word.

Hierdie onderwerp word meer breedvoerig by die probleemstelling hanteer.

### 1.2.4 MIV/VIGS

Vigs word volgens navorsingsbevindings op die terrein van die mediese wetenskap veroorsaak deur 'n virus, naamlik die Menslike Immuniteitsgebreksvirus.

Vigs kan as volg gedefinieer word:

- Dit is 'n *verworwe* immuniteitsgebreksindroom. Dit is *verworwe* omdat dit nie oorgeërf word nie.
- *Immuniteit* het te doen met die liggaam se vermoë om homself te verdedig teen infeksie en siektes.
- Die *gebrek* is die tekort van die liggaam. Dis 'n verswakking van die immuniteitsisteem, sodat dit nie langer weerstand het teen siektes en infeksie nie.
- *Sindroom* is 'n mediese term vir die versameling van spesifieke tekens en simptome wat tegelyk voorkom en kenmerkend van 'n besondere toestand is (Van Dyk, 2005:3).
- Vigs is nie 'n spesifieke "siekte" nie, maar 'n versameling van verskillende toestande. Dis eerder 'n sindroom van opportunistiese siektes, infeksies en kankers - waar elkeen van hierdie toestande die vermoë het om die lyer in die finale fase van die siekte te dood (Van Dyk, 2005:4).

Volgens Noble (2008:2) word vigs veroorsaak deur die MI-virus wat van een persoon na die ander oorgedra kan word deur liggaamsvloeistowwe, bloed en borsmelk. Sekere gedrag by mense dra 'n hoër risiko, bv. dwelmgebruikers wat spuitnaalde gebruik en sekswerkers. Alhoewel die siekte ook gekoppel word aan seks tussen mans, vind die grootste hoeveelheid MIV-infeksies heteroseksueel plaas, tussen mans en vrouens.

### 1.2.5 Geaffekteerdes

In die konteks van die studie gaan dit veral oor die kinders wat agterbly wanneer een of albei ouers weens MIV/Vigs sterf en in 'n alternatiewe omgewing en deur alternatiewe persone of instansies versorg word. "All have suffered the tragedy of losing one or both parents, and many are growing up in deprived and traumatic circumstances without the support and care of their immediate family" (UNAIDS, 2004:61.)

In wyer konteks sou "geaffekteerdes" kon verwys na die hele samelewing wat deur MIV/Vigs geaffekteer is (UNAIDS, 2004:51).

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

### 1.3.1 MIV/Vigs - wesenlike probleem in Suid-Afrika

Volgens Avert (2008:1) was daar aan die einde van 2007 ongeveer 5,7 miljoen mense met MIV in Suid Afrika (vgl. ook Treatment Action Campaign keystatistics, 2008:1). Dit is die land met die hoogste persentasie MIV infeksies ter wêreld (UNAIDS, 2008). Soveel as 1 uit elke 5 volwassenes kan geïnfekteer wees. Verder sterf ongeveer 1000 mense per dag aan vigsverwante siektes. Volgens Cabsa Caris (2006:254) was daar in 2006 daagliks 950 vigsverwante sterftes in Suid-Afrika en ongeveer 1 400 nuwe gevalle van infektering per dag, 'n totaal van 530 000 per jaar.
Vir 'n lang tyd was daar 'n krisis in die behandeling van mense met MIV/Vigs deurdat die vorige minister van gesondheid Tsabalala-Msimang volgens prof. Nicoli Natrass van die Universiteit van Kaapstad (Bites, 2008) verwarring veroorsaak het deur antiretrovirale middels as giftig te beskryf. Min. Barbara Hogan is baie positief ontvang as nuwe minister van gesondheid, veral met haar uitspraak dat sy MIV/Vigs as haar grootste uitdaging sien (Bites:2008).

Byna die helfte van alle sterftes in Suid-Afrika en 71% van diegene wat tussen 15 en 49 jaar sterf is vigsverwant. Die lewensverwagting in Suid-Afrika is tans 54 jaar, wat sonder MIV/Vigs moontlik so hoog as 64 jaar kon wees. Hierdie siekte het nie alleen 'n impak op die geïnfekteerde nie, maar ook op die lewens van hulle families, vriende en wyer omgewing (Avert, 2008:1). Die vigsepidemie het ook 'n groot impak op die land se sosiale- en ekonomiese vooruitgang. Hospitale sukkel met die hoeveelheid vigsverwante pasiënte. In 2006 het 'n navorser bereken dat MIV/Vigspasiënte binnekort 60% - 70% van hospitaal uitgawes sou wees. Skole het minder onderwysers as gevolg van MIV/Vigs. Volgens Avert (2008:1) is dit bereken dat in 2006 soveel as 21% van alle onderwysers MIV-positief kon wees. Die persentasie van die bevolking in Suid-Afrika wat aan MIV/Vigs ly, was volgens UNAIDS in 2003 18,6% en in 2005 18,8%. Dit dui op 'n merkbare styging (UNAIDS Global report, 2006:11).

Pienaar (2008:13) berig dat soveel as een uit elke ses Suid-Afrikaanse mans en vroue tussen 15 en 49 jaar waarskynlik nou MIV-positief is. Volgens berekeninge gegrond op die 2007 vigsverslag oor staatshospitale se voorgeboorteklinieke, het 28% van alle swanger vroue die virus. Daar is

groot kommer oor vroue in hul dertiger jare. Die voorkoms van MIV/Vigs in hierdie groep het in 2007 gegroei tot soveel as 40%. Onder jonger persone tussen 16 en 19 jaar het die voorkoms van MIV/Vigs van 16% in 2004 tot 12,9% in 2007 gedaal. Volgens Khumalo (2008) (soos aangehaal deur South-Africa info., 2008) is Suid-Afrika een van die drie lande in Afrika waar die voorkoms van MIV/Vigs tog gestabiliseer het.

Statistiek soos bevind deur Second South African National HIV Household Survey Report (Sahara, 2007;vgl. Cilliers, 2007) is soos volg:

- 5,4% van kinders in Suid-Afrikaanse huishoudings tussen die ouderdom van 2 en 18 jaar is MIV positief.
- 3,3% van kinders is vigswesies. UNAIDS definieer vigswesies as kinders tussen die ouderdomme van 0 en 14 jaar wat een ouer of beide ouers aan vigs verloor het. Cabsa Caris (2006:254) stel dat die groeiende getal kinders wat wees gelaat is as gevolg vigs na verwagting tussen 2006 en 2015 kan verdubbel na 2,5 miljoen kinders. Die gevolgtrekking is dat die huidige getal op ongeveer 1,25 miljoen staan.
- Van Dyk (2005:269) projekteer die getal vigswesies op 3,1 miljoen in 2015, 18% van alle mense in Suid-Afrika. Die gevolg van MIV/Vigs is dat dit 'n hele geslag kinders wees laat en in die proses hulle gesondheid, regte en oorlewing, sowel as hulle algemene ontwikkeling beïnvloed. Dit is nog buiten die groter sosiaal - ekonomiese en etiese probleme.

### 1.3.2 Substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes

Volgens my is die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes 'n noodverskynsel in 'n tyd waar armoede en die gevolge van MIV/Vigs mekaar ontmoet en omarm.

Richter *et al.* (2004:37) gebruik die woord: "substituut" in 'n opskrif in "substitute care for children". Gesinsversorging is eerste keuse vir alle kinders. As dit nie beskikbaar is nie, is pleegsorg, aanneming en ander behuisingsvoorsiening noodsaaklik (Richter *et al.,* 2004:37). Al hierdie versorging is dus plaasvervangende versorging of substituutversorging.

Sloth-Nielsen (2002:25) gebruik in die plek van die woord "substituut", die woord "surrogaat": "This means that ultimately the State has a constitutional duty as a surrogate parent of such children to ensure that their basic needs are met."
Richter *et al.* (2004:39) gebruik ook "surrogaat" as alternatief vir "substituut": "Surrogate parents need to be trained in childcare and childmanagement, and they need to be supported and supervised by a cadre of community workers." Die woord "substituut" is meer aanvaarbaar omdat "surrogaat" algemeen gebruik word vir vroue wat namens 'n ander vrou 'n kind in die wêreld bring en omdat die Engelse woord "substitute caregiver" meer algemeen gebruik word vir gevalle waar daar ander versorging as die primêre versorgers is.

Volgens Maqoko & Dreyer (2007:718) het 'n groot deel van die kinders wat wees gelaat is as gevolg van MIV/Vigs, hoofde geword van huishoudings en is hulle verplig om na hulleself en ander om te sien en ook die skool te verlaat.

In sommige gevalle gebeur dit ook dat kinders as versorgers vir siek ouers optree sonder dat hulle volwasse ondersteuning kry (Maqoko & Dreyer, 2007:718).

Wanneer een ouer MIV-positief is, gebeur dit baie dat die ander ook geïnfekteer word. Die kinders loop dus die gevaar om albei ouers kort na mekaar te verloor (Van Zyl, 2007:7). Familielede kan nie altyd na die kinders kyk nie, met die gevolg dat kinders sielkundig geknou word as hulle geskei word. Dis nog meer traumaties waar daar geen versorger beskikbaar is nie. Volgens Van Zyl (2007:7) het die RGN in 'n onlangse studie bevind dat 3% van kinders tussen 12 en 18 jaar sê dat hulle die hoof van hul huishouding is. Soms is gemeenskapstrukture so verbrokkel tot op die punt waar 'n kind nie in die sorg van 'n voog of soortgelyke huis - ondersteuningstruktuur gelaat word nie.

Namate ouers sterf van vigs, verloor kinders ouersorg en liefde asook basiese versorging. Ander familie kan intrek en kinders van basiese versorgingsmiddele ontneem en so kan hulle later op straat beland met 'n verlies aan basiese versorging (Van Dyk, 2005:269).

Volgens Van Dyk (2005:270) kan tuisversorgingsprogramme van hulp wees. Hierdie situasies kan egter nie losstaan van die leiding van gemeenskapsversorgers nie. Hulle moet weet wat die behoeftes en regte van MIV/Vigs geaffekteerde kinders is "and what models of care and

psychological support can be implemented to satisfy the needs" (Van Dyk, 2005:270). Die verskynsel van huishoudings waarin kinders as die hoof moet funksioneer word nog nie goed verstaan in Suid-Afrika nie. Die ondersteuningsnetwerk wat tevore deur die uitgebreide familie en gemeenskap gevorm is, is uitgeput (Gliese, 2007:3).

Uitgebreide families het tradisioneel ondersteuning verskaf aan wesies. As gevolg van gemeenskappe wat die meeste deur MIV/Vigs geraak is, word die druk so groot dat hulle nie langer al die wesies kan versorg nie. Van Dyk (2005:269) stel dat as gevolg van die stigma van MIV/Vigs daar baie families is wat nie na die kinders wil omsien nie. Stigmatisering veroorsaak soms isolasie en MIV/Vigs het in baie gevalle die melaatsheid van die twintigste eeu geword (Louw, 1995:37). Dit staan lynreg teenoor Jesus se identifikasie met die noodlydende. Jesus se omgeemodel blyk duidelik as Jesus, volgens Markus 1 : 40 - 41 sy hand uitsteek en die melaatse aanraak met die woorde: "Ek wil. Word gesond" (Louw, 1995:37.)

Richter (2004:18) stel dat familiestrukture en -funksie aan die verander is as gevolg van die MIV/Vigs-epidemie. Van die ontwikkelende familiestrukture is: Ouer mense as gesinshoofde met jonger kinders; groot families met onverwante kinders; huishoudings met kinders as familiehoofde; enkelouer huishoudings, formele en informele pleegsorg en families sonder huis. Die "nuwe" "familieleiers/versorgers" kan tipeer word as "substituutversorgers".
Waar ander familie of vriende of versorgingsinstansies die kinders inneem om te versorg kan hulle ook beskryf word as "substituutversorgers". Sloth-Nielsen (2002:25) beskryf ook die staat as 'n "substituut- of surrogaatversorger".

Substituutversorgers kan ekonomies ly, psigologies en geestelik verwaarloos wees en selfs aan sekondêre stres ly. Hulle is deel van die plaaslike gemeenskap en moet pastoraal deur die plaaslike kerk bedien kan word. Substituutversorgers is as gevolg van hulle betrokkenheid by MIV/Vigs-geïnfekteerdes en -geaffekteerdes ook geaffekteerdes.

Volgens De la Porte (2003:123) is versorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes baie broos en moet hulle leer om vir hulleself om te gee: "Caregivers as well as patients are faced with nightmarish existensial issues such as the vulnerability of youth, continous physical and psychological deterioration, their own mortality, the fear of infection and death..."

### 1.3.3 Die plaaslike kerk se uitdaging

Volgens Hendriks *et al* (2004:382) is die nood en lyding weens MIV/Vigs een van die grootste uitdagings vir die kerk en 'n toets vir die kerk se integriteit. God roep sy kerk om betrokke te raak by die gevolge van die dodelike siekte.

Die vraag kan gevra word of sommige pogings tot gemeentebou nie meer te doen het met die drang om mededingend in 'n effektiewe en kompeterende samelewing te wees, as wat dit daarop ingestel is om gelowiges vir hulle lewe in hierdie soort samelewing toe te rus nie. Leierskap moet 'n omgewing, 'n etos van omgee en liefde in die kerkgemeenskap skep. Die opstandingsevangelie dwing mens om uitwaarts te beweeg (Smit,1995:24).

Heitink (1999:6) se definisie van die Praktiese Teologie bevestig die kerk se samelewingsverantwoordelikheid: "... practical theology as a theory of action is the empirically oriented theological theory of the mediation of the Christian faith in the praxis of modern society."

Die kerk het 'n opdrag om die nood van die wêreld (en omgewing) aan te spreek volgens Matteus 25 : 31 - 46. Vers 40b: "Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." Botman (1996:508) sluit hierby aan as hy stel: "We also share the desperation of the needy and the despair of the poor. Now, in the time of Jesus, the churches is called, not only to survive the conflict, but also to serve the needy and empower the poor."

Die kommunikatiewe handelinge ter bevordering van die Evangelie is 'n taak van die *hele* plaaslike kerkgemeenskap en nie net van die leiers, bv. predikante en ouderlinge nie. Die rol van die *leiers* is volgens Pieterse (1993:95) om die pastorale handelinge te stimuleer en doelgerigte leiding te gee sodat die gemeente in ooreenstemming met die vereistes van die evangelie kan optree.

Op kerklike terrein is daar baie potensiaal wat kan bydra tot die verligting van die effek van MIV/Vigs. Die volgende is enkele voorbeelde:

- Kerklike organisasies met hulle talle lede kan veral baie doen ten opsigte van destigmatisering en diskriminasie.
- Kerklike organisasies kan hulp verleen ten opsigte van onderwys en ondersteunings dienste (UNAIDS, 2006:216).

- Die kerk kan 'n sterk getuienis lewer ten opsigte van die wat deur MIV/Vigs geaffekteer is: "The experience of love, acceptance and support within the community where God's love is made manifest can be a powerful force" (WCC, 1997 :77.)
- Kleingroepe binne die kerk bied geleentheid om diens aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes te kan uitleef. Oostenbrink en Lotter (1999:27) bespreek *vyf redes* waarom kleingroepe werk. Hierdie redes verteenwoordig *geestelike en emosionele* behoeftes. Die kleingroep bied daarom die plek waar substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes omvattend ondersteuning kan kry:
  - Kleingroepe skep ruimtes om na God te luister;
  - Dis 'n ruimte vir geloofsgemeenskap(koinonia);
  - Dit kan sosio-emosionele behoeftes aanspreek;
  - Dit kan funksioneer as oop kanale na en vir die wêreld;
  - Dit bied 'n potensiële antwoord vir die ware Bybelse spiritualiteit in hierdie tyd en situasie.

Volgens Minnie (2003:266) is daar behoefte aan 'n studie ten opsigte van Kleingroep-ondersteuning in die kerk aan persone geïnfekteer en geaffekteer deur MIV/Vigs. Daar sal dus in die studie aandag gegee word aan kleingroepe en die mootlike rol wat dit kan speel as pastoraal bemagtigend binne die plaaslike kerk.

'n Bibliografiese studie in die Ferdinand Postma Biblioteek is gedoen deur gebruikmaking van Inmagic DB/Text Publisher onder verskillende sleutelwoorde. Daar is ondersoek gedoen ten opsigte van die Katalogus van die Ferdinand Postma Biblioteek, SA. Cat en Nexus. Ondersoek is gedoen na proefskrifte en verhandelings om te kyk of die tema van hierdie studie alreeds so hanteer is soos in die vooruitsig gestel.

Daar is ook ondersoek gedoen na voltooide skripsies, huidige studies en verwante navorsing Die belewenisse van versorgers van MIV/Vigs pasiënte kom wel aan die orde soos in die studie van Ilse Steenkamp: "Ondersoek na die belewinge van informele versorgers van MIV/Vigs pasiënte: 'n Salutogene perspektief" (Steenkamp, 2005).

Reeds voltooide studies voldoen egter nie aan die ondersoek ten opsigte van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes nie, asook die rol van die plaaslike kerk ten opsigte van die pastorale bediening van substituutversorgers nie.

## 1.4 NAVORSINGSVRAAG

Met bogenoemde inligting tot beskikking kan die sentrale navorsingsvraag soos volg geformuleer word:
Hoe kan die plaaslike kerk haar pastorale taak ten opsigte van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes na behore uitvoer?

Om bogenoemde navorsingsvraag sinvol te beantwoord, word die volgende vrae geformuleer as onderdele van die sentrale navorsingsvraag:

- Watter perspektiewe bied die teologiese tradisie en in besonder die Skrif op die motivering van die lidmate van die plaaslike kerk om betrokke te raak by 'n pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes wat self primêr en/of sekondêr ly as MIV/Vigs-geaffekteerdes?

- Watter perspektiewe bied die navorsingsresultate van die sosiale wetenskappe op die belewing en uitdagings van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes in hulle betrokkenheid by geaffekteerdes?

- Watter perspektiewe bied empiriese (kwalitatiewe) navorsing deur middel van diepte onderhoude (narratief) op die belewing en uitdagings van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes in hulle betrokkenheid by geaffekteerdes, wat deur die plaaslike kerk op pastorale vlak aangespreek kan word.

- Watter perspektiewe bied die voorafgaande navorsing wat aangewend kan word in die daarstelling van 'n praktykmodel wat deur die plaaslike kerk gebruik kan word in 'n pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes?

## 1.5 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.5.1 Doelstelling

Die doelstelling van hierdie studie is om die plaaslike kerk se pastorale taak aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes vas te stel en vas te stel hoe die plaaslike kerk in hierdie verband haar verantwoordelikheid na behore kan uitvoer.

### 1.5.2 Doelwitte

- Om die kerk se opdrag in terme van nood in die lig van die teologiese tradisie en in besonder Matt. 25 : 31 - 46 en ander Skrifgedeeltes wat hierby aansluit, te ondersoek en te beoordeel.

- Om die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes en die uitdagings daarvan deur 'n literatuurstudie in die sosiale wetenskappe te bestudeer.

- Om die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes en die uitdagings daarvan empiries deur middel van kwalitatiewe studie en die diepte onderhoude wat daarmee gepaard gaan, te bestudeer.

- Om 'n praktykmodel te skep wat die plaaslike kerk kan gebruik in pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes.

## 1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die plaaslike kerk het 'n pastorale taak ten opsigte van opleiding, toerusting en ondersteuning van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes en 'n praktiese model kan uitgewerk word vir die uitvoering daarvan.

## 1.7 METODE

Wetenskaplike ondersoek in die praktiese teologie het as uiteindelike doel om die kommunikasieproses in diens van die evangelie te dien.

Dit beteken dat probleme ten opsigte van die goeie verloop van die *bediening* van die Woord, die *kommunikasie* rondom die Woord, en die *kommunikering* van die Evangelie wetenskaplik ondersoek behoort te word met die oog op die oplossing daarvan (Pieterse, 1991:48).

Metodologiese modelle gee hulp as metodes om die verkeer tussen teorie en praktyk te fasiliteer en te bevorder. Dit kan ook beskryf word as verbindingsroetes tussen teorie en praktyk (Heyns & Pieterse, 1990:35). Zerfass se model bied so 'n weg: "Zerfass neem as studieterrein vir die Praktiese Teologie die kommunikatiewe handelinge van die Kerklike praksis. Hy ontwerp hiervoor 'n handelingswetenskaplike model vir korrigering van Christelike praksis" (Venter, 1996:9.) Hierdie model word baie aan die Noordwes-Universiteit gebruik. Van die bronne wat in die volgende paragrawe aangehaal word en na verwys word is proefskrifte en verhandelings wat volledig of gedeeltelik gebruik maak van die model van Zerfass. Die model word ook in hoofstuk 2 verder uiteengesit.

Heystek (2000:13 -14) (soos aangehaal deur Gerber, 2007:8) skryf: "The Praxis model of Zerfass provides a practical and systematic method of evaluating and re-evaluating problematic and challenging questions so as to provide new perspectives in understanding of a pressing issue in our society today."

Die model behels die vorming van basisteorieë uit die teologiese tradisie, die vorming van metateorieë uit onder andere die "hulpwetenskappe" en die ordening van die resultate uit beide velde in 'n hermeneutiese wisselwerking met die doel om 'n praktykteorie te ontwerp (Elyon, 2008:16). Basiese komponente van wat ondersoek word, kan by al die modelle bv. Getz, Heitink en Lotter gevind word, egter met verskillende benamings en nuanses. Hierdie komponente is: die Bybelse (basisteoretiese), ander dissiplines (metateoretiese) en toepassing vir die praktyk (praktykteoretiese) (Elyon, 2008:16). Volgens (De Kock, 2007:8; Venter, 1996:8) word op grond van Zerfass se skema 'n basisteorie vanuit die Skrifopenbaring ontwerp (vgl. ook Grobbelaar, 2007:9). Die basisteorie verskaf die prakties-teologiese vertrekpunte van die vak (Minnie, 2003:18). Die metateorie is die teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uiteengesit word, waar daar gemeenskaplike objekte van dieselfde aard deur verskillende vakke universeel gedeel word.

"Praktykteorieë word ontwerp vir elke kommunikatiewe handeling deur gegewens voortgebring uit die ander teorieë" (Minnie, 2003:18.) Volgens Grobbelaar (2007:9) word bedoel die ontginning van teologiese vertrekpunte, primêr vanuit die Skrif. Daarna word die situasie aan die hand van empiriese gegewens ontleed terwyl metateoretiese insigte geïntegreer word. Vanuit die basisteoretiese, word in hermeneutiese wisselwerking met die situasie-analise, 'n nuwe (hopelik verbeterde) praktykteorie ontwerp.

### 1.7.1 Basisteoretiese ondersoek in die teologiese tradisie en in besonder die Skrifopenbaring vanuit Matteus 25 : 31 - 46 met verwysing na ander ondersteunende tekste

Die *prakties-teologiese basisteorie* verwoord vanuit kritiese, idiële, normatiewe en teologiese perspektief die teorie wat 'n bepaalde handeling ten grondslag lê (Lemmer, 1991:14). Bothma (2004:10) meld dat 'n basisteorie 'n vakgerigte teorie is wat binne 'n spesifieke vak ontwikkel word vir die doeleindes van die vak. Dit poog om die teologiese basis wat die praktyk ten grondslag lê te sistematiseer en te verstaan. Die basisteorieë waarmee in die Teologie gewerk word, vind aansluiting by die teologiese tradisie waarbinne die geloofsgemeenskap staan en die wyse waarmee met die Bybel omgegaan word. Venter (1996:25) (soos aangehaal deur Minnie, 2003:18) stel dat die vorming van 'n basisteorie 'n teorie is wat toepasbaar is op 'n gegewe situasie. In terme van die studie sou dit toegepas kon word op die pastorale verantwoordelikheid van die plaaslike kerk aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes. 'n Basisteorie beskryf dan sistemies vanuit die Skrifopenbaring die wese en doel van byvoorbeeld die beradingsbehandeling aan betrokkenes by die sieke of sterwende (Minnie, 2003:18).

'n *Basisteorie*, gebaseer op Matteus 25 : 31 - 46 en ander Skrifgedeeltes wat daarby aansluit, sowel as die teologiese tradisie moet dus ook die teorieë vir die praktyk bepaal wat weer die handelinge vir die pastorale bediening aan versorgers van MIV/Vigs- geaffekteerdes bepaal.

Moontlike pastorale strategieë moet ondersoek word vir die mobilisering en aktivering van die kerk en dit moet beoordeel word. Die model van *Zerfass* word gebruik om die huidige praktyk (praksis 1) te beoordeel met die oog op 'n nuwe Skrifgefundeerde praktyk (praksis 2).

Die kerk se opdrag in terme van nood sal teologies - hermeneuties ondersoek en beoordeel word deur van 'n teksimmanente model gebruik te maak om eksegese te doen oor die implisiete opdrag van Matt. 25 : 31 - 46. Die ondersoek sal ook *ander tekste* en winspunte uit die teologiese tradisie na vore bring wat die uitgangspunt van Matt. 25 : 31 - 46 verder sal bevestig en belig.

Waarom Matt. 25 : 31 – 46?

Matteus is die enigste evangelie waarin die woord "kerk" voorkom. Dit is in Matt. 16 : 18, sowel as in Matt. 18 : 17. Verder het die besondere teks in die geskiedenis 'n groot invloed uitgeoefen in die kerk se nakoming van haar samelewingsverantwoordelikheid. Binne die uitwerk van die eksegetiese model sal die rede vir die tekskeuse duidelik word.

Watson (s.a.:75) sê dat as hierdie "gelykenis" (Matt. 25 : 31 - 46) 'n werk van Shakespeare was, dit as van die mooiste gedeeltes deur al die eeue geklassifiseer sou word. Hy skryf dat die Here hierdie deel ontwerp het om mense se harte aan te raak, hulle gedagtes te vul en om gereeld hulle sakke leeg te maak. "It has done more to relieve the miseries of mankind than all the tomes and theses of all the philosophers of the world. Hospitals, orphanages, Refugee camps, the Red Cross, Prison Reform, Famine Relief, Homes for the Aged - and a hundred other charities - own their origen to these simple weighty words" (Watson, s.a.:75.)

Die *Grammaties-historiese metode* word gebruik in die studie. "Grammaties-histories" sê dat die grammatika (en daarmee die oorspronklike tale) en die historiese omstandighede tydens die ontstaan van die teks ernstig opgeneem word" (Deist, 1980:111). 'n *Hermeneutiese gesigspunt* is hier van uiterste belang. Volgens (Heitink, 1999:181) moet 'n brug gebou word tussen die geloofstradisie van die verlede en die Christelike ervaring van die huidige tyd.

Die eksegese is deel van 'n proses van biddende uitreik na die korrekte verklaring (De Klerk & Van Rensburg, 2005:10). Bronne wat gebruik maak van die "grammaties-historiese metode" van eksegese sal geraadpleeg word.

### 1.7.2 Metateoriese ondersoek deur Literatuurstudie in die resultate van ander wetenskappe en die kader van die Teologiese wetenskappe

Sisteemteorie (wat handelinge binne sisteme ondersoek) en handelingsteorie (wat die aksie van die individu ondersoek) is van belang in die metateorie (Heyns & Pieterse, 1990:49). Metateoretiese insigte moet geïntegreer word sodat nuwe praktyk-teologiese teorievorming kan

plaasvind (Minnie, 2003:19). In hierdie proses moet van die resultate van die sosiale wetenskappe kennis geneem word met die totstandkoming van ꞌn nuwe praktykteorie. Theron (2005:157) stel dat behalwe huisbesoek talle ander fasette van die kerklike praktyk ook deel vorm van die teologiese debat. Myns insiens is die hantering van MIV/Vigs-geaffekteerdheid deur die kerk ook so 'n fasset. Theron (2005:157) vervolg dat ander dissiplines soos Sielkunde, Sosiologie, Bestuurswetenskappe en Kommunikasiekunde ook navorsing na vore bring wat aandag van die Praktiese Teologie vra: "Dit alles dra daartoe by dat die kerk ernstige aandag aan bedienings-, bestuurs-, leierskaps- en kommunikasiepatrone moet gee.." Myns insiens is die hantering van pastoraat in ꞌn Afrika-opset in ꞌn MIV/Vigs-geaffekteerde milieu ꞌn onderdeel daarvan.

In die studie word gebruik gemaak van die begrip "sosiale wetenskappe". Die begrip kry voorkeur teenoor die begrip "hulpwetenskappe". "Vroeër was teologie die leidende wetenskap en was sosiale wetenskappe beskou as "hulpwetenskappe" - bloot diensknegte by die toepassing van die teologiese waarhede in die praktyk" (De Wet, 2006:64.) Mettertyd in die ontwikkeling van die sosiale wetenskappe se eie navorsingsmetodes het daar verreikende gevolge gekom vir die wyse waarop die teologie die konkrete handelingswerklikheid van die kerk en empiriese godsdienstige verskynsels metodologies sou ondersoek. Die verhouding met die sosiale wetenskappe het bygedra dat die Praktiese Teologie die aard van ꞌn interdissiplinêre wetenskap verkry het (De Wet, 2006:64 - 65). Volgens Bothma (2004:10) is die metateorie die teoretiese verantwoording oor die bepaalde raamwerk waarbinne oor "voorvrae" duidelikheid verkry word. Wetenskappe soos die *psigologie, sosiologie, kommunikasiekunde, filosofie en antropologie* kan van groot hulp wees by die opstel van ꞌn nuwe praktykteorie, terwyl die kader van die teologiese wetenskappe nie agterweë gelaat word nie (Minnie, 2003:19). Daarom moet die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes asook pastorale optrede deur die kerk literêr ondersoek word met verwysing na die navorsingsresultate van die sosiale wetenskappe soos die *sosiologie, sielkunde en antropologie*. Hierdie studie is bedoel vir die pastorale handelinge van die plaaslike kerk en daarom word die bogenoemde terreine nie in diepte ondersoek nie, alleen soos dit die tema raak. In die studie word ook na kleingroepe gekyk as ꞌn besondere pastorale praktyk wat bruikbaar is in pastoraat wat sistemies plaasvind.

### 1.7.3 Kwalitatiewe studie deur middel van in diepte vraelyste

Die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes en die nood en behoeftes daarrondom sal vasgestel en beoordeel word deur middel van ꞌn kwalitatiewe ondersoek met ꞌn

teologies gedefinieerde basis. Die ondersoek word gedoen deur diepte onderhoude (narratief). Dit beteken:

- Die onderhoude sal op 'n manier gevoer word wat beantwoord aan die standaarde wat deur die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit vereis word.
- Die onderhoude word opgeneem deur middel van 'n digitale stemopnemer.
- Die opnames ondergaan 'n kwaliteittoets.
- Dit word getranskribeer en narratief (as stories) oorvertel.
- Die ondersoek vind plaas in Dobsonville, Soweto; Sparrows ministries in Maraisburg (Roodepoort) en Baba Moses in Wilropark( Roodepoort).
- Die resultate van die ondersoek sal in die studie weergegee word. Hierdie resultate sal verwerk word en vir die praktykteorie bruikbaar gemaak word ten einde riglyne daar te stel wat deur die plaaslike kerk gebruik kan word in 'n pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes.
- Die opnames word vir die volgende vyf jaar in 'n vuurvaste kluis bewaar.

### 1.7.4 Integrering van die resultate van die basis- , metateoretiese- en kwalitatiewe ondersoek in die skepping van praktykteorieë asook die praktykmodel

Laastens sal 'n bedieningmodel (praktykmodel) daargestel word vir die pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes deur die plaaslike kerk. Dit word verkry deur die plasing van basisteoretiese-, metateoretiese- en empiriese gegewens in wisselwerking met mekaar ten einde 'n *nuwe,* bevredigende praksis in die plaaslike kerk daar te stel.

## 1.8 HOOFSTUKINDELING

1. Inleiding.
2. Basisteorie: Die teologiese tradisie en in besonder Skrifgetuienis oor die kerk se rol in die hantering van nood in die lig van Matt.25 : 31 - 46 en ondersteunende Skrifgedeeltes.
3. Metateorie: Ondersoek en beoordeling van die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes en die uitdagings daarvan deur literatuurstudie in die navorsingsresultate van die sosiale wetenskappe.
4. Ondersoek en beoordeling van die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes en die uitdagings daarvan deur middel van 'n kwalitatiewe studie.

5. Daarstelling van 'n praktykmodel vir die plaaslike kerk in die bediening van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes.
6. Samevatting en gevolgtrekking.
7. Bibliografie.

## 1.9 BIBLIOGRAFIE EN ANDER TEGNIESE ASPEKTE

- Die volgende afkortings word vir die Bybelboeke gebruik (NAV, 1983):

**Ou Testament**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Genesis | Gen. | Prediker | Pred. |
| Eksodus | Eks. | Hooglied | Hoogl. |
| Levitikus | Lev. | Jesaja | Jes. |
| Numeri | Num. | Jeremia | Jer. |
| Deuteronomium | Deut. | Klaagliedere | |
| Josua | Jos. | van Jeremia | Klaagl. |
| Rigters | Rig. | Esegiël | Eseg. |
| Rut | Rut. | Daniël | Dan. |
| 1 Samuel | 1 Sam. | Hosea | Hos. |
| 2 Samuel | 2 Sam. | Joël | Joël. |
| 1 Konings | 1 Kon. | Amos | Am. |
| 2 Konings | 2 Kon. | Obadja | Ob. |
| 1 Kronieke | 1 Kron. | Jona | Jona. |
| 2 Kronieke | 2 Kron. | Miga | Miga. |
| Esra | Esra. | Nahum | Nah. |
| Nehemia | Neh. | Habakuk | Hab. |
| Ester | Est. | Sefanja | Sef. |
| Job | Job | Haggai | Hag. |
| Psalms | Ps. | Sagaria | Sag. |
| Spreuke | Spr. | Maleagi | Mal. |

**Nuwe Testament**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Matteus | Matt. | 1 Timoteus | 1 Tim. |
| Markus | Mark. | 2 Timoteus | 2 Tim. |
| Lukas | Luk. | Titus | Tit. |
| Johannes | Joh. | Filemon | Filem. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die Handelinge | | Hebreërs | Heb. |
| die Apostels | Hand. | Jakobus | Jak. |
| Romeine | Rom. | 1 Petrus | 1 Pet. |
| 1 Korintiërs | 1 Kor. | 2 Petrus | 2 Pet. |
| 2 Korintiërs | 2 Kor. | 1 Johannes | 1 Joh. |
| Galasiërs | Gal. | 2 Johannes | 2 Joh. |
| Efesiërs | Ef. | 3 Johannes | 3 Joh. |
| Filippense | Fil. | Judas | Jud. |
| Kolossense | Kol. | Die Openbaring aan | |
| 1 Tessalonisense | 1 Tess. | Johannes | Op. |
| 2 Tessalonisense | 2 Tess. | | |

- Die verskillende vertalings van die Bybel wat gebruik word, word aangedui as OAV (Ou Afrikaanse Vertaling) vir die 1933/1953 Afrikaanse vertaling en NAV (Nuwe Afrikaanse Vertaling) vir die 1983 vertaling. In die bronnelys word beide aangedui as BYBEL. In die studie word hoofsaaklik van die 1983 Afrikaanse vertaling (NAV) gebruik gemaak. Indien op 'n plek van 'n ander vertaling gebruik gemaak word, sal dit aangedui word, bv. OAV.
- Vir Griekse aanhalings word van Graeca11 en vir die Hebreeus van Hebraica11 lettertipes gebruik gemaak. Die diakritiese tekens word hoofsaaklik in die Griekse- en Hebreeuse aanhalings uitgelaat. Die tegniese en tipografiese versorging word vanuit MS Word gedoen.
- Wanneer daar in die studie van die manlike persoonlike voornaamwoord "hy" gebruik gemaak word, sluit dit gewoonlik ook die vroulike persoonlike voornaamwoord "sy" in.
- Wanneer na die kerk verwys word in 'n persoonlike voornaamwoordvorm word dit as vroulik aangedui.
- Bibliografie is gedoen volgens die verwysingsisteem van die Noordwes-Universiteit (Van der Walt:2006).

## 1.10 DIE KORRELASIE TUSSEN NAVORSINGSVRAAG, DOELWITTE EN METODE

Hoe kan die plaaslike kerk haar pastorale taak ten opsigte van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes na behore uitvoer?

| Probleemstelling | Doelstelling en doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| a. Deur vanuit die teologiese tradisie en in besonder deur grammaties historiese eksegese van Matteus 25 : 31 - 46 en ondersteunende tekste die motivering vas te stel wat die Skrif bied ter motivering van lidmate om betrokke te wees by 'n pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes. | a. Om die kerk se opdrag in terme van nood in die lig van die teologiese tradisie en in besonder uit Matteus 25 : 31 - 46 en ander ondersteunende tekste deur middel van eksegese te ondersoek en te beoordeel. | a. Ondersoek van die teologiese tradisie en besonder van Matteus 25 : 31 - 46 en ander ondersteunende tekste om te bepaal hoe die gelowige ten opsigte van die nood van gelowiges en nie-gelowiges behoort op te tree in verantwoording aan die Here. |
| b. Deur die inligting wat die navorsingsresultate van die sosiale wetenskappe op die belewing en uitdagings van substituutversorgers in hulle betrokkenheid by geaffekteerdes bied, te ondersoek en te evalueer. | b. Om die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes en die uitdagings daarvan deur 'n literatuurstudie in die navorsingsresultate van die sosiale weten-skappe te bestudeer. | b. Die uitdagings van substituutversorgers en die hulp wat tans deur instansies gelewer word deur 'n literatuurstudie in die navorsingsresultate van die sosiale wetenskappe vas te stel en te evalueer. |
| c. Deur 'n kwalitatiewe studie deur middel van diepte onderhoude die belewing en uitdagings van substituutversorgers in hulle betrokkenheid by geaffekteerdes, te ondersoek en te evalueer. | c. Om die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes en die uitdagings daarvan empiries deur middel van 'n kwalitatiewe studie deur middel van diepte onderhoude te bestudeer. | c. Die inligting wat deur middel van diepte onderhoude met substituut versorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes verkry is, sal narratief verwerk en die resultate sal vir die praktykteorie bruikbaar gemaak word. |
| d. Perspektiewe wat die Skrif en die navorsings resultate van die sosiale wetenskappe bied wat aangewend kan word in die daarstelling van riglyne wat deur die plaaslike kerk gebruik kan word vir die pastorale begeleiding van substituutversorgers. | d. Om 'n praktykmodel te skep wat die plaaslike kerk kan gebruik in die pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes. | d. Integrering van die resultate van die basis-, metateoretiese- en kwalitatiewe ondersoek in die skepping van 'n praktykmodel vir gebruik deur die plaaslike kerk tot voordeel van die substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes. |

# HOOFSTUK 2

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE: TEOLOGIESE TRADISIE- EN SKRIFGETUIENIS OOR DIE KERK SE ROL IN DIE AANSPREEK VAN NOOD

## 2.1 NAVORSINGSVRAAG

Hoe kan die plaaslike kerk haar pastorale taak ten opsigte van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes na behore uitvoer?

Om bogenoemde navorsingsvraag sinvol te beantwoord, word die volgende vraag geformuleer as onderdeel van die sentrale navorsingsvraag:
Watter perspektiewe bied die teologiese tradisie en in besonder die Skrif op die motivering van die lidmate van die plaaslike kerk om betrokke te wees by 'n pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes wat self primêr en/of sekondêr ly as MIV/Vigs-geaffekteerdes?

## 2. 2 DOELSTELLING

Die doelstelling van die hoofstuk is om vanuit kritiese-, normatiewe- en teologiese perspektief basisteoretiese beginsels te vorm wat in kommunikasie met die metateorie (hoofstuk 3) en die empiriese studie (hoofstuk 4) 'n praktykteorie (hoofstuk 5) kan vorm wat 'n hulp kan wees vir plaaslike kerk om haar pastorale verantwoordelikheid ten opsigte van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes na te kom.

## 2. 3 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gepoog om vas te stel watter basisteoretiese perspektiewe die teologiese tradisie en in besonder die Skrifopenbaring bied ter motivering van die plaaslike kerk om betrokke te wees by 'n pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes, wat self

primêr of sekondêr kan ly as MIV/Vigs-geaffekteerdes. Perspektiewe uit die Skrif ten opsigte van die lyding van mense wat aan omstandighede uitgelewer is en die verantwoordelikheid van die plaaslike kerk ten opsigte van sulke mense, sal nagevors word.

Aan die einde van die hoofstuk, voor die afleidings, sal ook die reaksie van die vroeë kerk op die Skrifwaarhede oor die aanspreek van nood weergegee word.

## 2.4 PRAKTIES-TEOLOGIESE STUDIEVELD

### 2.4.1 Moontlike definisies en basisteoretiese beginsels

- "...Praktiese Teologie is die hermeneutiek van die aard en struktuur van die kommunikasiegebeure tussen God en mens. Die kerk is die produk van hierdie gebeure" (Hendriks, 1990 : 20.) Volgens Hendriks strek die Praktiese Teologie van al die teologiese vakdissiplines hom die verste uit om die mens in al sy verhoudinge te verstaan. Ander wetenskappe help die Praktiese Teologie om die mens in sy verhoudinge beter te verstaan.
- Heitink (1999:6) gee die volgende definisie: "...practical theology as a theory of action is the empirically oriented theological theory of the mediation of the Christian faith in the praxis of modern society."
- In Praktiese Teologie gaan dit myns insiens oor die empiries georiënteerde praktiese handelinge van die kerk in diens van die Evangelie van Jesus Christus ter wille van die kerk en die wêreld.
- Die Skrif en teologiese tradisie, waaronder die belydenisskrifte van die Kerk, bied perspektiewe op die kommunikatiewe handelinge van die plaaslike kerk en hierdie perspektiewe behoort ontleed en ontgin te word.
- "Die prakties-teologiese basisteorie verwoord vanuit kritiese, idiële, normatiewe en teologiese perspektief die teorie wat 'n bepaalde handeling ten grondslag lê" (Lemmer, 1991:4.) Nel (1991:23) verstaan "teorie" as die teologiese teorie wat die kommunikasie van die Evangelie van Jesus Christus in en deur die kerk in die wêreld dien. Dit moet as kommunikatiewe handelingsteorie verstaan word. Praksis is dan alle handelinge wat in diens van die kommunikasie van die Evangelie staan (Nel, 1991:24). Die kommunikatiewe handelinge is gerig op verandering. Volgens Nel (1991:24) moet die Koninkryk van God en die koninkryksbeloftes in die kerk en samelewing gestalte vind. Dit vra voortdurende

verandering wat daarna streef om die hede te slyp na die ideaal van God se Koninkryk soos dit in die teologiese tradisie verstaan word. "Praktiese Teologie het verder 'n hermeneutiese funksie wat ten doel het om die evangelie verstaanbaar te maak vir die mens van vandag" (Minnie, 2003:18.)

- Basisteorieë is fundamentele prakties-teologiese teorieë binne die vak. "Basisteorieë dien om die kommunikatiewe prosesse van die praksis in ons studieveld te verstaan, om as kritiese teorie dit te toets en te beoordeel, om die perspektief en normatiewe komponente vir praktykteorieë te verskaf, asook om as rigtingwyser vir die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie te funksioneer" (Pieterse, 1993:133,134.)

### 2.4.2 Zerfass se prakties-teologiese model


"Wetenskaplike ondersoek in die Praktiese Teologie het as uiteindelike doel om die kommunikasieprosesse in diens van die evangelie te dien. Dit beteken dat probleme ten opsigte van die goeie verloop van die bediening van die Woord, kommunikasie rondom die Woord, en die kommunikering van die evangelie wetenskaplik ondersoek word met die oog op die oplossing daarvan" (Pieterse, 1991:48.)

Elyon (2008:13 -15) wys op 'n aantal modelle of raamwerke vir die Praktiese Teologie: Dis die modelle van Heitink, Lotter, Zerfass en Getz. Volgens Elyon (2008:13) is daar 'n aantal kenmerke wat by die modelle gevind kan word: Daar is 'n komponent wat Skrif, Christelike tradisie en hermeneutiek behels; 'n komponent wat literatuur en empiriese navorsing behels (gesamentlik of afsonderlik) en dan is daar die komponent waar daar tot die vorming van 'n model of praktykvorming gekom word.

Binne 'n paradigma met 'n hermeneutiese oriëntasie is gekies vir die model van Zerfass (Zerfass,1974:166). Zerfass se model word in die metodologie van verskeie prakties-teologiese studies gebruik (De Wet, 2006:60; Bothma, 2004:7). Die rede daarvoor lê moontlik in die raamwerk wat dit bied vir die ondersoek van verskillende vlakke van hermeneutiese wisselwerking tussen teologiese tradisie en huidige situasie, norm en praktyk, die ideale en reëele, teologie en ander wetenskappe.

De Wet (2006:60) vat die model mooi saam: "Deur hermeneutiese wisselwerking te omskryf en te integreer in teorievorming, word verseker dat basisteorie nie in die lug bly hang nie, praktykteorie ankerloos ronddryf nie en metateorie onverrekend gelaat word nie."

**Model van Zerfass (Elyon, 2008:15; vgl. Heyns & Pieterse, 1990:39)**




In terme van die funksionering van die model van Zerfass moet beide refleksie-sirkels voortdurend deurloop word. Dit geld by :

- analise van die praksis;
- toetsing van die praksis;
- beplanning van die nuwe praksis.

Die ondersoeke begin gewoonlik met die bepaalde praksis waarbinne die ondersoeker staan (Pieterse, 1991:26). In die probleemstelling in hierdie studie (1.3) is reeds aandag gegee aan die praksis waarbinne die ondersoeker staan. Dit is die omgewing met die gevolge van MIV/Vigs-geaffekteerdheid asook die optrede van die kerk in 'n na binne gerigtheid en westerse geïndividualiseerde pastoraat teenoor 'n kommunale, sistemiese Afrika-kultuur (1.2.2). Die situasie-analise in hoofstuk 3 sowel as die empiriese studie in hoofstuk 4 sal die situasie verder belig. Probleme soos hierdie dwing volgens Minnie (2003:21) die plaaslike kerk om te soek na 'n

meer sosiaal aanvaarbare metode wat kan help om die stuasie op te los. Empiriese navorsing kan dan ook 'n bydrae lewer om die versteuring van die benadering wat nie meer funksioneel is nie, reg te stel.

Zerfass self noem sy model 'n *handelingswetenskaplike* model vir die korrigering van die Christelike praksis (Pieterse, 1991:26; De Wet, 2006:58). Dit gaan nie alleen oor die praksis en waarom dit is soos dit is nie, maar ook hoe dit behoort te wees (Nel, 1991:32). Die uitgangspunt van 'n handelingswetenskaplik georiënteerde proses van nadenke is die konkrete Christelike- en ekklesiologiese optrede (De Wet, 2006:72 - 75). Die praksis blyk dan dikwels ontoereikend te wees. Die wisselwerking tussen die teologiese tradisie en die konkrete situasie wat geanaliseer word, is belangrik. Die wisselwerking word dikwels gekenmerk deur die spanning tussen hoe die konkrete situasie veronderstel is om te lyk en hoe dit in die werklikheid lyk. Inligting oor die situasie moet ten opsigte van die implikasies daarvan getoets word aan en gekonfronteer word met die gesag van oorleweringsaansprake uit die kerklike tradisie. Verandering vind dan nie plaas ter wille van verandering nie en die proses verseker dat kritiese ingrepe in die handelingsveld konstruktief en met diepgang plaasvind. 'n Teorie word ontwikkel oor wat gedoen moet word om die situasie te verbeter. Die prakties- teologiese teorie dien as impuls vir gefokusde optrede in die handelingswerklikheid van 'n nuwe praksis.
Janson (1983:339) (soos aangehaal deur Minnie, 2003:18) stel die taak van die Praktiese Teologie soos volg:

- Ontwikkeling van die prakties-teologiese basisteorie;
- Ontwikkeling van 'n praktykteorie;
- Die uitvoering van die nuwe praktykteorie.

Volgens die prakties-teologiese model van Zerfass is daar genoeg ruimte dat die teologiese teorie en die situasie analise deur wedersydse beïnvloeding by mekaar gebring kan word in die verstaanprosesse. In hierdie dialogiese model vorm die belydenis van die kerk 'n integrale deel van die proses. Volgens Nel (1991:23) word "teorie" in die artikel, "Wisselwerking tussen teorie/praksis in die Praktiese Teologie", verstaan as die teologiese teorie wat die kommunikasie van die Evangelie van Jesus Christus deur die kerk in die wêreld dien. Die teorie moet as kommunikatiewe handelingsteorie verstaan word.
Aanvanklik het die klem in die praksis veral op die handelinge van die pastor geval, later is gemeentelike handelinge of kerklike handelinge as die praksis ondersoek . Gedurende die sestiger

jare word die samelewing ook by die praksis ingeluit (Nel, 1991:24). Volgens Nel (1991:24) is die praksis alle handelinge wat in diens van die kommunikasie van die Evangelie staan. Dit is die praksis van Christelike geloof en lewe, soos dit voorkom in die kerklike geloofsgemeenskap. Die kommunikatiewe handelinge is gerig op verandering: "Die Koninkryk van God en die koninkryksbeloftes moet in kerk en samelewing gestalte vind" (Nel, 1991:24.)

Volgens Pieterse (1991:49) word teorie en praksis in 'n bipolêre spanning naas mekaar geplaas: "Die teorie is krities op die praksis en die praksis kan vrae stel aan die teorie. Uit hierdie interaksie kan verstelde of selfs nuwe praktykteorieë gebore word, wat 'n vernuwende praksis (hopelik 'n verbeterde!) kan rig." In die inrigting van die model is daar opvallend nie eenrigtingverkeer van die teorie na die praksis nie en dit geld ook van die praksis na die teorie. Dit gaan dus oor 'n wisselwerking tussen teorie en praksis (De Wet, 2006:64).

Aan die einde van die proses behoort, as gevolg van 'n meer konkrete greep op die werklikheid, 'n veranderde horison te vorm waaruit die Skrif vir die eie tyd verstaan kan word, ter wille van die optimale kommunikasie van die evangelie. "Binne die kommunikatiewe perspektief is die ondersoekeenheid nie 'n enkele mens nie, maar 'n situasie waarin mense in verhouding tot mekaar staan" (Pieterse, 1991:48.)

Zerfass se model loop uit op 'n kringloop waarin die nuwe handelingsproses van Praksis 2 opnuut weer getoets word en deur die proses van hermeneutiese wisselwerking verder gekorrigeer word (De Wet, 2006:78). Bothma (2004:9) meen ook dat die nuwe praksis nie beteken dat die proses afgehandel is nie. Dit moet eers aan die situasie en die oorlewering getoets word sodat die situasie en die teologiese oorlewering die korrektheid of werkbaarheid al dan nie, van die nuwe praktyk kan toets. Praksis 2 vind sigself dan inderwaarheid waar Praksis 1 aan die begin van die proses was. Dis 'n voortdurende proses al blyk daar geen probleem met 'n huidige praksis te wees nie (Bothma, 2004:9).

Hierdie model loop dus uit op 'n sikliese benadering waarin die huidige praksis voortdurend gekorrigeer word en dit maak die model uiters bruikbaar.

## 2.5 DIE KERK AS HANDELINGSTERREIN BINNE DIE PRAKTIESE TEOLOGIE

Die praksis van God deur die werk van die Gees met die oog op die kommunikering van die Evangelie in en deur die geloofsgemeenskap geskied deur die lees en verstaan van die Bybel. Die woord moet aan mekaar uitgelê word met die verligting van die Gees. "Maar hierdie proses van God se koms tot ons deur sy Woord geskied deur die pastorale handelinge van mense as intermediêr" (Pieterse, 1993:39.) Hierdie mense (alle gelowiges) tree dan volgens hulle vermoëns, persoonlikhede, redelikheid en selfstandigheid op in die geloof dat die Gees hulle werk in diens neem.

### 2.5.1 Plaaslike kerk as kommunikatiewe ruimte van die Gees

Die gemeente (plaaslike kerk) tree as kommunikatiewe ruimte van die Gees op (Pieterse, 1993:141). Dit is ook die ruimte waar daar in die liggaam van Christus 'n band tussen God en mense is, waar daar ruimte vir menslike verantwoordelikheid is. Christus se versoening en oorwinning word deur die Heilige Gees in werking gestel in die kerk (Hendriks,1990:22). Die Heilige Gees bewerk die proses van heiligmaking en gee aan elkeen in die gemeente die gawes wat gebruik moet word vir bediening in die gemeente. Oostenbrink & Lotter (2002:100,101) gebruik die woord "spiritualiteit "om meer as die werk van die Gees binne die kerk aan te dui: Dit behels die *Coram Deo* beginsel soos dit na vore kom in die geloof in Jesus Christus, die hantering van die Skrif, geestelike dissiplines soos gebed, meditasie, stilte, afsondering en soms die vas. Dit moet gerig wees op ander gelowiges, maar ook as opdrag gerig wees op die wêreld om die evangelie uit te dra. Dit is die ruimte van die verbond.

### 2.5.2 Plaaslike kerk as kommunikatiewe gemeenskap

Die gemeente met sy pluriforme gestalte is 'n kommunikatiewe gemeenskap "waarin verskillende interpretasies van die evangelie in die eie situasie in kommunikasie met mekaar gebring word" (Pieterse, 1993:141). Hier skep die lewegewende Gees, getuig, lei, vertolk, help, troos Hy en laat Hy in liefde seëvier. Dis in kort die huishouding van God op aarde. Dit is die geestelike huis waarin God die Heilige Gees, saam met ons, die huisgenote van die geloof, woon (Pieterse, 1993:141).

### 2.5.3 Die wêreld as kommunikatiewe ruimte vir die Gees

Die kerk se fokus kan nie op haarself gerig wees nie. Die Heilige Gees se getuienis oor Jesus wil volgens Johannes 15 : 26, 27 die dissipels oorreed om ook vir Jesus in die wêreld te getuig: "Die Gees werk in diegene se lewens wat nog buite die geloof staan, sodat die kommunikasie van die evangelie aan hulle deur gelowiges op vrugbare aarde val" (Pieterse, 1993:142.) Die Griekse woord, "parakletos" dui op iemand wat kan help. Hy bemoedig en help, terwyl Hy ook leer, onderrig en herinner. God borg self sy voortgang in die wêreld omdat die Heilige Gees die getuienis vir die Kerk moontlik maak. Midde-in die Kerk, bemoedig Hy die Kerk. Die klem is in Johannes 15 : 26 volgens Hendriksen (1976:314) op die feit dat Christus die Gees stuur en dat die Gees van die Vader uitgaan. Die woord wat gebruik word vir "getuig" is "martureite". Volgens Bernhard (1953:500; vgl. Groenewald, 1980:331) is die dissipels ook getuies. Binne die konteks is dit egter die konstatering van 'n feit, 'n indikatief dus, en nie 'n imperatief as sodanig. Die tweevoudige getuienis van die Gees en die dissipels word aangedui. Ten spyte van die haat van die wêreld en vervolging sal die volgelinge van Jesus getrou bly om van Hom, sy woorde en werke te getuig. Hendriksen (1976:315) maak 'n keuse vir 'n praesens imperatief wat myns insiens meer korrek is. Hy stel dat na die futurum dat die Gees sal getuig, die imperatief dan beteken: "Julle moet ook doen wat die Gees gaan doen." Bogenoemde help om die verhouding tussen die praksis van God en die mens se praksis in diens van die evangelie beter te verstaan.

### 2.5.4 Die kerk as kommunikatiewe gemeenskap

Binne die Praktiese Teologie word die Woord deur die kommunikatiewe handelinge gekommunikeer. Die kerk, "lewende konkrete gemeente van Jesus Christus" (Pieterse, 1993:158), vorm die kommunikatiewe gemeenskap.

Die kommunikasie van die evangelie moet gesien word (Pieterse, 1993:143):

- binne die perspektief van die koninkryk of heerskappy van God;
- in die konteks van die konkrete gemeente;
- binne die konkrete samelewing waarin die geloofsgemeenskap staan.

Volgens Pieterse (1993:158) word daar dan gevra na die ontmoetingsgebeure van God se kom na die wêreld deur die diens van die pastorale handelinge van mense as intermediêr.

### 2.5.5 Funksies van die kerk

Die funksies van die kerk kan in *twee* kategorieë verdeel word:

- Die funksies van die kerk as *organisme* wat pastorale funksies is en daarmee te doen het dat die kerk sy doel en identiteit as liggaam van Christus beantwoord en sy teologiese doel verwesenlik (Pieterse, 1993:159). Die kerk is 'n lewende en geestelike organisme. Dis 'n organisme wat haar oorsprong het en gelei word deur die Heilige Gees waardeur die krag van God aan die werk is (Mellody & Theron, 2006:106).
- Die funksies van die kerk as *organisasie* wat te doen het met sosiale funksies. Dit is hierdie funksies wat verseker dat die kerk as menslike organisasie in die samelewing sinvol kan bestaan en optimaal kan funksioneer (Pieterse, 1993:159). Dit het die vermoë om die gawes van verskillende groepe elkeen met verskillende talente te fokus om na gemeenskaplike doelwitte te werk (Mellody & Theron, 2006:106). So word die kerk se sosiale doel verwesenlik.

## 2.6 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT 'N TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE

### 2.6.1 Relevansie

Binne pastorale werksaamheid is 'n basiese mensbeeld baie belangrik (De Klerk, 1974:12). In die studie word aangeknoop by die Bybelse en Christelik-wysgerige antropologie. Alle vorme van hulpverlening het dit gemeen dat hulle op die mens gerig is (Heitink, 1979:82) . Daarom dat die navorser ook verkies om 'n antropologiese inset in die studie te plaas.

Van der Walt (1988:1) stel as volg: "The African, not only the Western man, is looking for a personal identity, a new anthropology." Elke individu het 'n behoefte aan 'n beeld van homself, 'n filosofiese visie wat die pad na die toekoms kan duidelik maak (Van der Walt, 1988:1).

Heyns (1981:8) meen ook dat dit vir alle mense belangrik is om te weet wie die mens is, maar dis nog belangriker vir mensgerigte beroepe soos: medici, predikante, maatskaplike werkers, sielkundiges, politici, sakemanne, dosente, onderwysers en werkgewers.

"Net soos 'n onbybelse mensbeskouing lei tot onbybelse berading, sal 'n Bybelse mensbeskouing lei tot 'n Bybelsverantwoorde pastoraat" (Verhoef, 2000:2.)

### 2.6.2 Antropologie

*Antropologie* is die wetenskap wat die totale mens bestudeer, soos *psigologie* bv. die wetenskap is wat die psige as onderdeel van die mens bestudeer en *pedagogie* die onderdeel wat die opvoeding van die mens ondersoek (Heij, 1989:39).

### 2.6.3 Teologiese Antropologie

*Volgens Heij (1989:39) het Gereformeerdes hulle ook baie besig gehou met* die vraag: Hoe moet ons die mens sien in die lig van die Skrif? Wikipedia (2007) gee die volgende definisie: "Teologiese Antropologie is die afdeling van die teologie wat handel oor die studie van die mens in verhouding met die goddelike." Teologiese Antropologie is die studie van mense en hulle *verhouding met* God (Encyclopedia of Science and Religion, 2008). Dit handel dus oor mense as geskapenes na die beeld van God, met die mens in 'n spesiale kwalitatiewe verhouding tot God, vergeleke met ander spesies. Sonde het die verhouding versteur en die mens is konstant teen God in opstand. Van Wyk (1993:125) meen dat aangesien die mens relasionele wese is, die mens *immoreel sou kon optree in sy verhouding* tot God, medemens en natuur. Ons kan ook byvoeg dat die mens ook in sy verhouding tot homself, immoreel kan optree.

Teologiese Antropologie handel met die herstel van die mens se verhouding tot God deur die lewe, *sterwe en opstanding van Jesus Christus. Rom. 8* : 23,24: "..*maar hulle* word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus"(24). Teologiese Antropologie kan ook toegepas word in dialoog met ander dissiplines wat die verskillende aspekte van menswees bestudeer. Dit kan die teologiese raamwerk daarvoor verskaf. *Treloar et al* (2005:2) fokus die definisie meer deur die besondere van 'n godsdienstige tradisie by te bring: "Theological Anthropology - a study of the human person in conversation with the doctrinal framework of particular religious traditions."

### 2.6.4 Buite-Bybelse Mensbeskouinge

Voordat 'n Bybelse mensbeskouing daargestel word, is dit nodig dat daar kortliks beskryf word hoe 'n buite-Bybelse mensebeskouing daar kan uitsien. 'n Vlug oor buite-Bybelse mensbeskouinge is relevant aangesien sulke beskouinge deel kan wees van 'n huidige praksis wat die roeping van die

kerk in die pastorale bediening van die plaaslike kerk aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes, kan inhibeer.

Die volgende is 'n aantal buite-Bybelse mensbeskouinge (Heyns, 1981:9 – 67):

- Dualistiese mensbeskouing;
- Humanistiese mensbeskouing;
- Eksistensialistiese mensbeskouing;
- Liberalistiese mensbeskouing;
- Nasionaal-sosialistiese mensbeskouing;
- Kommunistiese mensbeskouing;
- Kommunalisme

Hierdie beskouinge word in die volgende punte kortliks beskryf:

#### 2.6.4.1 Dualistiese mensbeskouing

Dis hoofsaaklik van Grieks-filosofiese oorsprong en aard. Die wese van die mens is gesetel in die siel of gees wat nie van hierdie wêreld is nie, maar van 'n ander wêreld afkomstig is. Die mens is in homself 'n rustende en selfgenoegsame wese wat slegs tydelik in sy aardse gestalte, nl. die liggaam vertoef. Die teorie is dat bestaan materieel of geestelik is en een soort substansie nie na 'n laer vlak kan ontwikkel nie. (Heyns, 1981:9; Deist, 1984:76).

#### 2.6.4.2 Humanistiese mensbeskouing

Volgens hierdie siening is die mens volkome tuis in hierdie wêreld. Hiervolgens het die mens as't ware alleenreg in hierdie wêreld (Heyns, 1981:9). Volgens Deist (1984:76) is humanisme geneig om in terme van menslike bestaan te fokus op kulturele en praktiese sake, eerder as bv. wetenskaplike en spekulatiewe denke.

#### 2.6.4.3 Eksistensialistiese mensbeskouing

Dit bou verder voort op die gedagte van die eksklusiewe plek wat die Humanisme aan die mens toegesê het. Die mens is vir homself verantwoordelik. Die mens is dan sy eie skepper wat homself volkome moet afrond. Mense word hiervolgens konstant gekonfronteer met keuses. (Heyns, 1981:9; Deist, 1984:90).

#### 2.6.4.4 Liberalistiese mensbeskouing

Volgens die beskouing gaan dit om die enkele mens wat bepaalde verhoudinge met ander en die gemeenskap aangaan. So 'n verhouding is egter niks meer as 'n blote toevoeging tot die menslike

bestaan. Die saamwees met ander kan verwyder word sonder om die menswees daardeur te skaad (Heyns, 1981:10). Volgens Deist (1984:142) is individuele vryheid soos vryheid van opinie, spraak, geloof en ekonomie baie belangrik. In terme van godsdiens wil mense dan ook nie voorgeskryf word nie.

#### 2.6.4.5 Nasionaal-sosialistiese mensbeskouing

Kollektiwiteit en met name die kollektiwiteit van ras en volk waarin iemand gebore word, is belangrik. Volgens hierdie denke sal 'n organisasie die doel stel om na almal om te sien deur bv. die gelyke verdeling van welvaart. Die superieure ras is dan geroep om diegene wat nie tot die ras behoort nie, te regeer en te lei (Heyns, 1981:10; Deist, 1984:238).

#### 2.6.4.6 Kommunistiese mensbeskouing

Die gedagte van kollektiwiteit word aanvaar, maar 'n biologiese grondslag vir die kollektiwiteit word verwerp. Kommunisme stel eerder 'n ideologiese fundering vir die kollektiwiteit voor. Die geboorte van die mens is minder belangrik as die bearbeiding van die materiële dinge buite en in die mens (Heyns, 1981:10).

#### 2.6.4.7 Kommunalisme

Volgens Afrika-denke neem die mens 'n sentrale plek in, maar dan nie in die sin van Westerse antroposentrisme wat baie individualisties is nie. Volgens die Afrika denke sou die mens 'n groepswese wees met 'n trop-instink (Van der Walt, 1988:1). Die menslike gemeenskap is hier die belangrikste. Volgens Kommunalisme is 'n individu wat afgesny is van die kommunale organisme, niks. Binne hierdie stelsel is die mensdom 'n familie (Van der Walt, 1988:3). "I am because we are" (Van der Walt, 2006:21.) Hy som min of meer die tradisionele Afrika siening van die mens op. Volgens Van der Walt (2006:21) is die Afrika siening dat iemand nie volledig mens is as hy nie deel van 'n gemeenskap is nie. Die kultuur is dan nader aan die Bybelse opdrag om jou naaste lief te hê soos jouself, as die Westerse individualisme. In hierdie stadium is dit egter so dat individualisme toeneem in Afrika. Die situasie dat tyd nie bestee moet word in 'n gejaag na geld nie, maar as 'n gawe aan ander, is aan die verbygaan.

Afrika het in die bestek van 100 jaar 'n verskeidenheid van veranderinge beleef. Die vasteland het deur tradisionele kulture, kolonisasie, nasionalisme, dekolonisasie en onafhanklikheid beweeg na nuwe ideologie soos Afrika sosialisme en Marxisme (Van der Walt, 1988:2). Van der Walt (2007:1) maak 'n saak daarvoor uit dat die gemeenskaplike tussen Afrika en die grootliks gesekulariseerde Weste is dat Afrika in dieselfde rigting onwikkel en dit het 'n invloed op elke vlak van menswees

(vriendskap, huwelik, familielewe, regerings, opvoedkundige instellings, besigheid, sport, seksuele lewe en ander instellings) asook op die rol wat godsdiens speel.

Vir die studie is Afrika-denke baie belangrik, veral aangesien die pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes die leefwêreld van swartmense raak.

### 2.6.5 Bybelse mensbeskouing

Heyns (1981:69) verklaar dat bogenoemde opskrif die verkeerde indruk kan wek. Die Bybel bevat nie 'n mensbeskouing wat in 'n duidelike wetenskaplike en dus sistematiese leer oor die mens, kompleet met helder en skerp omlynde begrippe saamgevat is nie. Die Bybel kan nie vir 'n definisie oor die mens, sy liggaam, siel en geesteslewe nageslaan word nie. Die uitgangspunt volgens Verhoef (2000:10) dat die Bybel nie 'n volledige leer oor die mens het nie, bring ook perspektief op die eeue-oue strydpunt of die mens net uit een deel, twee dele *(liggaam en siel - dichotomie)* of drie dele *(liggaam, siel en gees - trichotomie)* bestaan. Hierdie uitgangspunt bring die verantwoordelikheid mee om in Bybelse berading of pastoraat, ook van ander hulpbronne gebruik te maak ten einde mense te begelei in hulle soekproses (Verhoef, 2000:11). Die Skrif sê baie oor die mens, maar steeds so dat dit tot die mens gerig is (Heyns, 1981:69, vgl. Verhoef, 2000:10). Die mens wat in die Bybel ontmoet word, is God se mens, die mens met wie Hy besig is. Op die gebied van moraliteit en die kweking van 'n nuwe moraliteit is kennis van die Skrif en kennis van die werklikheid waarbinne die mens leef volgens Van Wyk (1993:131) belangrik. Dit gaan dan in die Woord om God, en om kennis van die wil van God die Vader, Seun en Gees as Skepper, Redder en Vernuwer. Kennis van die Woord sou onvoldoende wees as die werklikheid of situasie waarop dit betrekking het onvoldoende of eensydig in berekening gebring word (Van Wyk, 1993:131).

Op die gebied van die hulpverlening is dit reeds algemene kennis dat elke persoon wat hulp verleen vanuit sy bepaalde invalshoek te doen het met die hele mens en nie net met 'n deelgebied soos liggaam, siel of gees nie (Heitink , 1979:84). Daar kan volgens Heitink (1979:84) geen sprake wees van 'n eenvoudige taakverdeling waarby globaal gesproke die dokter die liggaamlike, die terapeut die psigiese, die maatskaplike werker die stoflike en die pastor die geestelike kant van die mens versorg nie. Ook in die teologiese antropologie is 'n erkenning van die eenheid en totaliteit van die mens algemeen aanvaar.

Volgens Heyns (1981:69) is die volledige mens belangrik. Dit gaan steeds om die totale mens, maar telkens vanuit 'n bepaalde konkrete aspek. Die onderdele van *siel, liggaam, vlees en gees*, van die *ou* en *nuwe* mens, van *inwendige* en *uitwendige* kan die indruk wek dat die mens in dele uiteenval. "Omdat dit gaan om die ganse mens in sy verhouding tot God ontvang geen enkele "deel" 'n selfstandige, en van die geheel geïsoleerde aksent nie" (Heyns, 1981:70.) Heij (1989:39 - 43) gee 'n aantal gereformeerde standpunte weer, onder andere A. Janse en J. Waterink. Janse sou dan volgens Heij (1989:40 ) voortdurend daarop gehammer het dat die skeiding van liggaam en siel afkomstig is uit die Grieks-heidense denke van, onder andere, Plato. Volgens Heitink (1979:85) was in navolging van die antieke filosofie die verstaan van die mens eeue lank bepaal deur 'n twee- of driedeling op grond van 'n dichotomiese of trichotomiese mensbeeld. Ook op die terrein van die pastoraat word toenemend besef dat die begrip "siel" in sielsorg staan vir die pastorale totaliteit van die mens. In die Bybel word ook uitdruklik uitgegaan van 'n nadruklike *eenheid* van die mens. Die mens is 'n geheel. Daarom is dit onmoontlik om die siel as iets hoër te sien en die liggaam as slegs aards. Die omgekeerde mag ook nie gebeur, nl. dat die materiële, die vleeslike verhef word bo die geestelike nie. Die mens, geskape as God se beeld (Gen.1 : 27b "...as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep"), word in totaliteit in God se diens gestel. Wanneer die Bybel oor die mens praat as lewende siel, word steeds die konkrete mens bedoel met innerlike lewe, sowel as vlees en bloed vgl. Gen.2 : 7b: "..sodat die mens 'n lewende wese geword het". Volgens Janse (soos aangehaal deur Heij, 1989:40) neem die klem op die eenheid nie weg dat daar wel tussen gees, siel en liggaam *onderskei* kan word nie. Die Bybel praat van die mens se *uitwendige* en *inwendige* aspekte. Die Bybel raak ook die *vroeëre* en *latere* lewe van die mens aan wat dui op persoonlike groei: "Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig"(Ef. 5 : 8) .

Vir Hummel (soos aangehaal deur Heitink, 1979:87 - 88) is daar die gevaar dat die oorbeklemtoning van die eenheid van die mens die dimensionaliteit van die mens relativeer. Die mens is volgens hom dimensioneel - transdimensioneel geheel. Eers in ontmoeting met God word die mens volledig. Heitink maak dan die volgende konklusie: "Zo gaat het in het bijbels denken om een eenheid in verscheidenheid, een leven waaraan het geloof zijn zin en bestemming geeft" (Heitink , 1979:88.)

Die Bybel wil 'n *realistiese* blik op die mens gee (Heyns, 1981:70). Die Bybel teken die mens nie in 'n optimistiese sin asof die mens net goed en reg is nie en aan die ander kant gee die Bybel nie 'n

net pessimistiese beeld asof hy geen toekoms het nie. Die mens word besing as kroon van die skepping met die ewigheid in sy hart maar ook word die verlorenheid as sondaar in fel kleure geteken en beween. Saam daarmee word egter die *herskeppende genade* ook geteken.

Laastens gee die Bybel ook 'n *tydbepaalde* blik op die mens. Met die inspirasie van die Heilige Gees as deel van hulle, was hulle steeds nie losgemaak van die Oosterse wêreld waar hulle geleef het nie. Dis daardie idioom waarin hulle gedink, gepraat en geskryf het. Hulle was sonder die hulp van sielkunde, sosiologie, antropologie en sonder die psigoanalise. Dis in daardie idioom dat die Bybel oor siel, gees en liggaam van die mens praat, oor die hart en die niere (Ps.7 : 10b: "U wat harte en niere toets, o regverdige God") (OAV, 1953.) Kennis van die mens is dus afhanklik van die kennis van die God, en moet ons die Skrif ken (Heyns, 1981:71). Die grondwaarhede vanuit die Bybel oor die mens kan in alle wetenskappe, teologieë, filosofieë en vakwetenskappe gebruik word (Heyns, 1981:71).

### 2.6.5.1 Die mens, geskape as beeld van God

In Gen. 1 : 27 word gesê dat die Here die mens na sy beeld geskape het. Die gedagte is wesenlik by enige antropologiese denke (Verhoef, 2000:11). Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 14 (ASK, 1983:163) lui as volg: " Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het: Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê, goed regverdig en heilig, sodat hy met sy wil in alles met die wil van God kan ooreenstem." Volgens Heyns (1973:100) beteken bogenoemde woorde dat God en mens op een of ander wyse met mekaar vergelyk kan word. Dit gaan dan hier oor Goddelike en menslike bestaanswyse en handelswyse. Wat van God gesê word in terme van 'n Goddelike bestaan, naamlik dat Hy in verhoudinge bestaan (tot Homself, mens en wêreld) word eweneens van die mens gesê. In sy verhoudinge ten opsigte van God, homself, naaste, kosmos word iets van 'n goddelike bestaanswyse weerspieël.

Genesis 1 : 26 gebruik twee Hebreeuse woorde naamlik, צלם (tselem -verteenwoordiger) en דמות (demoet - beeld): "Toe het God gesê: "Kom Ons maak (asah) die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug."

In Gen. 1 : 27 word net die woord צלם (tselem) twee keer gebruik, wisselend vir wat vertaal kan word as "verteenwoordiger en beeld": "God het die mens geskep (bara) as sy verteenwoordiger (tselem), as beeld (tselem) van God het Hy die mens geskep (bara), man en vrou het Hy hulle geskep (bara)" (Verhoef, 2000:14.)

Die implikasie hiervan is dat *man en vrou, albei* as beeld van God geskape is. Daarom kan man en vrou ook ten opsigte van die reddende en heiligmakende genade in soortgelyke intieme gemeenskap met God wees (Verhoef, 2000:31). Treloar *et al.* (2005:8) stel dat Gen. 1 : 26 - 28 baie belangrik is binne die *feministiese* Bybelinterpretasie. Treloar *et al.* (2005:8) verwys na Phyllis Trible wat 'n fundamentalistiese gelyke blik op man en vrou gee. Vir haar maak die teks God nog manlik, nog vroulik. Hierdie teks is meer gebalanseerd deur die Wêreld Raad van Kerke in gesprekke ingesluit wat tot die publikasie, "In God's Image: Reflections on identity, human wholeness and the authority of Scripture" gelei het (Treloar *et al.* 2005:8). Daarin word vervat dat man *en* vrou verteenwoordigend is van die kollektiewe mensdom en daarom gelykwaardige modelle vir die mens is.

Daar is veral drie standpunte oor Gen. 1 : 26 - 28 (Treloar *et al.*, 2005:9):

- Die insluiting van man en vrou as beeld van God is 'n sentrale deel van die teks en 'n deel wat in besonder tot die huidige generasie spreek.
- Om beeld van God te wees is om God se verteenwoordiger op aarde te wees. Hierdie verstaan, aanvanklik net toegepas op die koning, word verkondig as waar van alle mense en dit lei tot waardetoevoeging ten opsigte van mense.
- Die aard van die mens wat hier gestel word, is dat, soos God gesag het, só het die mens ook gesag/heerskappy oor die skepping. Dit bring versorging van die geskape wêreld na vore as deel van die natuur van die mensdom. Die mens moet lewe laat gedy.

In die beskrywing van die mens as die beeld van God kom daar enersyds die gemeenskapsverhouding en andersyds die uitsluiting van enige gelykheid na vore (Verhoef, 2000:18). Die mens is inderdaad uniek: anders as God, maar hy is ook anders as al die anders skepsels van God. Dit word duidelik uit die feit dat daar in Gen. 1 : 21, 24 en 25 staan dat al die ander skepsels na hulle aard gemaak is, maar dat die mens na die beeld van God gemaak is (Verhoef, 2000:19).

Waterink (soos aangehaal deur Heij, 1989:41) sê die mens is "homo sapiens" (wetende mens). Hy is toegerus met rede, gevoel, strewe, wil, verantwoordelikheidsbesef, gewete, ens... dit alles omdat hy die kind van die Vader is. Sy afkoms van die Vader is beslissend vir die menslike bestaan. Die konsekwensie is dat die empiriese psigologie ondergeskik gemaak word aan die Bybelse psigologie.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 14 (ASK, 1988:163) lui verder in die tweede paragraaf: "Maar toe hy (die mens) in aansien was, het hy dit nie verstaan en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde, en daarom aan die dood en vervloeking onderwerp." Volgens Verhoef (2000:15) kom die verhaal van die sondeval binne die konteks van die skeppingsverhaal duidelik na vore. "As dit nie vir die sonde was nie, sou berading soos dit vandag bekend is, nie nodig gewees het nie. Die vraag onderliggend aan alle pastoraat en berading is die vraag: Watter effek het die sondeval op die mens as beeld van God?" (Verhoef, 2000:15.) Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 14 (ASK, 1988:163, vgl. Verhoef, 2000:28) vervolg oor hierdie saak in vierde paragraaf: "Hy het deurdat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor en het hy niks anders daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom van alle verontskuldiging te ontneem."

Gen. 9 : 6 en Jak. 3 : 9 dui daarop dat die beeld van God, dit wil sê die mens se menswees, nie verlore gegaan het nie (Verhoef, 2000:29).
Gen. 9 : 6: "Wie die bloed van 'n mens vergiet, deur 'n mens sal sy bloed vergiet word. God het die mens gemaak as sy verteenwoordiger" (NAV,1983.) Dis weereens צלם (tselem - verteenwoordiger) wat gebruik word. Volgens Westermann (1986:85) gaan die seën van die Skepper na die vloed vir Adam se nakomelinge voort. "Israël ontmoette hem in zijn historie als redder, maar daar bovenuit is Hij God en Heer van de mensheid, vanaf haar begin tot aan haar einde" (Westermann, 1986:89.) In Gen. 9 : 6 word doodmaak van 'n mens verbied, omdat alle mense na die beeld van God gemaak is. Nou word by 'n nuwe begin, terugverwys na die skepping van die mens. Hierdie werklikheid het in die hede ook nie krag verloor nie (Verhoef, 2000:26,27). Dit gaan nie om die mens se goedheid nie, maar om God se trou en genade.
Jak. 3 : 9: "Met die tong loof ons die Here en Vader en met die tong vloek ons die mense wat as beeld van God gemaak is" (NAV, 1983.)
γεγονότας is in die perfektum en verwys na die mens wat gemaak is. Dit wys dat die mens steeds die merktekens van Goddelike oorsprong in hulle dra (Verhoef, 2000:27). Die afbreek van die Goddelike beeld wat die mens steeds dra is dan onaanvaarbaar.

Bloot die feit dat daar in die Nuwe Testament op verskeie plekke staan dat die mens as beeld van God *vernuwe* moet word na die beeld van God, dui daarop dat daar 'n aantasting was van die mens as beeld van God. Die handhawing van die mens as mens moet aan die genade van God

toegeskryf word (Verhoef, 2000:30). Vir Bybelse berading is dit van wesenlike belang. Volgens Verhoef (2000:30) bring dit die berader en die soeker na berading opnuut onder die besef van totale afhanklikheid van God.

Volgens Waterink (soos aangehaal deur Heij, 1989:42) staan die mens altyd in 'n verhouding. Hy staan in 'n verhouding as God se gevolmagtigde op aarde. Omgekeerd is die hele kosmos in (via) die mens op God gerig. "Ook na de sondeval is er de roeping God te dienen; de verantwoordelikheid is gebleven" (Heij, 1989 : 42.) Heij (1989:42) verwys ook na Kooi se bydrae in "Taak en toekoms"(1974). Volgens Kooi het God die mens na sy beeld geskape, en wel so dat hy sy hoogste amp as regeerder op die aarde kan uitoefen. Die gawes wat God aan die mens gegee het, is dus gerig op sy opdrag. Hierdie opdrag aan die mens word in *vier* verhoudinge uitgevoer, nl. met God, met die naaste (medemens), met die natuur (kosmos) en met homself.

As afsluiting van 'n Bybelse antropologie word kortliks op die vier verhoudinge gefokus:

#### 2.6.5.2 Verhouding tot God

Die mens is deur God geskep en in die wêreld geplaas. Hy word deur God in diens geneem en plek in die koninkryk gegee. Hy bly egter steeds God se mens en kan nie neutraal, los van God as grootheid gesien word nie. Die mens kan nie buite sy verhouding met God verstaan word nie (Heyns, 1973:100).

#### 2.6.5.3 Verhouding tot die naaste

Volgens Heyns (1973:101) is menswees saamwees. Dit is saamwees met God en medemens in die wêreld. Die mens is nie as enkeling geskape nie en moet ook die diepste van sy menswees realiseer in sy verhouding met sy naaste. Dis diegene wat die lewenspad deel.

#### 2.6.5.4 Verhouding tot homself

Die mens staan ook volgens Heyns (1973:101) met homself in 'n verhouding. Hy kan ook met homself besig wees; homself liefhê of verag, prys of kritiseer.

#### 2.6.5.5 Verhouding tot die kosmos

Die mens bestaan nie op homself en bestaan nie in sigself nie (Heitink, 1979:88). Die mens kan alleen verstaan word vanuit die verhoudinge waarbinne hy leef, sy omgewing, die wêreld waarvan hy onlosmaaklik deel uitmaak. Dit beteken dat die begrip, "hele mens" 'n belangrike uitbreiding kry.

Elke mens is dan 'n verhoudingsveld, 'n kommunikatiewe sisteem, medebepaal deur die strukture waarbinne hy leef.

Alle vorme van hulpverlening vind mekaar steeds meer in 'n benadering van mens in sy *sosiale, maatskaplike en kulturele* konteks. Volgens Heitink (1979:8) is die relasionele- of ontmoetingsdenke nie 'n minder belangrike kenmerk van die huidige antropologiese ontwikkeling nie .

Heitink vra 'n belangrike vraag in dié konteks, nl. of 'n pastoraal teologiese antropologie aansluiting kan vind by wat hy noem, "basale anthropology" van die hulpverlening? (Heitink, 1979:133). Volgens hom is dit moontlik dat daar 'n positiewe strukturele verhouding kan wees tussen die Bybels-teologiese spreke oor die mens en 'n meer algemene antropologiese benadering. Waar die antropologie oor die "hele mens" praat, met inbegrip van alle verdere omskrywinge wat hieruit voortvloei, praat die Bybel oor "God se mens". Volgens Heitink (1979:133) het beide terme betrekking op dieselfde werklikheid. Hy grond dit op die feit dat 'n werklikheidsverlies binne die *teologiese spreke oor die mens voorkom moet word. Teologiese perspektiewe op die mens moet* nie konkreetheid en realiteit inboet nie. Beide rigtings het 'n eie aard en daar behoort 'n wederkerigheid tussen die benaderings te bestaan. Die algemene openbaring skep vir Heitink (1979:133) ruimte dat aansluiting gevind kan word by 'n grondstruktuur, ook in religieuse sin, wat met menswees geskenk is: "In het spreken over de mens as zondaar horen we dezelfde donkere tone van onvrijheid, die we eerder beluisterden in de onbewuste krachten, die in een mens werksaam zijn. In de onverganklijke struktuur van de mens als schepsel, gebouwd en aangelegd op vernieuwing, hoorder wij iets van hetzelfde optismisme dat ons aanspraak in het denke sover menslijke groei. Zo bestaan er voldoende overeenstemming tussen het bijbelse spreken over de mens en een anthropologie van de hulpverlening."

Mostert (soos aangehaal deur Treloar *et al.*, 2005:13) kom tot die gevolgtrekking dat teologiese antropologie die punt van samekoms is van die belangrikste leerstellinge van die Christelike geloof, nl. Drie-enige God, die vleeswording, die kerk en die eskatologie. Binne die kerkgemeenskap, sigbaar onder die mag van sonde, sowel as die gawe van genade, word menslike bestaan hervorm en nuwe toekoms gegee. Verandering is 'n gawe, maar dit word ook 'n opdrag, vir binne sowel as buite die kerk. Dit gaan oor sorg aan die kerkgemeenskap, maar dit vra ook 'n betrokkenheid in die wêreld van kultuur en die groter net van verhoudings tussen individue en gemeenskappe.

## 2.7 DIE SKRIF AS NORMATIEWE KENBRON VIR DIE BASISTEORIE

### 2.7.1 Gesag van die Bybel

Die uitgangspunt is dat die Bybel binne die Gereformeerde tradisie aanvaar word as die geïnspireerde Skrifopenbaring van God. Dit word binne die Gereformeerde tradisie vry algemeen aanvaar dat die Skrif in alle teologie norm is en bly (Nel, 1991:28). Die Bybel is kortliks gesê: "God se Woord in mensetaal."

Die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 3 verklaar as volg: "Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die Heilige Petrus sê...(2 Petrus 1 : 21)."

Dit beteken dat die Woord deur die Heilige Gees geïnspireer, deur menslike handelinge en in mensetaal opgeteken is. Dit is egter 100 persent gesagvolle Woord van God. Die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 3 verklaar hieroor as volg: "Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy dienaars, die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel en Hy het self met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskrifte die heilige en Goddelike Skrif" (ASK, 1988:155.)

"Vanuit die beskouing dat die hele Skrif deur God geïnspireer is, word gestel dat die leser deur sy aksie van lees nie met 'n voortgaande daad van teks (Bybel)-inspirasie besig is nie, maar met 'n daad van Bybelinterpretasie" (Venter, 1996:23.)

Vir die praktiese teoloog om met normatiewe beginsels in die Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingswetenskap besig te wees, is die aanvaarding van die Goddelike oorsprong en gesag van die Woord noodsaaklik.

Bybelskrywers staan aan die kant van die Woord en teoloë aan die kant van die antwoord "...en is die Bybelskrywers nie teoloë nie, en die teoloë uiteraard nie Bybelskrywers nie" (Heyns, 1977:168).

Net so min as wat die Woord sonder die Heilige Gees ontstaan het, net so min kan hy sonder die Heilige Gees voortbestaan. Momberg (2001:2) sê dat die geskrewe Woord deur die uitleggende- en toepassende werksaamheid van die bedienaars daarvan, steeds die gesagvolle Woord van


NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

God bly. Eksegetiese en hermeneutiese ondersoeke en perspektiewe ontneem dus nie die Skrif van sy normatiewe gesag nie.

Teoloë soos Van Huysteen en Ridderbos beskryf die gesag van die Bybel as "heilsgesag" (Venter, 1996:23). Die gesag van die Bybel is dus nie te vinde in bv. vakwetenskaplike uitsprake nie, maar "daarin dat die versoeningsdaad van God sentraal staan en weergegee word deur die Bybel..." (Venter, 1996:23).

### 2.7.2 Gebruik van die Bybel

Die Bybel praat nie net van heil nie, maar ook van die konsekwensies van God se heil en die aanvaarding daarvan vir die praktyk van die alledaagse lewe (Venter, 1996:23).
2 Timoteus 3 : 16 sê die volgende: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer "Theopneustos" en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek."
Wat hier geskryf is, het Paulus ten opsigte van die Ou Testament bedoel. Dit kan egter ook op die Nuwe Testament van toepassing gemaak word. Omdat die Bybel 'n Goddelike boek is (deur God geadem), kan net 'n gelowige wat die leiding van die Gees soek, die werklike sin verstaan (Venter, 1996:23) . Tog is dit ook God se Woord in mensetaal en moet verantwoordelike reëls en metodes geld om die inhoud volledig te ontsluit.

Die Woord is dus binne die Praktiese Teologie en binne die model van Zerfass belangrik vir die evaluering van die huidige praksis en as normatiewe element in die vasstelling van 'n nuwe (hopelik verbeterde) praksis, onontbeerlik.
Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 5 (paragraaf 1): "Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna in te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig..." (ASK, 1988:156.)

Praktiese Teologie bestudeer volgens Venter (1996:23,24) onder andere kommunikatiewe handelinge in die Skrif. Dit stel norme vir die wyse waarop met die Skrif omgegaan behoort te word. Bewysplase vir die Praktiese Teologie moet gevind word deur ook die *konteks* van die Skrifgegewens in ag te neem.

Die Skrif kan egter nie biblisisties of fundamentalisties hanteer word ter wille van bewysplase nie. As die Skrifopenbaring "...dus soos 'n foto van die huidige werklikheid gebruik word in die prakties-teologiese ondersoek is dit ook wetenskaplik onverantwoord" (Venter, 1996:24).

### 2.7.3 DIE GRAMMATIES-HISTORIESE EKSEGETIESE MODEL IN DIENS VAN VERANTWOORDELIKE SKRIFGEBRUIK

Om reg te laat geskied aan die beginsels van 'n Gereformeerde Skrifbeskouing van die Skrif as:

- geïnspireer deur die Heilige Gees,
- normatiewe geskrif in die lewe van 'n gelowige en
- die besef van verantwoordelike eksegese omdat die Woord ook in mensetaal geskryf is, word gekies vir die "Grammaties-historiese" metode om eksegese te doen.

Die metode word gekies omdat twee belangrike areas binne Skrifondersoek gebalanseerd aandag behoort te kry, nl. die *grammatika* (en daarmee die oorspronklike tale) asook die *historiese omstandighede* tydens die ontstaan van die teks.

- "Grammaties" hou in dat die interpretasie van 'n teks in ooreenstemming met die karakteristieke van die taal moet geskied" (Grönum, 2002:24.) Dit sou dan beteken dat die eksegeet hom moet vergewis van die stylfigure, genres en betekenisse van woorde binne 'n teks. Vorme en sintaktiese verskynsels is saam met bysinne, betekenisse van woorde van groot belang: "Synchronic interpretation involves viewing the text as it recently stands at a given moment in time, or at any moment in time. It refers to describing the text with respect to its coherence, structure and function" (Du Rand, 2005:159.) Du Rand (2005:166) sê dat die literêre en mondelikse vorme in die Nuwe Testament die volgende is: verteleenhede(narratiewe), aankondigingsverhale, gelykenisse, gebede, aanmoedigings, diskoerse en gerapporteerde orakels.
- "Die historiese element by die grammaties-historiese verklaringsmetode hou weer op sy beurt in dat die tyd en omstandighede waarbinne die outeur geskryf het, in ag geneem word" (Grönum, 2002:24.) Omstandighede van die outeur asook die eerste lesers is daarom van belang. Du Rand (2005:166) sê die volgende rakende die onderwerp van *vormkritiek*: "The study of such individual units of written and oral tradition, locates one within the activity of the primitive apostolic community. We have to find out what was going on in a certain community. What was going on in the preaching, the teaching and the

liturgical life of such a community? Then we can understand better that different traditions were preserved, shaped and collected to form the basis of a text." Hoe die teks tot stand gekom het, is verstrengel met wat die teks *op 'n gegewe tydstip* is.

- Beide elemente, grammaties en histories, moet dus volledig verdiskonteer word. Grönum (2002:24) meen dat die eksegeet wat die teks na die grammatiese wil ontleed, dit nooit mag losmaak van die historiese milieu waarin die boek ontstaan het nie.
- Teologiese element: Sommige Gereformeerde teoloë voeg hierdie derde element by die grammaties-historiese verklaringsmetode (Grönum, 2002:24). Volgens hierdie siening kan 'n blote grammaties-historiese uitleg nie reg laat geskied aan die Goddelike karakter van die Skrif nie. Omdat alles nie voldoende verklaar kan word net op grond van die grammatiese en die historiese nie, moet ook die *teologiese element* verreken word. Die *Goddelike karakter* maak immers die Skrif uniek ten opsigte van ander literatuurtipes. Die elemente van grammaties, histories en teologies mag ook nie geskei word nie. Dis een wetenskaplike denkarbeid.

### 2.7.3.1 Grammatiese element

Volgens die model van De Klerk & van Rensburg (2005 : 12v) is daar 'n aantal belangrike grammatiese stappe wat gedoen moet word:

Keuse van 'n perikoop;

Vassteling van die tekstuele konteks van die perikoop;

Die vasstelling van die genre van die perikoop en boek. "Genre criticism looks at what is shared by a number of texts. Genre (German Gattung) strives to understand a family of texts because of identical structure" (Du Rand, 2005:16.) Genrekritiek sluit ook die vraag na die "sitz im Leben" van 'n gegewe genre in. Die *wonderverhale* kan bv. gevind word in die *sending ervarings* van die vroeë kerk. Dis dan volgens Du Rand (2005:168) deel van die sending proklamasie, wat Christus voorstel as die Here wat kan genees en aan wie mens jou in geloof kan onderwerp.

Die ontleding van die gedagte-opbou op makro- en mikrovlak;

Die vasstelling van kernverse en moontlike vertaling;

Bestudering van belangrike begrippe in die kernvers(e).



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

### 2.7.3.2 Historiese element

Oor die historiese element moet daar duidelikheid ten opsigte van *twee sake* verkry word:

- Die sosiale-, politieke- en godsdienstige omstandighede van die eerste lesers en hulle reaksie daarop;
- Geloofskeuses waarvoor die perikoop die eerste leser/hoorders gestel het.

### 2.7.3.3 Teologiese element

Grönum (2002:26) sou die volgende element wou byvoeg: "...die vraag na die kommunikasiedoel van die Heilige Gees met die perikoop....Die Heilige Gees is dus nie net die outeur nie, maar ook die eksegeet wat 'n spesifieke boodskap deur die Skrif met ons wil kommunikeer."

Binne die grammaties-historiese metode is die volle openbaring in die Woord, soos dit gegee is, belangrik.

- Die *grammatiese* is belangrik omdat die grammatiese uiteindelik die betekenis van die teks bepaal.
- Die *historiese* is eweneens belangrik omdat daarmee erkenning gegee word dat die teks nie in 'n vakuum ontstaan het nie.

Momberg (2001:3) bevestig genoemde stelling dat die grammaties-historiese eksegese van so 'n aard is dat die grammatiese en historiese mekaar aanvul en nie weerspreek nie en daarom is dit noodsaaklik.

Hierdie arbeid behoort nooit te geskied sonder die verligtende werk van die Heilige Gees nie: "Waar ons by die voltooiing van die Bybel as bundel in al die prosesse van bundelling praat van Theopneustie(Inspirasie) van die Heilige Gees, praat ons by die suiwer uitleg en verstaan daarvan as illuminatie (verligting) van die Heilige Gees" (Momberg, 2001:3.)

### 2.7.4 Psigologiese lees van tekste

Volgens hierdie model kan elke karakter in die verhaal onderwerp word aan 'n proses van psigo-analise. Hierdie model sien die narratief as 'n geheel: "It is to understand the story of the Old and New Testament as a human story with particular techniques at play. Every character in the story, even Jesus and God Himself, are equally open to the process of psychoanalyses" (Du Rand, 2005:185.) So 'n wyse van interpretasie relativeer die Goddelike inspirasie.

### 2.7.5 Die histories-kritiese metode van Skrifverklaring

Luz wys op die bevraagtekening van eksegese veral vanaf 1968. Die groot rede hiervoor lê oënskynlik in die histories-kritiese metode se intense beklemtoning van die oorspronklike betekenis van 'n teks. "..McKally makes it difficult or even impossible to answer the question of its present day meaning" (Luz, 2005a:266.)

Duitse studente was gestrand in die *verlede*, met geen metodiese weg na die *hede*. Hedendaagse hermeneutiese teorie wil die verlede holisties verstaan "...which takes in one's own present and one's own horizon" (Luz, 2005a:268).

### 2.7.6 Hermeneutiese sleutels

Omdat die perikoop van Matteus 25 : 31 - 46 so 'n belangrike rol in die studie speel, is dit belangrik om die eksegetiese gevolgtrekkings, sowel as die hermeneutiese gevolgtrekkings duidelik uit te spel.

In die hermeneutiek word die teorie van *juiste Skrifuitleg* vasgestel. In die eksegese of uitlegkunde gaan dit oor die *praktyk* van die uitleg self.

"Omdat die belydenis van die kerk egter die vrug bevat van die eeue-lange omgang met die Skrif, sou dit dwaas wees as die eksegeet nie deeglik rekening hou met die uitleg van die Skrif soos dit in die belydenis van die kerk sy neerslag gevind het nie" (Heyns, 1977:285.)

"In the transmission of faith we must build a bridge between the faith tradition of the past and our Christian experience in a new situation" (Heitink, 1999:181.)

'n Eksegetiese model wat by regte verstaan wil uitbring, moet werk op die *hermeneutiese sirkel* van verstaan. Dis 'n proses van verstaan en sluit 'n proses in waar die volgende faktore onderskei moet word:

- Die eerste is 'n *vooropgesteldheid of predisposisie* wat bepaal word deur eie historiese en sosiologiese faktore. Heitink (1999:196) sê dat persoonlike en historiese omstandighede en tradisies plus psigologiese faktore verstaan kan bevorder of inhibeer.
- Die tweede is dat *subjektiwiteit* in so 'n mate 'n invloed het dat dit ook aan die verstaan van ander getoets behoort te word. Hier kan moontlik gedink word aan die toets van kerklike belydenis.

- Die derde faktor is die van *simboliese interaksie* in geloofskommunikasie. Kognitiewe, emosionele en estetiese dimensies kan hier 'n rol speel.
- Laastens is daar die *ideologies-kritiese* faktor. Die Christelike geloof is baie vatbaar vir ideologiese invloede. Heitink (1999:196) sê die volgende oor die invloed: "...and has often, consciously or subconsciously, been enlisted in the service of institutions that exert their power in society."

'n Teks word dus gelees vanuit 'n sosiale en/of kulturele konteks - dus met 'n sekere vooropgesteldheid> Hierdie waarneming lei tot 'n (geloofs)ervaring>Dit op sy beurt lei tot 'n besondere interpretasie van 'n klein deel van die werklikheid>In gesprek en deel met ander word dit wat geïnternaliseer, is deel van 'n groter geheel>In die interaksie word uitgevind of dit die toets van subjektiewe kritiek kan weerstaan>Die leerervaring bring betekenis en die ervaring word geïntegreer as deel van 'n reservoir van norme en waardes (Heitink, 1999:197).

F de Lange pas die hermeneutiese model(sirkel) toe op Paulus: "In Paul we also see how the interpretation of the Christ-event not only touches his ability to read and understand but also affects his total existence, and that the kerugma and our daily life help to explain each other and are inseparable from the unique state of being "in Christ" (Heitink, 1999:197.)
Teologiese hermeneutiek het dus nie net met eksegese te doen nie, maar ook met *etiek*.

Teologie mik na *verstaan, verduidelik (definisie) en internalisering.* As die Woord, wat die basis van teologie is, verstaan wil word vereis dit nadenke en interpretasie van die Woord in huidige taal (Heitink, 1999:111).
Dit geskied deur eksegese, wel op so 'n wyse dat dit verstaan word in die konteks van hulle eie bekende wêreld. Hierdie is weereens geen eenvoudige proses nie, omdat die verstaan die konteks van die eksegeet veronderstel met sy eie ervaring en vooropgesteldheid. Hy kan die Woord alleen verstaan, interpreteer en kommunikeer volgens eie ervaring.

### 2.7.7 Postmodernisme en die interpretasie van tekste, kerk en samelewing

Die bekende Walter Brueggeman het gesê dat die doel van 'n postmoderne verstaan van die Bybel, "the liberation of the Biblical text for the church in a new situation, for interpretation, proclamation, teaching and practice", is (Du Rand, 2005:219). Volgens Du Rand (2005:219) sê

Brueggeman ook dat hy nie sê dat hy postmodernisme beskou as iets om te verwelkom nie, maar gewoon iets om te herken as 'n onontkombare konteks waarin ons *leef en interpreteer*. Postmodernisme is die tydgees van die oomblik en moet 'n rol speel in die interpretasie van tekste vir vandag.

*Modernisme* het gelydelik oorgevloei in *postmodernisme* (Niemandt, 2007:20). Volgens Niemandt (2007:20) sukkel mense nog om 'n omvattende begrip vir hierdie verskuiwing waarbinne konsepte en paradigmas nog nie afgerond is nie, te ontwikkel. Die postmodernisme glo dat alles nie in enkele formules vasgevat kan word nie.

Ter wille van die studie waarbinne 'n model ontwikkel moet word waarin die kommunikatiewe handelinge van die plaaslike kerk in diens van die Evangelie konkrete beslag moet kry in die eksistensiële bestaan van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes, word die kenmerke van postmodernisme volgens Niemandt (2007:21 - 23) weergegee:

- Postbeheer: Eerder gerig op bewaring, samewerking en verdraagsaamheid.
- o Kerk: Groter gemak met chaos en minder beheer. Meer selfstandigheid geduld - by lidmate en gemeentes.
- Postmeganisties: Verloor absolute vertroue in masjinerie. Sien die samelewing in lyn met ekosisteme as lewende organisme wat deur verhoudings bepaal word.
- o Kerk: Sien die kerk as lewende organisme wat gedryf word deur verhoudings. Wat is die voeding en konteks wat die kerk laat gedy?
- Postanalities: Klem op sisteemdenke en holistiese benadering tot komplekse probleme. Emosionele ervaring van mense is belangrik. Dit gaan oor beleef.
- o Bybel: Verstaan die Bybel meer in die groter konteks en soek na groter verbande van perikoop en geskrif en kanon. Ervaring is belangrik. Kyk ook holisties na geloof en mense.
- Postobjektief: Waarheid is kollektief en kontekstueel. 'n Saak kan vanuit verskillende oogpunte bekyk word.
- o Bybel: Uit die gesprek met die teks groei nuwe verhoudings en verwantskappe. Misterie van God word eerder erken as verstaan.
- Postnormaal: Die lewe en wêreld word diep geraak deur chaos en onvoorspelbare gebeurtenisse. Onsekerheid word erken en ook die verskeidenheid van perspektiewe op een saak.
- o Godsdiens: Teologie is die produk van dialoog en insette deur gespesialiseerde teoloë, maar ook doodgewone lidmate en ander dissiplines.

- Postorganisasie: Groot klem op netwerke en alliansies en doen afstand van beheer. Min waarde aan status en hiërargie. Werk graag in spanne waar rolle maklik kan wissel en verskillende lede op verskeie tye kan lei.
  - Kerk: Die kerk is 'n liggaam en verhoudings is baie belangrik. Werk met kleingroepe en netwerke. Het baiekeer nie veel erg aan programme en organisasie nie en skram weg van strukture wat gesag het.
  - Kernbegrip: Verbindende netwerk.
- Gemeenskap: Nuwe waarde aan groepe in gemeenskappe en groepsidentiteit. Klem op verpligtings teenoor ander mense.
  - Kerk: Klem op gemeenskap van gelowiges en gemeenskaplike uitdrukking van geloof.
- Integreer/Konvergensie: Klem op inklusiewe en gemeenskaplike en respek en waardering vir ander se standpunte. Soek na eenheid ongeag leerverskille.
  - Inklusief: Werk eerder met ooreenkomste wat daar tussen gelowiges bestaan. Ekumene is belangrik.
- Postverbruikers: Ware rentmeesterskap, want mens is meer as wat jy besit.
  - Kerk: Krities teenoor verbruikersmentaliteit, met klem op sosiale verantwoordelikheid en omgewingsbewaring. Godsdiens het met die wêreld om jou te doen.
- Postkolonialisme: Inheemse lande verwerp die beheer en kulturele verswelging deur vreemde moondhede.
  - Kerk: Die sendeling laat sy eie gewoontes en kleredrag in sy tuisland en neem die nuwe kultuur aan om die evangelie op egte wyse te bring.

## 2.8 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE PASTORALE BEDIENING VAN DIE PLAASLIKE KERK AAN SUBSTITUUTVERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES VANUIT MATTEUS 25 : 31 - 46 EN ONDERSTEUNENDE TEKSTE

Matt. 25 : 31 - 46 vorm die basisteks vir die basisteoretiese ondersoek. Ander tekste wat die beginsels versterk word ook na verwys.

### 2.8.1 Inleiding

Watson (s.a.:75) sê dat as hierdie "gelykenis" 'n werk van Shakespeare was, dit as van die mooiste gedeeltes deur al die eeue geklassifiseer sou word. Hy skryf dat die Here hierdie deel ontwerp het om mense se harte aan te raak, hulle gedagtes te vul en om gereeld hulle sakke leeg te maak. "It has done more to relieve the miseries of mankind than all the tomes and theses of all the philosophers of the world. Hospitals, orphanages, refugee camps, the Red Cross, prison reform, famine relief, homes for the aged - and a hundred other charities - own their origen to these simple weighty words" (Watson, s.a.:75.)

De Klerk & Van Rensburg (2005:1) gee in die inhoudsopgawe die stappe in hulle eksegetiese model. Hierdie model werk grammaties-histories.
Aangesien verskeie stappe van die eksegetiese model basisteoretiese beginsels beskikbaar maak vir die tema van die studie, nl. "Die pastorale bediening van die plaaslike kerk aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes", word daardie stappe uitgesonder en gebruik:

- Tekskeuse;
- Plek van die perikoop in die Bybel;
- Die genre van die perikoop;
- Ontleding van die gedagte-opbou van die perikoop;
- Vertaling van die perikoop;
- Bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop;
- Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers, toepaslik op die studietema;
- Die openbaringshistoriese plek en betekenis van die perikoop;
- Die volgende word as deel van die woordstudie van belangrike begrippe hanteer:
    - Verlossingsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan;
    - Kommunikasiedoel van die perikoop;

- o Die raadpleeg van eksegetiese bronne;
- o Dade in die uitvoering van God se wil.

### 2.8.2 Tekskeuse

Daar word 'n keuse gemaak vir 'n bepaalde boek in die Bybel nl. die Matteus-evangelie en aansluitend daarby, keuse vir 'n bepaalde perikoop.

#### 2.8.2.1 Keuse vir die Matteus-evangelie

"Dis baie duidelik dat hierdie evangelie 'n besondere belangstelling in die kerk het. Trouens, dit is die enigste evangelie waarin die woord, " Ekklesia" (kerk) voorkom, nl. in Matt.16 : 18 en 18 : 17" (Combrink, 1980:64.)

- Matt. 16 : 18: "En Ek sê vir jou : Jy is Petrus, en op die rots sal Ek my gemeente ἐκκλησίαν bou en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."
- Matt. 18 : 17: "As hy na hulle nie luister nie, sê dit vir die gemeente εἰπὲ τῇ_ἐκκλησία. As hy ook na die gemeente τῆς ἐκκλησίας nie luister nie, moet jy hom as heiden en tollenaar behandel."

In Matt. 18 kom die pastorale sorg vir die individu en die gemeente as geheel duidelik na vore. Kyk die uiters belangrike uitspraak van Mat. 18 : 20: "..want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

Matt. 18 : 20 kan pastoraal verbind word met Mat. 28 : 20: "...leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het en onthou, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

In die Matteus-evangelie word die dissipels op besondere wyse as voorbeeld vir die gelowiges voorgehou. Die sendingtaak in die laaste verse is belangrik in die verband. Combrink (1980:64) maak ook die volgende belangrike opmerking: "...die universalistiese implikasies van die evangelie, "Gaan dan na al die nasies toe...", waarskynlik saamhang met hierdie pastorale belangstelling in die kerk wat tipies is van die Matteus-evangelie."

In hierdie studie is "Kerk" en in besonder "plaaslike kerk of gemeente" baie belangrik en daarom dat die Matteus-evangelie met besondere klem op "kerk" 'n belangrike basisrol sou speel.

Matteus, soos Jakobus, rig sy evangelie aan mense wie se eerste liefde verflou het en roep hulle op tot 'n terugkeer na Jesus. Geloof moet in dade sigbaar word: "Uit Matteus is dit egter duidelik dat Jesus verwag dat die wil van God, die geregtigheid van die koninkryk, vervul, gedoen moet word" (Combrink, 1980:64.) Jesus se veroordeling van die Fariseërs in Matt. 3 : 8 - 10 kan aangehaal word as Hy hulle beskuldig dat hulle bome is wat nie vrugte dra nie. Die doen van geregtigheid is belangrik: "Dra liewer vrugte wat wys dat julle bekeer is. Julle moet julle nie verbeel dat julle by julleself kan sê: "Ons het Abraham as voorvader nie............"

### 2.8.2.2 Keuse vir die besondere perikoop, Matt. 25 : 31 - 46

'n Keuse vir die besondere perikoop uit Matteus word gemaak op grond van:

- Die besondere rol wat die *kerk* in die Matteus-evangelie speel;
- Die pastorale karakter van die Matteus-evangelie wat in Matt. 25 : 31 - 46, duidelik sigbaar is in die verantwoordelikheid van gelowiges teenoor ander;
- Duidelike universalistiese kenmerke;
- Die klem op 'n lewe van geregtigheid wat in dade tot uiting kom;
- Die eskatologie speel 'n besondere rol in die evangelie volgens Matteus en word duidelik in hierdie perikoop uitgebeeld;
- Die strukturele en inhoudelike eenheid van die perikoop. Dis word duideliker in die hantering van die genre en gedagte-opbou van die perikoop;
- "Die gedeeltes uit Matteus 24 en 25 wat handel oor die eindtyd is veel meer uitgebreid as in Markus 13" (Combrink, 1980:66.);
- Die perikoop was in die geskiedenis 'n aansporing in die totstandkoming van sentra van barmhartigheid, vgl. 2.8.1.

### 2.8.3 Posisie van Matt. 25 : 31 - 46 as deel van die makrostruktuur van Matteus

Hendriksen (1974:846) onderskei ses diskoerse in die Matteus-evangelie:
hoofstuk 5 - 7, die eerste groot diskoers;
hoofstuk 10, die tweede groot diskoers;
hoofstuk 13, die derde groot diskoers;
hoofstuk 18, die vierde groot diskoers;
hoofstuk 23, die vyfde groot diskoers;
hoofstuk 24 en 25 ,die sesde diskoers.


NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Die vyfde en sesde groot diskoerse is deel van wat Hendriksen noem, "Climax or culmination". Volgens Hendriksen (1974:846) het die profetiese materiaal in die *sesde* diskoers nie net betrekking op gebeure wat naby die tyd geleë is nie, maar ook op gebeure in die *verre toekoms* soos die oordeelsgebeure van Matt. 25 : 31 - 46. Ten opsigte van bogenoemde stellings is daar twee gebeure wat verstrengel is, nl.

- die *oordeel oor Jerusalem* wat uitloop op die val van Jerusalem in 70nC;
- die *finale oordeel* aan die einde van die geskiedenis.

Jesus skets die oordeel met beelde van die vernietiging van Jerusalem deur die Romeine in gedagte (Hendriksen, 1974:846). Die klem lê op die nodigheid om gereed te wees, om aktief vir die Here en getrou aan Hom te wees. So word die Seun van die mens se glorieryke koms om al die nasies te oordeel in Matt. 25 : 31 - 46 geteken. Dit gebeur onder die simboliek van 'n herder wat die skape aan sy regterkant en die bokke aan sy linkerkant laat staan.

Volgens Combrink (1980:82) is die Matteus-evangelie rondom 'n bepaalde middelpunt (hoofstuk 13) opgebou. Daar is bv. 'n besondere korrelasie tussen hoofstukke 10 en 18 en tussen hoofstukke 5 - 7 en 23 - 25 (eerste en laaste redevoerings).

Morris (1992:7) noem dat daar vyf leerdele is waar Jesus leer: 5 - 7; 10; 13; 18; 23 - 25. Die gevoel dat Matteus die vyf boeke van Moses met die Messiaanse *Torah* vervang, het baie aandag gekry. Die standpunt het ook teenkanting gekry, aangesien sommige hoofstuk 23 as apart van 24 en 25 beskou.

Wat die studie betref, word volstaan met die aanvaarding van die standpunt van Hendriksen (1974:876) soos bo uiteengesit. Die rede vir aanvaarding van die standpunt lê in die feit dat nie net sinkroniese feite in die siening geïnkorporeer is nie, maar ook historiese gegewens. Die standpunt is dus meer grammaties-histories gevorm wat inpas by hierdie studie se eksegetiese vertrekpunt.

### 2.8.4 Matt. 25 : 31 - 46 Griekse Teks (Bylaag 1)

### 2.8.5 Vertaling van die perikoop Matt. 25 : 31 - 46 (NAV, 1983) (Bylaag 1)

### 2.8.6 Die genre van Matteus 25 : 31 – 46

Hendriksen (1973:885) beweer dat Matt. 25 : 31 - 46 nie werklik 'n gelykenis is nie, maar dat dit tog gelykeniselemente bevat. Dit is eerder 'n dramatiese, dikwels simboliese beskrywing van die Laaste Oordeel.

Hagner (1995:740) beskryf dit as volg: "Despite some clear parabolic elements, the passage with its future tense forms is more properly categorized as an apocalyptic revelation discourse."
Davies & Allison (1997:418) sê ook dat dit nie 'n gelykenis is nie, maar eerder 'n "woord - skets/beskrywing" van die Laaste Oordeel". Die krag van die deel lê veral daarin dat dit geplaas is aan die einde van Jesus se openbare bediening en aan die einde van die groot eskatologiese diskoers. "Matt. 25 : 31 - 46 is in several ways a conventional judgement scene" (Davies & Allison, 2004:418.)
Watson (s.a:73) beweer dat in Matt. 24/25 nie minder as 14 verskillende beelde metafore gebruik word om die *tekens, skielikheid en finaliteit* van Jesus se wederkoms om die wêreld te oordeel, uit te beeld.
Matt. 25 bevat volgens Watson (s.a.:73) *drie gelykenisse* in bogenoemde verband, nl.

- Matt. 25 : 1 - 13: "Gelykenis van die tien meisies";
- Matt. 25 : 14 - 30: "Gelykenis van die talente";
- Matt. 25 : 31 - 46: "Gelykenis van die skape en bokke".

Matt. 25 : 31 - 46 as hoogtepunt van die Laaste Oordeel, is as hof- of oordeelstoneel baie belangrik vir kritiese selfondersoek van die kerk ten opsigte van die uitleef van barmhartigheid.
Aansluitend gee Gundry (1982:511) die volgende opskrif vir Matt. 25 : 31 - 46: "The criterion of neighbourly love at the Last Judgement with particular reference to demonstrating true discipleship through doing charity to the persecuted messengers of Jesus." Volgens hom is hierdie deel Matteus se eie werk. Hy is verantwoordelik vir die beskrywing van die oordeel van die skape en bokke. Matteus gebruik goed wat hy reeds in Matt.16 : 29 en Matt. 19 : 28 gebruik het en werk verder met tipiese Ou Testament frasering wat hy leen uit *Sagaria 14 : 5 en Daniël 12: 2.* Dit word gebruik in 'n *gelykenis* patroon (Gundry, 1982:511):

- Matt. 19 : 28 b: "...wanneer alles nuutgemaak word, as die Seun van die mens op sy koninklike troon sit..."
- Sagaria 14 : 5 b: "Dan sal die Here my God kom, en al die hemelwesens sal by jou wees."
- Daniël 12 : 2: "Baie van die wat ontslaap het, sal uit die grafte opstaan, party tot die ewige lewe en party tot ewige skande en veragting."

Alhoewel die paragraaf baiekeer as 'n *gelykenis* beskryf word, gebruik Jesus nie die term, "gelykenis" daarvoor nie (Morris, 1992:633). Tog is dit eweneens waar van die gelykenis van die "muntstukke" in Matt. 25 : 14 - 30 wat gemaklik as gelykenis aanvaar word. Matt. 25 : 31 - 46 lees eerder as 'n diskoers van wat op die oordeelsdag sal gebeur: "It put strong emphasis on the truth

that ultimately every person on earth will be called upon to account for his of her use of the opportunities of service experienced through life" (Morris, 1992:633.)

Tot op hierdie punt in die diskoers het dit gegaan oor die verantwoordelikheid van die dissipels met die klem op gereed wees op die dag van oordeel. Nou word daar eksplisiet gepraat oor die *nasies en oordeel.*

Wat vir die kerk geld, geld vir almal:

- Mense gaan vind dat hulle beloon gaan word vir goeie dinge gedoen aan die Here, maar wat hulle eintlik aan ander gedoen het.
- Ander gaan gestraf word vir die feit dat hulle nie geleenthede gebruik het om gewone mense te dien nie "and for failing to make use of opportunities to serve them" (Morris, 1992:634).

Die gedeelte handel oor die toets van werke: "The works we do are the evidence either of the grace of the Lord at work in us or rejection of that grace" (Morris, 1992:634.)

Die menings oor of dit 'n gelykenis is of nie, is dus uiteenlopend. Dit bevat bepaald *gelykeniselemente*. Waaroor almal eenstemmig is, is dat dit 'n *eskatologiese oordeelstoneel* is.

Hier word volstaan met die standpunt dat Matt. 25 : 31 - *46* 'n eskatologiese oordeelstoneel met bepaalde gelykenis elemente is.
Die *funksie* daarvan sou wees dat dit as hoogtepunt van die eskatologiese diskoers van Matt. 24, 25 die gelowige/kerk uitbring by die dringendheid van 'n lewe van toewyding ten opsigte van mense in nood.
Dit is anders as die vorige gelykenisse in Matt. 25 nie gebaseer op fiktiewe stories nie, maar op die beskrywing van 'n ware toekomstige gebeure (Hagner, 1995:740).

### 2.8.7 Ontleding van die gedagte-opbou van die perikoop Matt. 25 : 31 - 46

Die perikoop is kunstig gekonstrueer. Dit maak volgens Hagner (1995:740) doelbewus gebruik van *uitvoerige herhaling.*
Dit kan wees vir effek *of* om moontlike memorisering te vergemaklik.
Die struktuur as volg beskryf kon word (Hagner, 1995:740):
Vers 31: Die glorieryke wederkoms van Jesus;

Vers 32 - 33: Die groot skeiding;

Vers 34 - 40: Die beloning van die regverdiges:

- Vers 34: Die beloning vir die regverdiges;
- Vers 35 - 36: Gronde vir die beloning;
- Vers 37 - 39: Die protes;
- Vers 40: Die beginsel vir die beloning;

Vers 41 – 45: Die oordeel oor die ongeregtiges:

- Vers 41: Die oordeel;
- Vers 42 - 43: Die gronde vir die oordeel;
- Vers 44: Die protes;
- Vers 45: Die beginsel;

Vers 46: Die finale skeiding.

Uit die struktuur kan die volgende opmerkings gemaak word:
Daar is die lys van *ses* behoeftes: *honger, dors, vreemdeling, naak, siek ,in die gevangenis*, wat almal *vier* keer voorkom - die vierde keer effens verkort.
*Drie keer* is daar saam met die lys van behoeftes ook die moontlike remediëring daarvan.
Die *vierde keer* is daar net die opsommende remedie.

Nie in een van die vier lyste verander die *volgorde van die behoeftes* nie. Die eerste herhaling van die lys deur die regverdiges word aangebied as drie vrae: "Wanneer het ons U...gesien...?" Davies & Allison (2004:416) sien raak dat die toespraak van die aan die *regterkant* die ses behoeftes in pare groepeer: *Honger of dors; vreemdeling of naak; siek of in die gevangenis.*
Die verkorting van die dele neem toe soos die teks vorentoe beweeg: "And in the final enumeration, which comes from the condemmed, the acts of mercy are not detailed at all - a circumstance most appropriate rhetorically. They are rather summerized with one phrase, "did not serve you" (Davies & Allison, 2004:417.)

Ander parallelle is byvoorbeeld die beklemtoning van die beginsel in verse 40 en 45: Albei begin met: "Dit verseker Ek julle.. ". In vers 45 is daar ook die ontbreking van die twee negatiewe en die uitlaat van die woorde: "..van die broers van my."
Daar is ook 'n parallel in vers 34 en 41: Dit het te doen met "voorberei" van 34 "die Koninkryk" en in 41: "die vuur."

Vir Davies & Allison (2004:416) dek vers 31 - 33 dek die tafel vir die dramatiese klimaks wat ook die finale deel van die belangrikste redevoering in die Matteus-evangelie is. Hy noem dan die gesprekke met die regverdiges en diegene aan die linkerkant, tweelinggesprekke. Davies stem saam met Hagner oor die struktuur, en voeg by: "The most prominent structural feature is the fourfold repetition of affliction and alleviation, which repetition strengthens the memory" (Davies & Allison, 2004:416.) Volgens Davies & Allison (2004:416) sou die rede vir maklik maak ten opsigte van memorisering tweeledig kon wees:

- Vir diegene wat nie die teks beskikbaar gehad het nie;
- In samehang met die intensivering van die beweging in die teks, om as gevolg van die dringendheid niks te vergeet nie.

Op grond van die perikoop se inhoud wat inderdaad dringendheid weerspieël, sowel as die posisie van die perikoop binne die makrostruktuur van Matteus wat oploop na 'n hoogtepunt word vir die tweede moontlikheid gekies.

### 2.8.8 Bepaling van die sosio-historiese konteks van die perikoop

#### 2.8.8.1 Matteus-gemeenskap

Combrink (1980:74) stel dat as gevolg van Matteus se tendens om sekere Semitiese vorme van Markus te vergrieks, die Ou-Testamentiese aanhalings uit die Septuaginta, asook die duidelike universalistiese tendens mens dwing om te aanvaar dat die *lesers* hoofsaaklik Griekssprekende Christene was.

*Daarteenoor staan die standpunt van David C. Sim (1998:299) wat 'n verklaring gee waarom die* evangelie lyk soos dit lyk: Toe die evangelie geskryf is, was Jesus se volgelinge klaar onderskeibaar van die Jode en nie meer net 'n groep tussen die Jode soos in Jesus se tyd nie. Matteus was geïnteresseerd in hulle as 'n aparte groep.

In sy slotopmerkings kom Sim (1998:299) tot die *konklusie* dat die Matteus gemeenskap 'n Joodse groep Christene in Antiochië was. Volgens Sim (1998:299) was hulle egter onderskeibaar van die Christendom wat beskryf kon word as "Heiden Christendom" van die eerste eeu wat baie Hellenisties was en waarmee Paulus later geïdentifiseer is. Volgens Sim (1998:299) was die kenmerkende van die Hellenistiese Christendom dat hulle die basiese beginsels van die Joodse geloof soos die *ewige verbond* tussen die Joodse volk en God asook die *gehoorsaamheid aan die*

*wet* in die konteks van die verbond verwerp het. Volgens Sim het hierdie vorm van die Christendom nie skeiding gemaak tussen Jood en heiden nie.

Die *Matteus-gemeenskap daarteenoor* se standpunt was dat Christus nie gekom het om die beginsels van Judaïsme van nul en gener waarde te verklaar nie. Die Joodse wet was in geheel vir hulle belangrik. "The Matthean community was therefore Jewish. It's members were Jews and their religious tradition is aptly described as Christian Judaism" (Sim, 1998:299.)

Wat die *Antiogeense Christelike kerk* betref was die vroeë geskiedenis baie onstuimig. Die gemeenskap het ongeveer 49 nC. groot verandering ondergaan.
Sim (1998:300) kom tot die volgende konklusie: "The law-free gospel of the Hellenists and Paul was replaced by the law-observant gospel of James and the Jerusalem church. The disciple Peter was probably appointed by James to oversee this change in policy."
Die effek van die oorlog was geweldig groot. Die gevolg van die mislukte opstand teen die Romeine het weer groei ten opsigte van formele Judaïsme tot gevolg gehad. In die proses was daar teenstand van Christelike groepe, onder andere die Matteus-gemeenskap. Volgens Sim (1998:30) het die oorlog ook 'n anti-heidense gevolg gehad met die gevolg dat heiden bure sover moontlik vermy is. "Because of it's traditional missionary focus the community of the evangelist probably had only a few ethnic Gentiles among it's members" (Sim, 1998:301.) Die Griekse teks van Matteus is in Antiochië en elders in die Mediterreense wêreld herinterpreteer volgens die nuwe eienaars: "Quite contrary to the intensions of the evangelist the Gospel was now interpreted along Pauline lines and was used to demonstrate the superiority of Gentile Christianity over Judaism" (Sim, 1998:302.)

#### 2.8.8.2 Etiek van die liefde

Bauer (1989:60) wys daarop dat die innerlike struktuur van Matteus se etiek duidelik is: "The community is required to obey the law (5 : 17 - 20), but the law is understood, not in terms of the letter of the Old Testament command, but in terms of the inner attitude of love, which is manifested in obedience to God and in the concrete acts of well-doing to others." Matteus 25 : 46 sluit af met die woorde wat die beginsel bevestig: "En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar die wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe."

Jesus vra nederigheid en diensbaarheid van sy dissipels. Jesus self is die eksponent van nederigheid en sagtheid. "The principle of servanthood relates to many instructions in Matthew, especially those in chs. 18 and 24 - 25" (Bauer, 1989:61.)
Stanton *et al.* (1995:16 ) ondersteun ook hierdie standpunt as hy sê dat vir die Matteus kerk Jesus se voorbeeld baie belangrik was: "Love of neighbour and an ultimate commitment that can renounce house, possessions and family, even marriage under certain circumstances, is central to it." Volgens De Silva (2004:267) was die Matteus Evangelie vroeg reeds, wyd deur die kerke ontvang omdat dit so baie bevat wat van direkte belang was ten opsigte van die gelowiges se lewe saam as kerk. Dit is van belang ten opsigte van wat dit beteken om kerk te wees en wat dit beteken om Christene in die kerk te wees. Dit is volgens De Silva (2004:267) die ding wat Jesus aan die einde van die Matteus Evangelie (Matt. 28 : 16 - 20) beklemtoon : maak dissipels (μαθητεύσατε) (nie net bekeerlinge) deur hulle te leer (διδάσκοντες_αὐτοὺς om te leef soos Jesus beveel het.
Vir hierdie vergadering, kerk van gelowiges(εκκλεσια) het Matteus 'n rykdom van Jesus se tradisies versamel om leiding te gee vir 'n lewensstyl wat God gelukkig maak in die konteks van 'n sterk en ondersteunende gemeenskap van dissipels (De Silva, 2004:267).

#### 2.8.8.3 Universaliteit

Daar is baie duidelike universele tendense in Matteus uit te wys. Volgens Bauer (1989:123) is Matt. 24 en 25 ook vol universele trekke: "The future missionary activity of the disciples among the gentiles is even more clearly presented in the escatological discourse of chs. 24 - 25 than in the missionary discourse of ch. 10." en "The sheep and the goats assembled before Jesus at the judgement (25 : 31 - 46) are identified as "all the nations" (hoofstuk 28 : 16 - 20)(Bauer, 1989:124.)

Matteus was ook geïnteresseerd in die wyse waarop Jesus die heidene ingetrek het om Hom te volg (Morris, 1992:6). Dieselfde universalisme as Paulus en Lukas is afwesig, maar daar is 'n beslistheid dat die heidene deel het in die Goddelike plan. Morris (1992:6) noem dan ook die koms van die "Wyse manne" "...he centers much of what he has to say on "Galilee of the gentiles..."

Trilling (soos aangehaal deur Van Zyl 1988:11) handhaaf die beskouing van die Matteus-gemeenskap as die "ware Israel". Tog is daar 'n duidelike universele tendens in Matteus. Die kerk

is vir hom die speelruimte waarbinne die eskatologiese beslissings van die Koninkryk van God voltrek moet word.

### 2.8.8.4 Matteus se kerk

Matteus is die enigste van die evangelieskrywers wat van die "kerk" praat. Dit gebeur in Matt. 16 : 18 en 18 : 17 (vgl. 2.8.2).

Al sê Morris (1992:4) dat mens nie te veel daarin moet lees nie, is daar tog deurgaans in Matteus 'n belangstelling in die kerk as struktuur:

- Dink veral aan die belang van Petrus se belydenis in Matt. 16;
- die pastorale leiding van Jesus in Matt. 18 as 'n broer sou sondig;
- die mag van die kerk om te bind en te ontbind;
- Die woord "ekklesia" kom by die evangelies slegs by Matteus voor en wel in Matt. 16 :18; 18 : 17 (Van Zyl, 1988:11).
- Volgens Van Zyl (1988:11) is Matteus die een wat die woorde van Jesus tot groot diskoersblokke saamvoeg en 'n leerstellige inslag bewerk wat Matteus van die vroegste tye af reeds geskik maak vir kategetiese aanwending. Die aanwending van tradisiestof rakende die dissipels dui ook op kerklike belangstelling.
- Van Zyl (1988:11) sê dat Matteus se beskrywing van die dissipels nie slegs histories biografiese gegewens bevat nie, maar dit dien veral om hulle deursigtig te maak vir die lewe in die Matteaanse kerk 80 - 90 nC.
- Volgens De Silva (2004:246) is die prominente behoefte van die Matteus-evangelie om die nuwe liggaam, die "kerk" se kontinuiteït met die historiese volk van God, deur wie Hy gespreek, wat God se aankondigings ontvang het en wat die voertuig van belofte was, te wys. Vir die nie-Christen Jode sou daar, veral met die ruimte vir die heidene 'n diskontinuïteit wees tussen die Christene en hulle. Die uitsprake van heidene dat hulle deel van die Joodse tradisie sou wees deur hulle Christenskap, sou dadelik deur die Jode verwerp gewees het. Daarom wou Matteus wys dat die Christen gemeenskappe nie verlaters van hulle tradisie is nie, maar dat die kerk in die sentrum van God se reddingsplan staan (De Silva, 2004:253).
- Matteus wys ook dat Jesus se volgelinge die naaste staan aan die Skriftradisie en tot die wil van God deur sy uitbeelding van Jesus as die betroubare Leraar en perfekte Behouer van die tradisie, in besonder die Torah. Dit sou sy volgelinge wys dat hulle gevestig is in die sentrum van God se wil en wandel in God se weë (De Silva, 2004:253).

Daar is in die evangelie geen aanduiding van enige besondere ontwikkeling in die kerklike bestuur nie. Die struktuur wat afgelei kan word is baie eenvoudig en niks meer kompleks as wat die Pauliniese briewe veronderstel (Morris, 1992:10).

Dit slaan egter tog tussen die reëls deur dat daar in die Matteaanse gemeenskap 'n *groeiende veramptelikng* was (Zyl,1988:11,12). Matteus 23 : 7 - 12 is hier van belang:

Gelowiges (veral leiers) word opgeroep om hulle nie as ῥαββί, ὁ διδάσκαλος (leermeester), πατέρα (vader) of καθηγηταί (onderwyser) te laat aanspreek nie. Daar is maar een Leermeester, Christus. Almal is gelyk en moenie oor mekaar baasspeel nie. Vers 11: " Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien" (ὑμῶν διάκονος). Die gedeelte vra diensbaarheid.

- Die klem op die gesindheid van die kind in Matt. 18 : 5 (nederigheid), oproepe tot versorging van die *kleintjies*, vergifnis vir die broer in 18:6 - 35 wys alles op 'n tendens van *hardvogtige en liefdelose verampteling* in die kerk van Matteus. Van Zyl (1988:11) stel dat Matteus se ekklesiologie dus 'n duidelike *anti - hiëragiese* karakter vertoon. So beklemtoon Matteus op verskillende plekke nederigheid. Dit is nodig om in die koninkryk te kom. Dis binne hierdie sosiale konteks en Matteus se korreksie daarop dat Matteus se woorde volgens Van Zyl (1988:12) verstaan behoort te word.
- Enige gesprekke oor die kleinste "mikros" en geringste "elagistos" behoort in hierdie verband gevoer te word (Van Zyl, 1988:11).

Volgens Stanton (1995:160) het die belydenis van Petrus en Petrus se posisie 'n belangrike rol in die Matteus-kerk gespeel, egter in die sin dat die opvolger van Petrus die kerkgemeenskap was: "The fact that the authority given to Peter at 16 : 19 is in 18 : 18 promised to all members of the community suggests that the successor of Peter in the ministry is the community." Die gevolg hiervan, volgens Stanton, is 'n kerkgemeenskap sonder klem op posisie of amp: "But the point is that he does all to counter what was presumably already 'n visible trend towards the development of an actual ministry whose members were then clearly distinguished from other Christians and had a certain status" (Stanton, 1995:160.) en: "Greatness is reserved for those who can subject themselves to others and serve them (23 : 11f)." Volgens Matt. 18 : 15 - 18 moet elkeen agter 'n verdwaalde broer aangaan en 'n pastor vir hom wees. Almal is gelyk.

Hierdie was 'n kerkgemeenskap wat nie ouderlinge, biskoppe of diakens geken het nie. Die kerkgemeenskap wyk af van streng Joodse Christendom in die opsig van letterlike wetsnavolging, alhoewel die volle wet tog belangrik is (Stanton,1995:161).

Die Matteus-kerk het ook 'n *missionêre gesindheid* gehad (Stanton, 1995:161): "...nor is it interested in Jesus's relatives as leaders of the community, but rather recognizes the authority of Peter who is open to the gentile mission." Vir die Matteus kerk was die beloftes van die Ou Testament in die verbond baie belangrik, "but whereas they thought of the wholly remnant in a centripetal way, Matthew thought centrifugally of a flock of all nations" (Stanton, 1995:162).

De Silva (2004:257) stel dat insluiting van die heidene nie net 'n nagedagte of 'n "plan B" in die wil van God was, indien Israel verwerp sou word nie. Joodse lesers, sowel as heidense lesers moes verstaan dat die heidense meerderheid in die kerke nie 'n teken is van die kerk se afskeiding van die volk van God nie, maar dat die teenwoordigheid van gelowiges uit die heidendom juis die vervulling is van God se beloftes en openbaring is van God se wil vir alle nasies.

Geestelike laksheid, wetteloosheid en afvalligheid moes die gemeente bedreig het (Combrink, 1980:75). Daar was ook klaarblyklike verdeeldheid. Daarom die pastorale benadering van bv. Matt. 18. Die dwingendheid van die eindoordeel van Matt. 25 : 31 - 46 bevestig dit ook.

### 2.8.8.5 Kerk en koninkryk in Matteus

In die Matteaanse teologie is kerk en koninkryk nou bymekaar betrokke. Die kerk is egter nie gelyk aan die koninkryk nie, maar word deur die koninkryk genormeer. Volgens Van Zyl (1988:20) is die kerk pagter wat die vrug van die koninkryk moet oplewer, vgl. Matt. 21 : 43: "Daarom sê Ek vir julle dat die koninkryk van God van julle weggeneem sal word en aan 'n volk gegee sal word wat die vrugte (τοὺς καρποὺς αὐτῆς) daarvan oplewer"(NAV,1983.) As daar in Matt. 18 'n bepaalde lewensstyl van gemeentelede gevra word, is dit die norme van die koninkryk wat geld. Binne die kerk word volgens Van Zyl (1988:20) *eskatologiese norme* uitgeleef. Die koninkryk word so sigbaar.

Dit beteken, toegepas op Matteus 25 : 31 - 46 (Van Zyl, 1988:20), dat die mens uiteindelik volgens die norme van die koninkryk beoordeel sal word.

*Binne-gemeentelik* beteken dit dat die begrip "kleintjie/geringste" soos in die ekklesiologiese tekste van Matteus volle toepassing sal kry.
In Matt. 25 is die dissipels deurgaans die aangesprokenes. In vers 31 - 46 word aan hulle die prentjie geskilder van die eindoordeel. Volgens Van Zyl (1988:20) moet dissipels/gemeente (leiers) hulle verhouding tot diegene in die gemeente wat swaarkry, bepaal. Hulle moet binne gemeenteverband aan koninkryksnorme gestalte gee. Vanuit die norme wat op die oordeelsdag geld, moet daar nou reeds geleef word.

Die gemeente is die plek waar die koninkryk nou reeds gestalte moet kry. Die Gelykenis van die Onkruid in Matteus 13 wys op die gedagte dat die gemeente 'n *corpus mixtum* is en wat by die eindoordeel net so aan die oordeel onderworpe sal wees as die wêreld: "Laat altwee saamgroei tot met die oes" (Vers 30a.)

In die lig van bogenoemde moet die gemeente vir die wêreld 'n voorbeeld wees. Dit wat die swaarste weeg, sal op die oordeelsdag as norme geld. Dis dan liefde wat in medelye, barmhartigheid en diensbaarheid gestalte sal kry. Dis God se wil vir almal, nie net vir die kerk nie. Hier kry Matteus 25 se geringstes ook universele trekke. Dit gaan oor meer as net noodlydende Christene in die gemeente. Alle noodslydendes word nou in hulle sigbaar want God se koninkryk is wêreldomvattend (vgl. Matt. 13 : 31 - 33: Die gelykenisse van die mostertsaadjie en die suurdeeg; Matt. 28 : 18 - 20: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels.." Vers 19a).

### 2.8.9 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers, toepaslik op die studietema:

Die volgende word as deel van die woordstudie van belangrike begrippe hanteer:

- Verlossingsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan;
- Kommunikasiedoel van die perikoop;
- Die raadpleeg van eksegetiese bronne.

Dit word gesamentlik hanteer.

Volgens Davies & Allison (2004:416) dek Matt. 25 : 31 - 33 die tafel vir 'n poëtiese en dramatiese klimaks vir die laaste deel van die laaste diskoers.

Dit word gevolg deur *tweelinggesprekke* in vers 34 - 46:

- die eerste tussen die Regter en diegene aan sy *regterkant;*
- die tweede tussen die Regter en diegene aan sy *linkerkant.*

Die raamwerk van hierdie perikoop kom baie ooreen met die gedeelte waarheen dit terugverwys, nl. Matt. 24 : 29 - 31. Matt. 24 : 29 - 31 sê dat Hy sy uitverkorenes sal bymekaar maak. "Het nieuwe element (Matt. 25 : 31 - 46) is de breed uitgewerkte verantwoording voor het criterium bij deze scheiding...." (Van Bruggen, 1990:433.)

Wat is die nuwe kriterium? Waarom aanneem of wegwys? Omdat mense nie die Seun van die mens gehelp het met voedsel, huisvesting, kleding en besoek by opsluiting in die gevangenis nie.

Volgens Hagner (1995:741) sluit Matt. 25 : 31 - 46 beter aan by *hoofstuk 16* : 27: "Die Seun van die mens gaan saam met sy engele kom. Hy sal beklee wees met dieselfde heerlikheid as sy Vader en sal elkeen volgens sy dade (τὴν πρᾶξιν αὐτου) vergeld ."

En dit, sê Hagner (1995 : 741), is die punt van wat hy die "gelykenis van die skape en bokke " noem. 'n Tweede parallel vir Hagner is Matt. 19 : 26 wat verwys na die Seun van die mens op sy troon wat beloning aan sy dissipels gee.

Van Zyl (1988:18) hanteer hierdie perikoop met die fokus veral op die "geringstes" – ελαχιστοι. Die perikoop sê volgens Van Zyl (1988:18) dat "al die nasies" - πάντα τὰ ἔθνη op die glorieryke dag van die koms van die Seun van die Mens voor sy troon sal vergader en dat Hy hulle dan sal oordeel volgens hulle optrede teenoor die "geringstes" - ελαχιστοι.

Die wat na hulle behoeftes omgesien het en so die Messiaskoning gedien het, word die "geseëndes" - ευλογημενοι (vers 34) en "regverdiges" - dikaioi (vers 37, 46) genoem, en ontvang die "koninkryk" - το Βασιλειαν (vers 34) of die "ewige lewe" (vers 46) as erfenis.

Daarteenoor is die wat die "geringstes" – ελαχιστοι nie gedien het nie, die "vervloektes" (vers 41) en ontvang die ewige vuur as oordeel.

Sleutelwoorde of begrippe in die perikoop asook die begrippe of woorde wat onder die oppervakte lê en nodig is vir verdere basisteoretiese vorming in die studie oor "Die pastorale bediening van die plaaslike kerk aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes":

- **"Al die nasies"** πάντα τὰ ἔθνη: **vers 32**

Volgens Davies & Allison (2004:422) kan *Jesaja 66 : 18* ook in berekening gebring word soos in die Septuaginta, "....die tyd kom dat Ek al die nasies en al die taalgroepe sal bymekaar maak.." (NAV, 1983.)

Dis baie duidelik dat die oordeel wat beskryf word die *totale mensdom* insluit:

"..de volken kunne niet weigeren te komen, zij moeten gaan, vgl. 2 Kor. 5 : 10" (Grosheide, 1954:381.); "Ons moet immers almal voor die regsterstoel van Christus verskyn.." (NAV,1983.)

Van Zyl (1988:19) stel dat in terme van die nasies en die geringstes daar twee rigtings is, nl.

- 'n Universele- en
- Ekklesiologiese interpretasie.

Dit impliseer dat onder "al die nasies" πάντα τὰ ἔθνη , slegs die *heidene* verstaan word en onder die "geringstes" ελαχιστοι, Christene in die algemeen.

Volgens Hagner (1995:742) sou "al die nasies" hier ooreenkom met die *universaliteit* van die opdrag van Matt. 28 : 19 om na al die nasies toe te gaan: "Probably included, therefore, are the gentile nations, Israel, and also the corpus mixtum of the Christian church - i.e. the reference is universal."

Hendriksen (1974:886) beweer dis so universeel soos Openbaring 20 : 11 - 15. Niemand is uitgesluit nie, nie die sondaars en ook nie die regverdiges nie. Dit gaan oor *al die nasies,* nie net die nasies wat byvoorbeeld teenstanders van die Jode was nie.

Grosheide (1954:381) sien raak dat Jesus reeds vroeër gesê het dat dit vir Kapernaum swaarder sal wees as vir Sodom (Matt. 11 : 23), maar dat hier in vers 32 *Israel* wegval en slegs *nasies* oorbly en dat Israel ook daaronder sou tel.

Die vraag sou nou wees of hy deur sy aardse lewe getuienis gegee het van geloof in Jesus Christus en of dade die geloof sou kon komplimenteer, volgens vers 34 - 46. Hendriksen (1974 : 886) sê dat op grond van vooraf bestemming Hy die kudde sou skei, die skape van die bokke. Alhoewel skape en bokke sou meng, sou die bokke nie kom as die skape geroep word nie. Die plek waar iemand sou staan, *links of regs,* sou dadelik impliseer of hy gered of veroordeel is. Volgens Hendriksen (1974:887) moet die finale oordeel waar almal is, plaasvind, omdat die uitverkorenes van God ook duidelik vertoon moet word, publiek "uitgestal" moet word.

Dis belangrik dat die geregtigheid van God en eer van sy mense sigbaar sou wees. Die persone aan sy regterhand is die *geseëndes* wat die koninkryk van sy Vader sou beërwe. Wat hulle doen, kom as gawe, nie as resultaat van hulle eie vermoëns nie (Morris, 1992:636).

Daar is verskeie standpunte oor wat "al die nasies" kan beteken, bv.

- alle nie-Jode;
- alle nie-Christene;
- alle nie-Jode wat nie Christene is nie;
- alle Christene;
- alle Christene wat nog lewe as Jesus weer kom;
- hele mensdom.

Die laaste is volgens Davies & Allison (2004:422) die mees aanvaarbare standpunt. Die identifisering van die "minste van die broers van My" in vers 40 met die noodlydendes versterk die *universalistiese interpretasie.*

Sommige identifiseer "die geringstes van my" in vers 40 en "geringstes" in vers 45 met Christene wat nie die heidene (ta ethne) is nie. Dit sou impliseer dat daar twee oordeelsgeleenthede is - een vir die kerk en een vir die wat buite die kerk is.

Davies & Allison (2004:423) sê hierop: "One can urge that this is a christian mutation of the expectation that God will first judge Israel and then the nations. The church now takes the place of Israel." Volgens Davies & Allison wys die konteks van die perikoop nie op twee oordeelsdae *nie.* "Further, we have little doubt that, before Matthew, the scene concerned all humanity" (Davies & Allison, 2004:423).

Harrington (1991:359) meen dat die Matteus-teks nie een oordeel vir Christene en een oordeel vir nie-Christene het nie, maar een vir die Jode en vir nie-Jode. Matteus het klaarblyklik ook redding vir die buite die kerk gesien. Wat hulle sal beërwe is die koninkryk, 'n veilige en aanvaarde plek. Hulle word 'n "koninkryk" gemaak.

Belangrik is dat sy oordele *almal* sal omvat (25 : 32). Niemand sal dit onkom nie, niemand - nie Griek of Jood val daarbuite nie: "Dan word de scheiding niet voltrokken tussen de Joden als Abrahams kinderen enerzijds en de heidene anderzijds. De scheidslyn loop op die dag dwars door alle volken (ook door het Joodse)" (Van Bruggen, 1990:433.). Watson (s.a. :75) sê in lyn met van Bruggen: "It does not mean that He will separate (eg.) the German nation from the French, but individuals into two groups. This agrees with all Christ's previous teaching about the two ways, two houses, weeds and wheat, good fish and bad etc."

Die *twee groepe* word uitgedruk as "skape aan sy regterhand" en "bokke aan sy linkerhand" (Vers 33). Dis insiggewend dat Watson (s.a.:75) oor die skape en bokke sê dat in die ooste, skape en bokke so baie dieselfde lyk dat mense wat nie wagters is nie, dit moeilik mag vind om hulle te onderskei. Die Here is die ingeligte om te weet wie hoort waar. Davies & Allison (2004:424): "it is judgement, not trial for which the court is assembled..."

- **"Geringstes" elaxistos**
  - τούτων τῶν ἀδελφῶν μου τῶν ἐλαχίστων **" Die geringste van die broers van my..." vers 40**
  - τούτων τῶν ἐλαχίστων **"Van hierdie geringstes..."** ***vers 45***

Ekklesiologiese- en Universele interpretasie van die geringstes:

Ekklesiologies verstaan:
Die woord ἐλαχίστοι - "geringstes" het ontwikkel uit die oorspronklike woord ἐλαάσσω. ἐλαχίστος is die oortreffende trap van die woord ἐλαχυs wat *klein* beteken en is verwant aan die woord μικρον. Dit kan ook minder in ouderdom, rang of kwaliteit wees (Abbott-Smith, 1977:144; Liddell & Scott, 1982:214; Kittel, 1967:657).
Hierdie woord is volgens Van Zyl (1988:18) 'n *ekklesiologiese* term in Matteus. Grammatikaal is dit die oortreffende trap van "kleintjie", Christene in die algemeen. Die implikasie is dat vers 31 - 46 'n trooswoord aan die gemeente is: op die laaste dag sal heidene geoordeel word volgens hulle optrede teenoor die Christene.

τούτων τῶν ἀδελφῶν μου τῶν ἐλαχίστων "Die geringste van die broers van my..." : Vers 40
Luz (2005b:280) vra die vraag of die "geringste van die broers" 'n besondere groep binne die Christelike gemeenskap was? Volgens Luz (2005b:280) word in die teks "geringste" gekontrasteer met die *groot* Hemelse Koning en Regter. Op 'n retoriese wyse word die massiewe afstand tussen die behoeftige en die Wêreld Regter beklemtoon en dit het die effek van die verrassende wonder van sy identifikasie met die behoeftiges. Luz (2005b:280) se standpunt is dan dat die betekenis van ἐλαχίστοι in hierdie deel nie verbind moet word aan die Christene as μικροι – "kleintjies" nie.

Vanuit 'n aantal voor-Matteaanse en vroeg Christelike tekste sou die volgende standpunt ingeneem kon word. Dis dan volgens Luz (2005b:280) gebaseer op die Q-Bron en het te doen met 'n sending weergawe:

- Sendelinge van Jesus was arm.
- Hulle het gereis, was dus "vreemdelinge" – ξένοι wat afhanklik was van gawes van kos en drinkgoed (Matt. 10 : 42).
- Hulle het net een kleed gehad (Markus 6 : 9) en as dit geskeur het, was hulle "naak of swak geklee" *(γυμνὸς)*.
- Hulle het hulle lewe gewaag en moes rekenskap gee aan die owerhede (Mark. 13 : 9 - 13) wat hulle in die "tronk" *(φυλακῇ)* kon gooi.
- Die situasie van die vroeg Christelike sendelinge, pas dan volgens Luz (2005b:280) in die beskrywing van die liefdadigheidwerke in Matt. 25 : 35 - 36.

Universeel verstaan:
'n *Universele interpretasie* sou behels dat παντα τα εθνη al die nasies, alle mense insluit (ook Christene). Hiervolgens sou "geringste", enige noodlydende - ongeag geloofsoortuiging - insluit. Volgens Van Zyl (1988:18) impliseer die deel dan nie 'n trooswoord aan die gemeente nie, maar 'n *appél* - alle mense (ook Christene) sal geoordeel word volgens hulle optrede teenoor mense in nood. Die noue verbondenheid tussen Christus en sy nabye volgelinge word hier gewys.

Teenoor Hendriksen (1974:889) wat hier sê dat die woorde τῶν ἀδελφῶν μου *"broers van My"* gaan oor dade teenoor die *dissipels alleen* en Hagner (1995:744) se keuse vir "brothers and sisters of the Christian community", wil die studie in terme van die universalistiese tendens in die oordeel aantoon dat dit gaan oor goeie dade ten opsigte van *enige mens*.
Almal word ten opsigte van *goeie dade of die tekort daaraan* ten opsigte van *alle* mense geoordeel. Veral in die lig van Jesus se groot opdrag in Matt. 28 : 18 - 20 is dit baie duidelik dat na *alle nasies* toe gegaan moet word en mense deur woord en daad vir die koninkryk oorgehaal moet word. Grosheide (1954:383) stel dat daar verskil in mening is oor die laatste oordeel: Gaan dit oor oordeel oor die heidene of oordeel oor die Christene alleen; of oor alle volke? Sy mening is dat die oordeel oor alle volke gaan.

Die *struktuur* van Matteus gee volgens Van Zyl (1988:18) die volgende rigtingswysers:

- Matt. 23 tot 25 is die afsluiting van die vyf redevoeringsblokke in Matteus.
- Matt. 25 : 31 - 46 is die kulminasie van die proses waar Jesus vanaf Matt.13 die dissipels in die waarheid lei dat *diens* die essensie van dissipelskap is.
- Die uitleef van die wet van die liefde is die kriterium van oordeel vir die dissipels. Dit word gedoen volgens Matt. 25 : 31 - 46 deur die "kleintjies, die geringes" te dien.

Daar word gekies vir 'n universele interpretasie vir geringstes ten spyte van "geringstes" wat in Matt. 25 : 40 nader gekwalifiseer word as "my broers".

Volgens Van Zyl (1988:19) kan die volgende redes aangevoer word vir so 'n *universele* interpretasie bokant 'n *ekklesiologiese* interpretasie:

- Hoewel "geringste" en "kleintjie" grammatikaal verwant is, is dit net "kleintjie" wat elders as spesifieke ekklesiologiese term optree. Dis net in Matt. 25 : 40, 45 waar "geringste "op hierdie wyse gebruik word.
- In Matt. 10 : 40 - 42 word pertinent vermeld dat mense hulp verleen op grond van die feit dat die "kleintjie" 'n "dissipel" is. In Matt. 25 is die aspek afwesig. Hulpverlening is vir ander bloot as gevolg van hulpbehoewendheid: "Christus is juis "incognito" in die geringstes aanwesig" (Van Zyl, 1988:19.)
- Matt. 5 : 43 – 48 beklemtoon ook *liefde tot die vyand* Matteus sou dus nie die liefdesbewyse in Matt. 25 net tot die Christene beperk nie.
- Die woord εθνη word dikwels deur Matteus as verwysing na die *heidene* gebruik in onderskeid van die *Jode*. Soms, soos in Matt. 24 : 9, 14; 28 :19, beteken dit gewoon *nasies*. Matt. 25 : 32 het dalk ook so 'n neutrale gebruik.
- Saaklik gesien, volgens Van Zyl (1988:19) is die eskatologiese toneel van Matt. 25 : 31 - 46 *later* as 28 : 18 - 20 se sendingopdrag. Die vraag kan dan gevra word of die voltooide evangelisering van die wêreld nie as veronderstelling by die laaste oordeel van Matt. 25 dien nie. Die implikasie is dat die ganse mensdom inderdaad volgens Christelike kriteria geoordeel kan word. Die keuse was dan reeds daar om *vir* of *teen* Christus 'n keuse uit te oefen.
- Hill (1972:330) bevestig die interpretasie van Morris: "He was not discussing the conditions for gentile entry into the church, but was concerned with the behaviour of "disciples already in the church, while they await the Parousia." Die werke was nie werke van die wet nie, maar die uitkoms van geloof en liefde.

**Die ἐλαχίστων "geringstes" se behoeftes vers 35, 36.**

*Vers 35* begin met γὰρ in die Grieks. Dit gee volgens Grosheide (1954:382) die rede vir die οι ευλογεμενοι "geseëndes". Dit is egter nie so dat die burgerskap in die Ryk verdien is nie, maar van ewigheid af voorberei is. Goddelike verkiesing dring tot die doen van goeie werke.

Grosheide (1954:382) bring by die dade 'n verband met die *Bergpredikasie*. Hy stel ook dat dit gaan oor die *tweede tafel* van die wet (liefde tot die naaste):

- Daar is die dade wat die karakter van die tyd dra,
- maar tog is dít ook dade wat in elke tyd voorkom. Wie die tweede tafel van die wet uitvoer toon die liefde vir die Here en dit is tog waarom dít gaan.

Die spreker wat nie onbekend sou wees met swaarkry nie, gee nie 'n lys van *swaarkry-items* nie, maar 'n lys met dade van *barmhartigheid* wat die rabbi's sou noem "gemilut Hasidim" (Davies & Allison, 2004:425 - 426).

Dwarsdeur sy bediening, deur voorbeeld en leer het Jesus die noodsaak van gevoelens en werke van liefde, genade en milddadigheid beklemtoon:

- Matt. *5 :* 7: "Geseënd is die wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word."
- Matt. 5 : 44: "Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir die wat julle vervolg."
- Matt. 8 : 17: "So is vervul wat deur die profeet Jesaja gesê is: "Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra."

Ander tekste is bv. Matt.11 : 28 - 30; 12 : 7.

Dit, aldus Hendriksen (1974:888), was dan wat Jesus van sy volgelinge verwag het. Volgens Luz (2005b:278) was die lys met goeie dade aan Jode bekend. Ander sodanige lyste verskyn ook in Bybelse en vroeë Joodse tekste. Honger en naak gaan gewoonlik in sulke lyste saam.

Nou, terwyl Hy gely het, verwerp deur mense, het hulle dade van genade aan Hom bewys. Daarom sal hulle ook "geseëndes" genoem word wanneer Hy terugkeer. Die lys word *vier keer* herhaal. France (soos aangehaal deur Morris, 1992:637) sê: "It is clearly meant to be remembered as a guide to practical discipleship."

"The lesson that not to do good, is to do evil reappears in Luk. 10 : 25 - 37, and Jesus both proclaimed the coming of divine judgment and exhorted people to love the margical as themselves" (Davies & Allison, 1997:418.)

Die mees uitstaande kenmerk van Matteus se lys volgens Davies & Allison (1997:427) en 'n moontlike ontwikkeling uit *Jes. 58 : 7* is die *poëtiese kwaliteit*: "Is dit dan nie dat jy vir die wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie?" (NAV,1983.)

Die behoeftes (vers 37 - 39) is in *drie pare* gestruktureer: *honger en dors; inneem van vreemdelinge en aantrek van die sonder klere; besoek aan die siekes en die gevangenes.* Dit gaan in elke geval oor die gelowige se doen van nederige take in die dag tot dag lewe (Hendriksen, 1974:888). Dit gaan nie hier oor profetering in Jesus se Naam nie, nie oor duiweluitdrywing nie en nie oor kragtige werke in sy Naam nie. Volgens Matt. *7 : 22 en 23* is dit nie waaroor dit gaan nie: "It is Christ's unpretensious but sincere follower, who honours Him in the common things of life, that is here pronounced blessed" (Hendriksen, 1974:889.)
In hierdie deel word ses verskillende gestaltes van *behoeftes* "needs" genoem (Hagner, 1995:743). Almal is in die Grieks in die aoristustyd behalwe die "ek was" van vers 35 en 36 ten opsigte van "vreemdeling" en "in die gevangenis".

Latere rabbynse teorie het onderskei tussen goeie dade wat hulle genoem het: "Liefdadigheid en aalmoese." "Liefdadigheid" het daardie werke ingesluit wat nie alleen geld vereis het nie, maar ook die *hele persoon* betrokke gemaak het (Luz, 2005b:278). Saam was dit deel van die sogenaamde "goeie werke" wat nie soos die gebooie duidelik deur die *Torah* gedefinieer is nie. Liefdadigheid was baie belangrik vir die Jode, veral na die verwoesting van die tempel. Volgens Luz (2005b:278), sou in ooreenstemming met Joodse geskrifte, die uitvoering of nalaat ten opsigte van die uitvoering van liefdadigheid, beslissend wees in die oordeel:

- Jesaja 58 : 7:" Honger, huisloos en naak";
- Esegiël 18 : 7,16: "skuldenaars, honger en naaktheid";
- Job 22 : 6 - 7: "naaktheid, dors en honger";
- Job 31 : 17,19,21,31 - 32: "Weeskinders, naaktheid, armoede, onskuldig en vreemdelinge".

- **"Honger"** ἐπείνασα **vers 35, 42 ;** πεινῶντα **vers 37, 44**

Volgens Liddell & Scott (1982:539) is die woord ἐπείνασα die aoristus. van die werkwoord πείναω wat beteken om "honger te ly of selfs hongersnood te ly". Kittel,V1 (1968:20) sê dat Jesus in die konteks van "honger" praat met betrekking tot die beloning wat gegee sal word vir *die* wat genade aan die hongeres betoon het. Die basis is dat genade aan die "geringstes" (sy broers) betoon, genade aan Hom is. Hy verwys dan nie alleen na sy dissipels nie, maar al sy broers wat genade nodig het. Volgens Kittel V1 (1968:20) word die broederlike verhouding waarin Jesus met die hongeriges staan, *werklik* vir hulle as gevolg van sy assosiasie met hulle.

By twee geleenthede, Matt.14 : 13 - 21 en 15 : 32 - 39 het Jesus self die hongeres kos gegee. Volgens Davies & Allison (2004:427) het die woord γαρ hier uiteenlopende gevolge gehad:

- Die Rooms-Katolieke het dit vertolk asof sulke dade redding sou bring;
- Die Protestante, soos Calvyn, het gereken dat sulke dade tekens van redding is en redding nie iets is wat verwerf kan word nie. Matt. 7 : 18b stem hiermee saam: "Jy kan nie goeie vrugte van 'n slegte boom kry nie.."

Die sonde van om goeie dade na te laat, lei dan tot die veroordeling tot die toestand wat mens *hel* noem (Davies & Allison, 2004:431). Grosheide (1954:383) skryf ook: "...en nu horen zij, dat hun zonden van nalatigheid bedreven zijn tegen den Zoon des mensen."

- **"Dors"** ἐδίψησα **vers 35,42 ;** διψῶντα **vers 37,44**

Hierdie vorme kom van die werkwoord' δίψαω wat volgens Liddell & Scott (1982:176) beteken "om dors te wees". Volgens Kittel 11 (1964:226) beteken' δίψαω "dors" in die ware sin van die woord. Volgens die algemeen Oosterse siening was om iets te drinke te gee aan die een wat dors het, 'n daad van praktiese bystand wat God vreugde verskaf. Kittel 11 (1964:226) haal die *Egiptiese boek van die Dooies*,12d (AOT,1,12 ) aan: "I have pleased God by something which He loves: I gave bread to the hungry and water to the thirsty...."

Vgl. Matt. 10 : 42: As iemand net aan die geringstes water sou gee omdat hulle as dissipels aan Jesus behoort, sal hulle daarvoor beloon word: "Wie aan een van hierdie geringstes (μικρῶν) net 'n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sal sy beloning kry. Dit verseker Ek julle."

- **"Vreemdeling"** ξένος **vers 35, 43;** ξένον **vers 38,44**

ξένος is volgens Liddell & Scott (1982:471) "enige vreemdeling" en het die reg op gasvryheid. Vir Louw & Nida (1989:455) gaan dit oor die gasheer wat moet ruimte maak. Gasvryheid was nodig

teenoor vreemdelinge. In die plek van die gebrek aan opregte liefde vir vreemdelinge in die Nuwe Testamentiese wêreld het Jesus kom wys dat onbeperkte en onvoorwaardelike liefde aan vreemdelinge 'n besondere wyse is om liefde teenoor die naaste uit te leef. Die wyse waarop Jesus die *Gelykenis van die Barmhartige Samaritaan* hanteer in die Lukas 10 : 30 - 35 en die naaste - die vreemdeling - die Samaritaan is, bewys sy standpunt (Friedrich, 1967:15). Jesus bewys volgens Friedrich (1967:15) ook sy houding teenoor die vreemdeling in die oordeelstoneel van Matt. 25 : 31 - 46. Een van die toetse is wat mense se houding teenoor die ξένος is. Hulle was ook in die nood en geplaas in Matteus se lys van ελαχιστοι tussen die wat dors het en die wat naak is. "Whether the foreigner is hospitably received or not will help to fix one's eternal destiny " (Friedrich, 1967:15.)

Davies & Allison (2004:427) verwys veral na *Abraham in Genesis 18 : 1 - 8* as iemand wat in besonder onthou sal word as iemand wat vreemdelinge ontvang en gehuisves het. Gasvryheid teenoor die "vreemdeling" kan gevind word in Job 31 : 32 asook in Hebreërs 13 : 2 en 1 Tim. 5 : 10.

Die "vreemdeling" was altyd in 'n moeilike posisie, veral in die eerste eeu met 'n tekort aan hotelle wat in moderne tye as gewoon aanvaar word. Die premie op *gasvryheid* was ononderhandelbaar onder kerkmense. Waar sou die vreemdeling tuisgaan as hy by 'n onbekende plek kom?

"It was not to spend the night in the open air, someone would have to take him into a private home. This was done among Christians (Acts 10 : 23; Heb. 13 : 2)" (Morris, 1992:638.) Morris (1992:638) verwys na Bonnard wat sê dat die woord beteken om ook vlugtelinge uit hul eie land, mense sonder reg en beskerming te huisves. Dis dan ook behoeftige mense.

- **"Naak" γυμνὸς vers 36, 43; γυμνὸν vers 38,44**

Volgens Davies & Allison (2004:427) is hierdie 'n baie duidelike sinspeling op *Gen. 3 : 21* as die Here vir Adam en Eva klee. γυμνὸς het verskillende betekenisvariasies wat op die teks van toepassing gemaak kan word. Liddell & Scott (1982:146) gee van die betekenis elemente: Dit kan gewoon wees om "naak, sonder klere te wees", maar kan ook beteken om "ongewapen of weerloos" te wees. Kittel 1 (1965:773,774) kies vir nakend in die gewone sin ten opsigte van Matt. 25 : 36, 43, 38, 34 maar dan meer as *swak geklee* eerder as heeltemal sonder klere.

- **"Siek"** ἠσθένησα **vers 36** ἀσθενοῦντα **vers 39,** ἀσθενὴς **vers 43,** ἀσθενῆ **vers 44**

ἀσθενὴς beteken om "sonder krag te wees; miserabel te voel; siek te wees" (Liddell & Scott, 1982:108; Abbott-Smith, 1977:64; Kittel, 1965:490). Kittel (1965:491) sê egter dat in die Nuwe Testament die woord min of ooit alleen in fisieke sin gebruik word, maar dat dit meer gaan oor die volledige mens. Volgens Louw & Nida (1989:243) kan dit ook te doen hê met 'n staat van hulpeloosheid as gevolg van omstandighede.

Volgens *Chrysostomus* (soos aangehaal deur Davies & Allison, 2004:427), is dit insiggewend dat die lys van bedieninge nie praat van wonderwerke nie - die siekes word nie genees nie en die gevangenes nie vrygelaat nie. As iemand "siek" is moet iemand "besoek": *Die* sonder mediese kundigheid kon kwalik baie doen vir iemand wat siek is, maar met 'n besoek kon hulle belangstelling en simpatie betoon.

- **"In die gevangenis"** ἐν φυλακη **vers 36, 38, 43, 44**

Die betekenis van φυλακη in die konteks van die perikoop is 'n "gevangenis of plek van veiligheid" (Liddell & Scott, 1982:770).

Davies & Allison (2004:428) verwys na *Hebreërs 10 : 34* as deel van die oproep om te volhard en te ontvang wat God beloof het *(*10 : 32 - 12 : 27). Vers 34 sê dan: "Julle het met die gevangenes meegevoel gehad..."

Volgens Davies & Allison (2004:428) was besoeke aan gevangenes nie 'n standaarditem op die Jode se lyste van goeie werke nie. Moontlik speel *Jesaja 61 : 1,* 'n rol asook die herinnering aan *Johannes die Doper.* Hebreërs 13 : 3 handel ook oor die gedagtenis aan diegene in die gevangenis (Hagner, 1995:744).

Besoek aan gevangenes was nie algemeen nie. Die vraag volgens Luz (2005b:278) is dan of die verskyning van "besoek van gevangenes" in hierdie perikoop nie te doen gehad het met die situasie van die vroeë Christendom nie? Besoek aan gevangenes was belangrik omdat daar nie versorging binne gevangenisse was nie. Hulp van die kerke was noodsaaklik vir reisende Christen sendelinge wat nie familie naby gehad het nie .

Toe Hy is die *tronk* was het hulle na Hom toe gekom. Tronke in die eerste eeu was swaar en bedoel as plekke van straf "...and the idea of treating prisoners as normal human beings would have been regarded with astonishment. It was thus a kind act to visit people in prison" (Morris, 1992:638). 'n Gevangene was 'n behoeftige. Die kom na Hom in die gevangenis was 'n ongelooflike daad.

**Wyse van ontmoeting van die behoeftes van die geringstes**

***"Deur die Regverdiges"* οἱ δίκαιοι *vers 37 - 39***

Volgens Davies & Allison (2004:428) is die δίκαιοί "regverdiges" nie alleen die volgelinge (dissipels) van Jesus nie, maar sluit ook die regverdiges buite die kerk in, "a fact consistent with their knowing that their service was to Christ". Dat hierdie mense werklik volgelinge van Jesus is, is duidelik uit die woorde van die Seun van die mens. Dat hulle onbewus was van wat hulle goed gedoen het, maak juis hulle dade goed.

"In the present context the emphasis may well be on conduct that is in conformity with the law of God, deeds that are pleasing to Him." "The astonishment expressed by these followers of the Lord was that borne of service spontaneously, gladly, gratefully, and humbly rendered, and then completely forgotten" (Hendriksen, 1974;889.)

Van verdienste en vervulling van die wet in 'n Farisese denkpatroon is daar so weinig sprake dat die regverdiges self nie geweet het dat hulle aan God se wil voldoen het nie.

- **"Gegee om te eet"** ἐδώκατέ μοι φαγεῖν **vers 35,** ἐθρέψαμεν **vers 37**

ἐδώκατέ in vers 35 is die aor. 2 mv. van die werkwoord διδωμὶ Dit beteken om "vryelik, om vrymoedig te gee" (Liddell & Scott,1982:170). Kittel 11 (1964:166) sê dat die woord so gebruik word in ooreenstemming met die realistiese karakter van die wese van die liefde in die Nuwe Testament. So is ἐθρέψαμεν in vers 37 die aor.1 mv. van τρεφω wat beteken "om te voed, te versadig of te maak groei" (Liddell & Scott, 1982:718).

Volgens Hagner (1995:744) is die voorsiening van kos (iets om te drink ook) in die Ou Testament beskou as die werk van die regverdiges. (Esegiël 18 : 9).

- **"Julle het vir My gegee om te drink"** ἐποτίσατέ με **vers 35;** ἐποτίσαμεν **:37**

Die aor. 2 mv : 35 en aor.1 mv. van ποτίζώ beteken volgens Liddell & Scott (1982:581; Kittel V1, 1968:159 ) om "iets te gee om te drink". Kittel V1 (1968:159) stel dat in die Nuwe Testament die ou opdrag dat die dorstige iets gegee moet word om te drink op 'n Christologiese basis vernuwe is. Dis sluit dan in Matt. 25 : 35, 37, 42.

- **"Julle het My herberg gegee"** συνηγάγετέ με **vers 35;** συνηγάγομεν **38**

Die aor. 2 mv. en 1 mv. van συναγώ beteken letterlik: "om bymekaar te bring en om te versamel" (Liddell & Scott, 1982:668).

- **"Julle het My geklee"** περιεβάλετέ με **vers 36;** περιεβάλομεν **38**

Die aor. 2 mv. en 1 mv. van περι βάλλω beteken volgens Liddell & Scott (1982:546) "om iets om te gooi, soos in klere of kledingstuk omhang, of om iets aan te trek of oor te gooi". Dit beteken dan in die konteks van Matt. 25 : 36 en 38 "om iemand te klee wat *swak geklee* is of sonder klere is, dus *naak* is".

- **"Julle het My besoek"** ἐπεσκέψασθέ **vers 36;** ἤλθομεν πρός σε **vers 38**

ἐπισκοπεώ is die grondwoord vir die 2 mv. van ἐπεσκέψασθε. Dit beteken "om iemand te besoek of te gaan sien" (Liddell & Scott, 1982:260). Binne die konteks, iemand wat siek is te gaan sien of te besoek. Jesus het kennis gehad van die hoë premie wat geplaas is op die besoek van siekes in die Rabbynse etiek. Hy gebruik formulerings soos gevind kan word in Sota, 14a as Hy by die laaste oordeel sê dat diegene die koninkryk sal beërwe van wie Hy kan sê: "Ek was siek ... en julle het My besoek.." (Matt. 25 : 35v; 42v)(Kittel11, 1964:603.)

Volgens Kittel11 (1964:603) dink Jesus waarskynlik aan die Joodse werke van liefde, maar plaas Hy al die mense van al die nasies, onder dieselfde verantwoordelikheid en oordeel Hy hulle volgens die mate waarin hulle aan die vereiste voldoen het.

Dit gaan egter nie oor geïsoleerde dade nie, maar oor basiese houding. Volgens Kittel 11 (1964:603) moet mense verstaan dat hulle nie ter wille van hulself bestaan nie, maar ter wille van ander. Wat vir die geringste van die broers gedoen is, is vir Jesus. Kittel11 (1964:604) verwys na Jakobus as hy sê dat Jakobus skynbaar die beste tradisie van Joodse etiek aanneem, asook Jesus se opdrag tot liefde vir die naaste in Jakobus 1 : 27: "Ware godsdiens voor God en die Vader is dit, Om die weeskinders en die weduwees in hulle nood te besoek.." "julle het My besoek" ἤλθομεν, die aor. 1mv van ἐρχομαι beteken om na iemand te kom (Liddell & Scott, 1982:273). In die konteks het dit diesefde betekenis as ἐπισκοπεώ.

**Deur die κατηραμένοι "vervloektes"**

Volgens Hendriksen (1974:889) kan hier gesien word dat dit nie net mense is wat geoordeel word nie, maar *ook die duiwel en sy engele.* Daar is geen teken dat hierdie 'n *remediëringsvuur* is nie (so was dit vir Origenes en Gregorius van Nissa, nie 'n letterlike vuur nie) teenoor *Augustinus* vir wie oordeel regverdig was en die helse vuur, letterlik.

Volgens Hendriksen (1974:890) bestaan die straf van die veroordeeldes uit vier elemente:

- Afskeiding van die regverdiges;
- assosiasie met die duiwel en sy engele;
- *ewige vuur en;*
- buitenste duisternis.

Die redes vir die veroordeling word gegee as *ses redes wat dieselfde is as vers 35 en 36,* behalwe dat die laaste twee items van die vorige lys in een saamgetrek word om eintlik *vyf* te vorm wat Christus se toestand beskryf. Dis opmerklik dat dit gaan oor sondes waar daar *nagelaat* is om die goeie te doen. Hier word nie van sondes soos *moord, diefstal, afgodsdiens ens.* gepraat nie, alleen maar die *afwesigheid* van die regte dade teenoor Christus.

Die afwesigheid van die egte dade wys dat hierdie mense nie in Hom as Seun van die mens geglo het nie: "As consistently as the righteous are approved for their deeds of mercy, so now are the unrighteous faulted for their lack of charitable deeds before Jesus" (Hagner, 1995:745.)

Die volgende begrippe is reeds in die positiewe sin gehanteer in die vorige deel:

- "Julle het nie vir My gegee om te eet": οὐκ ἐδώκατέ μοι φαγεῖν vers 42;
- "Julle het nie vir My gegee om te drink": καὶ οὐκ ἐποτίσατέ με:vers 42;
- "Julle het My nie herberg gegee nie": οὐ συνηγάγετέ με vers 43;
- "Julle het My nie geklee nie": οὐ περιεβάλετέ με vers 43;
- "Julle het My nie besoek nie": οὐκ ἐπεσκέψασθέ με vers 43.

**Die veroordeeldes se antwoord vers 44**

In *vers 37* word van die sprekers gepraat as οἱ δίκαιοι. Hier in *vers 44* is die veroordeeldes *naamloos.*

Volgens Davies & Allison (2004:431) is hier in die verkorte vorm van die teks 'n *asemloosheid, haastigheid, amper angs*. Dit vorm dan 'n kontras met die stadig bewegende, kragtige dialoog by die *uitverkorenes* : οἱ εὐλογημένοι τοῦ πατρός μου (Vers 34).

Die aanspreekvorm van Κύριε hier kan onopreg wees soos in Matt. *7 : 21 – 23*. Daar gaan dit ook oor die werklikheid dat nie elkeen wat sê: "Here, Here" in die Koninkryk sal ingaan nie, maar net diegene wat die wil doen van die Vader wat in die hemel is.

Hagner (1995:746) praat op 'n bruikbare beskrywende wyse van "would-be disciples (that) are equally puzzled by the claim of Jesus, in this case, that they had not done these deeds of charity to Jesus". Diegene wat dus nagelaat het om die regte dinge te doen.

Aan die anderkant sou dit kon wees dat hierdie tekens is dat by die eindoordeel almal die eskatologiese waarheid sou ontdek. Almal is *eksemplaries* van diens of gebrek aan diens aan Christus.

- **"En U nie gedien nie"** οὐ διηκονήσαμέν σοι**vers 44**

διηκονήσαμέν is die aor. 1 mv. van διακονεω wat beteken "om te wag op, te dien, te voorsien" (Liddell & Scott, 1982:162). Louw & Nida (1989:462) vertaal dit in Engels: "to take care of, by rendering humble service to". In die sin is dit dan om in nederigheid verantwoordelikheid vir mense en hulle behoeftes te neem, wat die omstandighede van nood ook al mag wees.

Volgens Kittel (1964:82) beteken διακονεω buite die Nuwe Testament "om te voorsien of om te gee". In die sin word dit baie gebruik in verband met die werk van vroue.

Algemeen beteken διακονεω "om te dien". In die Nuwe Testament groei Jesus se siening van diens vanuit die Ou-Testamentiese opdrag tot liefde vir die naaste (Kittel, 1964:84).

Meer besonder, ten opsigte van Matt. 25 : 42 - 44 verstaan Jesus onder die begrip διακονεω sekere aktiwiteite soos om voedsel en drinkgoed te gee, huisvesting te verskaf, klere te voorsien en die siekes en gevangenes te besoek. So word die term gevul met die aktiewe liefde van Christene vir hulle naaste en is dus die kenteken van ware dissipelskap. In die mate waarin dit vir die ἐλαχίστοι gedoen word, word dit vir Jesus gedoen ἐμοι εποιησατε (Kittel, 1964:85).

Binne die konteks van die perikoop Matt. 25 : 31 - 46, in besonder in vers 44, vra die veroordeeldes dan in watter mate hulle Jesus se verwagtings oor die uitleef van sy wil oortree het.

### 2.8.10 Die openbaring oor God in die perikoop

In terme van die kerk se opdrag in die aanspreking van nood dien die volgende vermeld te word: "Mens sou waarskynlik met 'n groot mate van reg kan sê dat Matteus Jesus veral verkondig as die Seun van God, wat dan as "Immanuel, God met ons", die hele evangelie as't ware insluit en omraam (Matt.1 : 23 en 28 : 20)" (Combrink, 1980:93.)

Hy reageer as die *Kurios* in erbarming op die hulpgeroep van die ellendige. Hy is die *Seun van die Mens* wat as Kneg deur lyding heen versoening bewerk, maar eens as Regter op die wolke sal verskyn.

'n Belangrike element van Matteus se evangelie is die klem op die *koninkryk van God.* Dit kom in die variasie van "Koninkryk van God; Koninkryk; Die Koninkryk van hulle Vader; Koninkryk van My Vader". Tien keer gebruik hy gelykenisse wat begin met "Die koninkryk van die hemel is soos...". In Matt. 25 : 31 is die Koninkryk duidelik toekomstig (Morris, 1992:8). Die kerk is nie die Koninkryk nie, maar behoort op Koninkryksbeginsels te funksioneer.

Volgens Davies & Allison (2004:433) is Matt. 25 : 31 - 46 *Christologies* baie ryk:

- Jesus is die Seun van die mens van *Daniël 7*;
- Die engele behoort aan Hom;
- Hy sal aan die einde as Regter die wêreld oordeel as Koning en Regter. Diegene wat Jesus geoordeel het en Hom laat ly het, besef nie wat hulle doen nie;
- Die Een wat bespot is as "Koning van die Jode" sal blyk Koning van die wêreld te wees. Dis nie sy lot wat in hulle hande is nie, maar hulle lot in sy hande.

Aangesien Jesus Homself in die perikoop identifiseer met die lydende, is die Christologie belangrik vir die motivering van die plaaslike kerk om betrokke te wees by 'n pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes.

### 2.8.11 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS MATT. 25 : 31- 46

Die vorige perikoop, volgens Davies & Allison (2004:432), het lesers aangemoedig om *betroubaar en voorbereid te wees en hulle talente te gebruik.* Alles was egter nie uitgespel nie. Matt. 25 : 31 - 46 maak alles duidelik en bring Matteus se eskatologiese rede tot 'n klimaks.

Die gelowige berei homself voor vir die wederkoms deur die opdrag om die naaste, veral die "underdog" lief te hê, uit te leef. Die hoofmaatstaf is die *wet* waardeur almal aan die einde van die geskiedenis geoordeel gaan word.

Volgens Davies & Allison (2004:432) het *goeie dade goeie gevolge.* Mense se optrede het betekenis en gevolge. Om die hongeres te voed, die vreemdelinge te verwelkom en die siekes te besoek is nie imposante dade nie. Dis egter dade wat in gelowiges is, maar hulle moet gewillig wees. Die Here vra nie buitengewone dade nie, maar eenvoudige barmhartigheid.

**(Basisteoretiese afleidings volg by 2.10)**

## 2.9 KERKLIKE REAKSIE OP DIE SKRIF

Wasserman (1997:2) haal Paulus se vermaning aan gelowiges in *Filippense 2 : 5* aan: "Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was." Hy verwys na die konteks van gelowige praktisyns van alle gesondheidsberoepe. Saam daarmee sê hy: "Hierdie vermaning verwys onder meer na die gewete, die intrinsieke morele standaard van die gelowige (Rom. 2 : 15)." "Die optrede van sulke mense (mense met die wet binne hulle) bewys dat die eise van die wet in hulle harte geskrywe staan. Ook hulle gewetens getuig daarvan wanneer hulle in 'n innerlike tweestryd deur hulle gedagtes aangekla of vrygespreek word" (Wasserman, 1997:2.)

Wasserman (1997:2) stel dat diens van barmhartigheid, soos uitgebeeld in die gelykenis van die *Barmhartige Samaritaan*, vanaf die vroegste Christelike gemeentes die maatstaf vir gesondheidsdienste was. So word die klem eerder op die pasiënte as op die helers gelê.
Die gewete toets die gesindheid aan die samevatting van die Wet se "tweede tafel", nl. dat ons ander so lief moet hê soos onsself. Matteus 7 : 12 som dit ook as volg op: "Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen." "Dit veronderstel meer as net 'n liefdevolle benadering. Dit sluit ook deernis met vriend en vyand in (Matt. 5 : 44 - 45)" (Wasserman, 1997:2.)

Die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan (Lukas 10 : 25 - 37) beklemtoon dat die naaste 'n *medemens* is, ongeag geslag, ras, geloof en sosiale stand, *nie slegs eie volk of geloofsgenoot nie.* Die snypunt lê by vers 29: "En wie is my naaste?" en vers 37: "Die man wat aan hom medelye bewys het." In hierdie geval die Samaritaan van wie geen medelye verwag is nie as gevolg van hulle gesindheid teenoor die Jode en die Jode se gesindheid teenoor hulle.

Die vroeë kerk het in opdrag van die Here, naasteliefde met groot ywer beoefen (Wasserman, 1997:3): "Die wyse waarop die kerk sy fondse gebruik om armes te ondersteun en te begrawe,

weeskinders en oues van dae te versorg, sowel as skipbreukelinge, mynwerkers en diegene wat na die eilande verban, of in tronke opgesluit is, getuig teenoor die wêreld van daardie liefde en deernis wat die Christen kenmerk" (Wasserman, 1997:3.)

Die beginsels van die Evangelie is deur die vroeë kerk in die algemeen reg verstaan. Die ingesteldheid binne die vroeë kerk was om hulp te verleen ongeag die persoon. Dit het 'n positiewe getuienis gegee en die andersheid wat 'n Christen kenmerk, beklemtoon.

## 2.10 AFLEIDINGS

Die basisteoretiese perspektiewe dien om die praksis van die studieveld te verstaan, om dit as kritiese teorie te toets en te beoordeel en om die perspektief en normatiewe komponente vir nuwe praktykteorieë te verskaf. Dit bied die norm as rigtingwyser vir die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Mense tree mediêr op deur pastorale handelinge om God se Woord tot mense te laat kom.

- Die Praktiese Teologie gee in sigself ook bepaalde perspektiewe op die kerk se optrede ten opsigte van die wêreld van nood waartoe God die kerk geroep het.

- Die huidige situasie met betrekking tot substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes word nie in die Bybel aangespreek nie. Tog gee die Bybel riglyne wat vir die Kerk bruikbaar is om sodanige nood aan te spreek. Die inhoud en betekenis van Matt. 25 : 31 - 46, die historiese agtergrond, sowel as die literêre konteks van Matt. 25 : 31 - 46 gee sulke riglyne. Daarvolgens kan die plaaslike kerk die huidige praksis evalueer en gemotiveer en geënergeer word vir 'n verbeterde praksis, indien nodig. Die interpretasie binne 'n postmoderne tyd is ook van belang.

| **Die Kerk se taak**<br><br>**Binne die Matteus konteks** | **Die Kerk se taak**<br><br>**Binne Matteus 25 : 31 - 46** | **Die Kerk se taak**<br><br>**Binne die Praktiese Teologie** |
|---|---|---|
| • Die Makrokonteks van die Bybel wys dat Matteus in lyn met Jakobus is as die evangelie ook gerig word aan mense wie se liefde verflou het. Geloof moet in dade sigbaar word.<br>• Binne die konteks van die kerk in Matteus is daar geen aanduiding van 'n besondere ontwikkeling van die kerklike bestuur en was die kerk soos dit plaaslik gestalte gekry het van groot belang. Die kommunikatiewe handelinge van die plaaslike kerk as kommunikatiewe gemeenskap in diens van die evangelie is dus uiters belangrik.<br>• Die blyke van verarmpteliking binne die kerk en Matteus se duidelike weerstand daarteen vra om 'n beweging vanaf status na diensknegsgestalte. 'n Postmoderne interpretasie sou beteken die sterker medewerking van alle lidmate in besluitneming sowel | • Die mikrokonteks van Matt. 25 : 31 - 46 wys in hierdie eskatologiese waarde-oordeel in die vorm van 'n parousiegelykenis die oordeel oor die pastorale bediening van die kerk.<br>• Die mikrokonteks van Matt. 25 : 31 - 46 plaas klem op die groep maar ook op die kommunikatiewe handelinge van die individu as deel van die plaaslike kerk, sowel as op die handelinge van mense wat buite die kerk staan.<br>• Die Kerk is deel van die oordeel. Daar is maar een oordeels-proses. Die oordeel vind plaas volgens die liefdesdade wat gedoen is of nagelaat is.<br>• Matt. 25 : 31 - 46 is 'n appèl op die kerk vir korrekte dade teenoor die wat in nood is, enige nood-lydende,ongeag geloofsoortuiging. Daar is mense wat in lyn optree met die Koninkryksbeginsels waarmee Jesus Hom identifiseer. | • Die gemeente tree op as kommunikatiewe ruimte van die Gees. Hier is die liggaam van Christus 'n band tussen God en mense. Dis 'n ruimte vir menslike verantwoordelikheid.<br>• Binne die kommunikatiewe ruimte van die kerkgemeenskap skep die Gees lewegewend, getuig, lei, vertolk, help, troos Hy en laat die liefde seëvier.<br>• Die wêreld is kommunikatiewe ruimte vir die Gees. Die kommunikatiewe handelinge ten opsigte van die wêreld geskied ook deur die mediêr van die kerk.<br>• Die kommunikasie van die evangelie deur die praksis van die kerk geskied binne die perspektief van die koninkryk of heerskappy van God in die konteks van die konkrete gemeente en die konkrete samelewing waarin die geloofsgemeenskap staan. Dit laat die klem val op die term "plaaslike kerk".<br>• Die funksies van die kerk as organisasie is sosiale funksies. Dit verseker dat die kerk as menslike organisasie in die samelewing sinvol kan bestaan en funksioneer.<br>• Die Matteus-evangelie het |

| | | |
|---|---|---|
| as bemagtiging van lidmate.<br>• Dissipelskap is een van die kernaspekte vir die Matteus-kerk. Die kernelement hiervan is 'n lewe in lyn met wat Jesus geleer het.<br>• Die kerk is nie die Koninkryk nie, maar die handelinge van die kerk moet in lyn wees met die Koninkryksbeginsels wat insluit die etiek van die liefde, gebaseer op die gebooie. Die Torah se beginsels word nie opgehef, maar is in vervulling in Christus.<br>• Die Kerk het 'n wye perspektief, ook na al die nasies en die "underdog". Hierdie perspektief is nie 'n diskontinuïteit met die Ou-Testamentiese tradisie nie, maar is in lyn daarmee. Die verbond met Abraham hou seën in vir alle geslagte van die aarde. | • Die Kerk is universeel, het nie grense vir wie deel is nie, asook nie vir wie mee gewerk word nie.<br>• Die kerk is 'n dienende organisasie. Hierdie is die kulminasie van 'n proses waarin die dissipels gelei word in die waarheid dat diens die essensie van dissipelskap is. | 'n besondere belangstelling in die kerk en daarom is die kommunikatiewe handelinge van die kerkgemeenskap in diens van die evangelie van groot belang, veral soos dit in die praktiese handelinge van die gemeenskap tot uiting kom. |

| Pastorale bediening<br><br>Binne Konteks van Matteus | Pastorale bediening<br><br>Binne konteks van Matteus 25 : 31 - 46 | Pastorale bediening<br><br>Binne konteks van Praktiese Teologie |
|---|---|---|
| • Volgens Watson (s.a.: 75) is Matt. 25:31 - 46 ontwerp om mense se harte aan te raak, gedagtes te vul en gereeld hulle sakke leeg te maak.<br>• Die Pastorale sorg vir die individu is belangrik in die Matteus-evangelie vgl.Matt.18. Jesus vra ook daarin nederigheid en diensbaarheid van sy dissipels.<br>• Die Fariseërs is beskuldig dat hulle bome is wat nie vrugte dra nie.<br>• Die Wet word in Matteus verstaan in terme van die innerlike gesindheid van die liefde, goeddoen aan ander.<br>• Die Matteus gemeenskap was beskou as die "ware Israel". Daar is 'n duidelike universele tendense in Matteus. Die pastoraat is deel van die universele konteks.<br>• Verampteliking inhibeer pastorale handelinge. Die klem op die | • Die geringstes aan wie hulp gegee moet word is universeel – hulle is Jesus se broers. Dit is aan Hom self wat dit gedoen word.<br>• Goddelike verkiesing is van ewigheid af en dring aan op die doen van goeie werke.<br>• Christus is incognito in die geringstes aanwesig.<br>• Die pastoraat het 'n daadkarakter as kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie.<br>• Pastorale handelinge fokus op die konteks en behoefte van die individu.<br>• Pastorale handelinge word nie kieskeurig ten opsigte van mense uitgevoer nie. Dit raak die totaal van menswees.<br>• Die pastoraat geskied binne 'n Koninkryk perspek-tief.<br>• Pastorale handelinge het te doen met gee/uitdeel (kos, water).<br>• Dit het te doen met aanraking (klee).<br>• Dit maak ruimte (herberg).<br>• Dit beweeg, besoek.<br>• Dit praat (by besoek | • God kom deur sy Woord tot mense deur die pastorale handelinge van mense.<br>• Dit gaan dan om die ontmoetingsgebeure van God se koms na die wêreld deur die diens van die pastorale handelinge van mense as intermediêr.<br>• Die plaaslike kerk is die pluriforme kommunikatiewe- of ontmoetingsgemeenskap.<br>• Die Heilige Gees maak die kerk se getuienis in die wêreld moontlik.<br>• Die Evangelie word binne die perspektief van die heerskappy van God, binne die konteks van die gemeente en die konkrete samelewing waar binne die gemeente staan, gebring.<br>• Pastorale funksies word deur die kerk as organisme verrig.<br>• Die Bybel praat nie net van heil nie, maar ook van die konsekwensies van God se heil en die aanvaarding daarvan vir die praktyk van die alledaagse lewe.<br>• Postmodernisme moet herken word as onontkombare konteks waarin ons leef.<br>• Die verhale van die Bybel moet nie net na-vertel word nie, maar nuut vertel word in 'n postmoderne same-lewing. Die kommuni-katiewe handelinge in diens van die evangelie |

| | | |
|---|---|---|
| kleintjie moedig diensbaarheid en nederigheid aan in die kommunikatiewe handelinge van die gemeente in diens van die Evangelie. | en ondersteuning in die hospitaal en gevangenis).<br>• Pastorale handelinge word deur die kerk, gemeente, gelowiges uitgevoer, maar word van almal verwag.<br>• Die uitvoering van pastorale handelinge al dan nie, is onderhewig aan die oordeel.<br>• Die vraag is wat gedoen is – dit bring seën.<br>• Die vraag is ook wat nagelaat is – dit bring oordeel. | deur die kerk, moet nuut wees.<br>• Die kerk as kommunikatiewe gemeenskap ly ook soos die res van die samelewing aan vooropingesteldhede in terme van die Bybel. Dit word bepaal deur eie sosiologiese-, psigologiese en historiese faktore. Hierdie historiese omstandighede en tradisies kan die pastorale handelinge van die plaaslike kerk ten opsigte van nood inhibeer of bevorder.<br>• Die kerk as kommunikatiewe handelings-gemeenskap in diens van die evangelie is ook vatbaar vir ideologiese invloede. So raak die kerk bewustelik of onbewustelik in diens van magsorganisasies in die samelewing. |
| | **Gemarginaliseerdes in Matt. 25 : 31 - 46** | **Gemarginaliseerdes in die Vroeë kerk** |
| | • Die lydendes word hier geïdentifiseer as die geringstes. Dit gaan verder as net die kleintjies van Matt. 18 wat op gelowiges dui.<br>• Die geringstes is universeel. Hulle kom uit alle nasies en geloofsoortuiging.<br>• Die geringstes se behoeftes strek wyer as die lyste wat in Matt. 25 gegee word. Daar is ook ander | • Die vroeë kerk as nuwe alternatiewe gemeenskap, het in lyn met die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan sy fondse gebruik om armes te ondersteun en te begrawe, weeskinders en oues van dae, sowel as skipbreukelinge, mynwerkers en die wat na eilande verban en in tronke opgesluit is, te versorg.<br>• Melaatses was as gevolg van wanpersepsies 'n gestigmatiseerde |


NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

| | | |
|---|---|---|
| | lyste of behoeftes in die Skrif. Dit gaan om die totale mens in sy behoeftes en vra meer as geld. Dit vra totale betrokkenheid in die aanspreek van die behoeftes.<br>• Die lys van behoeftes is nie swaarkry items nie, maar dade van barmhartigheid. Jesus leer die noodsaak van gevoelens en werke van liefde, genade en mildadigheid.<br>• Die lys in Matt. 25 : 31 - 46 is eerder 'n gids tot praktiese dissipelskap.<br>• Dit gaan oor gelowige doen van nederige take ten opsigte van dag tot dag lewe.<br>• Prakties gaan dit hier oor:<br>o *honger ly;*<br>o *dors te wees;*<br>o *'n vreemdeling te wees;*<br>o *swak geklee wees;*<br>o *siek te wees;*<br>o *in die gevangenis te wees.* | gemeenskap, wat tot afsondering gelei het. So lei wanpersepies, onkunde vooroordeel tot margi-nalisering van MIV/Vigs lyers en daarmee saam hulle versorgers.<br>• Die vroeë kerk se model was gebaseer op Lukas 10 (Gelykenis van die Barmhartige Samaritaan).<br>• Die vroeë kerk van Jakobus word gewaarsku teen 'n gelowige lewe sonder betrokkenheid by die hulp verlening in nood.<br>• Die vroeë kerk van Jakobus word gewaarsku teen hoogmoedigheid ten opsigte van noodlydendes as ook teen misbruik van hulle tonge. |

# HOOFSTUK 3

# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT SUBSTITUUT VERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES

## 3.1 NAVORSINGSVRAAG

Hoe kan die plaaslike kerk haar pastorale taak ten opsigte van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes na behore uitvoer?

Om hierdie vraag sinvol in hierdie hoofstuk te beantwoord moet die volgende vraag beantwoord word as onderdeel van die sentrale navorsingsvraag:
Watter perspektiewe bied die navorsingsresultate van die sosiale wetenskappe op die belewing en uitdagings van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes in hulle betrokkenheid by geaffekteerdes?

## 3.2 DOELSTELLING

Die doelstelling van die hoofstuk is om die verskynsel (werklikheid) van MIV/Vigs-geaffekteerdes, substituutversorgers en hulle uitdagings deur 'n literatuurstudie in die sosiale wetenskappe te bestudeer.

Die inligting sal dan tesame met die resultate van die empiriese ondersoek (hoofstuk 4) gebruik word, in samehang met die basisteorie, om 'n praktykteorie te formuleer vir die ontwerp van 'n geskikte pastorale bedieningsmodel wat deur die plaaslike kerk gebruik kan word tot voordeel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes.

## 3.3 METATEORIE

"Metatheory is scientific premises that are shared more or less with other sciences" (Heyns & Pieterse, 1990:49.) Sisteemteorie (wat handelinge binne sisteme ondersoek) en handelingsteorie (wat die reaksie van die individu ondersoek) is van belang in die metateorie. In hierdie studie word

van die prakties-teologiese model van Zerfass gebruik gemaak. Olivier (2006:7) skryf die volgende aangaande die model van Zerfass: "This ("basis-theoretical perspective") is then followed by an empirical situation analysis whereby usefull knowledge from other fields and sciences is gained (meta-theoretical perspective)." Steyn (2004:4)(soos aangehaal deur Olivier, 2006:7) stel dat na hermeneutiese interaksie tussen die bogenoemde basis- en metateoretiese perspektiewe, kan 'n nuwe prakties-teologiese teorie ontwikkel word wat geïmplementeer moet word as 'n nuwe praktyk. Die perspektief sal dan wys hoe die kerk strategies ruimte moet skep of herskep vir mense om hulle spiritualiteit volledig uit te leef in vandag se wêreld.

Die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes word literêr ondersoek in terme van die nood en die uitdagings daarvan. Die ondersoek betree die veld van die sosiale wetenskappe om ook daardie stemme te hoor en in dialoog daarmee te tree "terwyl die kader van die teologiese wetenskappe nie agterweë gelaat moet word nie"(Minnie, 2003:19). Praktiese Teologie staan in die gebruikmaking van die resultate en metodes van die sosiale wetenskappe as 'n soort integrasiewetenskap tussen ander teologiese dissiplines aan die een kant en die sosiale wetenskappe aan de ander kant (De Wet, 2006:65 - 66).
Volgens De Wet (2006:70,71) is dit nodig om 'n eie beskouing oor die verhouding tussen Praktiese Teologie en ander wetenskappe duidelik te omlyn, sodat die teologiese kwaliteit van die Praktiese Teologie aan die een kant nie in gedrang kom nie, en die bydrae en insigte van die sosiale wetenskappe aan die ander kant, nie geïgnoreer word nie.
Volgens Van der Ven (1990:104) (soos aangehaal deur De Wet, 2006:71) is daar die volgende moontlikhede vir die inrigting van die verhouding tussen Praktiese Teologie en die sosiale wetenskappe:

- *Monodissiplinêre benadering*: Die Bybel of leer van die kerk word regstreeks aangewend vir die praktyk van religieuse handelinge.
- *Multidissiplinêre benadering*: Teologie en sosiale wetenskappe staan langs mekaar en die teologie spreek die laaste woord. Die bydraes van die sosiale wetenskappe is dan hulpwetenskaplik van aard.
- *Interdissiplinêre benadering*: Teologie en sosiale wetenskappe luister na mekaar. Beide verteenwoordig dus 'n ander invalshoek op dieselfde sosiale werklikheid. Die kerk kan dan bestudeer word as werkterrein van die Gees, maar ook as handelingsterrein van mense.

- *Intradissiplinêre benadering*: Hiervolgens word sosiaal-wetenskaplike metodes deur teoloë toegepas met 'n tipiese teologiese vraagstelling. Dit beteken dat teoloë die praktiese metodes van die sosiale wetenskappe moet leer.

Die *interdissiplinêre benadering* is bruikbaar omdat dit die verskillende invalshoeke bymekaar bring sonder dat een oor 'n ander heers.

Volgens Mouton & Marais (1992:198) word dit vandag algemeen in die wetenskapsfilosofie aanvaar dat geen wetenskaplike gevolgtrekking, konklusief deur empiriese bevindinge bewys kan word nie. Die wetenskaplike word altyd gedwing om: "die aannames onderliggend aan spesifieke teorieë, metodologiese strategieë, ens. wat nie in die betrokke studie getoets is nie, as waar te aanvaar". Metateoretiese aannames is sulke aannames wat onderliggend is aan die teorieë wat die bepalende konteks van die studie vorm.

## 3.4 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP MIV/VIGS

### 3.4.1 Die werklikheid van MIV/Vigs

- Ten einde substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes pastoraal te kan bedien moet die plaaslike kerk ingelig wees oor die effek van MIV/Vigs op veral kinders wat wees gelaat is as gevolg van MIV/Vigs en so ook op diegene wat hulle versorg as substituutversorgers.
- Dis ook nodig om ingelig te wees oor die algemene omvang van MIV/Vigs- geaffekteerdheid in die samelewing.

Miljoene mense word deur die MIV/Vigs-pandemie geaffekteer. Saayman & Kriel (1992:1) haal die opskrif in 'n artikel van die Saturday Star van 14 September 1991 aan: "SA on the verge of AIDS abyss." Dit is inderdaad die prentjie wat deur die jare ontwikkel het. "Yet the South African Government, medical fraternity, the Christian churches and other insititutions seem to be at a loss as how to respond to the possible abyss opening at ther feet" (Saayman & Kriel, 1992:1.) Momberg (2008) berig dat nuwe statistiek toon dat 2 miljoen meer mense in Suid Afrika MIV-geïnfekteer is as wat die meer resente regeringskattings wys. Volgens statistieke vrygestel deur

die Ontwikkelings Bank van Suid-Afrika is meer as 7,6 miljoen Suid Afrikaners MIV- positief - 2,2 miljoen meer as die Departement Gesondheid se 2007 syfers. Van hierdie geïnfekteerdes is ongeveer 6,1 miljoen ekonomies aktiewe mense tussen die ouderdomme van 20 en 64 jaar. Dis almal mense wat 'n bydrae kan lewer ten opsigte van die land se ekonomie.
Mense word emosioneel, sielkundig en fisies deur die siekte geaffekteer. Veral kinders word getref wanneer een of albei ouers die slagoffers geword het van MIV/Vigs en ouer kinders self die huishoudings moet hanteer en in sommige gevalle nog een ouer wat oorgebly het en wat ook geïnfekteer kan wees, moet versorg. Volgens Forster (2004:1) vra die verwoestende effek van MIV/Vigs op Afrika-gemeenskappe en in besonder op kinders, dat elke organisasie betrokke in die stryd teen die epidemie, moeite sal doen om nuwe strategieë te vind om beide die omvang van die probleem, sowel as die tydsaspek daarvan aan te spreek.

Muller & Pienaar (2004:1029) meen dat Suid-Afrika veral sedert 2000 enorme groei beleef het, maar dat die "noodlot" die land 'n geweldige hou toegedien het deurdat "apartheid" maar net deur MIV vervang is as vyand nommer een. Ons het bewus geraak van die MIV-pandemie as 'n onbeheerbare tragedie: "HIV/AIDS has claimed millions of lifes, inflicting pain and grief, causing fear and uncertainty, and threatening the economy" (Muller & Pienaar, 2004:1029.)
UNAIDS (1995 – 2005:1) stel dat vigsverwante sterftes besig is om te styg. Sterftes onder vroue tussen 20 en 39 jaar het meer as drievoudig toegeneem tussen 1997 en 2004. Volgens Momberg (2008) was die getal mense wat reeds vigs onderlede gehad het in die middel van 2007 1 287 844.
In die tydperk 1997 tot 2004 het sterftes aan vigsverwante siektes soos bv. Tuberkulose in die ouderdom 25 - 29 jaar sesvoudig toegeneem onder vroue en drievoudig onder mans. "The outbreak of extensively drug-resistant tuberculoses in 2006, with high mortality among HIV-infected patients, adds complexity to the response" (UNAIDS, 2006:1.) Volgens Momberg (2008) het nagenoeg 722 000 mense in die laaste jaar aan vigsverwante siektes gesterf wat die getal sterftes vanaf 2003 op 3,7 miljoen te staan bring.

In sommige lande, in besonder in Afrika (Suid van die Sahara), is die MIV-epidemie besig om die ontwikkelingsvooruitgang wat reeds gemaak is as deel van die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte te keer (Chasauka, 2006:13).
Chasauka (2006:13) haal die doelwitte aan met punt 6 as die vigsdoelwit. In hierdie stadium is die MIV-epidemie besig om die bereiking van ander doelwitte te verhinder:

"Goal 1: Eradicate extreme hunger and poverty;
Goal 2: Achieve universal primary education;
Goal 3: Promote gender equality and empower women;
Goal 4: Reduce child mortality;
Goal 5: Improve maternal health;
Goal 6: Combat HIV/AIDS, malaria and other diseases;
Goal 7: Ensure environment sustainability;
Goal 8: Develop a global partnership for development."

Chasauka (2006:14) wys op die verband tussen voeding en MIV/Vigs. Hierdie onderwerp is noodsaaklik vir die studie, aangesien voeding een van die kennisterreine by MIV/Vigs-geaffekteerdheid is.

Volgens Chasauka (2006:14) is wanvoeding en voedseltekort endemies in Afrika (Suid van die Sahara). Op gesinsvlak het siekte en dood as gevolg van vigs, familiegesondheid beïnvloed, insluitend versorgers se vermoë om die regte kos en voeding vir die familie te voorsien.

Die belangrikheid van goeie voeding in die voorkoming of hantering van MIV/Vigs is alombekend. Persone wat MIV-geïnfekteerd is en honger ly, is meer vatbaar vir opportunistiese infeksies en hulle kans om daarvan te herstel, veel minder.

### 3.4.2 Definisie van MIV/Vigs

Vigs word veroorsaak deur 'n virus, naamlik die Menslike Immuniteitsgebreksvirus.

Vigs kan as volg gedefinieer word:

- Dit is 'n *verworwe* immuniteitsgebreksindroom. Dit is verworwe omdat dit nie oorgeërf word nie.
- *Immuniteit* het te doen met die liggaam se vermoë om homself te verdedig teen infeksies en siektes.
- Die *gebrek* is 'n tekort in die liggaam. Dis 'n verswakking van die immuniteitsisteem, sodat dit nie langer weerstand het teen siektes en infeksies nie.
- *Sindroom* is 'n mediese term vir die versameling van spesifieke tekens en simptome wat tegelyk voorkom en kenmerkend van 'n besondere toestand is (Van Dyk, 2005:3).
- Vigs is nie 'n spesifieke "siekte" nie, maar 'n versameling van verskillende toestande. Dis eerder 'n sindroom van opportunistiese siektes, infeksies en kankers, waar elkeen van hierdie toestande die vermoë het om die lyer in die finale fase van die siekte te dood (Van

Dyk, 2005:3). "Like all viruses, HIV cannot grow or reproduce on its own. In order to make new copies of itself it must infect the sells of a living organism" (Noble, 2008:1.)

### 3.4.3 Ongeneeslikheid van MIV/Vigs

Saayman & Kriel (1992:2) sê waarom dit moeilik of dalk selfs onwaarskynlik is dat 'n geneesmiddel vir MIV/Vigs gekry kan word. Hulle gee vier redes:

- Vigs word veroorsaak deur 'n virus. Die virus infiltreer die liggaamselle en gebruik die meganismes van die selle om meer virusse te produseer. "HIV can only replikate (make new copies of itself) inside humans cells" (Noble, 2008:2.) Die kuur vir virale siektes, as iemand eers geïnfekteer is, is afhanklik van die liggaam se eie immuunsisteem. Dit maak die virusse dood. Die MIV/Vigs-virus vestig homself in die selle van die liggaam se immuunsisteem en word so beskerm teen aanvalle. So word dit immuun teen die immuunsisteem. Die gedagte is ook dat teenmiddels en voorkomingsmiddels die immuunsisteem moet stimuleer om virusse dood te maak voor dit die siekte kan veroorsaak. Dis daarom moeilik om 'n teenmiddel te vervaardig teen 'n virus wat hom in die liggaam se immuunsisteem bevind.
- Die virus verander beide in *struktuur* en *funksionering*: "This is called genetic drift, a phenomenon which is the cause fo the relative ineffectiveness of flu vaccine. Every few years the flu virus changes sufficiently for previous vaccines to be ineffective" (Saayman & Kriel, 1992:12.)
- Jackson (2002:41) (soos aangehaal deur Chasauka 2006:9) identifiseer twee soorte MIV, naamlik MIV-1 en MIV-2. MIV-1 is die virus wat algemeen in die Verenigde State van Amerika voorkom, asook in Afrika, Suid van die Sahara. Dit ontwikkel ook vinniger in vigs as MIV-2 wat meer algemeen in Wes-Afrika voorkom. Die virus muteer vinnig en dit maak dit vir navorsers moeilik om 'n effektiewe behandeling of teenmiddel te vind. As 'n teenmiddel of geneesmiddel gevind word, kan dit so duur wees dat dit net tot die beskikking van die bevoorregte minderheid kan wees.
- Volgens Noble (2008:3) is daar geen genesing vir vigs nie, maar die behandeling vir mense met MIV het baie verbeter sedert die middel 1990's. Diegene wat dit kan bekostig om 'n kombinasie van drie antiretrovirale middels te kan neem, kan verwag dat hulle gesondheid sal verbeter en dat hulle jare kan leef voordat hulle vigs ontwikkel. Ongelukkig het min mense toegang tot die behandeling. In die ontwikkelende wêreld is daar net 28% mense

wat die noodsaaklike medisyne kan bekom. Ander anti-vigs hulp soos onderrig, kondome, skoon naalde en programme om moeder-tot-kind oordrag te voorkom, is ook nie genoegsaam nie (Noble, 2008:3).

### 3.4.4 Globale en Plaaslike impak van MIV/Vigs

Fresen (2003:63) noem vigs die "First Epidemic of Globalization".

Daar behoort deur die wye lens van "national, international and global" gekyk te word na mense wat ly as gevolg van vigs. Soos die mensdom meer en meer bewus raak van globale en selfs kosmiese interafhanklikheid word die uitdaging om ook globaal hulp te verleen dringend en onontvlugbaar (Fresen, 2003:63). "Infectious disease epidemics are deeply rooted in the global social and economic life that we share.....AIDS is the first epidemic of globalization...It has spread rapidly because of the massive acceleration of communication...and the flagrant inequalities that exist within and between societies....It is the only disease to have a dedicated United Nations organization - UNAIDS - charged with the single aim of confronting it" (Fresen, 2003:63, 64.)

Noble (2008:1) argumenteer dat die geskiedenis van vigs 'n kort geskiedenis is. So onlangs soos die 1970's was niemand eers bewus van die dodelike siekte nie. Sedertdien het hierdie globale vigs-epidemie een van die grootste bedreigings vir menslike gesondheid en ontwikkeling geword .

Aan die *positiewe kant* is baie geleer oor die "wetenskap" van vigs, sowel as om dit te voorkom en te behandel (Noble, 2008:1).

Statistieke wys dat daar teen die einde van 2007 nagenoeg 33,2 miljoen mense wêreldwyd met MIV, die virus wat vigs veroorsaak, lewe (Noble, 2008:1). Dis 'n siekte wat wêreldwyd voorkom, maar in sekere lande is die impak net soveel meer as in ander lande (Noble, 2008:1; Chasauka, 2006:12). In sekere lande, Suid van die Sahara is een uit elke vyf volwassenes MIV-positief. Volgens Noble (2008:1) raak 2,5 miljoen mense jaarliks geïnfekteer en ongeveer 2,1 miljoen sterf jaarliks aan vigs. In Oos- Europa en Sentraal-Asië het die getal mense wat met MIV lewe, met 150% tussen 2001 en 2007 toegeneem.

Omdat MIV/Vigs 'n seksueel oordraagbare infeksie is, tref dit veral adolessente en jong volwassenes. Dood van jong volwassenes het 'n geweldig vernietigende effek op hulle families en gemeenskappe:

- Vaardighede gaan verlore;
- Werkmag verswak;

- Kinders raak wees;
- Die lewensverwagting het in sekere lande in Afrika geval na onder 40 jaar, terwyl dit sonder vigs 60 jaar sou wees.

Daar is tans 15 miljoen kinders wat 'n ouer aan vigs verloor het (Noble, 2008:2).

MacFarlane, hoof van navorsing by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (SAIRR) (soos aangehaal deur Pienaar, 2007:8) se mening is dat ons binnekort die gevolge gaan sien van die vroeëre skerp toename in die aantal mense met MIV, in die vorm van grootskaalse sterftes van ongekende omvang. Die omvattende verslag van die instituut is uitgereik in die week van 10 November 2007 (Pienaar, 2007:8):

- Sterftes onder jong volwassenes het die afgelope 10 jaar met 213% gestyg. Onder vroue tussen 30 en 34 jaar het dit binne sewe jaar na 1998 verdubbel. Die reuse groei kan net aan MIV/Vigs toegeskryf word.
- MIV het in 2005, 40% van sterftes veroorsaak en dit kan binnekort styg tot 50%. Luidens die SAIRR-verslag (Pienaar, 2007:8) duur dit gemiddeld vyf tot sewe jaar vandat iemand met MIV besmet is, totdat hy sterf. Volgens UNAIDS (2006:7) sê die US Bureau vir Sensus in hulle vooruitskatting dat die tydperk vanaf MIV-infeksie tot die ontwikkeling van vigs 7,5 jaar is en vanaf die ontwikkeling van vigs tot sterwe 1 jaar. Dis 'n totaal van 8,5 jaar. UNAIDS daarenteen se skatting is 10 jaar vanaf die MIV-infeksie tot sterfdatum. "Statistics South Africa also assumes a lag of 10 years from HIV infection to death in its population estimates for South Africa" (UNAIDS, 2006:7.) Hierdie tydperk is belangrik ten opsigte van statistiek. Volgens UNAIDS (2006:8) was die eerste vigs aanmelding in Suid-Afrika in 1982. Sterftes in die laat 1990's as gevolg van MIV/Vigs sou dan toegeskryf kan word aan die infekterings van die laat 1980's.
- Volgens MacFarlane (soos aangehaal deur Pienaar, 2007:8) is die enigste hoop vir diegene wat reeds MIV-positief is dat die antiretrovirale behandelingsprogram met rasseskrede uitgebrei word: "Daar is na raming meer as 5,4 miljoen, MIV-positiewe persone in Suid-Afrika, met net meer as 300 000 wat met die medisyne behandel word" (Pienaar, 2007:8.) "In 2006, more than 300 000 people living with HIV had started treatment in public and private sectors, making it one of the largest programmes in the world" (UNAIDS, 2006:1.)
- Volgens Pienaar (2007:8) toon Statistiek Suid-Afrika se syfers dat MIV onder blankes tussen 1991 en 2004 gestyg het van 0.38% tot 5,58%. Onder swart mense het dit van 0.93% tot

16,04 % toegeneem. Onder bruin mense was die toename van 0,39% tot 6,84% en onder Indiërs van 0,13% tot 2,7%.

- Die verslag toon volgens Pienaar (2007:8) aan dat 18% van die land se werkmag waarskynlik MIV-positief is.

### 3.4.5 Kernoorsake van die MIV/Vigs-pandemie

Kreatiewe verantwoordelikheid roep om die aanspreek van die kernoorsake van die pandemie (Fresen, 2003:66):

- Die onregverdige ekonomiese strukture wat baie nasies in armoede hou, terwyl ander ongelooflike rykdom beleef;
- Die feit dat vroue as seksobjekte behandel word met geen seggenskap oor hulle eie liggame nie of wat uit desperaatheid gedryf word om in gedragspatrone betrokke te raak wat hulle aan die virus blootstel, asook die skokkende getal verkragtings hier en wêreldwyd;
- Die fisieke en seksuele uitbuiting en tuis- en sosiale geweld wat wêreldwyd geduld word;
- Die heersende onbetrokkenheid ten opsigte van MIV/Vigs.

In die Afrika-ekonomiese konteks, is armoede seker die belangrikste faktor wat die verspreiding van MIV/Vigs aanhelp (Saayman & Kriel, 1992:23). Dis ook waar dat prostitusie as 'n belangrike oorsaak van verspreiding van MIV/Vigs onder heteroseksuele beskou word. "It is rather a phenomenon associated with poverty and migrant labour" (Saayman & Kriel, 1992:23.) Volgens hierdie skrywers wat ook vanuit 'n sosiologiese perspektief geskryf het, het apartheid met die meegaande trekarbeidsisteem 'n groot invloed gehad ten opsigte van die beïnvloeding van seksuele gedragspatrone. Dit het weer aanleiding gegee tot drastiese verspreiding van MIV/Vigs. Verbetering van die situasie kan nie alleen plaasvind deur die promovering van geslote verhoudings sonder die aanspreek van hierdie sosiale faktore nie. Die Christelike kerk in ons land het volgens Saayman & Kriel (1992:54) die uitdaging om die politieke en ekonomiese strukture wat geslote seksuele verhoudings moeilik maak, aan te vat.

Mashau (2007:48) maak 'n punt daarvoor uit dat jongmense wat gaan trou die beginsel van onthouding moet toepas. Hulle kan dit doen deur die beheer van hulle seksdrange of andersins behoort hulle te trou. Hierdie werk van Mashau gaan oor voorhuwelikse toerusting of berading binne Afrika-konteks. Die beweging wêreldwyd van die silwerring waardeur jongmense voorhuwelikse seks afwys, kan ook met groot welslae aangemoedig word by skole en kampusse.

Gill (2006:20) gebruik die opskrif: "God and Abstinance." Die boodskap is dat 'n epidemie seksueeloordraaglike siektes in Amerika floreer. Vyftig jaar terug was daar maar twee erkende seksueel oordraaglike siektes. Tans is daar vyf-en-vyftig en tweederdes kom voor tussen jong mense onder 25 jaar. Die vraag van dokter Coburn (soos aangehaal deur Gill, 2006:21) is binne die konteks: "What would happen if young women under 20 started saying no to sex?....Disease would be down, pregnancies would be down and you'd all get a rest." Hierdie standpunte bring 'n moreel aanvaarbare en blywende oplossing vir baie mense.

Muller & Pienaar (2004:1030) handel oor die invloed van MIV/Vigs op swart vroue in die sogenaamde histories agtergeblewe gemeenskappe. Sulke vroue ervaar eintlik 'n drie-ledige verdrukking:

- Die sosiale effek van apartheid sou vroue ekonomies en sosiaal gemarginaliseer het;
- Patriargie, ingebed in kulturele-, geslags- en geloofsdiskoerse laat vroue sonder inspraak en laat hulle ontmagtig;
- MIV teiken ook die mees weerlose van die samelewing, naamlik vroue en kinders. Nie alleen is vroue die meeste blootgestel aan MIV-infeksies nie, maar hulle dra ook die grootste las as versorgers van die siekes en die sterwendes.

Dit is al vir die afgelope dekade bekend dat geslag, seksualiteit (en patriargie) belangrike faktore is in die seksuele oordraging van MIV (Muller & Pienaar, 2004:1030). Dit is bekend dat bg. faktore ook behandeling, versorging en ondersteuning beïnvloed. Vroue se toegang tot behandeling en versorging is ook meer beperk as die van mans, aangesien vroue hulle beskikbare inkomste op die huishouding en kinders spandeer eerder as wat hulle na hulle eie gesondheidsbehoeftes omsien. Die druk is soveel groter op vrouens: "Women almost exclusively bear the brunt of providing care and support for the chronically sick and the orphans at home, at hospital and in home care programmes" (Muller & Pienaar, 2004:1030.) Vroue het volgens Saayman & Kriel (1992:28) meestal nie die tyd en geld om oorvol klinieke te besoek nie en gewoon ook nie die ekstra geld om kondome te koop nie.

Herholdt (soos aangehaal deur Muller & Pienaar, 2004:1031) meen dat denke ingebed in geslag, patriargie en kultuur, wat vroue wat geïnfekteer en geaffekteer is deur MIV/Vigs, magteloos laat om besluite te neem ten opsigte van versorging, teengestaan behoort word deur 'n *postmoderne teologie*. So 'n teologie is in 'n sin, 'n herwaardering van menslike deelname. "A post-modern

approach to practical theology and thus pastoral theology needs to be holistically integrated with the task of social transformation" (Gerkin, 1997:74.)

Volgens Muller & Pienaar (2004:1031) kan die *profetiese tradisie* 'n alternatiewe persepsie op die werklikheid gee. Dit geld veral die beginsel van geregtigheid asook die bewustheid van sistemiese onreg en dominering van ander.

### 3.4.6 Stigma

Sosiale reaksie van vrees, ontkenning, stigma, vooroordeel en diskriminasie is deel van die samelewing vandat MIV/Vigs die eerste keer geïdentifiseer is (Fredriksson & Kanabus, 2008b:1). Diskriminasie het vinnig versprei en angstigheid en vooroordeel aangeblaas teenoor die groepe wat die meeste geaffekteer is, sowel as diegene wat met MIV/Vigs lewe. Oor die wêreld heen kon MIV/Vigs volgens Fredriksson & Kanabus (2008b:1) twee reaksies ontlok :

- Reaksies van omgee, solidariteit en ondersteuning (positief);
- reaksies van stigma en diskriminasie soos mense wat deur MIV geïnfekteer is, verstoot is deur families, geliefdes en gemeenskappe (negatief).

Stigma is 'n magtige wapen. Dit kan gebruik word om:

- Te marginaliseer;
- Uit te sluit;
- Mag uit te oefen oor sekere sosiale groepe soos homoseksuele, dwelmgebruikers en sekswerkers. Deur so op te tree kan sekere groepe hulleself verskoon van die verantwoordelikheid om mense te versorg wat aan MIV/Vigs ly (Fredriksson & Kanabus, 2008b:1).

Daar is verskillende *faktore* wat bydra tot die MIV/Vigs-verwante stigma (Fredriksson & Kanabus, 2008b:1):

- MIV/Vigs is 'n lewensbedreigende siekte;
- Mense is bang om met MIV geïnfekteer te word;
- Die siekte word geassosieer met gedrag wat reeds in baie gemeenskappe gestigmatiseer is soos bv. seks tussen mans, asook die gebruik om dwelms in te spuit;
- Mense wat met MIV/Vigs lewe word geëtiketteer as verantwoordelik vir die infeksie wat hulle het;

- Godsdienstige en morele beskouings maak dat mense glo dat om MIV/Vigs te hê die gevolg is van morele verval wat regverdig om gestraf te word.

Daar is ook 'n reeks *beelde* oor MIV/Vigs wat gebruik word om stigmatisering te versterk en te verdedig (Fredriksson & Kanabus, 2008b:2):

- MIV/Vigs as *straf* vir bv. immoraliteit;
- MIV/Vigs as *misdaad* bv. ten opsigte van die onskuldige partye;
- MIV/Vigs as *stryd* bv. teen die virus wat beveg moet word;
- MIV/Vigs as *vreesaanjaend* bv. as die geïnfekteerde mense gedemoniseer en gevrees word;
- MIV/Vigs as "anders". Dit is bv. 'n siekte vir die wat gemarginaliseer is.

Vorms van diskriminasie (Fredriksson & Kanabus, 2008b:3):

- In sommige samelewings kan wette, reëls en beleide die stigmatisering aanhelp, bv. as mense geleer word om op vlug te wees omdat die siekte 'n gesondheidsrisiko vir ander sou inhou. Om hierdie diskriminasie teen te werk is daar in sekere lande wette wat die vryheid van mense wat aan MIV/Vigs ly te beskerm.
- Die onbillike behandeling van mense wat verdink word dat hulle aan MIV/Vigs ly is algemeen bekend. Dit kan selfs so ver gaan as moord.
- Stigmatisering van vroue is baie akuut. Hulle word ook anders as mans wat aan MIV/Vigs ly, behandel. In sommige gemeenskappe raak vroue wat aan MIV/Vigs ly, ekonomies, kultureel en sosiaal al meer agtergeblewe en kry nie altyd gelyke mediese behandeling, finansiële ondersteuning en onderwys wat hulle behoort te kry nie. Dit gebeur omdat hulle gebrandmerk word as die primêre verspreiders van seksueel oordraagbare siektes.

Binne families kan dit ook gebeur dat geïnfekteerde lede van 'n gesin, hulle in 'n omgewing van stigma kan beleef en ook dat teen hulle gediskrimineer word binne die raamwerk van die familie (Fredriksson & Kanabus, 2008b:3).

Die "Second South African national HIV household survey" (Sahara, 2007:4) wys dat die oorweldigende meerderheid van mense bereid is om 'n vigspasiënt te versorg. Volgens die ondersoek dink meer as die helfte Suid-Afrikaners van 15 jaar en ouer nie dat dit verkeerd is om met iemand met MIV/Vigs te trou nie. Byna dieselfde hoeveelheid respondente sou ook nie 'n probleem hê met beskermde seks met 'n MIV-positiewe persoon nie. Die verslag kom tot die

gevolgtrekking dat Suid-Afrikaners MIV/Vigs begin aanvaar as 'n werklikheid en dat stigmatisering 'n al hoe kleiner wordende faktor is, veral in *stedelike* gebiede. In *landelike gebiede* bly dit steeds 'n probleem.

Die MIV/Vigs-epidemie het van die begin af gepaard gegaan met 'n epidemie van vrees en ontkenning (Kidd, 2008:4). Dit het gelei tot stigmatisering van en diskriminasie teen mense met MIV/Vigs. Kidd (2008:2) verwys ook na Ethiopië en wys daarop dat onkunde oor MIV/Vigs en reaksie van vrees, vooroordeel en bekommernis dien as bronne vir stigma en diskriminasie.

Stigma is steeds 'n groot faktor. Volgens Uys & Cameron (2004:176) werk die stigma rondom MIV/Vigs negatief in op die gewilligheid van families om weeskinders te versorg en te ondersteun. Die gevolg hiervan is dat meer kinders op straat land wat weer die eksploitering en verwaarlosing van kinders verhoog.
Kinders is baie meer broos as volwassenes, veral as hulle die moontlikheid van stigma ten opsigte van hulle eie status sowel as ouers en versorgers se status in die oë moet kyk. Na die dood van 'n versorger kan die stigma steeds voortgaan. Hulle kan verwerp of op neergekyk word deur die uitgebreide familie of gemeenskap.

Bor & Elford *et al.* (1998:211) dui in 'n studie die stigmatisering van vigswesies in 'n gemeenskap in Zimbabwe aan. Vigswesies is deur die bepaalde gemeenskap geken as kinders wie se ouers aan vigs gesterf het. Oor van die kinders is gesê dat hulle nie vriende het nie en ongelukkig is. Van hulle was verwaarloos sonder versorging, tekort aan kos en met gesondheidsprobleme. Jong kinders moes gaan werk en versorgers het nie aan hulle skoolfooie voorsien nie. Party is misbruik en geslaan en het van die huis weggeloop. Gemeenskapswerkers berig ook oor die weeskinders wat deur versorgers anders hanteer is as eie kinders.

Stigma en diskriminasie is *teenproduktief* ten opsigte van die effektiewe bekamping van MIV/Vigs (Fredriksson & Kanabus, 2008b:4):

- Dit veroorsaak dat mense nie hulp wil soek nie. Daar is die vrees dat mense wat MIV-positief is of daarvan verdink word, uitgesluit kan word ten opsigte van mediese behandeling, indiensneming asook toegang tot 'n ander land. Hulle sou uitgestoot kon word deur families en verwerp kon word deur vriende en kollegas. Dit plaas ook 'n las op diegene wat agterbly of wat met hulle geassosieer word.

- Ontkenning is die verdere gevolg. Mense ontken dat MIV/Vigs deel van hulle gemeenskappe is.

Dit is moontlik om *vooruitgang* te maak in die oorkom van stigma en diskriminasie (Fredriksson & Kanabus, 2008b:5):

- Dit kan gedoen word deur die *wetlike* proses. Mense wat met MIV/Vigs lewe behoort hulle regte te ken. Dit vra toerusting. Institusionele en moniterende masjinerie kan die regte van mense wat aan MIV/Vigs ly, afdwing en so die effek van stigma en diskriminasie laat afneem.
- Geen wet of beleid kan die situasie alleen beregtig nie. Die vrees en vooroordeel wat onder die oppervlakte lê van stigmatisering moet deur die gemeenskap en op nasionale vlak aangespreek te word. Volgens Fredriksson & Kanabus (2008b:5) moet 'n meer bemagtigende situasie ontwikkel waarbinne mense wat met MIV/Vigs lewe, sigbaar deel van die samelewing kan wees.

### 3.4.7 AFLEIDINGS

- MIV/Vigs het 'n massiewe impak op die wêreld, maar ook op die onmiddellike omgewing van die plaaslike kerk.
- Die wese van MIV/Vigs sowel as mediese versorging deur die Westerse- en Afrika sisteem van behandeling is onbekend aan baie mense en onbereikbaar vir baie.
- Die worteloorsake van die MIV/Vigs-pandemie word nie volledig aangespreek nie.
- Die invloed van armoede, veral by vroue en kinders, op die intensivering van die pandemie kan nie onderskat word nie.
- Sistemiese onreg verhoog die verspreiding van MIV/Vigs.
- Stigmatisering van MIV/Vigs inhibeer die hantering van die krisis en dra by tot die negatiewe spiraaleffek van MIV/Vigs op die samelewing.
- MIV/Vigs se impak is nie volledig bekend nie.

## 3.5 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP MIV/VIGSWESIES

### 3.5.1 Inleiding

Die studie fokus op die substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes. In terme van MIV/Vigs-geaffekteerdes handel dit hoofsaaklik oor *kinders* wat wees gelaat is as gevolg van MIV/Vigs, of anders gestel, "vigswesies" soos algemeen na hulle verwys word. Van hierdie geaffekteerdes kan dan by implikasie ook geïnfekteerdes wees, m.a.w. hulle kan ook aan MIV/Vigs ly. Geaffekteerdes sou egter ook vroue insluit wat 'n lewensmaat verloor het as gevolg van MIV/Vigs, maar nie ekonomies so bemagtig is dat sy vir haarself kan sorg nie. So 'n geaffekteerde sou ook aan 'n substituutversorger oorgelaat kon wees vir oorlewing.

### 3.5.2 Kinders met MIV

Die tweede Suid-Afrikaanse Nasionale MIV-huishouding Ondersoek (Sahara, 2007:5) gee die volgende getalle en inligting oor kinders met MIV/Vigs:

Getalle: Kinders 2 - 4 jaar: 129 621
Kinders 5 - 9 jaar: 214 102

Infektering:

Volgens Momberg (2008) is meer as 92 000 babas die afgelope jaar geïnfekteer, voor geboorte of deur moedersmelk.

- 6 % van alle onlangse MIV-infeksies in Suid-Afrika het voorgekom by kinders 2 - 14 jaar;
- 3,3% infeksie het plaasgevind by kinders tussen 5 - 9 jaar (Sahara, 2007:5).

Hierdie infeksies kan nie altyd duidelik verbind word met moeder-tot-kind oordraging nie. Dit kan moontlik ook die gevolg wees van seksuele misbruik en infeksie in die gesondheidsorgsisteem. Ander bevindinge suggereer dat kinders gereeld sonder toesig is en alleen skool toe en na ander plekke heen loop wat geleentheid skep vir seksuele misbruik.

### 3.5.3 Definiëring van vigswesies

Forster & Williamson (2000:275) stel dat die Engelse woord "orphan" afgelei is van Grieks en Latynse wortels, wat beteken: "a child bereaved by the death of one or both parents."

Volgens Forster & Williamson (2000:275) definieer baie skattings en modelle 'n weeskind as een waar die *moeder* dood is. Die rede is dat die "maternal" demografiese data makliker verkrygbaar is in opnames. "In developing countries, loss of a father may have greater sosio-economic impact than loss of a mother" (Forster & Williamson, 2000:275.)

UNAIDS (2002) beskryf 'n weeskind as 'n kind wat een of beide ouers verloor het.
Vigswesies sou dan kinders tot die ouderdom van 15 jaar wees wat een of beide ouers aan MIV/Vigs verloor het. Meeste bepalings vir weeskinders stel die ouderdom op 15 jaar vas. "Maternal orphans are children whose mother has died but whose father is alive. Similarly paternal orphans are those whose father is dead but the mother is alive" (Maqoko & Dreyer, 2007:722.)

Data ten opsigte van kinders 15 - 17 jaar word dan gewoonlik weergegee saam met volwasse 15 - 49 jaar kategorie.
'n Kind word vanuit 'n regsperspektief gedefinieer as 'n persoon onder 18 jaar (Forster & Williamson, 2000:276). "From a practitioner perspective, community programmes target children in difficult circumstances which includes maternal and paternal orphans under 18 years" (Forster & Williamson, 2000:276.) In sommige kulture kan dit 'n kind wees wat een ouer verloor het, terwyl dit in ander kulture kan verwys na 'n kind wat beide ouers verloor het.
Om weeskinders as kinders onder 15 jaar te definieer kan volgens Forster & Williamson (2000:276) die aandag aftrek van die behoeftes van ouer adolessente wat die seksuele en ekonomiese eksploitering van adolessente meisies insluit.

- Kinders is direk geaffekteer deur MIV/Vigs as hulle wees gelaat is.
- Verder word meer kinders indirek geaffekteer wanneer hulle naby familie of uitgebreide familie, hulle gemeenskap en wyer, asook die strukture en dienste wat tot hulle voordeel bestaan, onder spanning kom as gevolg van die gevolge van MIV/Vigs (Forster & Williamson, 2000:276).

Volgens Forster & Williamson (2000:276) is daar 'n onbekende aantal kinders met ouers met vigsverwante simptome. Baie ouers het vigs maar wys nog nie simptome. In Afrika is daar baie kinders wat by familieverwante in pleegsorg is.

Sommige van die wesies is gelukkig in die opsig dat hulle gebore is voor hulle ouers geïnfekteer is met MIV, terwyl ander geïnfekteer is as gevolg van moeders wat nie toegang gehad het tot 'n program wat AZT gebruik om moeder-kindoordrag te verhoed nie. As gevolg van gebrekkige inligting, afsondering en swak geskooldheid is daar baie moeders wat gewoon ook nie bewus is van die regte medikasie nie. Ng'weshemi *et al.* (1997:349) sê dat MIV-infeksie by kinders redelik algemeen is, maar soms eers in 'n later fase ontdek kan word. Dit kan gebeur omdat sekere simptome ooreenstem met die simptome van ander kindersiektes. Die toetse tot op 18 maande kan vals positief toets as gevolg van die moeder se teenliggaampies wat vir 'n lang periode in die kind teenwoordig kan wees.

#### 3.5.3.1 Vigswesies

Frediksson & Kanabus (2008a:1) sê dat daar nagenoeg 15 miljoen kinders wêreldwyd onder 18 jaar is wat wees is as gevolg van vigs. Meer as 12 miljoen van hierdie kinders is in Afrika, Suid van die Sahara. Daar word bereken dat 9% van alle kinders minstens een ouer verloor het. Daar kan teen 2010 reeds 15,7 miljoen vigsweeskinders in Afrika, Suid van die Sahara, wees. Die ouderdomsverspreiding van vigswesies is min of meer dieselfde oor landgrense heen (Fredriksson & Kanabus, 2008a:1):

| | |
|---|---|
| 0 - 4 jaar | 15% |
| 0 - 9 jaar | 35% |
| 10 -14 jaar | 50% |

Volgens Momberg (2008) het 1,2 miljoen van die land se 1,49 miljoen weeskinders hulle ouers as gevolg van vigs verloor en na verwagting sal die getal met meer as 336 000 hierdie jaar alleen toeneem.

'n Artikel, "AIDS orphans in Sub-Saharan Africa: a looming threat to future generations" (UNAIDS, 2007:1), stel dat daar meer as 34 miljoen weeskinders in Afrika, Suid van die Sahara, is en dat ongeveer 11 miljoen wees is as gevolg van MIV/Vigs. Die gevolg is dat die siekte van 'n hele geslag kinders, weeskinders maak en die volgende aantas:

- Hulle gesondheid;
- Hulle regte;
- Hulle welstand;
- Hulle oorlewing;
- Die algemene ontwikkelingsvooruitsigte van hulle lande.

Die las van versorging van die meeste van hierdie weeskinders lê op die skouers van reeds oorlaaide uitgebreide families. Vroue en grootouers met die laagste bronne van inkomste is in die meeste gevalle hulle versorgers. Sulke huishoudings verdien tot 31% minder as ander huishoudings.

Gevolge:

Straatlewe word deel van baie weeskinders. Hulle ly reeds aan swak gesondheid, trauma en psigologiese stres. Dit maak hulle soveel meer die teikens van misbruik en eksploitering.

Terwyl pogings aangewend word vir die regte respons op die epidemiese gevolge, lewe miljoene kinders getraumatiseerde, onstabiele lewens, nie net beroof van hulle ouers nie, maar ook van hulle kindwees en toekoms (UNAIDS, 2007:1).

UNAIDS (2006:20) maak die volgende stelling: "The HIV epidemic has greatly increased the percentage of children who are orphans."

- Die persentasie "dubbel" weeskinders (waar beide ouers dood is) het toegeneem van ongeveer 1,4 % in 1995 tot 2,7% in 2005;
- Die persentasie van kinders waar minstens een ouer dood is, het toegeneem van 14% in 1995 tot 16% in 2005.

UNAIDS (1995 - 2005:8) maak melding van die bevindings van die "Nelson Mandela HRSC Study of HIV/AIDS 2002)". Dit gaan ook oor weeskinders:

- Ten opsigte van die ouderdomsgroep 10 - 14 is die persentasie waar albei ouers oorlede is, 3,5%;
- waar minstens een ouer oorlede is,16,4%.

Volgens Forster & Williamson (2000:275) sal langtermyn oplossings gevind moet word vir die kinders aangesien die impak van MIV/Vigs sal aangaan selfs al neem die infeksies in die volgende paar jaar af. Die rede is dat die lang inkubasieperiode van die virus tot gevolg het dat die sterftesyfers nie voor 2020 sal afneem nie. Dit beteken verder dat die hoeveelheid weeskinders buitengewoon hoog sal bly, tot sover as 2030.

Volgens UNAIDS (2006:20) is die Suid-Afrikaanse bevolking as volg saamgestel: 79% is "Africans" (swart mense) en 21% "non-Africans".

Die "non-Africans" word in drie groepe ingedeel nl. blankes, gekleurdes en diegene van Indiese- of Asiatiese afkoms:

- blankes 45%;
- gekleurdes 41%;

- 14% van Indiese of Asiatiese afkoms.

Volgens die verslag is daar nie 'n wesenlike stygende tendens by die "non-African" groepe in terme van kinders wat wees gelaat is deur verlies van moeders en vaders weens MIV/Vigs nie.

Venter (soos aangehaal deur Cabsa Caris, 2006) skryf: "A further challenge would be the provision of care and support to growing numbers of orphans, expected to double between 2006 and 2015 to an estimated 2,5 million children."

#### 3.5.3.2 Ouderdomsgroep 15 – 24 en verder

Volgens Johnson (2006) was daar ten spyte van die jeuggerigte offensief ongeveer 250 000 nuwe gevalle van HIV infektering in die ouderdomsgroep 15 - 24 jaar.

Verder was daar in 2006, 950 vigsverwante sterftes per dag in Suid-Afrika en 1400 nuwe infeksies per dag wat neerkom op 'n totaal van 530 000 nuwe infeksies per jaar.

In plaas van 'n *globale optrede* is daar eerder 'n *globale ontkenning* van die uitdaging van vigs: " ...in the face of an overwhelming problem affecting not only individuals, families and communities but entire societies" (Fresen, 2003:64.) Om om te gee is dan die teenpool van apatie: "Our responsibility is to care for one another, to be concerned that "the Body of Christ has AIDS" (Fresen, 2003:64.)

### 3.5.4 Behoeftes en probleme van vigsweeskinders

Alle kinders het die volgende behoeftes as hulle hulle lewe wil geniet, hulle volle potensiaal wil ontwikkel en wil ontwikkel in deelnemende, bydraende volwassenes (Uys & Cameron, 2004:180; Ng'weshemi *et al.*, 1997:308):

- *Fisiese behoeftes:* Die verlies van 'n ouer as gevolg van vigs het ernstige gevolge vir kinders se toegang tot basiese noodsaaklikhede soos behuising, kos, klere, gesondheid en onderwys. Die meerderheid van weeskinders kan dalk in groot, vrou geleide huishoudings wees met min lewensmiddele. Dit beteken dat die weeskinders moet bydra tot sulke huishoudings, met die gevolg dat hulle strate toe gedryf word om te werk, te bedel of kos te soek. Kinders wat in huishoudings is waar een ouer reeds dood is, en in die sorg van een ouer of ander familielid is, het soms die verantwoordelikheid om te help met die

huishouding, na ander kinders om te sien en om siek of sterwende ouers te versorg (Fredriksson & Kanabus, 2008b:3).

- *Emosionele behoeftes*: Fredriksson & Kanabus ( 2008b:2) sê dat kinders wie se ouers met MIV leef, reeds lank voor die ouers se dood negatiewe veranderings in hulle lewens ervaar. Hulle kan emosionele verwaarlosing beleef. Daarna beleef hulle die ouers se dood met al die gepaardgaande trauma. Die nuwe aanpassing met geen of bietjie ondersteuning is emosioneel uitputtend. Verder kan hulle eksploitering en misbruik ervaar. Volgens 'n studie in landelike Uganda is hoër vlakke van angstigheid, depressie en woede by vigsweeskinders gevind as by ander kinders.
- *Psigologiese behoeftes:* Irrasionele vrese vir infeksie kan lei tot isolasie van die geïnfekteerde persoon, sowel as vir diegene wat hom/haar versorg. Vigs is dus 'n toestand gelaai met emosies van psigologiese wanhoop, ontkenning, blamering van ander en gevoelens van hooploosheid vir die toekoms (Ng'weshemi *et al.*,1997:309). Psigologiese probleme by vigsweeskinders kan vererger wanneer 'n kind gedwing sou word om van die ander kinders in die gesin te skei. Volgens Fredriksson & Kanabus (2008b:2) het 'n studie in Zambië gewys dat tot 56% van kinders nie meer saam met die res van hulle broers en susters woon nie.
- *Intellektuele behoeftes*: Die behoeftes van kinders, wees gelaat as gevolg van MIV/Vigs is baie en wyer as fisieke en materiële behoeftes. Fredriksson & Kanabus (2008b:3) sê dat weeskinders ook buite die skool om waardevolle lewensvaardighede en praktiese kennis, wat deur hulle ouers aan hulle deurgegee kon word, ontbeer. Sonder sodanige kennis, tesaam met gebrek aan skoolonderrig, kan kinders verseker sosiale, ekonomiese en gesondheidsprobleme ervaar soos hulle ouer word.
- *Gesondheidsorg en Onderwys:* Ng'weshemi *et al.* (1997:308) meld dat vir kinders wat agterbly nadat ouers oorlede is, voortgaande onderwys van uiterste belang is. Terwyl ouers siek is, kan kinders uit die skool gehaal word om na hulle geïnfekteerde ouers om te sien. Voorsiening van skoolgelde en uniforms is belangrik omdat onderwys ervaar kan word as die deurgang na 'n beter toekoms. As gevolg van hulle situasie is hulle prestasie op skool soms nie na wense nie. Volgens Fredriksson & Kanabus (2008b:3) kan uitgebreide gesinne skoolfooie as 'n belangrike faktor beskou waarom hulle nie addisionele kinders wat wees gelaat is as gevolg van vigs, inneem nie.

Ander behoeftes:

- Inkomste generering;

- Ouers en vriende;
- Ontspanning;
- Geen diskriminasie teen hulle (wetlike beskerming): Stigmatisering in en deur die samelewing is soms 'n werklikheid vir weeskinders wat nog besig is om hulle ouers se dood te verwerk. Die spanning en sosiale isolasie wat deur hierdie kinders ervaar word, voor en na hulle ouers se dood, stem ooreen met die skaamte, vrees en verwerping wat deel is van mense wat geaffekteer is deur MIV en vigs. As gevolg van hierdie stigma, word kinders soms toegang tot skole en gesondheidsorg geweier. Na hulle ouers se dood kan die kinders ook hulle erfporsies en eiendom ontbeer. Sulke kinders kan ook beskou word as MIV- positief wat verdere diskriminasie aanhelp en hulle toekoms kompromitteer (Fredriksson & Kanabus, 2008b:3).

Ng'weshemi *et al.* (1997:342) noem *vier* moontlikhede wat in 'n omgewing vir vigswesies gedoen kan word wat 'n verskil kan maak:

- Totstandkoming van *kinderhuise:* Dis egter baie duur en help net 'n aantal kinders vir wie daar nie ander oplossings is nie.
- *Direkte ondersteuning ten opsigte van basiese behoeftes*: Dit sluit in kos, klere, ander basiese benodighede en geld. Sulke programme kan arm families help, maar is nie volhoubaar op die langtermyn nie.
- *Direkte ondersteuning ten opsigte van onderwys*: Daar kan gehelp word met skoolfooie en uniforms. Hoë koste, probleme om teiken kriteria te bereik, onbekende effektiwiteit en lae volhoubaarheid maan ook hier tot versigtigheid.
- *Voedingsplekke en kindersorgsentrums*: Sulke sentra word veral vanuit die gemeenskap ondersteun en fokus op lae ouderdom kinders. Volgens Ng'weshemi *et al.* (1997:346) is sulke sentrums in Tanzanië relatief suksesvol. Dit verskaf die regte voeding en gee aan versorgers meer tyd vir werk en die generering van inkomste.

### 3.5.5 Vigswesies en Ubuntu

Ubuntu is 'n etiese of humanistiese filosofie wat fokus op mense se alliansies met, of verhoudings tot mekaar. Die woord het sy oorsprong in die swart tale van Suid-Afrika. Dit word gesien as 'n tradisionele Afrika konsep (Wikipedia, 2007:1). Aartsbiskop Tutu (1999) (soos aangehaal deur Wikipedia, 2007:1) gee die volgende wyer definisie: "A person with Ubuntu is open and available to

others, does not feel threatened that others are able and good, for he or she has a proper self-assurance that comes from knowing that he or she belongs in a greater whole and is diminished when others are humiliated or diminished, when others are tortured or oppressed." Volgens Louw (1998) (soos aangehaal deur Wikipedia, 2007:1) definieer Ubuntu die individu in terme van die verskeidenheid van verhoudings met ander. Hy beklemtoon ook Ubuntu as godsdienstige konsep. Binne die Zoeloe-omgewing beteken dit "'n persoon is 'n persoon deur (ander) persone". Indien 'n persoon deur sy lewe die beginsel van Ubuntu uitleef, sal hy ook in die dood 'n verbintenis met die lewendes hê.

Maqoko & Dreyer (2007:720) se relevante vraag in terme van die baie huisgesinne met kinders as hoofde is, wat in sekere gemeenskappe geword het van "Ubuntu" (menslikheid), "...the African philosophy which should help create an environment which is supportive of people in need".
Volgens Sloth-Nielsen (2002:24) word die grootste hoeveelheid kinders wat wees is as gevolg van MIV/Vigs nie in formele alternatiewe versorgingstrukture geplaas nie. "The African Kinship care system that would once have absorbed children without parents into communal life can no longer be relied upon to fulfill that function" (Sloth-Nielsen, 2002:24.) Pleegouers versorg 35% van sulke kinders teenoor net 0,1% wat aangeneem word.
'n Groot persentasie van kinders wat wees is as gevolg van MIV/Vigs bevind hulle in huishoudings waarvan kinders die hoof is.
Redelikergewys sou gesê kon word dat die verantwoordelikheid om kinders te versorg 'n groot probleem geword het omdat armoede en werkloosheid dit moeilik gemaak het vir families en uitgebreide families om kinders wat wees gelaat is as gevolg van MIV/Vigs, te versorg (Maqoko & Dreyer, 2007:722).

### 3.5.6 Kinders en onvoorsiene dood van ouers

Kübler-Ross (1991:73) stel dat die dood van 'n geliefde altyd 'n hartseer gebeure is. Die gevolglike optrede van die naasbestaandes hang dan af van baie verskillende faktore, onder andere die ouderdom van die oorledene. So speel *ander* omstandighede ook 'n rol, soos:

- die oorsaak van dood;
- die skielikheid daarvan;
- die voorbereidheid;

- Die graad van vorige soortgelyke gebeure in die kind se ervaringswêreld sal ook die periode van rousmart beïnvloed.

Vir iemand wat bewus geword het van MIV-positiewe status is dit moeilik om hierdie kennis oor te dra, veral aan die afhanklike kind. Om aan 'n kind oor te dra dat so 'n persoon gaan siek word en sterf, dalk tydens die kind se kinderjare, is baie moeilik.

Volgens Wiener (1998:327) kompliseer die stigma rondom MIV/Vigs ook die besluit om inligting met kinders te deel. Iewers moet die kinders egter ingelig word. Kinders kan nie beroof word van die geleenthede om gevoelens te deel asook vrae te vra nie. As hulle nie deel gemaak word van die proses nie, voel hulle deurmekaar, alleen en verlate.

### 3.5.6.1 Jong Kinders

Kübler-Ross (1991:73) skryf dat as die kind baie jonk is en min tyd gehad het om met die ouerfiguur te bind, kan byna enige ouer-substituut soos bv. 'n *ouma* redelik maklik die jong moeder vervang en die kind behoort nie baie tekens van treur te wys nie. Die treurproses hang af van die mate waarin die baba se emosionele kwadrant reeds ontwikkel is.

### 3.5.6.2 Kinders waar binding met ouer reeds plaasgevind het

As die binding tussen ouer en kind reeds plaasgevind het, sal die kind met fisiese simptome reageer soos om te huil, aan slaaploosheid ly, aan familielede vasklou en ook teruggryp na vroeëre gedrag. Die *voorskoolse kind* sal die ergste reageer as die vader en/of moeder skielik sou sterf. Hier word die dood nie as permanent beskou nie asook nie as permanente skeiding nie. Die kind sal dan oral na die ouer soek en selfs probeer om dinge te doen wat die ouer sou oorhaal om terug te kom. As hulle sou dink dat die moeder hulle bv. sou straf met afwesigheid kan oormatige korrekte gedrag ontwikkel. Volgens Wiener (1998:328) kan die kind tussen vyf en sewe jaar steeds nie die intensiteit van die gevoelens gepaardgaande met ontwikkelende siekte of dood van 'n geliefde hanteer nie. Ouers behoort met die kinders dan oor vigs te praat as hulle dit het sodat die kinders verstaan dat dit nie hulle is wat die siekte veroorsaak het nie. Dis belangrik dat grootmense (en substituutversorgers) bewus is van die gedrag en nie die kind oormatig komplimenteer of afwys nie. "It is only when the surviving parent, or perhaps a grandparent, has had a good talk and a good cry over the death of the child's parent that the child can give himself permission to acknowledge the death of one of the parents and begin the actual mourning process"

(Kübler-Ross, 1991:74.) As families oor die kind se ouer saam kan praat en huil, kan die rouproses momentum kry. Volgens Kübler-Ross (1991:74) is dit vir kinders nodig om met iemand te kan praat oor die verlies van 'n ouer. As die familie saam na die foto's in 'n album kan kyk en herinnerings kan deel oor plekke, vakansies, gebeure en saam lag en huil, kan die kind baie gehelp word om sonder te veel letsels deur die rouproses te kom. Die verlies van 'n ouer kan soms die begin wees van moeilikhede later in die lewe (Kübler-Ross, 1991:78). Die onvermoë om te praat, te deel en oor die oorledene te praat, bring in die toekoms die onvermoë om emosies te hanteer asook smart op 'n gesonde wyse te hanteer.

#### 3.5.6.3 Ouer kinders

Ouer kinders leer gou wanneer hulle gedrag hartseer of verleentheid vir die res van die familie bring. Die gevolg is volgens Kübler-Ross (1991:78) dat hulle in die nag in die kussing huil of ver en alleen gaan stap waar hulle dan met die afgestorwe ouers praat. Omdat hulle so hard probeer om hulle emosies vir ander familie weg te steek, kan dit veroorsaak dat hulle baie kort van humeur kan wees en uitbarstings vir die geringste rede kan hê. Hulle kan in gevegte met skoolmaats betrokke raak asook ander kinders beny wat met ouers bv. op 'n uitstappie gaan. Volgens Kübler-Ross (1991:78) kan hulle uitdagend wees - waaghalse met fietse en kaskarre en weier om na volwassenes te luister as hulle gewaarsku word. Wiener (1998:329) sê dat in gevalle waar ouers MIV- positief geraak het, kinders in die ouderdomsgroep sal vra oor hoe dit gebeur het. Hulle kan selfs vra oor seksuele gedrag, dwelms en homoseksualiteit. Hulle moet korrekte antwoorde kry volgens wat die kinders in staat is om op die ouderdom te hanteer. Op dié ouderdom kan kinders verantwoordelikheid wil aanvaar en moet ouers versigtig wees om hulle nie met take te oorlaai nie. Kinders behoort deel van gesprekke te wees wanneer besluite geneem moet word oor wie hulle toekomstige versorgers sal wees.

#### 3.5.6.4 Pre-adolessente

Pre-adolessente wat 'n ouer verloor het, kan die tendens toon om te ontspoor, promisku te raak en hulleself in baie benarde lewensomstandighede te laat beland. Kübler-Ross (1991:78) stel dat baie van die adolessente-prostitute, jongmense is wat ouers verloor het en dan weggehardloop het van die huis af: "I don't care a hoot" is the prevailing attitude, another form of denial" (Kübler-Ross, 1991:78.) Wat hulle in die werklikheid nodig het, is liefdevolle arms rondom hulle, 'n skouer om op

te leun en 'n volwassene wat hulle geleentheid gee om hulle harte uit te huil. Volgens Kübler-Ross (1991:79) neem dit tyd om te heel. Dit neem tyd om te treur. Elkeen moet tyd hê en op sy eie wyse dit te verwerk. Vir een gaan werk help, vir 'n ander slaap. Ander tieners gaan baie na partytjies toe of sit uitermatige grimering aan. "Never judge or criticize anyone who tries to cope with the loss of a parent in his own way" (Kübler-Ross, 1991:79.) Volgens Wiener (1998:330) sal die tiener se persoonlikheid, sterkpunte, brooshede, die soort verliese wat hulle al beleef het en die kwaliteit van die verhouding met die ouers, 'n invloed hê op die reaksie wanneer hulle van MIV-positiewe status by ouers bewus word.

#### 3.5.6.5 Konflik families

In families waar daar baie konflik, fisieke straf, misbruik of 'n tekort aan oop kommunikasie is, gaan die bagasie eers verwerk moet word voordat 'n gesonde rouproses van die grond af kan kom (Kübler-Ross, 1991:79). In dié geval kom baie mans en vroue wat in hulle kinderdae seksueel misbruik was (tot soveel as 30%), in kontak met hulle lank onderdrukte frustrasies. Eers as hierdie onafgehandelde konflik binne 'n veilige omgewing en in die teenwoordigheid van 'n ondersteunende en sterk helper aangespreek is, kan die treurproses begin vir "a father they may have loved as much as they feared or resented him" (Kübler-Ross, 1991:79). As kinders vroeg en op die regte wyse gehelp kan word, gaan dit baie onnodige lyding voorkom (Kübler-Ross, 1991:80).

#### 3.5.6.6 Verwagte dood

Teenoor skielike, onvoorsiene sterftes (Kübler-Ross, 1991:80), kan dood deur ander stadiger ontwikkelende siektes, soos kanker, die kinders geleentheid gee om te vergoed vir swak gedrag in die verlede. Dit gee kans om onafgehandelde haakplekke in verhoudings te kan hanteer. "With so many young people dying of AIDS, parents have an opportunity to do the same thing for their dying young adult children " (Kübler-Ross, 1991:80.)

### 3.5.7 AFLEIDINGS

- Nuwe infeksies moet voorkom word, sodat kinders nie hulle ouers verloor nie.
- Versorging vir daardie kinders wat reeds wees gelaat is as gevolg van vigs, is 'n uitdaging.
- Die uitdagings vir substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes word beter verstaan by begrip vir die uitdaging van vigswesies as direk geaffekteerdes.

- Geaffekteerdheid by vigswesies gaan soms gepaard met geïnfekteerdheid.
- Die hoeveelheid vigswesies is vinnig besig om te vermeerder en bied 'n eiesoortige uitdaging.
- Armoede, misbruik en verwaarlosing is akute uitdagings.
- Uitdaging vir vigswesies lê ook op fisieke, geestelike, psigologiese, intellektuele, ekonomiese en emosionele vlak.
- Ubuntu as sisteem het 'n invloed op die konteks waarbinne kinders versorg word.
- Kundigheid is nodig om vigswesies en hulle versorgers deur rousmart te kan begelei.
- Ruimtes is nodig waarbinne vigswesies aanvaarding en omvattende ondersteuning kan beleef.

## 3.6 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP SUBSTITUUTVERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES

### 3.6.1 Inleiding

Die fokus van die studie raak die substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes. Die geaffekteerdes in die studie is hoofsaaklik *kinders* wat wees gelaat is as gevolg van MIV/Vigs. Omdat sommige van die kinders ook geïnfekteer is met MIV, raak die afdeling ook aan versorging van geaffekteerdes wat soms ook geïnfekteer is.

### 3.6.2 Erkenning aan versorgers

Twig & Atkin (1994:1) meen dat versorgers in die algemeen gelukkig nie meer die Cinderellas van die samelewing is nie, maar dat daar al hoe meer van hulle ook in publieke dokumente melding gemaak word. Daar word selfs konferensies gehou waarin hulle behoeftes bespreek word en riglyne word gegee as ondersteuning. Selfs politici verwys na hulle in toesprake.

Ten spyte van die feit dat hulle waarde raakgesien word asook die feit dat daar erkenning gegee word aan hulle belangrikheid, is daar onder beleidmakers en beplanners tot dusver weinig gedoen ten opsigte van strategiese denke oor die onderwerp.

Binne die konsep van versorging is daar volgens Twig & Atkin (1994:7-9) *vier* belangrike elemente. Hierdie gaan meer oor *primêre* versorging en tog is dit ook vir sekondêre versorging van belang:

- Die eerste het te doen met die *ondersteuningselement*: Versorging beteken dan om dinge vir mense te doen wat hulle nie vir hulleself kan doen nie en sluit dan dinge in soos om iemand op te lig, te help met toiletprosedures, reiniging en voeding.
- Die tweede element het te doen met die sg. "kinship obligation": Die versorging wat bure aanbied is gewoonlik beperk. Hulle is kwalik betrokke in intieme of fisiese versorging en waar vriende of bure meer intiem en fisies betrokke is, is dit omdat daar vroeër in die verhouding iets gebeur het wat die verhoudings verander het na primêre sosiale verhoudings.
- Die derde element is dat versorging geassosieer word met *emosie*: As die verhoudings tussen versorgdes en versorgers nie gedefinieer word deur liefde nie, word dit dikwels daarmee geassosieer of daardeur geënergeer.
- Die vierde element sluit in die gevoel van om *verantwoordelik* te voel vir die persoon wat sorg nodig het: Hierdie verantwoordelik voel kan ontwikkel tot die vlak van om die situasie van die sorgbehoewende te monitor, onderhandelings met verskillende dienste aan te knoop, betrokkenheid te mobiliseer soos behoeftes groei en die aanpassing van aksies om diens-tekortkomings te ontmoet.

Van Dyk (2005:323) meld dat in die *formele* gesondheidsektor versorgers gewoonlik verpleegpersoneel, beraders en maatskaplike werkers is, maar in Afrika is daar so baie MIV/Vigs-pasiënte dat hospitalisasie of formele sorg nie altyd 'n opsie is nie Dit beteken dat die gemeenskap hulle eie geïnfekteerdes moet versorg. Die volgende groepe en individue is deur 'n UNAIDS studie in RSA en Uganda uitgewys as die versorgers wat MIV/Vigs in hulle gemeenskappe die stryd aansê:

Op die *familievlak* is dit gewoonlik *vroue en meisies* en gelydelik ook *mans* (meestal onder dwang) wat siek pasiënte versorg. Die versorgers wat egter gewoonlik nie onthou word nie is *kinders*. As een ouer sterf en die ander word siek is daar soms geen ander versorger as die kinders nie. Caldwell *et al.* (1993:7) sê dat vigspasiënte gewoonlik deur hulle familie versorg word maar dat die grootste las gewoonlik deur vroue, getroude vroue, moeders, susters, dogters, tantes en grootmoeders gedra word. Vigs kry dit reg om verhoudings met nie-verwante persone te verswak, bv. bure wat gelydelik hulle kontak verbreek.

Volgens Knodel & Van Landingham (2002:1) strek die impak van die MIV/Vigs- epidemie wyer as die geïnfekteerde persone:
Nie-geïnfekteerde mense word ook baie geaffekteer.
Daar word baie aandag gegee, ook in die studie, aan die weeskinders, kinders van persone met MIV/Vigs. Tog is dit waar dat die meeste volwassenes wat sterf, tussen 20 en 30 jaar is en dat hulle ook ouers het wat vanaf 50 - 70 jaar is. Hierdie is 'n groot gemeenskap wat baie geaffekteer is deur die epidemie (Knodel & Van Landingham, 2002:1).
Ander ouer verwante, lewensmaats of homoseksuele verbintenisse van mense wat aan MIV/Vigs ly, is ook geaffekteer deur die epidemie, veral as van hulle verwag word om as versorgers op te tree (Knodel & Van Landingham, 2002:1).

Volgens Van Dyk (2005:324) vervul *vrywilligers* 'n belangrike funksie as versorgers. Soms is dit *informele* vrywilligers soos vriende, bure en kerklidmate, maar meestal is dit formele vrywilligers wat vir MIV/Vigs-versorgingsprogramme werk en gewerf en opgelei is en ook onder toesig is van die organisasies vir wie hulle werk.

Van Dyk (2005:324) noem ook *professionele gesondheidswerkers* (verpleegpersoneel en maatskaplike werkers) wat met pasiënte by hospitale en klinieke werk en tuisversorging doen. Hierdie mense se grootste uitdaging is die werf, opleiding en ondersteuning van vrywilliger versorgers in die gemeenskap. Weisfeld (1991) (soos aangehaal deur Salsberry *et al.*, 1993:40) sê dat die vigs-epidemie gemeenskappe uitdaag om versorgingsnetwerke te ontwikkel en te mobiliseer vir mense wat deur MIV- geïnfekteer is. Volgens McCormick (1990) (soos aangehaal deur Salsberry *et al.*, 1993:40) vereis die situasie dat pasiënte wat langer met MIV/Vigs lewe, dat gemeenskappe toenemend geïnteresseerd raak in die voorsiening van gesondheidsdienste buite die hoë binne-pasiënt situasie. Om tuisgebaseerde gesondheidsdienste te verskaf blyk volgens Salsberry *et al.* (1993:40) die beste te wees ofskoon dit in daardie stadium nie duidelik was hoe sulke agentskappe ten opsigte van die vigs-epidemie gereageer het nie.

Vrywillige berading en toetsdienste het baie professionele gesondheidswerkers en onopgeleide beraders na die veld van MIV/Vigs gebring.

*Tradisionele gesondheidswerkers* word wyd in Afrika gekonsulteer. Hulle belangrikheid binne gemeenskappe word egter nie altyd amptelik erken nie. Dit maak dat hulle versorging ten van persone met MIV/Vigs sonder opleiding en ondersteuning van die formele gesondheidsektor is.

Van Dyk (2005:323) maak die stelling dat die volgende persone "versorgers" is in MIV/Vigs konteks: "...anyone (professional, lay or family) involved in taking care of the physical, emosional and/spiritual needs of a person infected or affected by HIV/AIDS."

### 3.6.3 Substituutversorgers

Die Suid-Afrikaanse regskommissie onderskei volgens Uys & Cameron (2004:181) by die versorging en ondersteuning van weeskinders en ander kinders geaffekteer deur MIV/Vigs die volgende moontlikhede:

- Onafhanklike bestaan van weeskinders;
- Onafhanklike bestaan met eksterne toesig en ondersteuning;
- Pleegsorg wat insluit tradisionele familie versorging, "cluster care of multiple children, and collective care of individuals or multiple children";
- Aanneming;
- Institusionele versorging, wat insluit plekke van veiligheid, skuilings, kort-termyn baba huise, tradisionele kinderhuise;
- Staat- of NRO geborgde gemeenskapsgebaseerde ondersteuning strukture soos sopkombuise en dagsorg fasiliteite.

Sloth-Nielsen (2002:24,25) noem 'n aantal tipiese modelle wat uitgewys is in 'n gemeenskapsgebaseerde ondersoek oor die versorging van hulpbehoewende kinders:

- Onafhanklike huishoudings van weeskinders waar kinders geen formele ondersteuning het om na mekaar om te sien nie;
- Staats- of NRO-gedrewe programme wat ten doel het om kinders te identifiseer en te ondersteun bv. deur die generering van inkomste en bewusmakingsprogramme;
- Tuisversorging vir beide siek volwassenes en hulle afhanklike kinders;
- Nie-statutêre residensiële versorging, wat vanuit privaat wonings gedoen word sonder dat hulle geregistreer is as plekke van veiligheid (versorgingsoorde) vir kinders;
- Erkende formele plasing van kinders by ander families;

- Huishoudings bestaande uit weeskinders waar informele versorging/toesig deur gemeenskapslede aan kinders in hulle omgewing verleen word. Barnett & Blaikie (1992:120) noem hierdie "toesighouers" of "voogde", "guardians". Soms sien hulle om na die kinders in hulle eie huise of soms trek die kinders by die voogde in. Hierdie voogde is gewoonlik bure of iemand anders wat deur die familie, wat nie versorgingsverantwoordelikheid vir die kinders kan of wil aanvaar nie, aangewys is. Ten opsigte van hierdie voogde is daar by kinders gemengde reaksie. Hulle is baie uitgelewer en kan selfs hulle grond of besittings as gevolg van hierdie mense verloor.

### 3.6.4 Familieverwante as substituutversorgers

Volgens Forster & Williamson (2000:279) hanteer families, familieverwante se dood deur seker te maak dat kinders wat deur MIV/Vigs geaffekteer is, versorging ontvang van 'n "substituutversorger". Forster & Williamson (2000:279) sê dat die uitgebreide familie ondersteuningsnetwerk verander deur veranderings in die samestelling van huishoudings. Dit kan gebeur deur:

- Familieverwante wat in huishoudings inbeweeg om weeskinders te versorg.
- Weeskinders wat in een of meer huishoudings inbeweeg. Alles hang af of die vader of moeder siek is of sterf. Huishoudelike reaksie ten opsigte van ekonomiese en sosiale impak is erg as volwassenes in die fleur van hulle lewe sterf.
- Die volgende tradisionele keuse vir substituutversorgers is ooms en tantes.
- Daarna volg die grootouers wat gewoonlik die laaste vesting vir ondersteuning is omdat ander verwante kan weier. Hierdie situasie kan wederkerig wees, omdat die weeskinders later ook die grootouers wat verswak, kan versorg. Volgens Knodel & Van Landingham (2002:4) wys die getuienis uit Afrika dat grootouers nie so algemeen as versorgers van vigswesies optree as wat algemeen aanvaar word nie. 'n Studie in Zaïre het volgens Knodel & Van Landingham (2002:4) bewys dat net een derde van vigswesies deur grootouers versorg is en een kwart in Kenia, maar soveel as 46% in Zimbabwe.
- Huishoudings met kinders as gesinshoofde kan ontstaan as familieverwante nie die kinders wil versorg nie, of waar daar 'n tiener in die huishouding is met ervaring van kindersorg of as daar 'n familieverwant naby is wat kan toesig hou. Soms wil kinders net bymekaar bly of was dit die moeder se wil om die familie bymekaar te hou.
- Volgens Forster (2004:1) is die eerste linie van ondersteuning van vigswesies hulle familie, wat die uitgebreide gesin, sowel as verlangse familieverwante insluit, terwyl huishoudings

wat sukkel om aan die behoeftes van sulke kinders te voldoen, ondersteun kan word deur lede van hulle gemeenskap.

Volgens UNAIDS (2006:2) was daar reeds in 1998 getuienis dat siek moeders makliker as voorheen gereed was om kinders so jonk soos tussen 0 en 4 jaar in pleegsorg by ander te plaas om versorg te word. Dit was nie die gevolg van werksverwante migrasie nie. Swart pleeg- en weeskinders is oorweldigend versorg deur groot- of groot-grootouers (61 - 86%) en byna alle ander deur ander familieverwante. Sedert 2001 het inrigtings 'n beskeie rol gespeel ten opsigte van die versorging van jong kinders. Skweyiya (soos aangehaal deur Cilliers, 2007:6) sê die ideaal is dat sulke kinders ter wille van hulle kulturele identiteit, nie uit hulle gemeenskappe verwyder word nie. Die gemeenskappe behoort na hulle te kyk. "Dis niks nuuts nie, kerke doen dit al jare. Die regering moet geld aan die gemeenskappe gee om die tradisie voort te sit" (Cilliers, 2007:6.) Webb (1995:1) stel dat 52,3% van 500 respondente vanuit Suid-Afrika en Namibië in 1993 gevoel het dat familieverwante of ander gemeenskapslede verantwoordelikheid behoort te neem vir die versorging van weeskinders. Destyds het meer as 75% van respondente uit Soweto (enigste stedelike toetsarea) egter gevoel dat die staat 'n primêre verantwoordelikheid het, veral deur die daarstelling van kinderhuise.

Wederkerigheid, "reciprocity", moet binne sosiale netwerke geïdentifiseer word en institusioneel versterk word veral deur opvoedingsprogramme. Die doel is om aan die gemeenskap deur te gee dat die versorging van weeskinders 'n familie- en gemeenskapsaangeleentheid is wat institusioneel versterk kan word en nie vervang behoort te word nie (Webb, 1995:1). Uys & Cameron (2004:181) stel dat ondersteunende organisasies soos die kerk of vroue-organisasies hulp kan verleen op administratiewe gebied, tegniese gebied asook opleidingsgebied. Hulle kan ook hulp verleen aan nie-regerings organisasies wat betrokke is by hulpverlening aan die kinders.

Volgens Uys & Cameron (2004:181) behoort eienaarskap opgeneem te wees deur die geaffekteerde gemeenskap self:

- Mense in die gemeenskap ken die behoeftes van die gemeenskap die beste: Wie is dood, wie bly nou by wie, wie is alleen en wie het genoeg om te eet?
- Dis makliker vir vrywilligers in die gemeenskap om te help en huishoudings gereeld te besoek. Hulle hulp kan ook meer prakties en ondersteunend wees.

Schutte (2000:30) sê dat in Suid-Afrika waar MIV/Vigs en armoede nou met mekaar verbind is, dit juis hier is waar versorging vir vigswesies gesoek word in gemeenskappe met die minste bronne. Die tradisionele waarde van kinders is steeds 'n prioriteit in die Afrika-gemeenskap, maar het baie verswak as gevolg van die druk van apartheid, verstedeliking en armoede. Die tradisionele uitgebreide familie waar weeskinders deur familielede versorg kon word bestaan steeds, maar is tans broos as gevolg van bg. faktore (Schutte, 2000:30).
Hierdie werk van Schutte dateer uit die jaar 2000. Die werklikheid, agt jaar later, binne 'n gesekulariseerde gemeenskap, is selfs erger.

Richter *et al.* (2004:18) maak die stelling dat familiestrukture en -funksie aan die verander is as gevolg van die MIV/Vigs-epidemie.
Van die ontwikkelende familiestrukture is:

- Ouer mense as gesinshoofde met jonger kinders;
- Groot families met onverwante (pleegsorg en aangenome) kinders;
- Huishoudings met kinders aan die bestuur;
- Enkelouer huishoudings;
- Formele en informele "cluster foster care";
- Families sonder huis.

Richter *et al.* (2004:37) gebruik in opskrif die woord "substituut" in "substitute care for children". Richter *et al.*(2004:37) sê saam met McKerrow en Verbeeck (1995) dat gesinsversorging eerste keuse is vir alle kinders. As dit egter nie beskikbaar is nie, is pleegsorg, aanneming en ander residensiële- of behuisingsprojekte noodsaaklik.

Al hierdie families en versorgers het ondersteuning nodig omdat hulle versorging voorsien vir weeskinders en ander afhanklike lede.

Levine (1990:36) gee in haar hantering van veranderende konsepte van familiewees die volgende werksdefinisie: "Familymembers are individuals who by birth, adoption, marriage, or declared commitment share deep, personal connections and are mutually entitled to receive and obligated to provide support of various kinds to the extend possible, especially in times of need." Levine (1990:36) se meegaande opmerking is dat dit nie 'n toevalligheid is dat die tradisionele huweliksbeloftes "siekte" voor "gesondheid" plaas nie, omdat siekte die familie se krag en

weerbaarheid toets soos weinig ander faktore. "In this context AIDS is the supreme test of family devotion (Levine, 1990:36.)

Levine (1990:40) beweer dat hoewel hulle tradisionele interne maniere ontwikkel het om stres te hanteer, hulle totaal onvoorbereid kan wees vir die stres wat gepaard gaan met eksterne druk, soos bv. stigma. Levine (1990:38) sê ook dat selfs waar mense deel van 'n tradisionele familiestruktuur was, die stigma van MIV/Vigs asook die stres rondom die hantering van terminale siekte, intrafamiliêre riwwe kan veroorsaak en dat 'n persoon geaffekteer deur MIV/Vigs dalk 'n "nuwe" familie nodig het vir emosionele en ekonomiese ondersteuning. So 'n familie sou kon bestaan uit sommige tradisionele familielede en vriende; toenemend kan gesondheidswerkers en vrywilligers van gemeenskapsdiensorganisasies dalk die funksies van familie oorneem. In die mees ekstreme en metaforiese sin kan selfs die hospitaal (of kinderhuis of veiligheidshuis - eie byvoeging), substituutfamilie word (Levine, 1990:38).

Versorgers word meestal nie opgelei vir die rol wat hulle speel in die lewe van MIV/Vigs-geaffekteerdes nie. Diegene wat wel opgelei is dra 'n groter las. Versorgers speel 'n belangrike rol en dis belangrik dat goed na hulle omgesien word.

### 3.6.5 Effek van substituutversorging op grootouers en ander familieversorgers

Persone verantwoordelik vir versorging van vigsweeskinders het 'n wye spektrum van behoeftes:

- Bystand met fisieke verantwoordelikheid;
- Materiële behoeftes;
- Berading, opleiding, emosionele ondersteuning;
- "Heropleiding" in ouerskap van grootmoeders (Uys & Cameron, 2004:181).

Volgens Child Welfare League (1994) (soos aangehaal deur Linsk & Mason, 2004:1) is ouer afwesigheid of 'n onvermoë as gevolg van MIV/Vigs een van die groot redes vir ander verwante om kinders groot te maak. Fuller-Thomson & Minkler (2000) (soos aangehaal deur Linsk & Mason, 2004:1) het die volgende afwykende psigologiese funksionering by *grootmoeders* as versorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes aangetoon as resultaat van die versorging:

- Uitputting;
- Woede;

- Depressie;
- Liggeraaktheid;
- Ouerstres;
- Daar is ook verlaagde vlakke van fisiese funksionering aangetoon wat kwaliteit van lewe asook versorgingskapasiteit mag meebring.

Volgens Barnett & Blaikie (1992:118,119) is dit onvermydelik dat baie weeskinders deur hulle grootouers versorg word. Probleme wat daarmee gepaard gaan is onder andere dissipline- en finansiële probleme.

- Barnett & Blaikie (1992:118,119) wys egter 'n ander belangrike aspek uit en dit het te doen met die *versorging van bejaardes* in gemeenskappe wat swaar deur MIV/Vigs getref is. As die kleinkinders deur die grootouers versorg word, beteken die dood van die ouers van die kleinkinders dat daar geen ondersteuning van kinders meer vir die bejaardes is nie en dat hulle sonder ondersteuningsisteem is.
- Soms is grootouers die enigste familie wat oor is vir vigswesies. Hulle kan nie meer hard werk nie en daarom word hul finansiële vermoë minder wat ook voedingstekort en so gesondheidsprobleme te weeg bring.
- In sommige gevalle, as die grootouers reeds baie bejaard is en daar nie meer ander kinders in die huis is nie, is dissipline ook 'n groot probleem. Dis moeilik vir so 'n bejaarde om bv. 'n kind te dwing om skool toe te gaan.
- Volgens Forster (2004:4) gebeur dit dat as die grootouers ouer word of hulle gesondheid verswak, die rolle omkeer en dat kleinkinders die toenemend verswakkende grootouers versorg.
- As grootouers sterf of as gevolg van siekte by ander familieverwante gaan woon, word kinders soms aan hulleself oorgelaat. Familieverwante neem soms van die jonger kinders in terwyl die ouer broers en susters op hulle eie bly (Forster, 2004:4).

Uys & Cameron (2004:176) toon dat verskeie faktore die vermoë van die uitgebreide familie geïnhibeer het om effektief te wees as sosiale ondersteuningsnetwerk. Dis faktore soos sosiale opheffing, verstedeliking, oorlog, droogte, hongersnood, politieke en ekonomiese stres.

Volgens Minkler *et al.*, 1992 (soos aangehaal deur Linsk & Mason, 2004:1) bring addisionele kinders in die uitgebreide familie verhoogde finansiële uitdagings en druk op verhoudings. Dit alles

verswak die vermoë van die familie om uit te hou. Positief is egter aangetoon dat grootouers versorging as belonend beleef. Hulle het goed gevoel omdat hulle 'n goeie tuiste vir hulle kleinkinders kon skep.

### 3.6.6 Formele sorg of versorgingsinstitute

Formele sorg is veral 'n moontlikheid wanneer geldelike ondersteuning aangebied word deur 'n instansie. Richter *et al.* (2004:39) gebruik ook die woord "surrogaat" vir sulke ouers: "Surrogate parents need to be trained in childcare and child-management, and they need to be supported and supervised by a cadre of community workers."

Volgens Barnett & Blaikie (1992:120) kan weeskinders sonder verwante om na hulle om te sien, en wat gevolglik nie langer in die gemeenskap kan agterbly nie, op ander wyses geakkommodeer word:

- 'n Pleegmoeder wat weeskinders saam met haar kinders kan versorg;
- "Huisouers" wat deur gemeenskapsorganisasies aangemoedig word om na weeskinders te kyk in aangewese huise ("huise van veiligheid"- eie opmerking);
- Kinderhuise wat deur welgestelde mense bedryf kan word. Dit kan dan wees as deel van hulle sosiale bydrae.

#### 3.6.6.1 Institusionele sorg positief gesien

Barnett & Blaikie (1992:124) is positief oor formele- of institusionele sorg soos kinderhuise as substituutversorgers vir MIV/Vigs-geaffekteerdes. Hulle maak die volgende stelling: "Many influential people in Uganda say that orphaned children should be absorbed into the extended family because it is "traditional".....These arguments ignore the fact that most of the AIDS orphans will probably grow up with non-relatives anyway and that there is an urgent need to establish institutional care which will be community based but run by professionals in education, nutritional health and childcare." Volgens Barnett & Blaikie (1992:124) sal dit veral die las van grootouers verlig om doelmatige versorging te verskaf.

Richter *et al.* (2004:39) gee 'n lys van moontlike versorging en plaasvervangende versorging soos opgeteken deur Subbarao en Coury (2003):

- "living parent;
- kin-family care;

- formal forster care or adoption;
- foster homes;
- children villages and community-based centres;
- and lastly, orphanages or other forms of group residential care Institutions".

#### 3.6.6.2 Kontak met organisasies

Volgens Gilbert (1999:100) het 'n reeks artikels van Carten & Fennoy (1997); Taylor-Brown(1991) verskyn oor die toenemende betrokkenheid van kinderwelsynorganisasies om substituutplasings te bewerkstellig vir die groot aantal kinders wat wees gelaat is as gevolg van hulle ouers se dood of meegaande gevolge van MIV/Vigs. Gedurende die lang ontwikkeling van vigs kom baie moeders met MIV met 'n verskeidenheid organisasies in aanraking voordat die versorgingstyd aanbreek. Dit kan van die volgende organisasies wees:

- Kinderwelsyn;
- Gesondheid;
- Skole;
- Jeuggeregtigheid en wetlike sisteme.

Die redes daarvoor kan wees:

- Behuisingsgebrek;
- Kind se gesondheid en onderwysbelang;
- Ouerprobleme wat te doen het met die kind se reaksie ten opsigte van MIV- verwante stres.

Die stigma geassosieer met MIV/Vigs kan neig tot selfblamering, vrees vir bekendwording van die status asook 'n huiwerigheid tot nadering van kinderwelsyn en ander moontlike dienste. Babcock (1998:110) sê dat geheimhouding van 'n MIV-status baie komplikasies bring. Dit plaas groot druk op formele werkers, onder andere maatskaplike werkers. Die trauma werklikheid sluit ook families in wat as gevolg van die stigma nie maklik met uitgebreide familie, vriende en kerke sal praat en onderhandel vir ondersteuning nie. Dit laat die geïnfekteerde in isolasie met die gevaar van terugtrek in moontlike gevoelens van skaamte as gevolg van die leuen en moontlik ambivalente gevoelens teenoor die persoon wat reeds dood is. Die vraag is wie vir hulle die uitputtende sorg sal verskaf wat hulle aan hulle maat verskaf het.

### 3.6.6.3 Institusionele sorg as negatief gesien

Richter *et al.*(2004:38) is nie positief ten opsigte van institusionele versorging soos kinderhuise vir jong kinders nie: "There is consencus among experts that the adverse effects on children's adjustment and development cannot be prevented in institutional environments of any kind" (Richter *et al.*, 2004:38.)

Richter *et al.*(2004:38) gaan verder deur die stelling te maak dat die les wat geleer is in programme wat die psigologiese gesondheid van kinders wat geaffekteer is deur gewapende konflik en "displacement" op die hart dra, hierdie gevolgtrekking ondersteun.

Volgens Richter *et al.* (2004:38) word kinders in inrigtings se lewenskwaliteit ten opsigte van die volgende faktore beïnvloed:

- Verminderde potensiaal ten opsigte van langtermyn verhoudings en die mense wat werklik in die kind belangstel ten opsigte van probleme en suksesse;
- Te veel mense en gebrek aan privaatheid;
- Verminderde kontak of algehele verlies van kontak met ander familielede en vriende;
- Stigmatisering in die plaaslike gemeenskap;
- Beperkende keuse van vriende, veral van buite die instelling;
- Die potensiële afdruk van ander gelowe in die kind se lewe;
- 'n Tekort aan voorbereiding vir wanneer iemand die instelling verlaat;

Hierdie sake plaas druk op en lewer nuwe uitdagings in die instellings wat in elk geval as substituutversorgers optree by MIV/Vigs-geaffekteerdes. "Emergency institutional care is the only option for a number of groups of children until more suitable care can be arranged" (Richter *et al.*, 2004:38.)

Daarteenoor is Richter *et al.* (2004:38) baie positief teenoor pleegsorg en aanneming: "..because family-based care in a child's home community generally offers the best opportunities for positive psychological development" (Richter *et al.*, 2004:39.) Hoewel dit waar is dat aanneming in die grootste deel van Suidelike-Afrika nie 'n algemene praktyk is nie, is familieversorging deur naby familie van 'n gestorwe persoon algemene praktyk (Richter *et al.* 2004:39).

Volgens Sloth-Nielsen (2002:25) wys internasionale ooreenkomste daarop dat weeskinders verkieslik nie in inrigtingsorg geplaas behoort te word nie, maar sover as moontlik moet opgroei in een of ander vorm van familie-omgewing.

Volgens Schutte (2000:30) met 'n Life Line/Childline, Wes-Kaap agtergrond is inrigtingsorg nie werklik 'n opsie nie. Volgens haar is dit nie goed vir kinders nie en is ook baie duur. Daar is wel behoefte aan noodhuise en hospies, maar dis nie op groot skaal ekonomies en emosioneel bekostigbaar nie. UNAIDS (2006:18) stel dat byna alle Suid-Afrikaanse kinders, of die moeders lewe of nie, in nie-geïnstitusionaliseerde huishoudings is. Volgens Mturi & Nzmande, 2003 (soos aangehaal deur UNAIDS, 2006:18) het baie gedurende 2001 die bou van kinderhuise aangeblaas. Tog is dit maar 'n klein deel van die las van versorging van weeskinders wat oorgeneem is deur kinderhuise. Volgens Fredriksson & Kanabus (2008a:4) was daar in die vroeë dae van die vigsweeskindkrisis 'n stormloop deur welmenende nie-regeringsorganisasies om kinderhuise te bou. Die grootte van die probleem het gewys dat die reaksie nie volhoubaar is nie. Die koste om 'n kind in so 'n inrigting te hou is meer as by enige ander vorm van versorging. Meeste mense is oortuig dat kinders binne familie- eenhede deur uitgebreide gesinsnetwerke, pleegouers en aanneming versorg behoort te word en dat kinders uit een gesin nie geskei behoort te word nie.

#### 3.6.6.4 Positiewe rol vir formele sorg

Vir Schutte (2000:30) is die belangrikste ding wat in Suid-Afrika moet gebeur, nie om primêr materiële bronne te monster nie, maar om die waarde van kinders in die samelewing te skep, of eerder te herskep. In die meeste tradisionele kulture was kinders werklik na waarde geag. Kleiner kinders is gesien as rykdom, 'n teken van die guns van die gode of voorvaders. Vir vorige geslagte en nuwe intrekkers in die Afrika- kontinent was die liefde van Afrika-mense vir kinders, selfs die wat nie biologies verwant is nie, opmerklik: "My brothers and I benefited immeasurably from the care, throughout our childhood of an African nanny" (Schutte, 2000:30.)

Schutte (2000:31) meen dat 'n strategie van bewusmaking nodig is om die gronde te berei vir *gemeenskapsaanvaarding* van weeskinders:

- Van die strategiese middele wat gebruik kan word, is om deur middel van radio, televisie, straatteater, preke, koerante, tydskrifte, populêre literatuur, kerke of staatsorganisasies 'n kindergesentreerde- en kinderomgee kultuur te skep. Die "matrons" in die samelewing, die ouer dames kan opleiding in die kuns van versorging kry.
- Die tweede strategie is opleiding: In die strategie kan weereens van radio, televisie, dramagroepe, preke, koerante, tydskrifte, populêre literatuur, asook van die kerk en siviele

organisasies gebruik gemaak word. Ook nie-regeringsorganisasies kan gebruik word om mense ouer vaardighede te leer, wat eintlik meer deeglike ontwikkelingspsigologie is.

Volgens Schutte (2000:32) is daar *drie* belangrike sake in die opleiding:

- "Attachment theory - so that people, especially women, understand the critical importance of each small child being securely and lovingly attached to a reliable adult."
- Die impak van verlies en rousmart op 'n kind en hoe daarmee gehelp kan word. Om aan die kind die geleentheid te gee om te treur op so 'n wyse dat voorkom word dat verdedigingsmeganismes gevorm word wat die kind in later fases van sy lewe belemmer.
- Die behoefte van alle moeders en versorgers om emosionele ondersteuning en bemoediging te kry.

Czerwiec (1996:32) meen dat verpleegsters in hospitale baie kan doen om die emosionele en fisiese las van mense te verlig wie se geliefdes gehospitaliseer is. Wat baie kan help is die omgee-gesindheid teenoor die pasiënt, maar ook volgens Czerwiec (1996:33-35) 'n omgee-gesindheid teenoor die geaffekteerdes. Volgens Czerwiec (1996:35) kan verskeie van die gestigte "North American Nursing Diagnosis Assossiation (NANDA)" se diagnostiese kategorieë van belang wees by die versorging van die pasiënt se geliefdes: Hooploosheid, rousmart wat geantisipeer word, geestelike spanning, vrees, versorgingsrolstres, en rolverandering binne families.
Czerwiec (1996:35) gee die volgende diagnostiese hulpmiddels wat verpleërs kan gebruik om die situasie van pasiënt en familie te evalueer:

- Vind uit hoe lank die pasiënt en familie reeds aan die omstandighede onderworpe is;
- Bepaal hoe lank die familielid of geliefde betrokke is in die versorging van die pasiënt. Het die familielid of geliefde gevoel dat hulle versorging van die pasiënt 'n uitdrukking van hulle liefde is?;
- Wat verstaan die naasbestaandes of versorgers van die siektetoestand, bv. wat is die inligting wat hulle beskikbaar het? Familieversorgers kan in baie gevalle die hospitaalpersoneel van goeie inligting voorsien by kroniese omstandighede;
- Wat is die verhouding van die familie tot ander verpleërs en dokters? Het hulle vertroue en wat kan gedoen word om vertroue te bevorder?;
- Hoe lyk die fisiese, geestelike en emosionele sy van die versorger of naasbestaande, bv. is daar tekens van uitbranding en is hulle bewus van ondersteuningsisteme beskikbaar?

### 3.6.7 Familie uitdagings

Bauman *et al.* (2000:156) stel rondom "Project Care" dat vigs 'n "familie siekte" is:

- *Ouers* met vigs staan voor verskeie ouer-uitdagings. Bekendmaking dat hulle die siekte het, is moontlik die mees komplekse en pynlike besluit wat ouers moet neem.
- Hierby moet hulle *kinders* leef met die ouer se kroniese siekte en ook die moontlikheid van die ouers se dood. Daar is onder andere die vraag by sulke kinders waarvan ouers deeglik bewus is, nl. "Wie gaan vir my sorg?". Die dood van 'n ouer verhoog *psigologiese broosheid*, veral in kombinasie met ander risiko faktore.

"Project Care" is volgens Bauman *et al.* (2000:156) 'n voorkomende intervensie (voorkomingsmaatreël), ontwerp vir die psigologiese funksionering van kinders wat die dood van 'n ouer of albei ouers as gevolg van vigs oorleef het.

Hierdie projek het sekere *doelstellings* wat winspunte is in die hantering van moontlike vigswesies asook ondersteuning bied aan die substituutversorgers van MIV/Vigs- geaffekteerdes:

- Die fasilitering van bekendmakingsbesluite en die verbetering van kommunikasie tussen die siek ouer en kind, siek ouer en toekomstige versorger en toekomstige versorger en kind;
- Versterking van die stabiliteit en veiligheid van die kind se toekoms deur die ontwikkeling van 'n doelmatige en gesonde toesigplan voor die ouer sterf;
- Samewerking met die versorger en die kind na die ouer se dood om die oorgang in die "nuwe" familie te vergemaklik;
- Die voorsiening van toegang tot konkrete bronne en ook die gee van sosiale ondersteuning.

So 'n pro-aktiewe plan kan die voorkoms van risiko-faktore wat geestelike gesondheidsprobleme tot gevolg het, inhibeer: "Project Care should increase the availability of protective factors, such as social support and strong caregiver - child relationship" (Bauman *et al.*, 2000:157.)

Volgens Gilbert (1999:113) skep die vigs-epidemie nuwe en komplekse uitdagings vir die wat poog om families bymekaar te hou:

- MIV/Vigs het die situasie geword wat beide familiestrukture laat verkrummel en wat tog familie integriteit en eenheid kan vernuwe vir baie MIV-ouers.
- Die toenemende getal vigswesies laat die aandag dan nie net val op die toekomstige versorgingsaspek nie, maar ook op die welwese van ouers en kinders in die jare wat lei na die voogverwisseling.

- MIV-positiewe moeders moet as deel van hulle ouerskapsrol hulle kinders voorberei op 'n moederlose toekoms. Om die familie se behoeftes op die effektiefste manier te ontmoet, behoort die ma's 'n aktiewe rol te speel in die beplanning vir die kinders (Gilbert,1999:114).

Volgens Taylor-Brown (1998:350) kan *maatskaplike werkers* hulleself vergewis van die opsies beskikbaar vir hulle kliënte om hulle te begelei in terme van langtermyn beplanning. Daar is die volgende moontlikhede:

- Informele reëlings: Daar is geen reëlings wat wetlik bindend is nie. Die kind het niemand wat hom of haar monitor nie.
- Mag van 'n prokureur: Iemand wat besluite kan neem as die ouer nie instaat is nie.
- Aanwysing van 'n voog binne 'n testament: Dit druk die ouer se wens uit, maar 'n regter het steeds die laaste sê na die ouers se dood.
- Aanneming: Ouer kan so voortydig ouerregte afteken.
- Vrywillige plasing in pleegsorg: Die kind word as gevolg van siekte van die ouer uitgeplaas by ander. Die ouer behou die reg om permanente planne te maak.
- Nie-vrywillige plasing in pleegsorg: Die kind word vanaf die ouer verwyder as gevolg van vergrype of verwaarlosing. Die ouer het steeds die reg om permanente planne te maak.
- Opgee van ouerregte: Die ouer gee sy/haar regte weg om besluite namens die kind te neem.
- Bystand voogdyskap: Die ouer behou ouer-gesag en die voog kry gesag wanneer die ouer se vermoë nie meer daar is nie.

Volgens Bauman *et al.* (2000:157) het studies wat die effek van ouers se dood op die psigologiese versteurings by kinders ondersoek, getoon dat kinders wat ouers verloor het, baie eerder as kinders wie se ouers geskei is of ander kinders sonder krisis, simptome van depressie, angs en onttrekking vertoon. Ouers se terminale siektetoestand is in sigself reeds 'n kroniese stressor wat sielkundige letsels mag bring. Herhalende stressors soos hospitaalopnames sou alles reeds verder vererger: "Children were four times more likely to demonstrate psychiatric disorder when exposed to two stressors and ten times more likely when exposed to more than five" (Bauman *et al.*, 2000:158.)

Meeste enkelouers met vigs het nie 'n versorgingsplan by hulle afsterwe in plek vir hulle kinders nie (Bauman *et al.,* 2000:158,159). Hulle glo soms dat daar sulke persoonlike en kulturele

verstandhoudings in die familie is oor wie vir die weeskinders sal sorg. Sommige voel dat hulle nog nie siek genoeg is om reeds te beplan nie. "Most have no idea how complex it is to obtain legal guardiansip through the courts, and most believe that "papers" are not really needed. Finally, many mothers fear that making a plan will hasten their death, that the fact of planning wll bring about death itself" (Bauman *et al.,* 2000:159.)

Sou 'n ouer sonder 'n skriftelike versorgingsplan ten opsigte van hulle kinders sterf, kan die kinders geskei word van hulle ander broers en susters, hulle kan gestigmatiseer word as gevolg van hulle assosiasie met MIV-infeksie en deur verskeie tydelike huishoudings gaan voor 'n finale bevel vir versorging en toesig gemaak word.

In die "Project Care" word volgens Bauman *et al.* (2000:161) die intervensie-ontwerp gebruik wat gedeeltelik gebaseer is op die ABCX-model (Hill, 1958). Dis word gebruik soos verander deur McCubbin en Patterson (1982). Die model het pre-krisis(abcx) en post-krisis komponente (ABCX). Hierdie ABCX model het verskeie implikasies vir intervensie. Dit neem die sisteem ook in ag.
'n Krisis affekteer 'n hele familie en daarom moet die *familie* ook die eenheid van intervensie wees, alhoewel die langtermynfokus op die kind is (Bauman *et al.,* 2000:161). Die denkgesondheid van elke lid van die familie beïnvloed die ander. Daarom moet die familie as 'n sisteem soos ook die individue in 'n familie fokuspunte van intervensie wees: "For example, psychological distress in the caregiver or the stress experienced by the caregiver might negatively influence the child's behavioural and emotional adjustment. Therefore, the intervention was designed to work primarily with the mother and the new caregiver but to include in the intervention topics (disclosure, custody, support, mentall health) all family members" (Bauman *et al.* , 2000:163.)

Die versorger-kind verhouding is volgens Bauman *et al.*(2000:167) 'n belangrike sleutel ten opsigte van die kind se toekomstige aanpassing. Die versorger se vlak van kroniese stres en psigologiese gesondheid sal verseker die kind se aanpassing beïnvloed. Versorgers neem bv. 'n nuwe kind wat wees geraak het met baie goeie bedoelings in, maar leer gou dat die oorgang na 'n nuwe familiestruktuur moeilik is. Die bou van die nuwe verhouding word ook beïnvloed deur die kwaliteit en lengte van die voorafgaande verhouding tussen die versorger en die kind. Alles word ook beïnvloed deur wie nog deel van die huishouding is, die kinderkarakter eienskappe en temperament, die kind se psigologiese en emosionele toestand asook behuising en finansiële situasie.

### 3.6.8 Kinders as substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes

Maqoko & Dreyer (2007:723) haal Sloth-Nielsen aan wat stel dat sommige outeurs onderskei tussen "child-headed households" en "adolescent headed households". Daar is tans meer as 248 000 huishoudings met kinders as hoofde (Cilliers, 2007:6). Kinders wat huishoudings bestuur, tree dikwels op as primêre versorgers vir siek ouers en/of jonger broers en susters, meestal met beperkte bronne (Cilliers, 2007:6; Maqoko & Dreyer, 2007:718).

Volgens Maqoko & Dreyer (2007:718) was daar reeds in 2002, 14 miljoen kinders onder die ouderdom van 15 jaar wêreldwyd wees as gevolg van MIV/Vigs. 'n Groot deel van hierdie weeskinders het hoofde geword van huishoudings en was gevolglik verplig om na hulleself om te sien en skool te verlaat. Hierdie kinders word ook blootgestel aan verskeie vorms van misbruik en moet gaan werk om na hulle "afhanklikes" om te sien.

By sommige van hierdie huishoudings waar kinders aan die hoof staan, is daar ondersteuning van ouer persone uit die omgewing. Kinders wat wees gelaat is as gevolg van MIV/Vigs kan maklik probleme ontwikkel ten opsigte van hulle kognitiewe- en emosionele ontwikkeling, het minder toegang tot onderwys en is ook blootgestel aan die ergste vorms van kinderarbeid (Maqoko & Dreyer, 2007:718).

Sloth-Nielsen (soos aangehaal deur Maqoko & Dreyer, 2007:718) beweer dat 840 000 kinders in Suid-Afrika hulle moeders verloor het as gevolg van MIV/Vigs en dat hierdie getal teen 2015 kan styg tot 3 miljoen: "Misinformation, ignorance and prejudice about HIV/AIDS limit the willingness of a community to provide for the orphans who are affected by the disease" (Maqoko & Dreyer, 2007:718.)

Soos die getal mense, geïnfekteer deur MIV/Vigs toeneem, word die bekombaarheid van mediese versorging moeilik en al minder bekostigbaar. Dit geld vir almal, selfs diegene wat nie geïnfekteer is nie. Wanneer ouers siek word, dra kinders in baie gevalle die las vir hulle versorging omdat familielede en naasbestaandes nie gewillig is om te help nie. Kinders word op 'n psigologiese vlak ook deur hulle ouers se siekte getraumatiseer (Maqoko & Dreyer, 2007:718,719).

Ervarings waardeur kinders gaan wat siek ouers moet versorg (Maqoko & Dreyer, 2007:719):

- Ekonomiese lyding: As ouers nie kan werk en geld op mediese koste spandeer word, moet van die kinders die volwasse rol oorneem om die gesin te ondersteun.
- *Skoolverlating: Ter wille van die generering van inkomste moet kinders soms skool verlaat*, selfs terwyl ouers nog lewe. As die ouers te sterwe kom sou die druk groter wees om skool te verlaat.
- Ondervoeding en siekte: Wesies en ander geaffekteerde kinders is dikwels ondervoed en soms is die regte gesondheidsorg ook onbekombaar. Armoede, verwaarlosing en diskriminasie deur volwassenes in wie se sorg hulle gelaat is, is bydraende faktore.
- Verlies aan erfgoedere: As ouers sterf word kinders menigmaal uit eiendom en geld wat nagelaat is, bedrieg wat hulle regtens toekom.
- Vrees en isolasie: Kinders wat wees gelaat is, word dikwels uit hulle huise verskuif na onbekende en vyandige of vreemde plekke wat kampe of strate kan wees.
- Toenemende misbruik en risiko van MIV: Kinders wat geaffekteer is deur MIV/Vigs verarm en sonder ouers om hulle te beskerm en te onderrig staan hulle 'n kans om misbruik te word. Hulle staan selfs 'n kans om self geïnfekteer te word deur MIV/Vigs.

Die volgende is unieke probleme wat huishoudings met kinders as hoofde kan ondervind wanneer hulle om een of ander rede op mekaar aangewese is (Uys & Cameron, 2004:177 ; Maqoko & Dreyer, 2007:724):

- Armoede, tekort aan toesig en versorging, honger;
- Opvoedingstekorte, tekort aan regte mediese sorg;
- Psigologiese probleme;
- Versteuring van normale kindwees en adolessensie;
- Vergrype teen hulle (hoë risiko ten opsigte van seksuele uitbuiting deur familie en bure);
- Die bedreiging van kinderprostitusie en kinderarbeid;
- Vroeë huwelike;
- Diskriminasie;
- Swak behuising as gevolg van armoede;
- Die uitdaging om geboorteregistrasie te doen en om gesondheidsorg en sosiale welsyntoelaes te bekom;

- Die negatiewe ervaring van eiendomsvergrype deur familie en gemeenskappe;
- Hierdie kinders het 'n groter risiko om aan voorkombare siektes te sterf omdat, as gevolg van die ouers se dood aan MIV/Vigs, die kinders se siektes ook aan MIV/Vigs toegeskryf word en dan onbehandeld verbygaan. Die kans is goed dat hulle nie geïmmuniseer word en so word hulle gesondheidsbehoeftes nie behoorlik ontmoet.

Sloth-Nielsen (2004) skryf die volgende: "Child-headed households in which there is no effective adult caregiver generally does the same as families: work to support siblings, get food, clothing and shelter, and deal with the emotional well-being of their members" (vgl. Maqoko & Dreyer, 2007:723-224.)

Van hierdie kinders wat wees gelaat is en dieselfde ervarings en uitdagings as ander weeskinders het, tree van binne hierdie omstandighede as hoofde en versorgers van huishoudings op, dus as substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes, terwyl hulleself geaffekteer is (eie opmerking). Van hulle besondere ervarings is dan volgens Maqoko & Dreyer (2007:724,725):

- Psigologiese trauma verkry deur die belewing van 'n ouer se siekte;
- hantering van die dood van die geliefde;
- afwesigheid van ouerleiding en begeleiding (mentorskap);
- onvervulde behoeftes van liefde en sekuriteit;
- probleme om met onderrig in die skool voort te gaan;
- verkryging van sosiale toelae;
- Dis moeilik vir adolessente in ontwikkeling na volwassenheid om die rol van grootmaak van jonger kinders op hulleself te neem na die afsterwe van die primêre versorger;
- Die grootste uitdagings, volgens Maqoko & Dreyer (2007:725) is om genoegsame kos, behuising en gesondheidsorg te vind.

Volgens Maqoko & Dreyer (2007:725) maak die kinderwet voorsiening vir die wettige erkenning van huishoudings met kinders as hoofde as 'n tipe familie-eenheid in die samelewing. Dit gee aan kinders in hierdie huishoudings die reg om bymekaar te bly eerder as om geskei te word en by ander familie verplaas te word. Die probleem is egter dat hierdie substituutversorgers nie wettige pleegouers vir die ander kinders kan word nie. Hierdie huishoudings, met kinders as familiehoofde, word veral gevorm as broers en susters daarop aandring om bymekaar te bly en weerstand bied om te verhuis, weg van hulle gestorwe ouers se huis af. Daarom het die

Regskommissie 'n mentorsisteem ingestel wat onder andere die daaglikse versorging van die gesinne sal monitor. Sulke mentors sal opleiding ondergaan en kan so emosionele en sielkundige ondersteuning gee, kinders help om geboorte registrasie te doen, raad en advies te gee en formeel die toelaes te kry ten behoewe van diegene wat dit nie self kan verkry nie (Maqoko & Dreyer, 2007:725).

Maqoko & Dreyer (2007:424) stel *dat volwasse werkende jongmense* as weeskinders huishoudings mag beheer. Tog kan *skoolgaande, ouer kinders* ook huishoudings hanteer. Verder kan daar ook kinders wees wat mekaar versorg met *volwasse ondersteuning* vanaf ander huishoudings of kinders wat 'n sterwende ouer versorg sonder enige ondersteuning. Die gevolg is dat hulle hele kinderlewe opgeoffer word.
"Hence there are community organisations, taking the inisiative of training and supporting these children who are fulfilling adult roles at the expence of their own security and development" (Maqoko & Dreyer, 2007:724.) Kinders in armer dele wat nie versorgers het nie of waarvan die versorgers sterwende is, is veral broos. Daar is geen volwassenes wat ondersteuning en sekuriteit gee nie, omdat die gemeenskappe waarin hulle leef deur oneindige armoede geraak word.

Om *om te gee* is die teenpool van *apatie*: "Our responsibility is to care for one another, to be concerned that "the Body of Christ has AIDS" "We are also called to be caregivers as members of the communities and groups to which we all belong: the church, parish and religious communities, the political parties, the cultural groupings, the bussiness corporations, at national level and within the entire global community of mankind" (Fresen, 2003:65.)

### 3.6.9 Die staat as substituutversorger van MIV/Vigs-geaffekteerdes

Die staat word ook gesien as substituutversorger of surrogaatversorger in bepaalde omstandighede: "But when children are orphaned or abandoned and thus find themselves without families, the responsibility for fulfilling their socio-economic rights rests squarely on the State" (Sloth-Nielsen, 2002:25.)
Die staat het volgens die grondwet *twee* besondere verantwoordelikhede:

- Die verantwoordelikheid om te verseker dat kinders in gesinne met kinders as familiehoofde verbind word met een of ander vorm van ouer-, familie- of institusionele sorg;

- Dit het die verantwoordelikheid om die bronne te voorsien wat nodig is vir die oorlewing en ontwikkeling van die kinders.

"This means that ultimately the State has a constitutionally duty as a surrogate parent of such children to ensure that their basic needs are met" (Sloth–Nielsen, 2002:25.) Waar familie en gemeenskapsnetwerke nie verder kan nie, oorlaai word of ondersteuning nodig het, is die staat gereeld die laaste hoop. Daar is in hierdie verband verskeie maniere waarop die staat die situasie van kinders wat weerloos gelaat is deur MIV/Vigs, kan help verbeter (Forster, 2004:8):

- Werkskepping;
- Goeie gesondheidsorg;
- Gemeenskapsontwikkelingsprogramme;
- Voedingskemas;
- Voorsiening van toelaes;
- Verligting by die betaling van skoolgelde.

Familie- en kinder voordele in Suid-Afrika sluit tans die volgende in:

- Kinderondersteuningstoelae "Child Support Grant" CSG: Tans raak dit kinders onder 14 jaar;
- PleegsorgToelae "Foster Care Grant" FCG: Kinders wat deur die hof in pleegsorg geplaas is, is geregtig op hierdie toelae;
- Versorging Afhanklikheidstoelae "Care Dependency Grant" CDG: Dit is vir kinders met erge verstandelike of fisiese gebreke (Forster, 2004:8);
- Die staat het ook die sogenaamde "Social Relief of Distress": wat die vorm aanneem van tydelike bystand - in kontant of voedsel - vir mense wat dringend hulp nodig het om te oorleef.

Volgens UNAIDS (2006:12) het die persentasie kinders in pleegsorg elke jaar verminder, besonder die tussen 0 en 4 jaar. "The grant system expanded after 2002 in a way that should have made it easier for sick but living mothers to obtain a social grant" (UNAIDS, 2006:12.)

Die staat het begin om sy grondwetlike verantwoordelikheid na te kom ten opsigte van huishoudings met kinders as familiehoofde deur die "Nasional Integrated Plan for Children and Youth infected and affected with HIV/AIDS (NIP)" (Sloth-Nielsen, 2002:25).

Die plan is gebaseer op 'n tuisversorgingsmodel wat suksesvol in ander Afrika-lande gebruik is. Die model aanvaar dat kinders wat wees gelaat is as gevolg van MIV/Vigs besondere uitdagings het:

- Oorlewingsbedreigings;
- Bedreigings ten opsigte van veiligheid en sekuriteit;
- Behoeftes ten opsigte van selfaktualisering;
- Noodhulp en rousmart berading.

Die behoeftes word die beste aangespreek in ondersteunende gemeenskapsmilieu's.
"Community and home-based care models mostly use volunteers as the backbone of a care-giving strategy" (Sloth-Nielsen, 2002:25.)
Die staat as substituutversorger dra volgens die model die basiese verantwoordelikheid vir die welsyn van weeskinders en daarom moet sodanige tuisgebaseerde versorging materiële ondersteuning insluit om die oorlewing en ontwikkeling van weeskinders te verseker.

### 3.6.10 Versorging van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes

#### 3.6.10.1 Sosiale ondersteuning aan Versorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes

Alhoewel baie geleer is oor die effek van ondersteuning ter wille van gesondheid is min bekend oor hoe mense toegang tot ondersteuning kry (Turner *et al.,* 1998:137). Die saak is baie belangrik, want al is baie behoeftes dieselfde is daar groot verskil ten opsigte van die graad waarin ondersteuning beskikbaar is.
Ondersteuningsprosesse is deel van die alledaagse lewe, maar dit kom die beste aan die lig tydens periodes van buitengewone omstandighede van krisis en uitdaging. Stresbelaaide gebeure en omstandighede het die manier om sosiale netwerke te mobiliseer asook ondersteuningsprosesse te inisieer. Daarom kom dit duideliker tydens uitdagende tye aan die lig.
Volgens Turner *et al.* (1998:138) word die versorgersrol algemeen geassosieer met baie stres. Tog is daar rede om te glo dat versorgers met hoër vlakke van sosiale ondersteuning minder negatiewe uitkomste gaan beleef. Turner & Catania (1997) (soos aangehaal deur Turner *et al.*, 1998:138) het bevind dat ondersteuning ten opsigte van versorging, MIV/Vigs-versorgers se ervaring van las baie laat afneem het, veral tydens omstandighede van hoë versorgingsverwagtings. Die feit dat vigsversorgers ondersteuning behoort te geniet en dat die

beskikbaarheid van ondersteuning uitgebrei moet word, is vanselfsprekend (Turner *et al.*,1998:138). Die vraag is hoe hierdie pogings op die mees effektiewe wyse georganiseer kan word. Hierdie versorgers se omstandighede is ook uniek, aangesien hulle met eiesoortige situasies soos bv. die stigma van MIV/Vigs te doen het.

Die *sosiale konteks* van versorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes is ook uniek aangesien hulle vanuit 'n breër en meer diverse populasie as ander versorgers getrek word: "That is, while family caregivers usually involves the care of older individuals by those who are younger, in the case of AIDS it usually involves either generational peers or the older generation caring for the younger" (Turner et al., 1998:139.)

Bepalende omstandighede wat invloed kan hê op die beskikbaarheid van informele ondersteuning aan versorgers (Turner *et al*.,1998:139):

- *Die versorgers se posisie in die sosiale struktuur*: Dit dui op hulle sosiale en ekonomiese bronne. Mense met groter ekonomiese bronne en beter opleiding het gewoonlik groter sosiale netwerke.
- *Die verhouding van die versorgers ten opsigte van die ontvanger van versorging.*
- *Die situasievereistes en omstandighede van die versorging*: Namate die omstandighede van die versorgde verswak gaan die versorger al meer by ander hulp en ondersteuning soek. Dit kan so erg raak dat daar selfs uitbranding by die versorgde se helpers kan intree: "Given this possibility, increased need for support could instead reduce support over time" (Turner et al., 1998:140).
- *Die versorger se sosiale netwerk, ankers en integrasie in die gemeenskap*: Sonder genoegsame bronne beskikbaar, is dit ongelukkig ook waar dat die ervaring van ondersteuning van ander kwalik beleef kan word. Turner *et al.* (1998:141) stel ook dat daar rede is om te glo, dat bv. as gevolg van die stigma aan vigs verbonde en soos toestande vererger, kontak met familie en vriende kan afneem.
- *Die versorger se persoonlike bronne*: Mense met dieselfde omstandighede en posisie in die samelewing sal gewoonlik ook verskil in die mate wat hulle ondersteuning van ander ontvang en beleef. Mense se selfverstaan speel volgens Turner *et al.* (1998:141) 'n rol in die verduideliking van die individuele verskille.
- Turner *et al.* (1998:141) sê: "what one perceives and says about one's social environment may be a reflection of the way one is thinking about oneself."

- *Die versorger se aanwending van formele gemeenskapsdienste*: Wanneer die versorger bv. versorger ondersteuningsgroepe besoek of werkswinkels, kan die versorgers minder behoefte hê aan informele ondersteuning. Volgens Turner *et al.* (1998:141) kan informele ondersteuning en formele steundienste vir mekaar kompenseer.

Volgens Turner *et al.* (1998:149) kan emosionele en praktiese steun vir versorgers by vigs die verskil maak tussen om gesond en instaat te wees om met hulle taak voort te gaan of om siek en gestres te raak en op institusionele dienste te begin vertrou.

Die regte plek om substituutversorgers te kry waar albei ouers of een ouer gesterf het, is die *geloofsgemeenskappe*. Hier is families en individue reeds bekend en reeds in 'n ondersteuningstruktuur binne die gemeentes (Schutte, 2000:32).

*NRO's* is die volgende belangrike agent vir die identifisering van moontlike substituutmoeders of "support aunties". Sulke NRO's ken reeds baie vroue redelik goed wat met genoegsame materiële middele en emosionele ondersteuning, dalk 'n kind in nood kan inneem.

Dit is noodsaaklik dat die "ouers" of versorgers in een of ander *ondersteuningsgroep* bly of onderworpe is aan een of ander vorm van toesig of supervisie, alhoewel dit losserig/informeel gestruktureer kan wees. Schutte (2000:32) meld dat selfs met die uitdaging van tekort aan fondse, sy moeite doen om fondse te kry om versorgers eersteklas supervisie by 'n kliniese sielkundige te laat kry.

Wat emosionele vaardighede, opleiding en ondersteuning betref, kan dit deur doelmatig opgeleide kerkgroepe en NRO's gedoen word (Schutte, 2000:32). Kerke kan 'n nuwe visie en spiritualiteit ontwikkel van "versorging vir die versorger", "caring for the caregiver".

Omgee kan nie beperk word tot die geïnfekteerdes van MIV/Vigs nie, maar sluit ook die versorgers "caregivers" in. Fresen (2003:67) haal aan uit 'n gevallestudie van UNAIDS oor "Caring for the Carers." Die slotsom hierin is dat as dit kom by die versorging van mense met MIV/Vigs, is die belangrikste hulpbron wat 'n land het, die omgee, "compassion" van mense. Die beste programme word in van die armste lande en gemeenskappe gevind. Die versorging word gedoen deur die wat niks verdien vir hulle dienste nie. Hulle verval eerder in dieper armoede as gevolg van die tyd wat

hulle aan die saak spandeer: "Even for staff members of AIDS care organisations, the pay they receive is almost never the motivating factor for getting involved in this field..." (Fresen, 2003:67.)

Inherente stres en potensiële uitbranding by die versorgers van MIV/Vigs- geaffekteerdes en geïnfekteerdes is 'n potensiële werklikheid.

Daar is *vier* belangrike dinge wat nodig is in die bestuur van die simptome (Fresen, 2003:67,68):

- Die versterking van die kapasiteit van die versorger om met die take en verantwoordelikhede van die roluitlewing te kan leef. *Selfversorging* is 'n noodsaaklikheid by versorgers;
- Verseker dat die werksomstandighede, praktyke en beleid 'n ondersteunende omgewing is en nie in sigself 'n bron van stres is nie;
- Om nasionale beleid en wette te promoveer wat sensitief is ten opsigte van die behoeftes van versorgers;
- Opleiding ten opsigte van teologiese refleksie en die daarstel van ondersteuningsgroepe deur hulleself wat die teologiese refleksie sal voortsit. "This kind of spiritual nourishment and support is an essential part of the structures that we need to put in place in order to care for our caregivers" (Fresen, 2003:68).

Shelly (2000) skryf 'n hoofstuk oor "Caring for the caregiver": Hier gaan dit veral oor familieversorgers in die algemeen. Dit gaan dus nie *per sé* MIV/Vigs-geaffekteerdes se versorgers nie. Die beginsels in terme van die versorging van die versorgers is egter van belang. Wat dit relevant maak is dat Shelly 'n *vertrekpunt* vanuit die gemeenskap sowel as die gemeente of plaaslike kerk het. Die vraag wat sy vra, is: "How can we love the family caregivers in our congregation and our community as we love ourselves?" (Shelly, 2000:131.)

Sy noem vier belangrike beginsels (Shelly, 2000:131):

- Die gemeenskap kan tyd gee, bedoelende 'n paar uur waarin die versorger uit die situasie kan vertrek en iets anders gaan doen;
- Die gemeenskap kan vriendskap en ondersteuning gee;
- Die gemeenskap kan versorgers help om hulle eie behoeftes sowel as die behoeftes van die persoon in hulle versorging raak te sien en te identifiseer;
- Die gemeenskap kan bewus gemaak word van die ondersteunende bronne binne die kerk en gemeenskap wat die behoeftes van die versorgers kan ontmoet.

In die hulpverlening gaan dit met baie moeite en uitdagings gepaard. Soms moet die eie familielewe eers weer later in hulle lewens aandag geniet. Die rede daarvoor is die verlies van persoonlike vryheid en die angstigheid om die behoeftes van klein kinders finansieel, sielkundig en emosioneel te ontmoet.
Sulke versorgers word ook gefrustreer deur die gedragsprobleme van kinders en jongmense wat getraumatiseer is deur die reeks gebeure rakende hulle ouers se dood. Die volwassenes kan self ook getraumatiseer wees deur herhaalde sterftes in hulle families.

Versorgers het soms nie beheer oor die stressors wat deel van hulle omstandighede is nie (Fresen, 2003:67,68). Daar is dan maniere om die omstandighede te hanteer en selfs te groei, midde-in omstandighede en ten spyte daarvan. 'n Voorstel vir die plaaslike kerk, is om 'n span vrywilligers te organiseer om *geestelike versorging* te doen, wetende dat dit noukeurige assessering van die situasie, sowel as beplanning vra. Daarmee saam is *visie, opleiding en deurlopende bemoediging* noodsaaklik. "Even before the recruiting begins, you will need to determine all the aspects of the ministry you envision. Next, consider the gifts, skills, interests and expertise of individuals what might be interested in helping" (Shelly, 2000:159.)

So 'n *ondersteuningspan* kan volgens Shelly (2000:159) voorsiening maak vir mense met sterk interpersoonlike gawes. Ook mense met tegniese ondervinding kan in ander situasies gebruik word. Elke lid van so 'n groep moet getaak wees met 'n spesifieke werk en weet hoekom hy daarvoor getaak is. So 'n span kan verpleegsters wat deel van die gemeente is, geestelike werkers, opleidingspesialiste, koördineerders, rekenaarvaardiges en kunstenaars insluit. Selfs kategete en klasse kan ingesluit word.

*Geestelike visie* is baie belangrik in hulpverlening: "The Scripture provide insights into God's vision for our ministry. For instance, a group of nursing students was studying Matthew 25 and became convinced that God wanted them involved with serving the poor. They began to volunteer at a homeless shelter, where they did everything from washing dirty feet and serving meals to leading worship services and praying with individuals" (Shelly, 2000:162.)

Richter *et al.* (2004:18) wys op behoeftes wat volwasse versorgers, ouers en voogde kan hê en wat aangespreek behoort te word ten einde in staat te wees om kinders geaffekteer deur MIV/Vigs verder te versorg. Hierdie bevindinge is die gevolg van 'n ondersoek in Uganda:

- Bereik kinders, geaffekteer deur MIV/Vigs voor hulle weeskinders word en stel mense instaat wat met MIV/Vigs lewe om die vrese oor die toekomstige welsyn van hulle kinders aan te spreek;
- Verhoog die gemeenskapsbewustheid en aanspreeklikheid aangaande die eiendomsreg van vroue en kinders. Dis belangrik omdat meeste oorlewende versorgers vroue is;
- Spreek die kritiese gesondheidsbehoeftes van volwasse versorgers, insluitende voogde aan;
- Verhoog volwassene-tot-kind kommunikasie en voorsien berading oor ingewikkelde sake soos ouer - siekte, ouer - dood en seksvoorligting;
- Spreek die materiële behoeftes van MIV/Vigs-geaffekteerde huishoudings aan, selfs die wat gelei word deur MIV-positiewe ouers en *voogde*;
- Verbeter die moraal van kinders wat deur MIV/Vigs geaffekteer is deur hulle in die skool te hou en sport- en ontspanning fasiliteite beskikbaar te maak;
- As die kinders psigologies beter hanteer word skep dit 'n gemakliker omgewing vir die versorgers;
- Die aanspreek van stigmatisering en diskriminasie teen vigs-geaffekteerde volwassenes en kinders. Sulke strategieë kan gemeenskapsmonitering om swak behandeling van kinders van MIV/Vigs-huishoudings te voorkom insluit. Swak behandeling sluit in skinder, terg, verwaarloos en misbruik;
- "Involve future guardians in intervention efforts, including income-generation projects" (Richter, 2004:19.)

### 3.6.10.2 Salutogene benadering

Steenkamp se ondersoek na die belewinge van informele versorgers van MIV/Vigs-pasiënte bring die winspunt na vore dat die versorgingstaak nie slegs 'n negatiewe impak op versorgers het nie (Steenkamp, 2005:3). Daar is bevind dat versorgers 'n mate van persoonlike groei ervaar wat hulle met hulle ervarings in die versorgingsituasie in verband bring. Volgens Steenkamp (2005:3) hou die waarneming verband met die Positiewe Sielkunde of Psigofortologie (vgl. Pretorius, 2006) - 'n relatief nuwe beweging in die veld van sielkunde. *Dit gaan oor die vraag oor die mens se vermoë*

*om staande te bly te midde van die teenwoordigheid van stres.* Vanuit 'n salutogene benadering stel Steenkamp ondersoek in deur 'n studie wat kwalitatief ontleed is oor die informele versorgers se belewing van hul taak en hul vermoë om daarmee voort te gaan ten spyte van daaglikse blootstelling aan geweldig stresvolle omstandighede. Volgens Redelinghuys & Rothman (2005:466) fokus 'n salutogene paradigma op die *oorsprong van gesondheid* en is dit in kontras met die *patogene paradigma* wat fokus op die oorsprong van siekte. Pretorius (2006:6) stel dat Antonovsky (1979) die term "salutogenese" bekend gestel het. Dit is 'n neologisme wat saamgestel is uit die Latynse woord, *salus* wat "gesond" beteken en die Griekse woord "genesis" wat "oorsprong" of "begin" beteken. *Salutogenese dui op die soeke na die oorsprong van gesondheid* binne die totale funksionering van die mens, en meer spesifiek soek dit na die meganisme wat 'n persoon gebruik om gesond te bly, ten spyte van die teenwoordigheid van lewenseise en lewensstressors (Pretorius, 2006:6).

Volgens die salutogene benadering maak individue gebruik van "algemene weerstandsbronne" (AWH's) om die spanning geassosieer met stresvolle omstandighede te verlig (Steenkamp, 2005:4): "Die herhaaldelike suksesvolle hantering van stresvolle situasies en ervarings verwant aan die effektiewe aanwending van beskikbare AWH's oor tyd, dra by tot die ontwikkeling van 'n sterk koherensiesin... " (Steenkamp, 2005:5.) Koheresiesin bestaan dan uit drie onderskeibare faktore, nl. verstaanbaarheid, beheerbaarheid en betekenisvolheid (Steenkamp, 2005:5).

Steenkamp (2005:12) vertoon as deel van kwalitatiewe resultate, 'n frekwensietabel van 'n aantal faktore (AWH's) wat 'n positiewe invloed op versorgers se koherensiesin gehad het:

- Spiritualiteit;
- religieusiteit;
- toewyding tot en ondersteuning van pasiënte;
- gebruik van sosiale ondersteuning;
- insig in interpersoonlike situasies en eie belewenisse;
- internalisering van versorgingsproses;
- kennis van die siektetoestand;
- multidissiplinêre samewerking;
- empatie;
- stel van grense en geduld.


NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Steyn & Van den Berg (2005:733-751) beskryf die werking van 'n Pastoraal-narratiewe metode om lewensvaardighede by kankerpasiënte te identifiseer. Hierdie metode kan ook gesondheid bewerk te midde van baie stressors. Deur die gebruikmaking van dekonstruksie, eksternalisering en metafore van die verhale van pasiënte word volgens Steyn & Van den Berg (2005:735) pasiënte instaat gestel om nuwe lewensvaardighede te identifiseer en 'n kreatiewe lewensstorie te skryf. Menslike ervaringsmetafore word ingepas in God se groot verhaal. Hierdie metode word in die artikel toegepas op kankerpasiënte. Substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes beleef trauma op verskillende vlakke en 'n pastoraal-narratiewe benadering kan ook help dat die dominante storielyn wat probleemdeurdrenk is, van 'n tweede positiewe storielyn voorsien kan word met unieke positiewe uitkomste (Steyn & Van den Berg, 2005:736). Steyn (2006:175 -190) verduidelik ook in 'n artikel die ontwikkeling van 'n "Caring for the Caregiver CFC" program. Dit gaan oor 'n program gefokus op emosionele-, sosiale- en geestelike gesondheid. Steyn (2006:178) verwys na Wells en Turney (2001) se teorie dat stres as reaksie op langdurige trauma 'n onaangename ervaring van emosionele, psigologiese, sosiale en geestelike aard is wat met die vermoë om uit te hou, inmeng.
Hierdie faktore sou met groot vrug opgeneem kon word in die pastorale ondersteuningsprogram vir versorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes ten einde hulle te versterk ten opsigte van hulle taak.

Bauman *et al.* (2000:169) stel dat alle kinders (wesies) met 'n verskeidenheid risiko faktore ook nie noodwendig psigiatriese wanbalanse ontwikkel nie. Verskeie sulke kinders demonstreer dat hulle "stress resistant" is: "Factors that characterize resilient children and their families include:

- Biological (e.g. intelectual ability, development age);
- dispositional (e.g., use of pro-active coping strategies, self efficacy, and self esteem);
- family related (e.g., having a good stable relationship with at least one caregiver);
- community-related variabilities(e.g., school and educational climate; social support from outside the family, particularly at least one adult mentor or confidant)" (Bauman et al., 2000:169.)

### 3.6.10.3 Wederkerigheid "reciprocity"

Pearlin *et al.* (1995) (soos aangehaal deur Leblanc & Wight, 2000:631) skryf: "Reciprocity refers to the relative commensurateness of the rewards people receive from others with the rewards other confirm on them." Die beginsel van wederkerigheid en wisselwerking is volgens Leblanc & Wight

(2000:631) integraal deel van sosiale lewe. Dit lyk moontlik anders in vorm, maar is waarneembaar in alle gemeenskappe. Volgens Coulder (1960) (soos aangehaal deur Leblanc & Wight, 2000:631) kan daar situasies ontwikkel wat die wederkerigheid opskort of wysig, bv. wanneer een van die partye in hierdie interaksie op een of ander wyse verswak is. Ontvangers van versorging kan 'n "siek" rol aanneem of daarin ontwikkel wat veroorsaak dat wederkerigheid tot 'n hoë mate van so 'n persoon se kant, nie bestaan nie. In plaas van wederkerigheid kan versorgers hulleself bevind as die teiken van frustrasie of woede deur die pasiënt (Leblanc & Wight, 2000:631). Die wederkerigheid tussen naasbestaandes wat gebaseer is op langtermyn, tot aan die einde van hulle lewe is anders as bv. op ekonomiese terrein waar dit gaan oor gelykheid, direktheid en eietydse transaksies. Volgens Leblanc & Wight (2000:632) is 'n belangrike aspek van wederkerigheid by naasbestaandes dat hulle persepsie van mekaar is dat die ander sy beste binne vermoëns doen om 'n gebalanseerde verhouding in stand te hou. Persepsies dat daar ondersteuning is, is dan net so belangrik as werklike ondersteuning. Binne die situasie van MIV/Vigs is baie versorgers glad nie aan sorgontvangers verbind deur familiebande nie. Veral binne die raamwerk van homoseksuele verhoudinge is dit waar. Alhoewel hulle geliefdes as familie belewe, is omstandighede anders (Leblanc & Wight, 2000:632):

- Hulle kan die versorgersrol reeds vroeër aanneem as wat hulle verwag het.
- Histories, volgens Kayal (1993); Siegel & Kraus (1991) (soos aangehaal deur Leblanc & Wight, 2000:632) het hulle 'n groter risiko ten opsigte van vigs en
- Het hulle dalk al die verlies van 'n aantal vriende of geliefdes beleef.
- Die breër samelewing aanvaar nie hulle familiewees in die besondere situasie.

Volgens Leblanc & Wight (2000:633) beleef selfs versorgers wat aan MIV/Vigs-geaffekteerdes verwant is, die versorgingsrol as uniek:

- Soms is hulle ook op relatief jong leeftyd as broers of susters versorgers, terwyl hulle aan die begin van huwelike is of besig is met loopbaanontwikkeling.
- Soms is hulle ouers wat in middeljare as versorgers optree.
- Soms is dit ouers op gevorderde leeftyd wat vir kinders met MIV/Vigs as versorgers optree.
- Die stigma aan MIV/Vigs verbonde is volgens Snyder, Omoto & Crain (1999)(soos aangehaal deur Leblanc & Wight, 2000:633) sterk genoeg dat versorgers hulle rol as versorgers vir buitestanders verberg.
- Versorgers van vigs-geaffekteerdes bevind hulle maklik in 'n situasie van kroniese spanning. Volgens Leblanc & Wight (2000:633) het hierdie stressors negatiewe effek op hulle emosionele en psigiese gesondheid. Davey & Eggebeen (1998) (soos aangehaal deur

Leblanc & Wight, 2000:633) meen dat die veronderstelling dan is dat perseptuele wederkerigheid, nie alleen 'n gevolg insigself is nie, maar ook bepaler is van geestelike gesondheid by versorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes. Dis ook 'n saak van breër relevansie ten opsigte van sosiaal-psigologiese wisselwerking binne die familie.

Die omvattende gesondheid van die informele versorgingsgemeenskap is van uiterste belang vir navorsers en beleidmakers (Leblanc & Wight, 2000:633).

### 3.6.10.4 Gemeenskapsinisiatiewe

Onlangse navorsing in Oos-Afrika en Suid-Afrika het 'n hele netwerk van gemeenskapsreaksies blootgelê. Dit is reaksies wat geïnisieer is deur kerke, moskees, ander godsdienstige groepe en gemeenskapsgebaseerde organisasies (Forster, 2004:7). Die studie wys deur onderhoude met 690 geloofsgebaseerde organisasies dat meer as 9000 vrywilligers nagenoeg 156 000 weeskinders en weerlose kinders ondersteun. Hierdie gemeenskapsinisiatiewe ondersteun weerlose kinders deurdat *families* in staat gestel word om voort te gaan om weeskinders te versorg. Hoewel meeste van die inisiatiewe op klein skaal en baie plaaslik is, maak die akkumulatiewe effek van baie klein inisiatiewe 'n groot impak en dis nodig vir die groeiende getal weerlose kinders in die jare wat kom. Daar word egter baie geld daarvoor benodig. Min skenkers se skenkings is langtermyn, meeste is groter korttermyn skenkings. Baie toelaes het ongelukkig ook ingewikkelde en duur aansoek prosedures (Forster, 2004:7).

Die volgende is 'n lys met die soort van reaksie, asook die beskrywing daarvan. Dit is deel van 'n tabel (Forster, 2004:7). Dit handel oor gemeenskapsgebaseerde ondersteuningsaktiwiteite deur 505 geloofsgebaseerde organisasies:

- Godsdiens onderrig en geestelike ondersteuning: Geestelike ondersteuning aan families en kinders deur Bybellees, geloofsonderrig, sing en aanmoediging om aanbiddingsgeleenthede by te woon.
- Skool bystand: Skoolfooie, heffings, uniforms, toerusting, boeke, losiesfooie ens.
- Materiële ondersteuning: Noodsaaklike materiële ondersteuning soos kos en klere aan individuele huishoudings wat swaarkry.
- MIV voorkoming, Besoeke/Tuisversorging: Verhoog die bewussyn tov MIV en gee morele leiding aan kinders. Vrywilligers identifiseer behoeftige huishoudings in hulle omgewing,

gereelde besoek en gee raad tov huishoudelike toesig, maaltyd voorbereiding, landbou en inkomste generering.

- Psigososiale ondersteuning: Berading aan kinders.
- Mediese sorg: Help kinders om toegang te kry tot noodsaaklike medikasie.
- Inkomste generering/beroepsopleiding: Inisiatiewe om fondse te genereer of voorsiening van ervaring in die bestuur van projekte soos voeding, koop en verkoop en kleremaak.
- Dagsorgsentrums: Versorging gedurende die dag sowel as voeding aan voorskoolse kinders, terwyl versorgers werk.
- Gemeenskapskole en aanmoediging tot pleegsorg: Nie-formele opleidings geriewe vir kinders wat nie in die skool is nie en aanmoediging tot pleegsorg en aanneming van weeskinders deur nie-familie verwante.

### 3.6.11 Dood van versorgdes waar verligting ervaar word

Na my mening het dood 'n definitiewe invloed by substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes. Dit geld bv. waar 'n grootouer/s kleinkinders moet versorg en intussen deur afhandeling van rousmart moet kom. Daarom dat die volgende ingesluit word:

Aneshensel *et al.* (2004:422) veronderstel dat oorgang na 'n versorgersrol die begin kan wees van 'n nuwe lewensstyl wat in konflik is met die verwagtings van ander sosiale rolle, soos werksomstandighede en gemeenskapsbetrokkenheid. Dit kan kroniese rolstres veroorsaak of selfs veroorsaak dat ander rolle besondig word. As die dood dalk later jare die versorging beëindig, kan die impak steeds voortduur as gevolg van hierdie rolverwante omstandighede.

Versorging is inherent uitputtend. Tog is die mate waarin dit stres genereer deels afhanklik van die sosiale, psigologiese en ekonomiese bronne wat die versorger kan gebruik om die behoeftes te ontmoet. Volgens Bass & Bowman (1990)(soos aangehaal deur Aneshensel *et al.,* 2004:423) beïnvloed die byprodukte van langdurige versorging, in besonder kroniese roluitlewing en sosiale isolasie, die latere aanpassing by treurprosesse negatief.

Die sosiaal-psigologiese faktore vorm die konteks waarbinne die treurproses plaasvind en dit vorm die emosionele impak. Aneshensel *et al.* (2004:423) konkludeer dat die dood van die ontvanger van sorg tot stresverligting en emosionele beterskap by die versorger mag lei, veral die versorgers

wie se innerlike reserwes getap is as gevolg van vier-en-twintig uur, "hands on" versorging. Die hantering van die treurproses is dus van uiterste belang. "We also find that emosional well-being following death of the care-recipient is influenced by what has transpired previously during caregiving. Role overload is a pervasive stressor in the lives of many caregivers, and its influence on emosional well-being persists even after caregiving has ceased" (Aneshensel et al., 2004:438.)

Versorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes word deur die dood van hierdie versorgdes geaffekteer. Volgens Ferrell & Boyle (1992:128) is daar min studies wat fokus op die verstaan en ondersteuning van die bedroefdes van diegene wat aan vigs sterf. Volgens die huidige sosiale norme, sterf diegene wat aan vigs sterf 'n gestigmatiseerde dood. Die gevolg is dan dat die wat agterbly 'n gestigmatiseerde rouproses tegemoet gaan. Lindemann (1944)(soos aangehaal deur Ferrell & Boyle, 1992:128), beskryf treur as 'n duidelike sindroom met psigologiese en somatiese simptomatologie. Volgens hom behels die proses van rousmart drie belangrike fases:

- Losmaking van die afgestorwene;
- Aanpassing in die samelewing sonder die gestorwene;
- Die vorm van nuwe verhoudings.

Sommige hanteer die proses van rousmart redelik maklik, ander sukkel. Volgens Ferrell & Boyle (1992:128) is dit veral moeilik as daar 'n noue verhouding tussen die versorger en die versorgde bestaan het en wanneer familie en vriende nie beskikbaar was om te ondersteun nie. Volgens Broadhead *et al.,* (1983) & Vachon *et al.* (1982) (soos aangehaal deur Ferrell & Boyle, 1992:128) is sosiale ondersteuning 'n noodsaaklike element in die hantering van rousmart. Engel (1964)(soos aangehaal deur Ferrell & Boyle, 1992:128) vind dat die volgende faktore help met die suksesvolle hantering van die rouproses:

- Die bestaan van ander betekenisvolle verhoudings in die lewe van die treurende;
- Die aard en getal van vorige verliese;
- Die fisieke en psigologiese gesondheid van die treurende;
- Daarteenoor het Maddison (1968)(soos aangehaal deur Ferrell & Boyle, 1992:128) die negatiewe uitkomste van onafgehandelde rouprosesse ondersoek. Die risiko faktore is:
- Onder 45 jarige ouderdom;
- Ervaring van 'n groot aantal ongehanteerde behoeftes tydens die rouproses;
- Aanskouing van die geliefde se siekte en dood, veral as dit met intense lyding gepaard gegaan het;
- Die ervaring van ander krisisse in die tydperk van treur.

By vigsverwante sterftes word volgens Ferrell & Boyle (1992:128) die rouproses verder kompliseer deur die volgende faktore:

- Die vrees om die siekte te ontwikkel as gevolg van die blootstelling aan die oorledene. Dit versterk die individu se identifikasie met die oorledene;
- Die aard van die verhouding van die oorledene en die oorlewende;
- In die geval van 'n homoseksuele verhouding waar een oorlede is, kan die ander ervaar dat die gewone ondersteuning van vriende en familie ontbreek;
- Soms in die geval van bv. 'n homoseksuele verhouding kan hulle dit vermy om die ervaring van verlies te verbaliseer by ander, as gevolg van vrees vir verwerping.

### 3.6.12 AFLEIDINGS

- Verskillende substituutversorgers is deel van die omgewing van die plaaslike kerk. Dit kan wees:
  - Familieverwante, bv. grootouers;
  - Versorgers betrokke in institusionele sentra, bv. vigstehuise of kinderhuise;
  - Versorgers in huise van veiligheid wat privaat bedryf word en gemeenskapsondersteuning geniet;
  - Huise waar kinders as hoof van die huise optree;
  - Persone wat as pleegouers optree;
  - Mense wat toesig hou oor huise waar kinders aan die hoof van huishoudings staan.
- Sulke versorgers het behoeftes wat wyd strek.
- Daar bestaan verskeie gemeenskapsbronne, bv. maatskaplike werkers, dokters, sielkundiges en lidmate en groepe wat bemagtig kan word in hulpverlening.
- Die uitdagings lê op ekonomiese-, geestelike-, psigologiese-, opleidings- en emosionele vlak.
- Toekomsbeplanning van kinders behoort vroegtydig gedoen te word wanneer ouers aan MIV/Vigs ly.
- Toekomstige versorgers kan reeds vroeg geïdentifiseer word.
- Ondersteuningsgroepe is nodig vir substituutversorgers, veral waar kinders aan die hoof van huishoudings is. Wederkerigheid, inbou van AWH's, narratiewe en materiële ondersteuning lei tot bemagtiging van substituutversorgers.

- Die staat tree ook op as substituutversorger en moet sy rol verstaan en hulp verleen. Die uitgebreide gesin kan alleen deel van die oplossing ten opsigte van die baie vigsweeskinders wees as die gesinne genoegsaam deur die staat en die gemeenskap ondersteun word, sowel as deur ander sektore van die samelewing.
- As vigsweeskinders gesien word as aktiewe lede van die gemeenskap, eerder as net slagoffers, kan hulle lewensdoel en waardigheid kry. Baie kinders tree reeds op as hoofde van huisgesinne en as versorgers. Dit maak hulle deel van die oplossing, Hulle moet dus ondersteun word in die beplanning en uitvoering van pogings om die effek van vigs in hulle gemeenskappe en families te versag.

## 3.7 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PLAASLIKE KERK EN PASTORAAT

### 3.7.1 Funksie van Pastoraat

Tradisioneel is pastoraat as die kerk se versorgingsaksie aan mense gesien (Van Wyk, 2007:2). In effek was dit bediening van die ampte aan lidmate. In praktyk het dit in gemeentes die basiese versorging van lidmate behels, in besonder deur die pastor en ouderling. Dit is dan dinge soos huisbesoek, siekebesoek, krisispastoraat en sterwensbegeleiding (Van Wyk, 2007:2).

Pastoraat as bemagtigend:

- Pastorale sorg as ontmoeting tussen God en mens begelei mense om die bedoeling van die Woord in hulle lewe te verstaan (Kerugma). Volgens Vorster (1996:196) (soos aangehaal deur Lotter, 2000:229) moet die getuienis van die kerk in die wêreld die vertolking van die Woord wees wat loodreg op mense binne hulle lewenskonteks afkom.
- Pastoraat skep gemeenskap tussen mense (koinonia) en
- Spoor gelowiges aan tot diens in die wêreld (diakonia en marturia)(Van Wyk, 2007:2).

Pastoraat loop dus uit op die bemagtiging van gelowiges. Na die *vierde eeu* het pastoraat 'n publieke karakter gekry deurdat dit bygedra het tot die morele vorming van die samelewing.

### 3.7.2 Pastoraat binne missionale kerkwees

Met die opkoms van die *missionale teologie van die 20ste eeu* het daar 'n verskuiwing plaasgevind vanaf 'n instandhoudingsmodel van bediening aan lidmate na 'n gestuurde model van bediening. Hier word die lidmate die subjekte, die agente wat na die wêreld gestuur word (Van Wyk, 2007:2). Vanuit die hoek van "Missionale Kerkwees" sê Marais (2007:5): "Pastoraat word daarom verstaan as 'n beweging van die geloofsgemeenskap om oor grense heen (lees "gemarginaliseerdes" of "magteloses" in die samelewing) verhoudings te bou, te herstel en uit te bou tot respekvolle vertrouens verhoudings."

### 3.7.3 Definisie van Pastoraat

Buffel (2006:8) haal sy eie definisie van pastorale sorg aan uit Buffel (2004:40): "That multidimensional ministry of all believers in the church, which is concerned with the well-being of all God's people, be it as individuals or communities. In this ministry, which occurs in socio-economic, political and cultural contexts, each one is a brother or sister to the other. The all inclusive ministry of keeping each other or mutually taking care of each other takes the context of brother and sister into cognisance."

Volgens Buffel (2006:1) se uitgangspunt is *tradisionele* pastorale sorg nie effektief in die aanspreek van die uitdaging van MIV/Vigs nie. Dit is volgens hom omdat pastorale sorg en die kerk nie opgeleef het na die wese van die kerk as die liggaam van Christus nie. "This is also due to the fact that pastoral care has not taken the context of it's beneficiaries seriously, especially the African context" (Buffel, 2006:2.)

### 3.7.4 Pastoraat binne konteks

Louw (1995:29) stel dat pastorale versorging in Suid-Afrika meer Westers en Europees georiënteer is. In die verlede was berading geskoei op 'n Westerse lewensbeskouing.. Die persoon met eie individuele behoeftes was in die sentrum. "Empathy, self-actualisation, need-satisfaction, inner potentials and communication skills dominated the pastoral scene....the focus point still was the individual believer and personal faith relationships" (Louw, 1995:29.) Volgens Louw (1995:29) vereis die situasie in 'n veranderde Suid-Afrika die verandering van 'n individuele benadering binne pastorale sorg na 'n meer sistemiese benadering.

Die *kulturele konteks* van pastorale bediening is die volgende uitdaging: Ausberger (1986:36)(soos aangehaal deur Louw, 1995:29) is oortuig dat: "...when pastoral care wants to develop a cross-cultural awareness, we need interpathy." Dit gaan dan oor om "te voel met" en "te dink met" wat beteken om die ander se wêreld van verstaan binne te tree.

Pastorale bediening funksioneer op die grens tussen kerk en sosiale omgewing. Die uitdaging van MIV/Vigs maak die saak nog meer van uiterste belang (Louw, 1995:29).
Vigs word volgens Louw (1995:30) die sistemiese probleem waarmee gehandel behoort te word binne die kulturele konteks van die mense van Afrika:

- Afgesien van voorkoming en opleiding, behoort pastorale bediening te fokus op plaaslike gemeenskappe en hulle te help om ondersteuningsisteme te ontwikkel wat familie en bure kan ondersteun om in die toekoms as sleutelfigure te kan optree.
- "...pastoral care is forced to adopt an emergency approach which puts *all* the emphasis on the diaconic functions of the local church. Caregivers should operate on grass roots level and have to empower and equip lay people" (Louw, 1995:30.)
- Op die diensvlak sal die kerk ondersteuningsgroepe moet toerus en groepe instaat stel om vigspasiënte in die omgewing of gebied te versorg (Louw, 1995:43).

MIV/Vigs se gevolge is wyer is as net diegene wat geïnfekteer of geaffekteer is. Dis nie 'n private aangeleentheid nie. Dit affekteer die hele samelewing (Buffel, 2006:3). "... the response of the church has not been in line with it's nature as the one body of Christ that exists not only for itself, but exists also for others. If the church had responded appropriately, the pandemic would not have reached epidemic proportions" (Buffel, 2006:6.)

Terwyl die kerk se gesindheid gelydelik beter geword het ten opsigte van mense wat met MIV/Vigs lewe, bly die vroeëre optrede steeds die optrede van die oomblik (Buffel, 2006:6). Dit veroorsaak dat die kerk nie diegene met MIV/Vigs behoorlik pastoraal versorg nie. "There is therefore a need for critique pastoral care as sub-discipline of Practical Theology" (Buffel, 2006:9.) "If anything the church and its theology always come late to the party" (Buffel, 2006:6.) Dit is noodsaaklik dat daar 'n paradigma skuif kom ten opsigte van pastorale sorg om dit kontekstueel en bevrydend te maak. Dit moet veral van die kettings van Westerse individualistiese dominansie ontslae raak ten gunste van 'n meer sistemiese benadering wat deel is van die Afrika-kultuur. "In my view HIV/AIDS cannot

be privatised or individualised, as it is often pretended" (Buffel, 2006:11.) Die individu is deel van 'n groter geheel. 'n Persoon is deel van 'n netwerk van verhoudings met ander, ook die uitgebreide familie en die groter gemeenskap waarvan die kerk deel is. "This is in line with the "ubuntu" *concept according to which "a person is person because of other persons"* (Buffel, 2006:12.)

Pastorale bediening (ook ten opsigte van siekte en gesondheid binne Afrika-konteks) behoort 'n metamorfose te ondergaan, omdat in hierdie konteks verwantskappe in die sentrum staan en die individu op die periferie (Louw, 1995:33). Volgens Eybers (1991:207)(soos aangehaal deur Louw, 1995:33) moet versorgers altyd bewus wees van die verbintenis tussen die ontvangers van sorg, wat deel vorm van hulle kring en hulle verbintenis met die groter samelewing. Siekte en gesondheid is dus ook deel van 'n sisteembenadering waarin die geheel meer is as die dele. Daarmee saam moet die kerk haar ware Bybelse identiteit as liggaam van Christus opeis om doelmatig te reageer op die pastorale behoeftes van God se mense en veral die behoeftes van mense wat met MIV/Vigs lewe (Buffel, 2006:12).

Dalk is daar iets te leer by die bevrydingsteologie: "Like liberation theology, pastoral care also has to deal not so much with content as with the method of theologising in the face of our real life situation" (Buffel, 2006:15.) Dit is krities vir die ontwikkeling van 'n relevante model vir pastorale sorg. Volgens Lartey (2003:57) het die opkoms van die bevrydingsteologie groot invloed gehad op die wyse wat teologie wêreldwyd bestudeer is. Die model van pastorale sorg wat volgens die sosiale bevrydingsteologie geld, kan beskryf word as profeties ten opsigte van strukture en om die waarheid te praat teenoor mag. Die fokus hiervan is transformasie van gemeenskappe en mense. Die doel is 'n meer sosiaal regverdige en eweredige verspreiding van menslike en materiële bronne (Lartey, 2003:58).

Pastorale sorg moet die teorie en praktyk vanuit die ervaring van mense wat deur MIV/Vigs geraak word, ontwikkel (Buffel,2006:15). So is die teks belangrik, maar ook die mense as "lewende menslike dokumente" (Buffel, 2006:15). Gerkin se narratiewe hermeneutiese model is uiters belangrik ten opsigte van bediening aan MIV/Vigs- geaffekteerdes (Buffel, 2006:15). Volgens die model word daar genoeg aandag gegee aan menslike behoeftes in die pastorale sorg, maar ook aan die hele familie en gemeenskap. Die model het ook baie gemeen met die Afrika wêreldbeeld en sistemiese benadering. Dit kan baie bruikbaar wees vir die kerk se pastorale reaksie ten opsigte van mense wat met MIV/Vigs lewe.

Riglyne vir pastorale bediening binne Afrika-konteks:

- Die sogenaamde outoritêre missionêre patroon, waarin die Westerse model geld as superieur en die Afrika-model as ondergeskik, moet teen gewaak word. Die gevolg volgens Taylor (1983:281)(soos aangehaal deur Louw, 1995:40) is: "Pastoral care then develops an aloofness which results in distance."
- Die mistiese dimensie van lewe moet mee rekening gehou word. Die mistieke vlak werk eerder met die hoekom as die hoe en aanvaar invloede van heksery of goddelike of voorvaderlike invloede as deel van die oorsaak (Louw, 1995:40).
- Dis belangrik dat die mens benader moet word as 'n eenheid. Antropologie en sielkunde binne 'n Afrika-konteks moet nie 'n bloudruk wees van Amerikaanse psigologie.

Die *siek* persoon in Afrika konteks is 'n *siek persoon*: Dit beteken die volledige persoon saam met sy netwerk van verhoudings ervaar onewewig. Hierdie totale mens moet versorg word in 'n sistemiese benadering. Die totale omgewing is 'n ketting wat terug gevolg kan word tot by die voorvaders en vorentoe in die toekoms in. Die totale wanbalans veroorsaak deur siekte moet aangespreek word (Louw, 1995:41). "In the Zulu caring system a discease is an indication of unhealthy individual- or communal life. If a person is sick, the whole kinship is sick" (Moila, 2000:21.) Die Zulu se gesondheid is bv. nie net 'n saak van fisieke pyn van die individu nie. Dis 'n saak van geestelike en spirituele pyn van die hele groep waartoe 'n siek persoon behoort. "A knowledge of the Zulu or African caring system is of the utmost importance if we are serious about caring for people infected of affected by AIDS in the African context" (Moila, 2000:21.)

Die Christelike boodskap van hoop is so nodig in Afrika met al die lyding en veral die hoë voorkoms van MIV/Vigs. Mashau (2008) se Teologie van Hoop en Begeleiding "Theology of Hope and Accompaniment" met die klem op die "daar wees" is baie relevant in Afrika-konteks. Dit gaan oor omvattende begeleiding van MIV/Vigs-geaffekteerdes (Mashau, 2008:31). Hierdie Teologie van Hoop en Begeleiding is 'n teologie wat daarna strewe om die lewe van God se mense te midde van siekte en dood te bevestig op grond van die opstandingskrag van Jesus Christus. Jesus het Homself nie alleen met mens in hulle skande identifiseer nie, maar hulle ook begelei in hulle wêreld van lyding tot Hy aan die kruis gehang en ook weer opgestaan het. Daardeur het Hy lewe gewaarborg vir die diegene wat met Hom identifiseer.

Lartey (2003:168) skryf dat as toepaslike dienste in 'n multikulturele samelewing gelewer wil word, maak dit net sin dat die aard en behoeftes van die betrokke kulturele gemeenskappe verstaan behoort te word. Gesonde rasseverhoudings binne gemeenskappe moet gebaseer wees op kennis en informasie oor die groepe wat deel van die gemeenskap uitmaak.

### 3.7.5 Die rol van die kerk in pastoraat

Smit (1996)(soos aangehaal deur Hendriks *et al.*, 2004:381) beskryf *ses* gestaltes van die kerk as 'n operasionele konsep:

Die kerk is:

- 'n Aanbiddende gemeenskap;
- plaaslike kerk, bedoelende "gemeente";
- denominasie;
- ekumeniese liggaam - aantal kerke saam met gemeenskaplike doel;
- lidmate, betrokke as vrywilligers in vrywilliger organisasies, siviele inisiatiewe en assosiasies;
- individuele lidmate wat in lyn met die waardes van die Christendom lewe in hulle daaglikse lewe.

Volgens Hendriks *et al.* (2004:381) het die "Eenheid vir Religieuse Demografiese Navorsing" (URDR), Universiteit van Stellenbosch, besef dat die oplossing vir die armoede vraagstuk *tweeledig* is:

- Dit het 'n menslike gesig en data is nodig vir die totale prentjie van die probleem;
- Dit kan alleen aangespreek word as alle betrokke partye in die samelewing kan netwerk, saamwerk, bemagtig is en gemotiveerd is om die probleem aan te spreek. Die insette van plaaslike gemeenskappe is noodsaaklik.

Die kerk is die magtigste en invloedrykste nie-regeringsorganisasie. In Suid-Afrika is daar ongeveer 33 000 Christelike gemeentes en die infrastruktuur van die kerk bereik letterlik al die uithoeke van die land (Hendriks *et al.*, 2004:382). As geloofsgebaseerde gemeenskappe behoort dit elke huishouding te bereik. Volgens Bowers & August (2004:416) het die Tweede Carnegie Verslag in verband met armoede en ontwikkeling in Suidelike-Afrika gesê dat organisasies buite die staat goeie organisasies vir verandering is. Onder hierdie organisasies was die *kerk*. Die kerk

kan nie alleen 'n rol speel in morele transformasie nie, maar ook in die weerstand teen dominering in die sosiale omgewing (Bowers & August, 2004:417). Dis volgens Herbert (2003:92)(soos aangehaal deur Bowers & August, 2004:417) omdat studies ook bevind dat godsdienstige organisasies die deelnemende gemeenskap koester waarvan die samelewing afhanklik is. Die Tweede Carnegie Verslag dui ook aan dat alhoewel die kerk groot dinge doen, sy nog steeds nie genoegsaam slaag ten opsigte van die uitdagings wat haar omring nie (Bowers & August, 2004:417).

Daar is twee belangrike hindernisse (Hendriks *et al.*, 2004:382):

- Gemeentes weet nie wat in hulle eie omgewing gebeur nie en
- Gemeentes het nie al die inligting om 'n verskil te maak in verbruikersvriendelike formaat nie.

'n *Derde* kan bygevoeg word vanuit die bevindinge van die Tweede Carnegie Verslag: Dit is die dualistiese spiritualisering van die Evangelie: "...hope to the life hereafter and has the same effects as valium...tends to buttress rather than challenge the status quo" (Nash, 1984) (soos aangehaal deur Bowers & August, 2004:418.)

Die kerk is 'n voorbeeld van 'n *openbare organisasie* wat in 'n oop sekulêre samelewing met die staat en besigheid kompeteer vir plek in die openbare arena.

Die kerk is ook *vrywilligerorganisasie* en vorm deel van sulke organisasies. Sulke organisasies spesialiseer in die mag van konsensus en mense wat inkoop/identifiseer met die visie en waardes daarvan. Deelnemers bly daaraan verbonde totdat hulle hulleself deur die organisasie gerealiseer het.

Die mag van so 'n organisasie en dus ook die kerk lê in die visie, waardes, onafhanklikheid en dienste wat hulle lewer om die omgewing se lewenskwaliteit te verbeter (Hendriks *et al.* 2004:382).

Die kerk is ook 'n *agent vir ontwikkeling* (Hendriks *et al.*, 2004:385). Tradisioneel was die kerk altyd betrokke in die bediening van barmhartigheid. Dit fokus op mense se onmiddelike nood soos kos, behuising, mediese dienste, bv. voor en na rampe. Die kerk het die beste netwerke, plaaslik en internasionaal om hierdie dienste te lewer. Kerke sal egter beter moet presteer as net die verligting van omstandighede. Kerke behoort strategieë te ontwikkel van plaaslike en nasionale beginsels (Hendriks *et al.* 2004:386).

'n Ander kritiek (Bowers & August, 2004:419), gaan nie of die kerk by sosiale bediening betrokke is nie, *maar oor die aard* daarvan. Sosiale *uitreik gaan dan oor* sopkombuise, kospakkies vir die

armes en besoeke aan ouetehuise of kinderhuise of verder die bestuur van welsynorganisasies, kinderhuise, skole, skuilings en ouetehuise. Dis die "versorgingsbenadering" en die "institusionele" benadering volgens Kritzinger (1996:4,5) (soos aangehaal deur Bowers & August, 2004:419). Die kritiek is dat dit geen *holistiese* benadering is nie, maar *paternalisme*. Die kerk as doener van ontwikkeling, ontwikkel dan gewoon in afhanklikheid (Bowers & August, 2004:419). Wat regtig nodig is, is gemeenskapsbemagtiging in 'n holistiese benadering (eie opmerking).

### 3.7.6 Pastorale sorg as bemagtiging

"Pastorale sorg as bemagtiging" (Lartey, 2003:58), fokus op die feit dat daar iets goed, van waarde, binne mense is soos hulle nou is. Bemagtiging beteken dan dat daar gebou word op die bestaande sterkpunte by mense eerder as op swakpunte: "The task of pastoral care under this model is the "drawing out" and "building up" of the unnoticed strenghs and resources within and around people and communities" (Lartey, 2003:58.)

Volgens Botman (1996:508) deel die kerk van vandag met Jesus en die vroeë kerk die desperaatheid van die behoeftiges en die neerslagtigheid van die armes. Nou, soos in die tyd van Jesus, word die kerk opgeroep, nie alleen om konflik te oorleef nie, maar om die behoeftiges en armes te dien.

Daar is *drie* doelstellings vir die kerk as die aktiwiteite mensgesentreerd (hulle behoeftes aanspreek); volhoubaar; bemagtigend is vir die kerk en die ontvangers van hulp:

- As vrywilliger organisasie moet die kerk fokus op visie en waardes.
- Kerke behoort nuwe kundigheid aan te leer wat hulle goeie rolspelers op die gebied van ontwikkeling kan maak.
- Die metafoor vir transformasie is volgens Guder (1999)(soos aangehaal deur Hendriks *et al.*, 2004:386) "inkarnasie". Die kerk moet 'n teenwoordigheid binne gemeenskappe hê. Soms is dit makliker om van veraf te help. Hoe verder egter, hoe minder invloed.

Oladipo (2000:146,147)(soos aangehaal deur Bowers & August, 2004:420) stel: "The fact that it is non-partisan and situated in a fixed place (as it serves the entire community and usually has an existing building structure) and furthermore conforms to a moral order of checks and balances, ensures that the local congregation is perfectly situated for community transformation."

Brown & Hendriks (2004:403) het 'n artikel gepubliseer wat gebaseer is op 'n D.Th. studie wat ten doel gehad het om vas te stel, op 'n prakties-teologiese wyse, hoe die golf tussen die gemeente (plaaslike kerk) en die vigsgemeenskap oorgesteek kan word deur tuisversorging as voertuig van verandering te gebruik. Die inleidende deel, eerder as die resultate is vir hierdie studie bruikbaar. Twee vrae was van belang:

- Kan die negatiewe gesindhede, vooroordeel en optrede van baie in die kerk teenoor mense wat aan MIV/Vigs ly, verander word deur korrekte inligting van die pandemie met die demonstrering van die liefde van Christus en omgee vir die MIV/Vigs-gemeenskap as uitkoms?
- Kan die liefdevolle uitreik van die kerk, in navolging van Christus se opdrag tot liefde, die persepsie van diegene in die MIV/Vigs gemeenskap verander om nie meer die kerk as koud en liefdeloos te belewe nie maar eerder as 'n bron van hoop en liefde?

Die uitgangspunt was dat die kerk as fondament van die werk betrokke sou wees met as verdere uitkoms, dat deur die fokus op die kerk en die werk wat deur die kerk gedoen word, die potensiaal daargestel sal word vir 'n voortgaande lewensvatbare program wat die mense wat betrokke geraak het, tot eienaarskap sou lei (Brown & Hendriks, 2004:403). Dus met bemagtiging van die betrokkenes in die oog. Lotter (2000:229) sê dat in die proses van versoening (die kerk is agent vir versoening - eie opmerking), moet ander bemagtig word om self te kan inisiatief neem in die samelewing. Dit gaan dan nie net oor politieke en morele bemagtiging nie, maar enige soort bemagtiging wat versoening teweeg bring.

Navorsing het bewys dat kerke wat in lyn met hulle eie geskiedenis, visie en missie werk, en wat nie met programme funksioneer wat vreemd aan hulle aanvaarbare prosedures is nie, minder radikale, maar meer voorspelbare en suksesvolle uitkomste sou hê (Brown & Hendriks, 2004:403).

Volgens Brennan (1998:138) het 'n persoon wat aan MIV/Vigs ly, se geestelike en godsdienstige ingesteldheid 'n groot impak op die staande bly. Kennis van iemand se geestelike en godsdienstige verstaan van dood en sterwensproses, kan help in die aanspreek van behoeftes. Geloof kan 'n groot bron van krag wees ten tye van die rou/trauma proses.

Daar is 'n geskiedenis, vanuit die geloofsgemeenskap van veroordeling van MIV, homoseksualiteit, dwelmgebruik en verslawing wat mense met MIV/Vigs soms keer om hulp te soek by hulle kerk of plek van aanbidding. Tog is dit so dat baie kerke en kapelaansdienste dienste beskikbaar stel deur vigsdiensorganisasies, hospitale en hospice programme. Baie kerke en geloofsgroepe voorsien

ondersteunende pastorale sorg en ondersteuning. Maatskaplike werkers behoort ook sulke bronne in hulle omgewing te ken.

### 3.7.7 AFLEIDINGS

- Tradisioneel was pastoraat gesien as die versorgingaksie van die kerk aan gelowiges. Dit moes mense aanspoor om die Woord se impak in hulle lewe te vertolk, het gemeenskap tussen mense geskep en gelowiges aangespoor tot diens aan die wêreld.
- "Pastoraal" het egter in praktyk beteken versorging van lidmate deur die ampte.
- Missionale teologie skep ruimte vir die emansipasie van die lidmaat en beweging oor alle grense heen. Dis gegrond op herstel en verhoudings.
- Die konteks van die kerk in Suid-Afrika is ook Afrika. Pastoraal beteken dit 'n wegbeweeg van alleen Westerse individualisme na 'n kontekstuele verstaan van Afrika- sisteemdenke. Dit beteken kruis kulturele bewussyn.
- Die sosiale omgewing is vir die kerk as organisme, maar ook as organisasie 'n werklikheid. Saam daarmee die besef van die impak van MIV/Vigs op die gemeenskap.
- Diensfunksies op grondvlak raak al hoe belangriker. So ook die toerusting van gewone lidmate ten opsigte van versorgers en versorging.
- Die ontstaan van ondersteuningsgroepe en die toerusting van hulle sowel as bemagtiging van hulle is noodsaaklik in die plaaslike kerk. Kleingroepe binne die kerk is effektiewe ondersteuningsgroepe.
- Dit veronderstel ook wegbeweeg van stigmatisering van MIV/Vigs in die kerk.
- Die kerk moet weer haar ware Bybelse identiteit opeis as liggaam van Christus om doelmatig te reageer op die pastorale behoeftes van God se mense wat met MIV/Vigs lewe.
- Die transformasie van gemeenskappe en mense is belangrik.
- Die kerk is die magtigste nie-regeringsorganisasie met onbeperkte infrastruktuur en grondvlak kontak. Die kerk moet deel van 'n netwerkspan wees om verandering teweeg te bring.
- Die kerk moet oppas vir die gevaar van 'n nuwe paternalisme wat in 'n post- moderne tyd uitgedien is. Gemeenskap- en gemeentebemagtiging is sleutelbegrippe.

## 3.8 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP KLEINGROEPE

### 3.8.1 Inleiding

Neighbour (2008:4) sê dat om "kerk te doen" in kleingroepe, Bybels is. Kleingroepe kan gemaklik *twee* dinge doen: Ten eerste om die Groot gebod (Mark. 12 : 30) en tweedens die Groot opdrag (Matt. 28 : 18 - 20) uit te leef. Kleingroepe weerspieël die balans in die vroeë kerk in Handelinge 2 as Christene van huis tot huis brood gebreek het (kleingroep) en op naweke in die tempel byeengekom het (naweekbyeenkoms) (Neighbour, 2008:4). Die versorging van siekes en weduwees en wese, armes, gevangenes in tronke en gasvryheid aan reisigers was deel van die uitdrukking van medemenslike sorgsaamheid in die vroeë kerk (Matt. 25 : 36) (Wasserman, 1997:265). Die praktiese uitlewing van dié gesindheid sou myns insiens deel wees van 'n vroeg kerklike sisteem gebaseer op kleingroepe. Volgens Icenogle (1994:263) het Jesus die dissipels geleer om mense wat honger is in kleingroepe te voed, bv. Luk. 9 : 13: "Gee julle hulle iets om te eet." Die dissipels is geleer om mense in intieme gemeenskappe te bedien. Die opdeel van skares was 'n parallel vir die verdeling van die post-Pinkster skare in Jerusalem in kleiner groepe vir die deel van brood (Icenogle,1994:263).

In die volgende paragrawe word in meer detail op kleingroepe ingegaan omdat kleingroepe op gedifferensieerde wyse gebruik, ruimte skep vir die bemagtiging van gelowiges in die uitlewing van hulle pastorale verantwoordelikheid binne die kerk. Dit skep in lyn met die vroeë kerk se optrede geleentheid vir die omvattende aanspreek van nood. Dit skep ruimte vir die pastorale bemagtiging van lidmate van die plaaslike kerk.

Volgens Minnie (2003:266) is daar behoefte aan 'n studie ten opsigte van kleingroep-ondersteuning in die kerk aan persone geïnfekteer en geaffekteer deur MIV/Vigs.

### 3.8.2 Kleingroepe algemeen

Kleingroepe is al beskryf en bestudeer vanuit 'n verskeidenheid kontekste soos werkgroepe, partytjies en ander gebeure-gebaseerde of sosiale situasies. Volgens Anon (2007) val meeste kleingroepe onder een of meer van die volgende groepe:

- Taakgroep: Soos 'n komitee-byeenkoms, daargestel ter wille van 'n bepaalde taak soos 'n skoolbeheerliggaam. So 'n taakgroep funksioneer ter wille van bepaalde take (Borchers, 1999). Die taakdimensie word dus beklemtoon. Hulle gooi hulle kundigheid saam om 'n taak af te handel.
- Verhoudingsgroep: Meer vir die plesier van ander, soos bv. 'n gourmet klub (Borchers,1999).
- Invloedsgroep: Fokus veral op die verbetering van 'n persoon self en diegene rondom die persoon. So 'n groep het ook invloed op mekaar.

Die term "kleingroep" kan oor 'n wye spektrum van dissiplines soos sport, psigologie, teologie en kultuur gebruik word: "Enige groepie mense, gewoonlik as deel van 'n groter groep kan dui op 'n kleingroep" (Van Heyningen, 1999:35.)

Volgens Anon (2007) sou 'n definisie rondom die volgende karaktertrekke van 'n groep daargestel kan word:

- Interafhanklikheid wat binne 'n groep oor tyd heen ontwikkel;
- Die mate waarin kommunikasiepatrone tussen lede voorspelbaar word;
- Totstandkoming van 'n struktuur van rolle en norme;
- Die funksies (in die sin van strukturele funksionalisme) uitgevoer deur die groep;
- Die mate waarin die groep groeplede se behoeftes bevredig en hulle beloon;
- Die mate waarin groeplede hulleself beleef as deel van die groep.

Pogings om tussen groot- en kleingroepe te onderskei is arbitrêr en wissel dus van persoon tot persoon (Anon, 2007). Volgens die sosiale psigoloog, Robert Bales, (2007) verskil kleingroepe van grootgroepe daarin dat deelnemers aan kleingroepe mekaar se teenwoordigheid kan onthou. Borchers (1999) definieer 'n kleingroep as 'n groep wat minstens drie lede het, maar nie meer as twaalf of vyftien lede nie. Met drie lede kan daar minstens 'n koalisie gevorm word en dan is daar een of ander vorm van organisasie. 'n Groep van meer as twaalf of vyftien inhibeer die groep se vermoë om met elke lid van die groep te kommunikeer. Verder behoort 'n kleingroep ook 'n gemeenskaplike doel te hê en hulle werk dus om die doel te bereik. Die doel bring die groep bymekaar en hou hulle ook bymekaar in tye van konflik en spanning. Steyn & Uys (2001:11) meld dat mense mekaar nodig het, omdat hulle doelstellings van so 'n aard is dat hulle dit nie sonder die ander kan realiseer nie. Volgens GBOD (2008) hang die effektiwiteit van 'n kleingroep af van die mate waarin die groep hulle doel verstaan en in die mate waarin hulle hulleself verantwoordelik beleef ten opsigte van die doel. Mills (1984:vii) skryf vanuit die sosiologie oor kleingroepe. Volgens hom is groepe doelmatige sisteme wat nie alleen op die praktiese dag tot dag behoeftes,

maar ook in wisselende grade ten opsigte van die vervulling van die dieper behoeftes en die realisering van belangrike waardes reageer. Groepslewe is volgens Steyn & Uys (2001:11) 'n alomteenwoordige verskynsel en 'n kernaspek van die natuurlike maatskaplike ordelikheid in die moderne samelewing.

Mills (1984:2) onderskei tussen primêre en sekondêre groepe:
'n *Primêre* groep is 'n groep wat lank genoeg bestaan om sterk emosionele bande tussen groeplede te ontwikkel. So 'n groep ontwikkel 'n subkultuur van sy eie wat 'n beeld van die groep as 'n geheel het asook 'n informele normatiewe sisteem wat die groep-relevante aksies as lede beheer. Of omstandighede maklik of moeilik is, groeplede bly aan mekaar verbonde. Dis 'n persoonlike verlies vir die ander as een lid die groep verlaat. Mense gaan tot groepsaktiwiteite oor, omdat daar in groepskonteks in twee fundamentele behoeftes van individue voorsien word, naamlik intimiteit en emosionele warmte (Steyn & Uys, 2001:13). Verder word hulle doelstellings ook deur koöperering met mekaar gerealiseer. Emosionele sekuriteit en sosiale integrasie is fundamentele behoeftes by die mens. Volgens Steyn & Uys (2001:15) is sommige groepe meer in staat om in emosionele behoeftes te voorsien terwyl nader meer van hulp is by betekenisvolle sosiale aktiwiteite en projekte. Ander kan dalk in minder of meerdere mate in albei behoeftes voorsien.

'n *Sekondêre* groep is volgens Mills (1984:2) 'n groep met grotendeels ekstrinsieke waarde. Die groep word georganiseer om 'n opdrag klaar te kry. Hulle resultaat is objekte of dienste wat *wisselwaarde* het, gewoonlik tot voordeel van buitestanders. Hulle tree op volgens standaarde van effektiwiteit en uitnemendheid wat belangriker as persoonlike gevoelens of verhoudings is. Lede is gewoonlik ook vervangbaar in die diens van hoë kwaliteit groepsoptrede. So 'n groep kan 'n operasiespan of ruimtevaartspan of strykkwartet wees.

Vir die doeleindes van die studie word gefokus op kleingroepe soos binne die teologie bestaan. Van Heyningen (1999:35) meen dat dit belangrik is om van kleingroepe, ook op ander terreine kennis te neem aangesien sekere kleingroepdinamika en beginsels universeel geld.

### 3.8.3 Wat is 'n Christelike kleingroep?

'n Christelike kleingroep is volgens Oostenbrink & Lotter (1999:7) 'n groepie van 4 - 15 gelowiges wat weekliks of tweeweekliks bymekaar kom. Die belangrike redes vir die byeenkoms is:

- Lewensgemeenskap met God en met mekaar;

- Onderlinge opbou;
- Diens of getuienislewering in die gemeente en samelewing.

"'n Kleingroep wil in dieselfde gesindheid van die vroeë Christelike kerk (vgl. Hand. 2 : 43 - 47) die Here dien en van sy liefde getuig en hulle lewens met mekaar deel" (Oostenbrink & Lotter, 1999:7.)

Arnold (1992:9; Icenogle, 1994:69) definieer 'n kerklike kleingroep as 'n doelbewuste samekoms van 3 - 12 mense wat hulleself verbind het om saam te werk om beter dissipels van Jesus Christus te word. Volgens Steyn & Uys (2001:41) is die basiese sleutelkwaliteit van die kleingroep dat dit klein genoeg moet wees sodat elke lid met elke ander lid in direkte aangesig tot aangesig interaksie kan verkeer. Die sleutelwoorde is dan:

- verbintenis;
- samewerking;
- dissipelskap.

Dit gaan oor meer as die kort byeenkoms (Oostenbrink & Lotter, 1999:7). Dit gaan om lewensgemeenskap, kerkwees en dat Christenwees 'n heelweeklewe is. Icenogle (1994:68) noem die kleingroep 'n "van aangesig-tot-aangesig gemeenskap" met God en met ander. Dis die ruimte waar God mense vanuit hulle ruimtes roep tot sinvolle gemeenskap.

Binne die teologie of kerklike lewe is die volgende verskillende kleingroepe onderskeibaar (Van Heyningen, 1999:35):

- Pastorale groepe waar mense met 'n bepaalde probleem in groepsverband hulp ontvang;
- Bybelstudiegroepe waar die klem val op die studie van die Woord;
- Diensgroepe waar dit gaan om dienslewering deur 'n bepaalde groepie mense;
- Belangegroepe waar mense met dieselfde belange en/ouderdom mekaar ondersteun en saam verkeer.

Arnold (1992:9) noem ook die volgende:

Gebedsgroepe, sendinggroepe, omgeegroepe, evangelisasiespanne, kerklike bedieningskomitees, nuwe lidmaatgroepe, huiskerke, ens.

Kleingroepe kan onder verskillende benaminge resorteer (Van Heyningen, 1999:36): selgroepe, omgeegroepe, selgemeentes.

Ander noem dit ook groeigroepe (Ned. Geref. Kerk, Roodekrans).

Vir die doeleindes van die studie word hoofsaaklik van "kleingroepe" gepraat om so omvattend moontlik te wees.

Die gemene deler is die verbintenis om die proses van groei as dissipels te deel (Arnold, 1992:9).

'n Kleingroep is ook meer as net 'n Bybelstudiegroep. Bybelstudie en veral die uitleg is deel van so 'n byeenkoms. Dit behels egter ook onderlinge sorg, diens, aanbidding en getuienis (Oostenbrink & Lotter, 1999:7). Dit betrek 'n groot verskeidenheid van mense met verskillende gawes en ouderdomme ( 1 Kor. 12 : 20) wat baie vir mekaar kan beteken.

### 3.8.4 Kleingroepe binne Skrif en Kerk

#### 3.8.4.1Die Vroeë Kerk

Die tyd in die vroeë kerk, na die uitstorting van die Heilige Gees was 'n tyd vol opgewondenheid (Arnold, 1992:18). Dit was 'n tyd van vinnige groei ten spyte van die vervolging van die Christene. Petrus se preek in Handelinge 2 het 3000 bekeerlinge op een dag die kerk ingebring. Arnold (1992:18) stel dat die kerk van die begin af in groter groepe saamgekom het vir gesamentlike aanbidding, maar kleingroepe het ook 'n belangrike rol gespeel in die lewe van die kerk. Apostels het van huis tot huis gegaan en kleingroepe ontmoet soos hulle geleer en dissipels gemaak het (Hand. 5 : 42). Mense het in huise saamgekom en saam geëet en van die geleentheid gebruik gemaak om mekaar te bemoedig en hulle geloof in gehoorsaamheid uit te leef. Die vroeë dissipels het in groepe ontmoet wat klein genoeg was om in huise in te pas. Dit was ook deel van die kerklike oorlewing. Die kerk kon oorleef en groei sonder groot geboue en massabyeenkomste (Arnold,1992:19).

Die Drie-enige God is in Homself reeds 'n kleingroep (Carstens, 2006; vgl. Joh. 17 : 21v). Die mens as beelddraer van God kan alleenlik sinvol voortbestaan deur in verhouding met ander te wees.

Van Heyningen (1999:36 - 40; Carstens, 2006) verwys na die volgende beginsels van kleingroepe in die Skrif:

- *Oikos of huis*: Dit dui op 'n uitgebreide gesin wat slawe en familie kon insluit. Dit was ook belangrik as Ou-Testamentiese eenheid vir verbondsonderrig (Deut. 6 : 1 – 9). Jesus het volgens Van Heyningen (1999:16) met die oikos gewerk en het baie van Jesus se

bedieninge in huise en onder huisgroepe plaasgevind. Dit geld ook die vroeë Christelike kerk waar daar naas grootgroep byeenkomste bv. by die tempel en sinagoges ook by huise byeengekom is (Hand. 2 : 46).

- *Sinagoges*: Die meeste van die Christelike gemeentes het vanuit die sinagoge ontstaan en het die praktyke van die sinagoge oorgeneem. Slegs 10 mense was nodig om 'n nuwe sinagoge te begin. Die gewoonte om as klein groepie by die sinagoge bymekaar te kom, is ook deur Christelike gemeentes oorgeneem.
- *Die twaalf dissipels van Jesus Christus*: Die dissipels was die groep wat deur Jesus se woorde onderrig is, maar ook gevorm is deur in 'n intieme verhouding met Hom saam te leef (Van Heyningen, 1999:37). Ander (soos die 72 van Lukas 10 :1) het ook vir Jesus gevolg, maar dit was veral die twaalf wat besonder belangrik was in Jesus se bediening. Volgens Van Heyningen (1999:39) was daar in die klein dissipelkring geleentheid vir onderrig en kon hulle leer deur te beleef hoe Jesus Christus leef. Die gemeenskaplike band tussen die dissipels was volgens Icenogle (1994:131) die *persoon* van Jesus self. Sy saamwees met die twaalf kon so 'n heterogene groep soos hulle was saambind tot 'n eenheid.
- *Huisgemeentes in die Nuwe Testament*: Christene het dikwels in huise byeengekom (Hand. 1 : 3; 2 : 46; 5 : 42; 20 : 7; 20 : 20). Die eerste Christelike gemeentes was nie uit los individue saamgestel nie, maar uit die mees basiese seleenhede van die gemeenskap, nl. die huisgesinne (Van Heyningen, 1999:39). Die huisgemeentes was nie teenoor die plaaslike gemeente nie, maar 'n belangrike basis vir die bou van die gemeente. Icenogle (1994:126) sê dat Jesus op individue en kleingroepe gefokus het: "..his intention was to the few because he loved the many."
- Die tempel, simbool van die Here se teenwoordigheid onder sy volk, is in 70nC verwoes (Oostenbrink & Lotter, 1999:16). Paulus sê in 1 Kor. 3 : 16 dat die gelowiges die tempel van God is. Godsdiens moet dan nie gebougesentreerd beleef word nie, want gelowiges vorm saam die huis van die Here (Ef. 2 : 22). Die Here se teenwoordigheid kan op 'n besondere manier in die geloofsgemeenskap "gesien" en beleef word (Matt. 18 : 20). Tot in die derde eeu was daar nie werklik kerkgeboue nie. By huisbyeenkomste is gelowiges deur mekaar se geloof versterk en het hulle mekaar met hulle gawes bedien en opgebou.

### 3.8.4.2 Kerkgroei

Toe kommunisme in die 1950's aan bewind gekom het in China is die sendelinge uitgegooi. Dertig jaar later, in die 1980's, toe die deure oopgaan, was daar tussen 30 en 100 miljoen Christene in China. "Like the early church, the Chinese church relied on prayer and the "house church" for its survival and growth" (Arnold, 1992:19.)

Green (2004:xi) vra die vraag in die inleiding van sy boek, hoe die Christendom in Sub- Sahara Afrika en Latyns-Amerika so kan groei, terwyl Christendom vroeër deur sommige as Westerse kolonialisme verwerp is. Hoe versprei die sektore die Evangelie? Dit word gedoen deur vriendskap, kleingroepe en informele byeenkomste in huise. Ook in die Weste kry groot kerke en katedrale nie meer aftrek in 'n post -moderne tydvak nie.

Daar is niks vreemds aan selkerke nie (Green, 2004:xi). Dis nie maar net die nuutste gier nie, dis niks minder nie as oorspronklike Christendom. Dis een van die mees effektiewe uitdrukkings van die Nuwe-Testamentiese kerk. Volgens Green (2004:xi) wys Romeine 16 dat dit is hoe die kerk in die eerste eeu georganiseer was. Daar is nie teken van die pous nie, maar wel van huiskerke oraloor. Selle is een van die vinnigste wyses van groei omdat die sel die primêre situasie is vir omgee/versorging. Daar ontwikkel hegte vriendskappe. Nood word daar bekend, daar word voor gebid en ontmoet. Dit is nie afhanklik van groot kerkgeboue nie, 'n huis is ideaal en dis nie bedreigend vir nuwelinge nie (Green, 2004:xii).

Daar was 'n sterk Joodse tradisie van die uitgebreide familie wat al die aspekte van die lewe van God se mense uitgedruk het (Green, 2004:41). Aanbidding en die leer van die geloofstradisie was sentraal in die daaglikse, weeklikse en jaarlikse siklusse van die familielewe. Die Christelike uitgebreide familie, οικος, wat hierdie stroom gevolg het, het die belangrikste aspek in sending geword in die vorming en voortgaande vernuwing van die volgende geslag tot die visie en waardes van God se verbondsvolk. Die uitgebreide familie was die plek waar hulle ontdek het hoe om die Bybelse beginsels toe te pas vir 'n heilige en gedissiplineerde lewenstyl (Green, 2004:41).

### 3.8.5 Voordele van kleingroepe

#### 3.8.5.1 Spiritualiteit

Kleingroepe bied 'n potensiële antwoord vir die ware Bybelse spiritualiteit in hierdie tyd en situasie (Oostenbrink & Lotter, 1999:27).

Oostenbrink (1996:59v) stel in 'n hoofstuk ondersoek in op watter wyse kleingroepe spiritualiteit kan fasiliteer om sodoende bepaalde behoeftes van die hedendaagse mens relevant en tot eer van God aan te spreek.

"Spiritualiteit" is die gangbare woord vir belewing en uitlewing van iemand se Christenskap. "Gereformeerde spiritualiteit beskryf hoe gelowiges in die teenwoordigheid van God, in gemeenskap met Hom en medegelowiges as getuies in hierdie wêreld lewe" (Oostenbrink & Lotter, 1999:14,15.)

Gereformeerde spiritualiteit fokus op die volgende (Oostenbrink & Lotter,1999:15):
Die hele lewe in die kragveld van die Here se teenwoordigheid *(coram Deo)*. Uit hierdie sentrale dimensie is daar drie uitvloeisels:

- Luisterende en aanbiddende gemeenskap met God;
- Liefdesgemeenskap met medegelowiges;
- Die gelowige se nuutgemaakte lewe as getuienis in hierdie wêreld.

By kleingroepe gaan dit veral oor gelowiges se liefdesgemeenskap met mekaar.



Volgens Oostenbrink & Lotter (1999:17; Carstens, 2006) gaan ware kerkwees oor gemeenskap, oor liefdevolle verhoudinge. Koinonia is die praktiese uitlewing van die mens se verhouding tot God en sy verhouding tot sy naaste. Die diepste fundering van die koinonia word in God self gevind. Dit word veral gevind in God se openbaring van Homself as drie Persone in Een Wese (Gen. 1 :26; Joh. 17; 2 Kor. 13 : 13 en Ef. 2 : 18). Die basis van ware koinonia word dan in God gevind. Die basis van ware koinonia tussen God en mens word gevind in God se versoeningsdaad in Christus. Die koinonia werk ook deur om tussen mens en mens beleef te word. Dit word sigbaar in menslike verhoudinge en veral in die klein kring waar aanvaar kan word en liefgehê kan word (Oostenbrink & Lotter, 1999:18). Kleingroepbediening binne die gemeente sou onder die bedieningsgestalte van "gemeenskap van die gelowiges (koinonia)" resorteer. Kleingroepe in gemeentes wat dinamies en in getalle en geestelik groei, vorm 'n belangrike deel van gemeentestrategie (Nel, 1994, soos na verwys deur Oostenbrink & Lotter, 2002:544). Icenogle (1994:) stel dat waar daar nie gemeenskap is nie, daar nie bediening kan wees nie en waar daar geen bediening is nie kan daar ook nie gemeenskap wees nie. Koinonia is volgens Kirkpatrick (1995:6) 'n "evangelizing fellowship". Dit beteken dan lewe vir jouself en vir ander. So 'n groep is 'n aantreklike eenheid vir diegene wat buite staan. Liefde vir mekaar is tot die voordeel van diegene in die kerk en trek die wat buite staan aan (Kirkpatrick , 1995:6; vgl. Hand. 2 : 47). Die "mekaar" opdragte van Paulus word volgens Oostenbrink & Lotter (1999:19) deur Gene Getz in twaalf aktiwiteite saamgevat:

- Wees mekaar se lede;
- Wees toegewyd aan mekaar;
- Betoon teenoor mekaar eerbied en respek;
- Wees eensgesind teenoor mekaar;
- Aanvaar mekaar;
- Vermaan mekaar;
- Groet mekaar;
- Dien mekaar;
- Wees geduldig met mekaar;
- Dra mekaar se laste;
- Wees aan mekaar onderdanig;
- Bemoedig mekaar.

Spiritualiteit vind nie in 'n lugleegte plaas nie. Die historiese en kulturele konteks waarbinne 'n geloofsgemeenskap lewe, het 'n invloed op die ontplooiing van hulle spiritualiteit. Oostenbrink

(1996:60 - 74) onderskei faktore in die breë samelewing, faktore binne die kerk en faktore van die hedendaagse mens se psigologiese ingesteldheid.

Een van die redes waarom mense probleme ondervind om in die tradisionele kerkopset spiritualiteit te beleef, is omdat mense se mensheid en hulle sosiale- en emosionele behoeftes buite rekening gelaat word (Oostenbrink & Lotter, 1999:21). As die behoeftes nie aangespreek word nie, word die kerk as liefdeloos beleef en God as ver beleef. "Toegepas op die kleingroep beteken spiritualiteit dat 'n groepie gelowiges bymekaarkom in die teenwoordigheid van God. Hulle beleef die Here se teenwoordigheid daar in die kleingroep deur mekaar se liefde en praktiese omgee" (Oostenbrink & Lotter, 1999:21.) Volgens Cartens (2006) lei koinonia tot diakonia (diens).

Oostenbrink & Lotter (1999:27) bespreek *vyf redes* waarom kleingroepe werk. Hierdie redes verteenwoordig *geestelike en emosionele* behoeftes:

- Kleingroepe skep ruimtes om na God te luister;
- Dis 'n ruimte vir geloofsgemeenskap(koinonia);
- Dit kan sosio-emosionele behoeftes aanspreek;
- Dit kan funksioneer as oop kanale na - en vir die wêreld.
- 'n Potensiële antwoord vir die ware Bybelse spiritualiteit in hierdie tyd en situasie.

Ten opsigte van 'n hulp in die pastorale bediening van die plaaslike kerk in situasies van nood is die volgende belangrik:

- Die aanspreek van sosio-emosionele behoeftes deur 'n kleingroep;
- Die funksionering van die kleingroep as oop kanaal na - en van die wêreld;
- *Die kleingroep as potensiële antwoord vir die ware Bybelse spiritualiteit in hierdie tyd en* situasie.

### 3.8.5.2 Die aanspreek van sosio-emosionele behoeftes deur die kleingroep

Carstens (2006) noem dat groeplede mekaar kan help om hulle gawes (charismata) te ontdek. Die gawes en indiensstelling ontwikkel binne die groep en daar kan hulle mekaar dien.
Binne die groep vind daar genesingsprosesse plaas deur begrip en verstaan. Daar kom herstel van seerkry deur luister en begeleiding. Groeplede dra mekaar se laste deur moeilike tye veral deur emosionele bystand.
Die grootte van die kleingroep en die persoonlike aanslag daarvan, help dat mense en hulle sosiale- *en emosionele behoeftes raakgesien en aangespreek kan word. Dit lei daartoe dat die*

geloofsgemeenskap (kleingroep en gemeente) as warm en lewend beleef word met God as naby. In sulke omstandighede is koherente gesondheid moontlik (eie opmerking). Mense word in sulke omstandighede emosioneel heel en geestelik gesond (Oostenbrink & Lotter, 1999:30,31).

#### 3.8.5.3 Die funksionering van die kleingroep as oop kanaal na - en van die wêreld

Dit is noodsaaklik vir gelowiges, kleingroepe en gemeentes om uit te deel. Wanneer net ontvang word en nie gegee of uitgereik word nie, raak mense geestelik dood.

Volgens Oostenbrink & Lotter (1999:31) kan kleingroeplede binne die konteks van die kleingroep mekaar help om in hulle alledaagse lewe Christenskap in woord en daad uit te leef. Wanneer die kleingroep 'n gerigtheid na buite het, kan hulle mekaar help om die behoeftes in die samelewing raak te sien en dienend en getuigend betrokke te raak.

Die kleingroep dien as hawe om nuwe bekeerlinge te ontvang. Ongelowiges kan nadergetrek word, sodat hulle in die netwerk van liefdevolle verhoudings van God se liefde bewus word.

Om as gelowiges in die wêreld staande te bly, het God gelowiges aan mekaar gegee om mekaar in diepgaande verhoudinge aan te moedig en te versterk asook mekaar toe te rus en vir mekaar te bid (Heb. 10 : 24 - 25; Ef. 6 : 18 - 20; Hand. 4 : 23 - 31). Gelowiges moet mekaar se omstandighede ken en met vrymoedigheid met mekaar daaroor praat (Oostenbrink & Lotter, 1999:31).

### 3.8.6 Die kleingroep as potensiële antwoord vir die ware Bybelse spiritualiteit in hierdie tyd en situasie.

Binne onsekerhede wat met oorgangstye in Suid-Afrika en globaal gepaard gaan, soek mense sekuriteit en geborgenheid. Kleingroepe bied sekuriteit binne medemensverhoudinge, maar ook in die gemeenskaplike verhouding met God. Die groepbelewing in die groep kan volgens Oostenbrink & Lotter (1999:31) lewensin, perspektief en sekuriteit gee. Lede beleef in hulle omstandighede dat God met hulle is. Een van die krisisse van gelowiges is 'n dualistiese soort godsdiensbelewenis waar godsdiens net in party geestelike hokkies en vakkies van die lewe inpas, maar niks te sê het vir die res van die praktyk van die lewe nie. Kleingroeplewe is heelweeklewe. Die kleingroepbyeenkoms en die Sondag se erediens beïnvloed die lede se totale lewe. So word Christenwees relevant vir die daaglikse lewe. Kleingroeplede help mekaar om die regte besluite te neem asook om dit deur te voer. Die voorbeeld wat Oostenbrink & Lotter (1999:32) hier noem is

van die enkelouer wat haar werk verloor het en ander kleingroeplede wat vir haar en haar kinders gesorg het tot sy weer werk gekry het. Kleingroeplede is vir mekaar herders en wagters.
Ray (1982:42 - 52) beskryf 'n aantal punte waarin die kleingroep ("kleinkerk") van die "groot kerk" sou verskil. Dit is juis hierdie punte wat definisie aan die kleingroep gee:

- Kleingroep is die algemene verwagtings van die lede;
- Die kleingroep is 'n groep waar almal mekaar ken;
- Die kleingroeplede ken mekaar nie net nie, maar daar is ook 'n "familie" ervaring;
- Die funksionering in die kleingroep is eenvoudig, eerder as ingewikkeld;
- Die identiteit van 'n kleingroep is in die kollektiewe persoonlikheid en ervaring eerder as in die program;
- Die kleingroep staan op 'n gedeelde verlede en is verbind aan 'n gedeelde toekoms;
- In kleingroepe word teologie verstaan en geleef in persoonlike en verhoudingsmatige patrone, eerder as sistemies, akademies en teoreties;
- Sending word in kleingroepe verstaan en geïmplementeer in persoonlike en onmiddellike terme;
- In kleingroepe word geestelike leiers as persone gesien, eerder as stereotipes, spesialiste of administrateurs.

Die basiese roeping vir 'n kleingroep is om basiese Christelike gemeenskappe te ontwikkel. Omdat ware koinonia in kleingroepe die beste sigbaar is, is 'n kleingroep effektief as dit minder as vyftien lede het (Neighbour, 2000:113).

### 3.8.7 AFLEIDINGS

- Kleingroepe is besondere eenhede waardeur die kerk deur die eeue haar roeping kon uitleef.
- Kleingroepe vorm besondere eenhede waarbinne koinonia of egte geloofsgemeenskap en diens aan God, aan mekaar en aan die wêreld kan plaasvind.
- Kleingroepe is besondere groei- en helingseenhede waarbinne egte kerkwees beleef kan word, maar waar daar ook 'n gerigtheid is op die groter kerk.

# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE STUDIE EN NAVORSINGSRESULTATE

## 4.1 NAVORSINGSVRAAG

Hoe kan die plaaslike kerk haar pastorale taak ten opsigte van die substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes na behore uitvoer?

Om hierdie vraag sinvol in hierdie hoofstuk te beantwoord moet die volgende vraag beantwoord word as onderdeel van die sentrale navorsingsvraag:
Watter perspektiewe bied empiriese navorsing deur middel van onderhoude op die belewing en uitdagings van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes in hulle betrokkenheid by geaffekteerdes wat deur die plaaslike kerk op pastorale vlak aangespreek behoort te word?

## 4.2 DOELSTELLING

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes en hulle uitdagings asook die pastorale bediening van die plaaslike kerk ten opsigte van hulle, empiries deur middel van kwalitatiewe (narratiewe) studie te bestudeer.

Die resultate van hierdie studie sal verwerk word en saam met die resultate van die metateoretiese ondersoek en basisteoretiese ondersoek gebruik word vir die daarstelling van 'n funksionele praktykteorie wat deur die plaaslike kerk gebruik kan word.

## 4.3 KWANTITATIEWE- EN KWALITATIEWE NAVORSING

Enige handeling geskied in tyd en ruimte met eie konteks wat deur verskeie faktore veroorsaak word. Empiriese studie bring die inligting waardeur bogenoemde faktore duidelik gemaak word.

Dit help verder met die ontwikkeling van hermeneutiese en strategiese teorieë. "Empiries" wys dat wetenskaplike kennis gebaseer is op *ervaring* (Heitink, 1999:221).

'n Empiriese benadering alleen soos in die religieuse studies is nie genoeg nie. Die normatiewe eise van die Christelike geloof speel eweneens 'n belangrike rol in die Praktiese Teologie (Heitink, 1999:221). Daarom dat die basisteoretiese bevindinge met die metateoretiese- en empiriese bevindinge in gesprek gaan om 'n nuwe praksis daar te stel.

Praktiese Teologie sou die vertrekpunt kon hê van die werklike ervaringe van mense en die situasie van kerk en samelewing. Hierdie ervaringe sou aan die normatiewe teorieë verbind kon word om sodoende reg te laat geskied aan die empiriese data (Heilink, 1999:221).

Die navorsingsproses in 'n eenvoudige studie binne die praktiese teologie behoort soos volg te ontwikkel : "...this normativity may be expressed in the first phase in the process of developing a theological theory, in the second phase in designing the questionnaire and the interpretation of the data, and in the last phase in formulating the suggestions for actions" (Heitink, 1999:232.)

Die teologiese refleksie van die prakties-teologiese ondersoek kan drie vorme aanneem (Pieterse, 1993:188):

- Die terugkoppeling van die bevindinge na die oorspronklike teologiese teorie waaruit die ondersoek gedoen is. In die geval van die studie, die basisteoretiese beginsels gegrond op teologiese tradisie en in besonder die Skrifopenbaring soos in Matt. 25 : 31 - 46 en ander ondersteunende tekste.
- 'n Teologiese interpretasie van die saak waaroor ondersoek gedoen word, in die geval van die studie die omstandighede van die substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes. Dit geskied dan aan die hand van die konkrete konteks wat in die empiriese ondersoek vasgestel is.
- Die teologiese refleksie op die metodologie na aanleiding van die pas voltooide studie.

Die empiriese resultate wys die ondersoeker op die konkrete werklikheid soos dit nou in die religieuse ervaring van moderne mense voorkom. Die konkrete konteks verskaf 'n nuwe konteks waarbinne mense teologiseer oor die spesifieke probleem. Die hermeneutiese proses kan tot nuwe insigte lei - selfs oor ons verstaan van God.

### 4.3.1 Kwantitatiewe benadering

Volgens Mouton & Marais (1992:158) kan 'n kwantitatiewe benadering beskryf word as: "daardie benadering in geesteswetenskaplike navorsing wat meer geformaliseer, sowel as eksplisiet gekontroleerd is, met 'n reikwydte wat meer presies afgebaken is en relatief ná aan die natuurwetenskappe se benaderings geleë is." Kwantitatiewe navorsing fokus eerder op groter eenhede (monsters, voorbeelde). 'n Kwantitatief georiënteerde navorser sal probeer om sy konsepte so te kies of te skep dat dit net een betekenis kan hê (Mouton & Marais, 1992:164). So 'n navorser sal ook vooraf toon hoe hy die konsep of konstruk sigbaar gaan maak. Daar sal 'n eksplisiete operasionele definisie van 'n konsep gegee moet word. "'n Operasionele definisie is 'n beskrywing van die handelinge wat gevolg moet word om 'n konsep uiteindelik te meet" (Mouton & Marais, 1992:164.)

### 4.3.2 Kwalitatiewe benadering

"Kwalitatiewe benadering is daardie benadering waarvan die prosedures nie so streng geformaliseer en geëkspliseer is nie, terwyl die reikwydte meer grensloos is en op 'n meer filosofiese wyse te werk gegaan word" (Mouton & Marais, 1992:159.)

Kwalitatiewe navorsers fokus in diepte op kleiner versamelings, selfs enkel gevalle, wat versigtig geselekteer is (Kuzel, 1999:33.)

"In qualitative research, which typically uses field or documentary /historical research styles, sampling is driven by a need not to generalize or predict, but rather by a need to create and test new interpretations" (Kuzel, 1999:34.) Die navorser sal dan die kern van die inligting verkry, eerder wil verruim om 'n verskeidenheid van werklikhede bloot te lê en 'n dieper verstaan te skep. Die steekproefgrootte in kwalitatiewe studie, is volgens Kuzel (1999:34) baie klein.

Navorsers wil hulle vrae op 'n versigtige sistematiese wyse antwoord. Daar is egter te veel bronne van inligting beskikbaar om te bestudeer as wat hulle naastenby kan hanteer. Die uitdaging is om vertroue te hê dat dit wat gekies is, genoegsaam en toepaslik is (Kuzel,1999:33).

Volgens Mouton & Marais (1992:164) is *konsepte* en *konstrukte* betekenisvolle woorde wat in eie reg ontleed moet word om sodoende tot verdieping van die begrip oor 'n bepaalde verskynsel te kom. Uit die betekenisrykheid van die konsep word die verskynsel dan ondersoek.



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

#### 4.3.2.1 Eienskappe van kwalitatiewe waarneming

Daar word gekies vir kwalitatiewe benadering en slegs die eienskappe van kwalitatiewe benadering (Mouton & Marais,1992:166), word hier gegee:

- "Subjektiverend" en persoonlik beleef;
- Navorser is betrokke in gebeure/verskynsels;
- Spontaan en toevallige voorbeelde;
- Geskied op nie-gestruktureerde wyse;
- Oop, sodat enige onverwagte gebeure geregistreer kan word;
- Kontekstualiserend, dit wil sê die konteks word verreken;
- Deelnemende waarneming as voorbeeld.

#### 4.3.2.2 Versameling van data binne kwalitatiewe ondersoek (Wat)

Arkava & Lane (1983:27) (soos aangehaal deur De Vos, 1998:191) sê die datamonster is die element van die bevolking wat oorweeg word vir insluiting in die studie. Dit kan ook gesien word as verteenwoordigende dele van die bevolking waarin belanggestel word. Die datamonster word bestudeer om die bevolking waaruit dit kom, te verstaan. Die versameling word dan nie as doel in sigself beskryf nie, maar as 'n wyse om 'n bepaalde faset van die bevolking te verklaar (Powers *et al.*, 1985:235) (soos aangehaal deur De Vos, 1998:191).

Ten opsigte van die "wat" wat binne 'n kwalitatiewe ondersoek versamel moet word, verwys Kuzel (1999:36,37) na studies van Miller, Yanoshik *et al.* (1994) en Addison (1992). Kuzel (1999:37) se tabel wys op gebeure, persone, artikels, aktiwiteit en tyd. Kuzel (1999:37) verwys ook na Spradley (1980): "The "what" may include events, places, persons, artifacts, activity and time."
Die studies illustreer ook twee versamelingskonsepte, nl. "toepaslikheid en doelmatigheid". Om te kies tussen die moontlikhede is 'n uitdaging.

### 4.3.3 Metode van dataversameling

Die *kwalitatiewe navorser* moet nie alleen die vraag vra na die "wat" wat versamel moet word nie, maar ook na die "hoé": "This includes considering whether to observe (settings, events of activities), examine (artifacts) or interview (individuals or groups)" (Kuzel, 1999:38.) Volgens Kuzel

(1999:38) moet die navorser ook oorweeg volgens watter metode, dit wat hy sien, hoor en dink, versamel moet word, deur byvoorbeeld:

- video opnames;
- klankopnames;
- notas;
- dagboeke.

Vir die doeleiendes van die ondersoek na "Die pastorale bediening van die plaaslike kerk aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes", is gekies vir *klankopnames* en die onderhoude met die substituutversorgers gevoer met 'n "SPEED-LINK PDR3" digitale stemopnemer. Dit beskik oor 'n rekenaarverbindingsfunksie vir laai en aflaai van stemlêers van stemme.

Die *doelmatigheidsvraag* moet gevra word: "Is the sampling strategy consitent with the purpose of the inquiry?" Kuzel (1999:38.) Patton (1990) (soos aangehaal deur Kuzel, 1999:39) gee 16 tipes van kwalitatiewe versamelingstrategieë. In hierdie studie word dit net kursories genoem:
"Maximum ("Multiple") variation, Homogeneous, Critical case, Theoretical, Confirming/disconfirming, Snowball or chain, Extreme or deviant case, Typical case, Intensity, Politically important cases, Random purposeful, Stratified purposeful, Criterion, Opportunistic, Combination or mixed, Convenience."
Daar word vir die studiedoeleindes besluit op 'n "maksimum variasie versameling".

### 4.3.4 Maksimum(multi) variasie versameling strategie

"Maximum variation sampling" "Maksimum variasie versameling" word gebruik wanneer gepoog word om die breedste spektrum van informasie en perspektief op die onderwerp van die studie te kry (Kuzel,1999:39). Binne hierdie model is die navorser besig om deurlopend sy vooropgesteldheid ten opsigte van die studie onderwerp doelgerig te toets. "This also mitigates against the tendency to make the "messiness" of reality appear unduly "neat and tidy". Maximum variation sampling appeals particularly to the investigator who values critical/ecological enquiry), for the views of the powerful as well as the disenfranchised are represented" (Kuzel, 1999:39.) Volgens hierdie kategorie word voorsiening gemaak daarvoor dat ook gevra kan word: "Who do

you know who thinks differently about this topic?" (Kuzel, 1999:40.) Dit bied die moontlikheid van wyer opinies. Versorging van MIV/Vigs-geaffekteerdes kom in 'n verskeidenheid van gemeenskappe voor wat die ondersoek variasie gee. Wat op een plek geld, geld nie noodwendig reglynig ook op ander plekke nie.

Dit kom baie ooreen met wat Strydom & De Vos (soos aangehaal deur De Vos, 1998:199) "dimensional samples" noem. Dit is 'n multidimensionele vorm van kwota versameling. Dis dan belangrik om al die variasies in die bevolking wat van belang is in die ondersoek te spesifiseer, en dat elke dimensie deur minstens een geval verteenwoordig word. Dit beteken dat slegs enkel gevalle in diepte bestudeer word. Die metode maak dit moontlik om die verskillende variasie moontlikhede suksesvol te kan opvang.

#### 4.3.4.1 Keuse vir "a multidimensional form of quota sampling" of "maksimum variasie versameling strategie".

In die studie, "Die pastorale bediening van die plaaslike kerk aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes", is die volgende gevalle verteenwoordigend van die variasiemoontlikhede van verskillende substituutversorgers:

- 'n *Grootouer* in 'n rolstoel wat 'n kind versorg waarvan die moeder aan MIV/Vigs oorlede is en die vader totaal verdwyn het.
- 'n *Tante* wat kinders versorg waarvan die ouers as gevolg van MIV/Vigs gesterf het en waar die ouma, wat die aanvanklike substituutversorger was, oorlede is.
- 'n *Grootmoeder* wat na drie kleindogters kyk waarvan die moeder oorlede is en die spanning van stigma, verbonde aan MIV/Vigs beleef.
- 'n *Kliniekversorger* by Sparrows Ministries waar ook kinders wie se ouers as gevolg van MIV/Vigs oorlede is, maar wat self ook MIV-positief is, versorg word.
- 'n *Egpaar* wat in 'n bo-gemiddelde woonbuurt in Roodepoort woon en hulle huis as "Huis van Veiligheid" beskikbaar gestel het, waar ook kinders wat wees gelaat is as gevolg van MIV/Vigs, versorg word.
- 'n *Kind* wat as hoof van 'n gesin optree waar die ouers as gevolg van MIV/Vigs oorlede is.

#### 4.3.4.2 Diepte onderhoud

Sosiale rolle in die onderhoud

Die wyse van "Maksimum variasie versameling strategie" ter wille van hierdie studie geskied deur diepte onderhoud - "Depth Interviewing" (Crabtree & Miller, 1999a:89).

Om te sien, hoor en aan te raak, is primêre bronne van informasie aangaande die wêreld. Die onderhoud is dan 'n navorsingsbenadering wat 'n luisterruimte skep waar betekenis tot stand gebring word deur die uitruil van verbale standpunte tot voordeel van wetenskaplike kennis (Crabtree & Miller, 1999a:89). Crabtree & Miller (1999a:89) poog in 'n hoofstuk om die onderhoud as 'n vennootskap op 'n gespreknavorsingsreis te gebruik. Die "diepte onderhoud" is 'n voorbeeld van 'n kwalitatiewe, semi- gestruktureerde (gefokusde) onderhoudsbenadering ter wille van die versamelingsproses in primêre versorgingsnavorsing (Crabtree & Miller, 1999a:89).

"The traditional understanding of the interview in clinical research is that it is primarily a behavioral event consisting of controlled verbal informational exchange from a repository of personal knowledge to a skilled listener/recorder" (Crabtree & Miller, 1999a:91.) Daarvolgens sou die onderhoudsvoerder 'n stimulus bewerkstellig en die respondent reageer. Elke vraag en antwoord sou *onafhanklik* betekenisvol wees. Crabtree & Miller (1999a:91) stel dat dit nie waar kan wees nie, aangesien dit duidelik word dat in elke onderhoud daar nie-verbale en emosionele interaksies sowel as 'n voortdurende interaksie van boodskappe is wat verskillend ontvang word. Hier word verwys na Mishler(1986). Beide die onderhoudsvoerder sowel as die respondent het 'n verskeidenheid van sosiale rolle wat wyer strek as hulle rol as onderhoudsvoerder en respondent. Die vra van vrae kan verskillende boodskappe uitstuur.

Whitten (2001:172) skryf binne konteks van kontemporêre antropologie die volgende oor vrae vra: "Although asking the right questions is hallmarks of a good manager, how and when questions are asked can send unintended signals about competence and power." Dit kan gebeur dat as een persoon in die groep vrae vra, so 'n persoon as die oningeligte geëtiketteer word: "Furthermore, we judge others not only by how they speak but also how they are spoken to" (Whitten, 2001:172.)

"The interview is better conceptualized as a special type of partnership and communicatve performance or event. It is not political oratory, storytelling, rap, a lecture, a small group seminar, or a clinical encounter. Rather, it is a conversational research journey with its own rules of the road" (Crabtree & Miller, 1999a:91.) Diepte onderhoud gebeur dan binne 'n spesifieke sosiale situasie wat uit 'n spesifieke plek, deelnemers en aktiwiteite bestaan.

Kommunikasie in die diskoers

Dit sluit in:

- die vorm van die boodskap (verbaal, gebaar, gesigsuitdrukking);
- die boodskap of teken;
- die "ander" wat deur die teken verteenwoordig word. Dit kan onder andere verwys na 'n persoon, objek, gebeure of proses in die wêreld. Volgens Crabtree & Miller (1999a:92) wys sosiolinguïstiese studies van die onderhoud op verskeie kulturele aannames en verwagtings. Hiërargiese onderhoudsvoerder -respondent rolverwagtings speel ook 'n rol.

Wanneer die onderhoud plaasvind, moet volgens Crabtree & Miller (1999a:92):

- die respondent die meeste praat;
- lengte gespesifiseer wees;
- die onderwerpe gespesifiseer wees: "Both are participants in an interpersonal drama with a plot that developes round the area of inquiry" (Crabtree & Miller,1999a:92.)

Die diepte onderhoud is 'n spesifieke veld-navorsingsdata versamelingsproses, ontwikkel om narratiewe te ontwikkel wat op spesifieke navorsingsvrae fokus.

Diepte onderhoude gebruik oop, direkte vrae om verhale en geval-georiënteerde narratiewe na vore te bring.

Crabtree & Miller (1999a:93) gee die stappe vir wat hulle noem: "the complete interview-to-transcription process":

- Dit begin met die stel van die navorsings-onderwerpslandskap deur 'n kulturele, literêre en selfoorsig. Dis faktore wat in die studie aandag gekry het in die metateoretiese perspektiewe.
- Dit word nou opgevolg deur die kwalitatiewe studie se ontwerpfase, wat 'n versamelingstrategie insluit (maksimum variasie strategie), die strukturering van 'n onderhoudsgids, beplanning van ingeligte respondent toestemming, vertroulikheid en beskermingstrategieë.

### 4.3.4.3 Keuse vir diepte onderhoude in verhalende vorm met die oog op narratiewe oorvertel

Vir die studie was onderhoude op verskillende plekke in die Roodepoort en Dobsonville gebiede gereël. In totaal is daar sestien onderhoude gedoen en ses is beskryf. Daar was 'n intense behoefte by mense om hulle verhaal te vertel. Sommige was nie werklik substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes nie, maar ander versorgers of selfs mense wat ander net gewoon ondersteun. Eers tydens die onderhoude kon daar werklik agtergekom word wat die posisie van iemand is, maar omdat almal as medewerkers behandel was, is onderhoude afgehandel.

- Die Administratiewe en Bestuurskantoor van die Clinix privaat-hospitaal, Dobsonville, was behulpsaam in die kontak met die trauma kapelaan wat die aanvanklike onderhoude gereël het met "granny's", asook leiers van NRO's uit die gemeenskap. Daarvandaan het dit veral ontwikkel deur 'n vroulike pastoor wat goeie gemeenskapkontak het wat verdere onderhoude met ander substituutversorgers moontlik gemaak het.
- Die hoof van Sparrows Ministries (formele versorging) in Maraisburg, Roodepoort, wat meer as bereid was om deur middel van die suster in beheer van die psigiatriese afdeling versorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes binne die sentrum te identifiseer om deel te neem aan die empiriese studie.
- Die eienaars/bestuurders van Baba Moses, 'n huis vir veiligheid binne 'n bo-gemiddelde woonbuurt, wat ook as substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes optree, is geïdentifiseer as 'n vorm van institusionele sorg.

Opname omstandighede was nie oral gunstig.

Die onderhoude wat ter wille van die studie gebruik is, is opgeneem in die volgende plekke:

- Woonhuis in Dobsonville waar die gestremde ouma woonagtig is. Die omstandighede was gemaklik.
- Kantoor van die trauma kapelaan in die Clinix privaathospitaal, Dobsonville. Dit het in 'n gees van vertroue geskied.
- Voorportaal van die Clinix privaathospitaal, Dobsonville, omdat dit op die moment die enigste doelmatige ruimte in die hospitaal beskikbaar was. Die onderhoud het geskied in die gees van verwagting ten opsigte van die kerk.
- Konferensiekamer van Sparrows Ministries in Maraisburg, Roodepoort. Die medewerkers was gretig om hulle verhale te deel.

- Woonhuis in Wilropark, Roodepoort. Sitkamer omstandighede met medewerkers wat goed voorberei was vir die onderhoud.
- Ontmoeting met kinderhoof van 'n huishouding van vigsweeskinders in 'n kantoor by die Clinix hospitaal. Sy was baie senuagtig.

**Voorbeelde van die voorbereiding en inhoud van die diepte onderhoude wat lei na die narratiewe opskryf van die onderhoude, word vervat in bylaag 2.**

Voorbereiding vir die onderhoud:

- Leer van taal;
- die verkryging van toegang tot onderhoudsplekke;
- oefen van self-aanbiedings;
- doen van oefen-onderhoude;
- onderhoude;
- transkripsie of verwerking van veldnotas.

Hierdie stappe word nie in detail bespreek nie.

'n Goeie onderhoud het 'n rustige, stadige, progressiewe vloei en behoort die fasiliteerders van die vloei te maksimaliseer en die inhibeerders van die vloei te minimaliseer (Crabtree & Miller, (1999a:102).

Gordon (1975)(soos aangehaal deur Crabtree & Miller, 1999a:102) beskryf *vier* inhibeerders wat die respondent se gewilligheid of motivering inhibeer om inligting te gee:

- kompetisie vir tyd;
- ego bedreigings;
- etiket;
- *oproep van traumatiese gebeure.*

Hy noem ook *4 inhibeerders* wat die vermoë van die respondent beperk om inligting te verskaf :

- vergeet;
- kronologiese verwarring;
- "inferential confusion";

- onbewuste gedrag.

Fasiliteerders wat die vloei van die onderhoud sal stimuleer en maksimaliseer is dan:

- vervulling van verwagtings;
- erkenning;
- dit wat op die self appél maak;
- simpatieke verstaan;
- nuwe ervaring;
- katarsis;
- behoefte aan betekenis en ekstrinsieke beloning.

Na die onderhoud, sodra die klankopnemer afgeskakel is, is ongeveer 10 na 15 minute se post-onderhoud kontak nog nodig:

- Dit gaan oor goeie verhoudings;
- Moontlike addisionele inligting;
- Dit gee ook vir die medewerker tyd om sy indruk oor die onderhoud te gee.

#### 4.3.4.4 Transkripsie

- 'n Onderhoud moet eers geëvalueer word vir kwaliteit voordat dit getranskribeer word. Die evaluasieproses is om die kwaliteit van die opname en onderhoud te bepaal (Crabtree & Miller, 1999a:105).
- Transkripsie bevat die ingewikkelde proses om te vertaal van 'n mondelinge diskoers na geskrewe taal. "The interview is an oral, visual and kinesthetic dance between two living, active bodies with multiple levels of communication. The transcription of this performance will never capture that reality" (Crabtree & Miller, 1999a:106.)
- Die navorser moet volgens Crabtree & Miller (1999a:106) baie duidelik wees oor die styl van transkripsie, hoe die transkripsie gemaak behoort te word, bv. word die hele teks getranskribeer, gaan rusplekke, emosionele uitdrukkings, intonasies ingesluit word? Hoeveel detail? Gaan opgesom of saamgetrek word? Die antwoord lê by die oorspronklike vraag en die ontwikkelde interpretasies.

#### 4.3.4.5 Transkripsie proses

Al die gekose onderhoude is duidelik genoeg bevind vir transkribering. Al die onderhoude is op rekenaar gelaai en daarvandaan afsonderlik op CD met al die relevante inligting op die formaat van die proefskrif, oorhandig vir transkribering. Een onderhoud het na ongeveer 12 minute baie addisionele inligting gegee wat irrelevant is ten opsigte van die onderwerp of reeds vroeër hanteer was en dit word nie getranskribeer.

Dit word letterlik getranskribeer, behalwe waar ander tale as Afrikaans en Engels tussenin gebruik is.

## 4.4 NARRATIEWE BENADERINGS TOT KWALITATIEWE NAVORSING

### 4.4.1 Oorsprong van die woord "narratief"

Volgens White (1987) (soos aangehaal deur Sunwolf *et al*, 2005:243) kom die woord "narratief" van die Indo-Europese stam, "gna". Dit het die betekenis van "om te ken" of "om te vertel". Mense het 'n behoefte om hulle ervarings te verstaan, veral daardie ervarings wat pynlik is.

Muller (soos aangehaal deur Crabtree & Miller, 1999a:222) sê die term "narratief" kan gebruik word vir beide teks en metode. Gordon & Paci (1995) (soos aangehaal deur. Crabtree & Miller, 1999:222) stel dat "narratief" dus gebruik kan word vir die proses van storievertel asook vir die storie self: "Second, I use the term narrative to refer to a method of inquiry - a qualitative research approach that solicits and analyzes personal accounts as stories and allows participants to use their own words and categories to describe their life experiences."

### 4.4.2 Waarde van stories vertel

- Stories wat vertel word, dien volgens Sunwolf *et al.* (2005:243) as resepte vir die strukturering van onbekende ervarings. Bruner (1987) word in die geval aangehaal. Stories word ook nie passief deur luisteraars ontvang nie.
- "Narratives, most simply put, are stories that relate the unfolding of events, human action, or human suffering from the perspective of an individual's lived experience" (Muller, 1999:221.)
- Volgens Muller (1999:221) is storievertel een van die oudste en kenbare eienskappe van menslike aktiwiteite. Churchill & Churchill (soos aangehaal deur Muller, 1999:221) stel as

volg: "It is in the telling and hearing of stories that people disclose, arrange, and make sense of their own experience as well as that of others ."

### 4.4.3 Stories in die mediese wêreld

- Veral in die wêreld van siekte en kliniese praktyke is die storie baie keer die medium van kommunikasie. Pasiënte vertel stories oor hulle siekte en hoe hulle oor tyd met hulle siektes leef (Muller, 1999:221).
- Dokters het weer verhale oor hulle pasiënte, siekte en behandeling asook lesse wat geleer is. Volgens Muller (1999:222) het meer formele studie van die narratief in mediese wêreld begin om die aandag te trek van navorsers, onderwysers en praktisyns. Beason (1997) (soos aangehaal deur Muller, 1999:222).maak die volgende stelling: "Thus narrative studies have emerged in such fields as anthropology, psychology, sociology, education, literary studies and history and are now beginning to appear in health research."

Sunwolf *et al.* (2005:240) stem saam met Sarbin (1986): "Human beings ponder, perceive, imagine, and make choices using narrative structures."
Ons herinnerings, toekomsplanne, selfs ons liefde en haat, alles word gelei deur geïnternaliseerde narratiewe.
Oorlewing in 'n komplekse wêreld sou baie moeilik gewees het sonder die vermoë om stories op te maak en om dit te interpreteer (Sunwolf *et al.,* 2005:240). Stories stel 'n wyse daar om ervarings te ken en te onthou en bied ook 'n kragtige struktuur om oënskynlik geïsoleerde en verwarrende gebeure op 'n betekenisvolle wyse saam te bind (Sunwolf *et al.*, 2005:240).

### 4.4.4 Narratiewe in kommunikasiestudies

Die narratiewe was in kommunikasiestudies, soos in ander dissiplines, geneig om geteoretiseer en nagevors te word binne interdissiplinêre hokkies, nl. die subareas waarin elkeen opgelei is om te dink en te werk (Japp *et al.*, 2005:2):

- "Interpersonal scholars focus on health narratives as chronicles of disrupted lives, threatened relationships, and spoiled identities in need of narrative readjustment and repair" (Japp *et al.*, 2005:2.) In terme van 'n bepaalde geval wat in hulle boek hanteer word, sê Japp *et al.* (2005:2) dat 'n storie ons toegang gee tot die wêreld van pyn, verwarring en

lyding wat veroorsaak is, in die bepaalde geval, deur die onbekende siekte van 'n kind wat veroorsaak dat afsluiting moeilik is.

- "Organizational scholars naturally gravitate toward institutional narratives, those stories constructed within and constrained by the collective consciousness of the individuals and groups within their domain" (Japp *et al.,* 2005:2.) 'n Verhaal van siekte is dan nie alleenlik 'n persoonlike narratief wat met siekte te doen het nie, dit is 'n sage van betrokkenheid van mediese personeel, organisasies en instellings.
- "Public communication scholars will invoke the social and political metanarratives, often disseminated via media..." (Japp *et al.,* 2005:3.) Volgens hulle sou so 'n storie van siekte dan op bv. nuusbullitens kon verskyn.

Geen narratief is slegs persoonlik organisatories of publiek nie:

- Stories vloei oor die kunsmatige grense of diskrete gebiede van kennis. Persoonlike narratiewe word die boublokke van publieke kennis.
- Alle terreine vertrou op individue se verhale om probleme te beliggaam, argumente te vorm en emosies los te maak.
- Die verhale word gebruik om te oortuig, evalueer, beloon en selfs te straf. Dit word die gesig vir enige saak, konvensie of werklikheidsaanbieding in die nuus, advertensies, promosie-veldtogte of vermaak.

Die verhaal van iemand met 'n onbekende siekte sou die stukrag van ondersteuningsgroepe kon word om die versorgende ouers te help of die stukrag agter befondsing vir nuwe navorsing. As die persoon gesond sou word, sou die persoon kon dien as 'n bewys van die wonder van moderne medisyne en indien nie, as herinnering dat mediese navorsing nog nie al die terreine van die menslike liggaam en verstand kon beheers nie. "In sum, any personal story is constituted in dialogue with relevant public and institutional narratives, whether in confirmation, denial or challenge" (Japp *et al.,* 2005:3,4.)

### 4.4.5 Narratiewe dimensies

Muller (1999:223-225) gee *vyf* narratiewe dimensies:

- 'n Narratiewe aanslag veronderstel dat mense daarvan hou om stories te vertel, dat hulle hulle belangrike ervarings in verhale saamvat en dat die vertel van hulle stories die mees basiese wyse vir mense is om sin te vind in hulle lewenservarings.

- Narratiewe het strukturele vorm van tyd en gebeure (plot). Gebeure ontvou meeste van die tyd, nie altyd nie, op kronologiese wyse. Dit het 'n begin, ontwikkeling en die ervaring van 'n einde. Die verhaal wil iewers heen ontwikkel, hoewel die punt dalk nie bereik word nie. "The unfolding of a story over time, in what Ricoeur (1991) calls "narrative time", is a compelling characteristic of storytelling" (Muller, 1999: 223.)
- Narratiewe het die vermoë om menslike gedrag te vorm sowel as om mense se lewenservaring te reflekteer. Verhale kan bv. ook 'n *morele narratief* vorm – hoe mense veronderstel is om op te tree.
- Narratiewe het ook 'n kontekstuele fokus. Hulle ontwikkel nie in hulleself nie, maar is ingebed in 'n kulturele konteks: "Although narratives are particularistic in that they are the stories of individuals, they also transmit or reflect cultural messages about the nature of reality" (Muller, 1999:224.) Mense vertel hulle eie verhale, maar bou dit deur die gebruikmaking van narratiewe tipes wat 'n kultuur beskikbaar maak.
- Narratiewe is verhoudingsmatig. Muller (1999:225) stem saam met Rubenstein (1995) dat stories aan ander vertel word, of die ander nou teenwoordig is of nie. "Frank (1995) suggests that individuals recount illness narratives as much for their listeners as for themselves because the stories act as "a guide" to others who are ill" (Muller, 1999:225.)

Narratiewe word ook baie keer geproduseer in gesprek: Dit word nie net eenvoudig deur die verteller aan die luisteraar oorvertel nie, maar word gevorm in interaksie tussen die verteller en luisteraar. In navorsingsonderhoude is die onderhoudsvoerder bv. 'n aktiewe deelnemer in die storiemaakproses deur die vrae wat gevra word en die interpretasies wat gemaak word. "We further position narrativity as a social, communicative process that is inherently dialogic. Rather than representing only the innerstate of a narrator, meaning is always co-constructed in the liminal space between participants" (Harper *et al.* 2005:11.) Toegepas op die lewe van formele versorgers soos mediese personeel: "Caregivers of all sorts gather around this central hub, certainly to engage in task-related interactions, but also to gossip, tell stories, mock patients and co-workers, crack jokes, play pranks and discuss their personal lives" (Morgan-Witte, 2005:217.) Volgens Morgan-Witte (2005:217) spin hulle dan in hierdie kulturele web 'n storie-kultuur waar hierdie verskeie vorms van storievertel saam gestring word om 'n struktuur te vorm wat bruikbaar is ten opsigte van sosiale norme en taakuitvoering. Navorsers het ook al die belangrikheid daarvan bespreek dat versorgers narratiewe kennis opdoen ten einde hulle pasiënte beter te verstaan.

### 4.4.6 Narratiewe en kwalitatiewe sosiale navorsing

Narratiewe navorsing pas in die breër veld van kwalitatiewe sosiale wetenskaplike navorsing in (Muller & Pienaar, 2004:1033). Die narratiewe wêreld veronderstel dat mense interpreterende wesens is en dat ons voortdurend soos ons voortleef ons eie ervarings interpreteer. White (1995b:14) (soos aangehaal deur Muller & Pienaar, 2004:1034) argumenteer as volg in 'n narratief oor verhale oor versorging: "These women live their lives according to the stories that they have about their lives, stories that actually shape their lives, constitute their lives and embrace their lives." In 'n poging om gesagsafstande af te breek sou navorsers in die narratief ook nie woorde gebruik soos "navorsingsobjekte" of "navorsingsbevolking" nie, maar eerder praat *van* "navorsingsmedewerkers" of "medenavorsers".

"This cooperation then means that the purpose of the research is not to reach the objectives of the researcher, but also be meaningful to the persons or groups that form the basis of the research" (Muller & Pienaar, 2004:1034.)

Navorsing gaan dan nie in die eerste instansie oor verandering nie, maar om deel te word van mense se verhale.

### 4.4.7 Narratiewe gebruik van diepte onderhoude wat verhalend aangebied is.

Ten opsigte van die navorsing oor "Die pastorale bediening van die plaaslike kerk aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes" fasiliteer 'n narratiewe benadering in die kwalitatiewe navorsing 'n proses waarbinne versorgers oor hulle ervarings van sorg vir hulle, of die gebrek daaraan, aan die woord kan kom.

Muller & Pienaar (2004) se metode is gegrond op 'n artikel van Muller *et al.* (2001:76 -96). Hulle het weer van Anne Lamott se model vir fiksie skryf gebruik gemaak om navorsing te doen vanuit 'n narratiewe hoek.

Muller & Pienaar (2004:1035) stel voor dat 'n verhaal ontwikkel word langs die lyne van die "ABDCE formule" as vertrekpunt:

- Aksie "Action":

Dit is verhale van aksies (om dinge te doen) wat vertel word. Die verhale sluit die probleem in, maar hanteer ook die "nou" van die verhale. Die navorser neem die plek in van "om nie te weet nie".

- *Agtergrond "Background":*


NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dit het te doen met die gebeure wat die verhaal voorafgaan. Die standpunt is dan dat die mense in die verhaal 'n besondere godsdienstige- en kulturele agtergrond het. Die hede van die verhaal word teen die agtergrond van die huidige sosiopolitieke en ekonomiese agtergrond geplaas.

- Ontwikkeling "Development":

Die storielyn van die drama ontwikkel oor die verloop van tyd. Die "medenavorsers" vorm deel van die ontwikkeling van die verhaal.

- Klimaks "climax":

Muller *et al.* (2001:89 - 90)(soos aangehaal deur Muller & Pienaar, 2004:1035) sê die volgende: "Understanding should not come too soon, but should grow in time. The climax cannot be simulated, but should be waited for patiently".

- Einde "Ending":

Die einde van die storie is nie geslote nie, maar oop, die storie gaan aan. Die einde kan die voorspel wees tot 'n nuwe storie: "This is no linear process, but rather reflects an emergent design which is focused, but nevertheless flexible, iterative and continuous and therefore gives this research the character of an evolving spiral" (Muller & Pienaar, 2004:1035).

### 4.4.8 Vertroulikheid van onderhoude

In die lig van die sensitiwiteit van die onderhoude word die werklike name van die individue verswyg en vervang met skuilname. Die werklike name en adresse is in die skrywer se besit. Al die betrokkenes het *skriftelik* toestemming verleen dat die onderhoude met hulle gevoer kan word. Vanweë die vertroulikheid van die onderhoude word die inligting wat nie betrekking het op die studie nie, weerhou van publikasie.

Daar is gepoog om die ondersoek binne die riglyne van die etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit uit te voer en daar is geen druk op enigiemand toegepas om samewerking te gee in die uitvoer van die studie nie.

## 4.5 VERHALE

### 4.5.1 Verlamde "Granny" wat kleindogter versorg

Paulina is ses en sestig jaar oud. Sy is 'n weduwee wat in 'n netjiese huisie woon. Dit is deel van 'n dubbelhuis. Die ander deel word bewoon deur jonger mense wat in die dag by die huis is en 'n soort besigheid daarvandaan bedryf. Mens kan nie sê dat die straat voor die huis stil is nie, want

in Dobsonville is al die strate en parke besig. Al die parke is vol groepe kinders. Baie mense het nie werk nie en baie het nie kos nie en is daarom oral te sien.

Dis 'n ander vrou wat die deur oop maak want Paulina is 'n parapleeg as gevolg van 'n motorongeluk 'n paar jaar gelede en sy sit in 'n rolstoel. Op die oog af lyk Paulina se huisie binne nie baie anders as wat jy dit in ander woonbuurte in 'n meenthuis sou kry nie. Die hele huis het teëlvloere. Die meubels in die sitkamer en die slaapkamer wat jy kan sien is netjies en die sagter dele, soos die kussings, met plastiek oorgetrek. Die kombuis is modern vanuit die sitkamer gesien. Swaarkry verhoed nie altyd planmatigheid en 'n kwaliteit van lewe nie. Paulina is klaarblyklik 'n baie netjiese persoon en op die oog af lyk dit nie of sy baie swaarkry nie.

Paulina het egter 'n hartseer verhaal, maar sy praat maklik en vrymoedig daaroor. Sy het drie kinders gehad en al drie is reeds dood. Die dogter wat laaste oorlede is, het vigs gehad en is aan 'n vigsverwante siekte dood. Hierdie dogter is al in 2003 oorlede. Die dogter se man is weg. Paulina is vanaf 2004 'n "granny". Sy versorg as substituutversorger haar negejarige kleindogter. Die kleindogter was aanvanklik na haar ma se dood baie getraumatiseerd en sy was nog baie klein. Van haar pa weet sy niks. Eintlik is sy 'n dubbelweeskind, al leef haar pa dalk. "Sy was op tye maar moeilik," sê Paulina, "maar nou gaan dit beter". Sy treur nou nie meer nie. Die versorging van haar kleinkind is haar roeping. Daar is niemand anders nie. Haar geloof hou haar "staande".

Tog is daar 'n groot gemis. Paulina is verlam en kan nie regtig die ma se plek inneem nie. Haar gestremdheid maak dat sy nie die kind kan uitneem en ook nie vir haar kan gaan klere koop nie. Gelukkig is daar iemand wat haar wasgoed vir haar doen.

Finansieel gaan dit moeilik. Tans is die enigste inkomste in die huis die R200 toelae wat die kind kry. Sy, wat Paulina, is het 'n werkloosheidstoelae gekry wat sy nou nie meer kry nie en sy het maar aansoek gedoen vir ongeskiktheidspensioen, maar die goed vat lank....

Van haar belangrikste behoeftes is goeie voeding vir haar kleinkind. Sy weet ook nie wat van haar kleinkind gaan word as sy nie meer daar is nie. Gelukkig het die stigma rondom haar dogter se dood darem verdwyn.

Paulina is deel van 'n plaaslike kerk, maar baie teleurgesteld in die kerk want sedert 2006 was daar nog nooit weer iemand van die kerk nie. In 2006 het iemand nog gekom om vir haar te bid.. Sy kry geen hulp en materiële ondersteuning van die kerk nie en ook nie gebed nie....

### 4.5.2 Familieverwant(tante) met diabetes wat vier kinders versorg na "granny" sterf

Zodie woon ook in Dobsonville. Sy praat lekker en spontaan. Hier, in die kantoor van die traumapastoor in 'n privaathospitaal tussen ander wat haar lot deel, het sy bietjie afstand van haar omgewing. Sy het met die taxi gekom.
Zodie is een van die sg."relatives" wat die boeke beskryf. Sy versorg vier kinders wat wees gelaat is, twee van hulle as gevolg van MIV/Vigs. Hulle ma is dood aan 'n vigsverwante siekte. Die ander ma het van iets anders gesterf. Nee, Zodie weet nie waar die pa's is nie. Dis nou al meer as 'n jaar dat die kinders by haar is.

Mens kan maar sê Zodie het die kinders geërf.
Hierdie kinders is eers deur hulle ouma versorg. Die ouma was die "granny" en nou is sy dood. Toe die ouma gesterf het, is die kinders se "grants" ook afgesny en nou moet almal van Zodie se pensioen van R870 per maand lewe.
Die kinders huil baie en verlang baie na hulle ouma, maar na so 'n bietjie aandag moet hulle maar skool toe gaan, want mens weet nie altyd hoe om hierdie smart te hanteer nie....

Zodie is 'n baie gelowige vrou wat glo dat die Here voorsien. Elke dag gaan die kinders skool toe met wat hulle het, dalk net 'n stukkie brood. Die Here het hierdie kinders aan haar gegee om te versorg. Dis haar familie. Sy hoop net sy lewe lank genoeg om hulle deur die skool te sien. Die onsekerheid wat aan haar knaag is wat na haar dood van die kinders gaan word. Sy ly aan diabetes. Daar is regtig niemand anders...

Dis veral naweke dat die kinders hulle ouma so mis. Gedurende naweke is die kos ook so min. Al vier kinders is dogters en as dit daardie tyd van die maand is, is daar nie geld vir doekies nie.
Sekere dinge het darem beter geword, want die gemeenskap beledig nie meer die kinders wie se ma van MIV/Vigs gesterf het nie. Die plaaslike gemeenskap help ook nie, behalwe vir 'n buurvrou wat die kinders uitvat en soms klere koop.

Zodie en "haar" kinders is deel van die plaaslike kerk en die pastoor gee soms komberse en kos. Die kinders gaan kerk toe, want dis nodig om dankie te sê vir wat jy kry. Niemand het ooit die kinders met hulle trauma gehelp nie. Dis maar trane afvee en daarna skooltoe...

### 4.5.3 "Granny" wat drie kleinkinders versorg

Joy is drie en sestig jaar oud. As iemand self al ouer word, is drie en sestig nie so oud nie. Maar Joy lyk baie ouer as wat sy behoort te lyk. Sy het ontwikkel na dit wat sy nou doen, 'n "granny" wat na haar drie kleinkinders kyk. Sy het so 'n beeld van tipiese grootmoederlikheid. Joy is opgewonde. Sy het saam met die vrouepastoor en 'n aantal ander vroue na die privaathospitaal gekom met die taxi. Sy gaan geleentheid kry om haar storie te vertel. Miskien...

Haar drie kleinkinders is sommer nog baie klein. Die jongste is nou maar drie en was dus nog sommer pap babatjie toe haar ma in 2006 aan vigs oorlede is. Wat van die pa geword het, weet niemand. Hy is weg.

En dan is daar die stigmading.... Joy se las is groot want daar is geen van haar familieverwante wat na haar kyk nie, vir haar omgee nie, altans so voel dit. Hulle het hulleself onttrek. Hulle weet dat haar dogter aan "die siekte " oorlede is, want Joy se skoondogter werk by die staatshospitaal waar die oorlede dogter te laat gediagnoseer is. Dan is daar die onsekerheid, een van die kinders is moontlik MIV-positief.

Joy is veral bekommerd oor die toekoms van die kinders. Finansieel is sy nie instaat om na hulle te kyk nie. Haar pensioen is te min. Sy het al op 'n Saterdag gedink om met al drie in die dam te spring. Sy is selfs nou reeds gereed om die kinders aan iemand anders te gee wat bereid is om al drie wetlik aan te neem. Hulle moet tog nooit geskei word nie. Sy sien net nie daarvoor kans dat haar kleinkinders in 'n kinderhuis versorg word nie. Die wat na die kinders kan omsien kan selfs die huis oorneem as sy nie meer daar is nie. Vir nou weet sy een ding en dit is dat sy 'n "granny" is en dit doen wat sy behoort te doen.

Joy is teleurgesteld. Sy was deel van die kerk, maar sy voel dat hulle nie omgee nie. Sy soek na 'n kerk waar iemand regtig omgee vir haar en vir die kinders. As die kerk net vir haar 'n brood kan gee. Sy voel gestres en het behoefte aan iemand wat omgee, vir haar en die kinders kan bid en op

wie sy kan steun. Sy is dankbaar vir haar bure wat ondersteun en sy is so bly oor die geleentheid om vandag met iemand van die kerk oor haar behoeftes te praat, maar wat gaan nou gebeur? Sy het ook kos nodig en mediese aandag vir die kinders...

### 4.5.4 Versorger in institusionele diens by sentrum vir vigslyers - versorg ook vigswesies wat aan MIV/Vigs ly

Thia is 'n jong vrou wat al sedert 1998 by Sparrows Ministries werksaam is. Sparrows is 'n groot sentrum waar MIV/Vigs-pasiënte versorg word. Die versorgers wissel sale en gevolglik werk sy ook by geleentheid met kinders wat wees is, maar ook MIV/Vigs het. Thia is 'n substituutversorger van MIV/Vigs-geaffekteerdes in 'n formele situasie waar sy nie hoef te bekommer oor die middele vir die mense met wie sy werk nie. Sy praat nie baie hard nie, hier waar sy saam met ander versorgers in die netjiese konferensielokaal van Sparrows Ministries met 'n koppie tee voor haar sit. Sy wag vir die geleenheid om haar storie te vertel.

Thia is baie gelowig, en haar werk 'n passie, eerder 'n roeping soos sy later sou sê, net soos 'n pastoor s'n. Jy kan nie met die mense werk as jy nie geroep is nie. Sy hou van die versorging van mense wat baie siek is, ook aan MIV/Vigs.

Sy was baie bang toe sy by Sparrows begin werk het. Dit was erg om mense te sien wat tot op daardie stadium nie die regte medikasie gehad het nie en wat totaal vervalle in die sentrum opgeneem is.

Thia is opgewonde oor antiretrovirale behandeling vir mense. Maar dis erg dat almal wat sy sedert 1998 behandel het, intussen dood is. Dis altyd erg om iemand voor jou te sien sterf. Haar lewe is, volgens Thia, een groot gebed om krag en sy beleef die krag waarvoor sy bid. Sy voel dat sy sterker en sterker word, maar wonder dan skielik weer daaroor. Thia glo die Here het haar geroep en betrokke gemaak. Dit is ook wat haar laat uithou en aanhou. Sy weet dis 'n roeping om sulke siek mense te versorg..

Aanvanklik was die stigma vir haar iets wat haar bang gemaak het, veral omdat so baie mense tot nou toe nie glo dat daar so iets soos MIV/Vigs is nie. Tog sien sy al meer mense vir berading gaan wat hulle ook van die siekte leer.

Haar dag tot dag lewe bied vir Thia baie uitdaging, want jy raak nie werklik gewoond dat mense stukkie vir stukkie voor jou sterf nie, om mense by te staan, oud en jonk, tot die dood. Dat mense op antiretrovirale middels is en goed versorg word en kan praat en lag maak dit vir haar moontlik om goed te voel. Dit laat haar goed voel dat sy vir hulle berading kan gee en ook vir hulle kan bid.

Thia is baie opgewonde oor haar kerk wat inwoners daar kom besoek en vir hulle bid en ook die versorgers ondersteun deur gebed. Haar man is ook 'n groot ondersteuner in haar werk. Thia se groot dryfkrag is haar geloof, haar huis, haar roeping, haar kerk, die liefde. Maar later sê sy daar moet meer geleentheid wees vir praat. Die baie dood is erg...

### 4.5.5 Versorgers in gemeenskapsondersteunde sentrum vir veiligheid waar ook vigswesies versorg word

Leanie en Stoffel woon in 'n bo-gemiddelde woonbuurt in 'n bo-gemiddelde huis aan die westekant van Johannesburg. Hulle woon al lank daar en was saam met hulle twee kinders 'n gewone huisgesin tot in 2001. Dis toe dat Leanie en Stoffel beleef dat die Here hulle roep vir iets anders. Gewone suksesvolle mense wat hulle met hulleself besig gehou het, word geroep vir die baie weggooibabas.

Miskien het hulle verkeerd gehoor, maar nee, die verhale op die internet het net bevestig en Stoffel het beaam: "As die Here jou roep kan jy nie nee sê nie". Nege maande later is die huis, Huis vir Veiligheid, vir weggooibabas, gebore. Die eerste baba was klein, maar gelukkig MIV-negatief en dan gebeur dit....'n baba van ses maande, MIV-positief, tuberkulose is reeds sy deel, maar die Here het groot planne met klein kindertjies. Leanie en Stoffel wou nie na meer as ses babas kyk nie, maar nou is dit al 51, in verskillende sateliethuise, tot daar ver in die Noordweste en in hulle huis, saam met hulle eie gesin, twaalf!

Hulle was deel van hulle omgewing, het soos die ander rondom hulle waarvan baie net vlug vir die gedagte van vigs, nie eens geweet hoe dit oorgedra word nie. Dit was moeilik, voor die tyd van die antiretrovirale "roll-outs". Na nege maande het hulle nog geen hulp gekry nie. Die rekening by privaatklinieke soveel as R1600 per maand om hulp vir 'n MIV-geaffekteerde baba te kry.

Toe kom hy....Hy was maar 1,4 kg. Hy is Vrydag in die hospitaal opgeneem en Maandag ontslaan. Hy moes maar sterf. Maar by die staatshospitaal het 'n deur oopgegaan. Hy was op die ou einde die kleinste mensie nog op antiretrovirale middels. Die deur was oop vir ander na hom.....

Leanie en Stoffel verstaan dat hulle eintlik 'n voordeel het bokant die swart mammas en "granny's" wat vir dae in rye in staatshospitaalgange sit. Hierdie huis se mense het kennis opgedoen, van die siekte, maar ook van waar om hulp te kry en hoe. En dan is daar 'n opgeboude mediese ondersteuningsisteem van dokters, aptekers, susters, maatskaplike werkers, sielkundiges. Die oogkundiges het sommer al gratis geopereer aan 'n kind se oë. Hulle hoef nie vir dae in die lang rye te sit nie. Dis in hierdie rye dat hulle ma's sien sit met vrees op hulle gesigte vir hulle kinders.

Hulle huis vir weggooi kinders is geregistreer as nie-winsgewende organisasie. Jy kan geld gee en aftrek van die belasting. Mense bring makliker kos en geld soontoe. Leanie en Stoffel bemark nie. Die Here is hulle Bemarker en ja, hulle oorleef met 'n begroting van tussen R24 000 en R28 000 per maand.

Dis nie maklik nie want hulle moet baie keer skool toe ry elke dag. Gelukkig is die skool se bussie daar om in die middag kinders af te laai. Maar hulle kinders is mooi, het klere en hulle magies is vol en hulle kry medikasie soos hulle dit nodig het. Ja, hulle het ondersteuning uit die gemeenskap. Baie wat ondersteun is nie Christene nie, nie van die kerk of die omgewing nie. Hulle doen dit omdat hulle wil.

Tog, as mense dieper kyk, lê daar in Leanie se oë 'n moegheid, amper hulpeloosheid en weerloosheid, veral as sy en Stoffel oor die kerk praat. Nee, hulle is nie bitter nie, dalk net teleurgesteld. Die kerk naby en 'n ander kerk gee geld. Dis dalk die regte ding om te doen, maar die mense van die kerk is nie emosioneel by hulle nie. Hulle het altyd geld nodig. Daar is 'n groot afstand tussen R4000 en R28 000 maar daar kom iewers iets anders kort.....

Hulle wonder... as daar so baie mense in 'n kerk is, is daar nie iewers twee groepe van veertien wat elkeen dan een keer in twee weke kan kom, op die tyd wat dit nie vir almal moeilik is nie en almal net aan hulle eie kinders wil aandag gee nie. Die kinders in hierdie huis, tussen ander kan dan stories hoor, iemand anders beleef wat help bad en kossies gee en hulle in die bed sit. Om van tyd tot tyd net as selgroep in hierdie tyd te kom en 'n geskenkie en lekkers te bring maak niks makliker nie.

En dan is daar die vigsding, selfs in die kerk. Hier glo mense nog as hulle saam met jou kinders in die Sondagskool is, of in die kerk is, of as jy help word dit oorgedra aan jou kinders. Dan is dit soveel makliker om dit te vermy. Die kerke in die ryker areas raak moeiliker "hands on" betrokke. Mense kan maar net hulle hande gee en dalk by een so 'n kind betrokke raak, gaan kuier, hom uitneem en iets persoonliks laat beleef. Dalk Sondagskool toe neem. Die een vrou wat vier kinders Sondagskool toe vat, sukkel want hulle is maar klein en moeilik. Leanie en Stoffel is nie meer deel van 'n kerk nie. Iewers sal die Here wys waarheen.

Dit sal ook lekker wees as iemand anders net kan sê/vra: "Ek sal kom kyk. Wil jy dalk winkels toe gaan?"
Vir Leanie en Stoffel en hulle eie kinders, want hierdie is 'n familieding, is alles die moeite werd. Hulle voel nie hulle doen die kinders 'n guns om hulle te versorg nie. Elke kind doen hulle eintlik 'n guns om daar te wees. Hulle noem Stoffel "oupa" en praat oor alles in die kar met hom en verwonder hulle aan die blonde hare van Leanie as hulle daarmee speel. Hulle kom paradeer met hulle nuwe skoene of klere en bid op hulle manier ook saam as daar 'n nuwe baba in die huis aankom. Hulle maak dit self die moeite werd en die Here voorsien. Soos die geskenkvakansie by die see, kosteloos as iemand anders na die kinders kom omsien....

### 4.5.6 Verhaal van meisie as hoof van huishouding met vier afhanklikes

Dini is baie senuagtig om te praat, maar die vrouepastoor maak haar gemaklik. Terwyl die gesprek gevoer word lui telefone en kom van die granny's en ander meelopers by die kantoor van die trauma kapelaan van die hospitaal in Dobsonville in. Daar is ook tee en eetgoed gereed en vir die groep wat saam is, vorm dit 'n spesiale byeenkoms. Dina het gesorg dat Dini kom en hulle het saam gekom met die taxi. Dini is as jongmeisie hoof van 'n huisgesin waar albei ouers aan MIV/Vigs oorlede is. Sy versorg van haar ma se dood jare gelede vier kinders, tans van ouderdom dertien tot sestien. Sy bly saam met die vier kinders in 'n klein plakkershut agter ander mense se huis. Sy is werkloos, ontvang geen toelaes nie en moet R150 per maand vir die hutjie betaal.
Sy gaan self ook nie skool nie. Sy het dit gelos om die gesin te versorg. Dis vir Dini baie moeilik want sy het nie geld vir kos, klere, skooluniforms en skoolgeld nie. Gelukkig is daar 'n voedingskema by die skool waar die kinders kan kos kry, maar naweke en vakansietye is moeilik en intussen was sy klere by ander in die omgewing se huise om half liggaam en siel aanmekaar te hou.

Dit was vir haar 'n verskriklike skok dat beide ouers aan MIV/Vigs oorlede is, maar die ander mense sê MIV/Vigs is maar eenmaal daar. Hulle stigmatiseer nie haar gesin nie. Dini het vriende wat soms kos of klere gee. Dini gaan nie eintlik kerk toe nie, net soms en sy sou graag wou dat die kerk haar lewe verander. Wat sy nodig het, is werk en 'n huis..."Die plakkershut is baie klein," beaam die granny's. Sy is nie deel van die plaaslike kerk nie, ken nie eers 'n pastoor nie. Die enigste pastore daar is eintlik maar mense wat van oorsee kom en hoe kan hulle haar eintlik help in haar omstandighede? Daar is regtig niemand anders wat na haar gesin kan kyk nie, dis net sy en hoekom hou sy aan en staan sy sterk? Sy is die enigste en dis uit liefde dat sy dit doen....

## 4.6 AFLEIDINGS

Die volgende is 'n aantal gevolgtrekkings wat uit die onderhoude en agtergrond tot die onderhoude gemaak is:

- Versorging van MIV/Vigs-geaffekteerdes, in besonder kinders wat wees geraak het as gevolg van veral moeders wat sterf aan MIV/Vigs word grotendeels die verantwoordelikheid van grootouers (granny's).
- In gevalle waar die grootouers sterf, neem ander familieverwante die verantwoordelikheid van versorging van weeskinders oor.
- Die meeste gevalle van versorging vir vigswesies spruit voort uit die sterfte van die moeder. Vaders verdwyn tot groot mate na die moeders se dood.
- Meeste van die granny's wat kleinkinders versorg is ouer as sestig jaar en sonder werk. Hulle is merendeels afhanklik van 'n staatspensioen.
- Toelaes vir vigswesies is moeilik bekombaar en kan weggeneem word sodra die granny sterf wat dit vir 'n ander substituutversorger moeilik maak om dit weer te kry.
- Baie van die granny's se gesondheid is self nie meer goed nie en hulle leef ook saam met ander kwale soos Diabetes.
- Ondersteuning aan granny's vanuit die gemeenskap is nie goed nie as gevolg van verarmde en werklose gemeenskappe.

- MIV/Vigs het steeds 'n stigma in alle gemeenskappe en mense praat daarvan as "die siekte". Hulle noem dit nie op die naam nie. Vigswesies en hulle versorgers ly onder die stigma. Ander aanvaar die bestaan van die siekte gelate. Dis al so deel van die omgewing.
- Mediese hulp en ondersteuning is moeilik te kry veral in huise waar van die vigswesies ook MIV-positief is.
- Ander familielede is geneig om die verantwoordelikheid van versorging op granny's af te laai. Soms is daar gewoon niemand anders nie en moet een van die kinders maar begin ma speel en verantwoordelikheid neem met verlies van alle jongmensvoordele.
- Sekere hospitale is baie gemeenskapsvriendelik vir die granny's in terme van sg. "Wellnessdays". Granny's raak so en ook deur NRO's en kerklike kontak bekend met mekaar en mekaar se omstandighede en vorm spontane belangegroepe.
- Granny's is altyd bekommerd oor wat van kleinkinders gaan word na hulle dood.
- Granny's is oor die algemeen nie positief ten opsigte van institusionele sorg soos kinderhuise nie of dat die kinders van een huishouding geskei word nie.
- Skoolgelde en uniforms is 'n groot bron van kommer vir granny's asook vir kinders wat as hoof van die huisgesin moet optree.
- Voedsame kos en klere asook toiletware is 'n groot tekort in hierdie huise waar vigswesies versorg word.
- Geloof het 'n groot rol gespeel by almal wat ondervra is.
- Meeste granny's is teleurgesteld in die kerk as gevolg van swak ondersteuning ten opsigte van gebed, stres en materiële middele.
- Substituutversorgers in formele sorg is beter versorg as diegene in informele sorg.
- Versorgers in formele sorg vind ondersteuning in berading.
- Versorgers in formele sorg beleef beter gemoedstoestand as gevolg van die mediese en voedingsorg vir hulle versorgdes.
- Versorgers in formele sorg beleef egter baie trauma met elke sterfgeval.
- Versorgers in formele sorg dra ook by tot informele sorg in hulle omgewings.
- Versorgers in bo-gemiddelde omgewings beleef as gevolg van die stigmatisering van MIV/Vigs asook die onkunde daaraan verbonde nie genoeg emosionele en fisieke ondersteuning.

- Versorgers in 'n bo-gemiddelde omgewing het meer toegang tot bronne en het ook meer kennis van bronne asook die siekte.
- Uitbranding en geestelike moegheid is 'n potensiële werklikheid by alle substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes.
- Plaaslike kerke is meer finansieel as emosioneel betrokke.
- Lidmate van plaaslike gemeentes en kleingroepe weet nie hoe om betrokke te wees nie.

# HOOFSTUK 5

# PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE PASTORALE BEDIENING VAN DIE PLAASLIKE KERK AAN SUBSTITUUTVERSORGERS VAN MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDES

## 5.1 NAVORSINGSVRAAG

Hoe kan die plaaslike kerk haar pastorale taak t.o.v. substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes na behore uitvoer?

Om bogenoemde navorsingsvraag sinvol te beantwoord, word die volgende vraag vir hierdie hoofstuk geformuleer as onderdeel van die sentrale navorsingsvraag:
Watter perspektiewe bied die voorafgaande navorsing wat aangewend kan word in die daarstelling van 'n praktykmodel wat deur die plaaslike kerk gebruik kan word in 'n pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes?

## 5.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 5.2.1 Doelstelling

Die doelstelling van hierdie studie is om die plaaslike kerk se pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes vas te stel en 'n model voor te stel waarmee die plaaslike kerk haar verantwoordelikheid na behore kan uitvoer.

### 5.2.2 Doelwit vir die hoofstuk

Om 'n praktykmodel te skep wat die plaaslike kerk kan gebruik in pastorale bediening aan die substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes.

## 5.3 OORSIGTELIKE RESULTATE VANUIT DIE VORIGE HOOFSTUKKE

### 1.3.1 Hoofstuk 1

Hoofstuk 1 was die inleidende hoofstuk. Daarom dat daar nie resultate vanuit die hoofstuk aangebied word nie.

### 5.3.2 Hoofstuk 2

Die hoofstuk oor basisteoretiese perspektiewe het vanuit die Praktiese Teologie, teologiese antropologie, uit die Skrif en kerklike tradisie aangetoon dat:

- Die kerk en by implikasie die plaaslike kerk haar nie kan distansieer van die nood in die kerk asook in die breë universele samelewing nie.
- Mense in die algemeen, maar besonder mense in nood, is vir die Here belangrik. Die vroeë kerk se optrede het dit bewys.
- Die plaaslike kerk kan haarself voortdurend aan die perspektiewe in die basisteoretiese afleidings toets ten opsigte van huidige pastorale praktyke in terme van nood en vind ook riglyne vir die daarstelling van 'n nuwe verbeterde praktyk.
- Die kerk is die draer van die Koninkryksbeginsels en word dienooreenkomstig beoordeel.

### 5.3.3 Hoofstuk 3

In die hoofstuk oor metateoretiese perspektiewe is die volgende velde vanuit die literatuur hanteer:

- Die uitdagings van MIV/Vigs;
- die vigswesies as "MIV/Vigs-geaffekteerdes";
- die uitdagings van substituutversorgers;
- die kerk en pastorale bediening;
- kleingroepe.

In gesprek met ander wetenskappe is die uitdagings uitgewys asook moontlike rigtings waarin die plaaslike kerk kan beweeg in haar bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes. Aan die einde van elke afdeling is afleidings vanuit die afdelings gegee.
Die hoofstuk het ook die variasie tussen versorgers aangedui.

### 5.3.4 Hoofstuk 4

In die hoofstuk oor empiriese perspektiewe is die kwalitatiewe ondersoek gedoen in lyn met die variasie tussen versorgers en het dit afleidings ten opsigte van die metateoriese ondersoek versterk asook nuwe perspektiewe aan die lig gebring.

Die strategie in die empiriese ondersoek was 'n multivariasie strategie. Dit beteken dat daar onderskeiding getref is ten opsigte van verskillende kategorieë substituutversorgers. Van hulle is reeds in Hoofstuk 3 geïdentifiseer:

- Groot- en groot-grootouers wat kleinkinders versorg waar een of albei ouers aan MIV/Vigs oorlede is;
- Ander familielede wat kinders versorg nadat een of albei ouers aan MIV/Vigs oorlede is en grootouers ook nie meer die kleinkinders kan versorg nie;
- Institusionele sorg wat deur groot organisasies bedryf word soos bv. Sparrows ministries;
- Institusionele sorg waar privaat mense in 'n huis van veiligheid na kinders omsien;
- Huisgesinne waar kinders aan die hoofde van daardie huisgesinne staan waar ouers aan MIV/Vigs oorlede is.

## 5.4 AFLEIDINGS EN BEGINSELS

### 5.4.1 Enkele afleidings uit hoofstukke 2, 3, 4

| 5.4.1.1 Basisteorie plaaslike kerk | 5.4.1.2 Metateorie plaaslike kerk |
|---|---|
| • Die gemeente is kommunikatiewe ruimte van die Gees. Hier is die liggaam van Christus 'n band tussen God en mense. Dis 'n ruimte vir menslike verantwoordelikheid. In 'n postmoderne interpretasie sou dit beteken die sterker medewerking van alle lidmate in besluitneming sowel as bemagtiging van lidmate (2.5.1).<br>• Pastorale funksies word deur die kerk as organisme verrig (2.5.5).<br>• Matt. 25 : 31 - 46 plaas klem op die *groep,* maar ook op die kommunikatiewe handelinge van die individu as deel van die plaaslike kerk.<br>• Fokus ook op die handelinge van *mense wat buite die kerk staan.* Die plaaslike kerk is 'n pluriforme ontmoetingsgemeenskap. | • Tradisioneel was pastoraat gesien as die versorgingsaksie van die kerk aan gelowiges. Pastoraal het egter in praktyk beteken versorging van lidmate deur die ampte (3.7.1).<br>• Die sosiale omgewing is vir die kerk as organisme, maar ook as organisasie 'n werklikheid. MIV/Vigs het impak op die gemeenskap (3.7.4).<br>• Diensfunksies op grondvlak raak al hoe belangriker. So ook die toerusting van gewone lidmate ten opsigte van versorgers en versorging (3.7.4).<br>• Die ontstaan van ondersteuningsgroepe en die toerusting van hulle sowel as bemagtiging van hulle is noodsaaklik in die plaaslike kerk (3.7.6).<br>• Doelgerigte programme is nodig om die kerk in te lig oor MIV/Vigs en die impak daarvan op die wêreld, maar ook op die onmiddellike omgewing van die plaaslike kerk (3.7.4).<br>• Die wese van MIV/Vigs sowel as mediese versorging deur die Westerse- en Afrikasisteem van behandeling is onbekend aan baie mense en onbereikbaar vir baie. (3.4.1 |

| | |
|---|---|
| (2.8.8.3).<br>• Pastorale handelinge word deur die kerk, gemeente, gelowiges uitgevoer, maar dit word van almal verwag (2.8.8.2).<br>• God kom na die wêreld deur die diens van die pastorale handelinge van mense as intermediêr (2.8.8.5).<br>• Die pastoraat het 'n daadkarakter in diens van die Evangelie (2.8.9). | - 3.4.6).<br>• Die worteloorsake van die MIV/Vigs pandemie word nie volledig aangespreek nie (3.4.1 - 3.4.6).<br>• Die invloed van armoede, veral by vroue en kinders op die intensivering van die pandemie kan nie onderskat word nie (3.4.1 - 3.4.6).<br>• Sistemiese onreg verhoog die verspreiding van MIV/Vigs (3.4.5).<br>• Stigmatisering van MIV/Vigs inhibeer die hantering van die krisis (3.4.6) en dra by tot die negatiewe spiraaleffek van MIV/Vigs op die samelewing.<br>• Nuwe infeksies moet voorkom word sodat kinders nie hulle ouers verloor nie.<br>• Versorging moet vir daardie kinders gevind word wat reeds wees gelaat is as gevolg van vigs.<br>• Geaffekteerdheid by vigswesies gaan soms gepaard met geïnfekteerdheid. Vigswesies is besig om vinnig meer te word en bied 'n eiesoortige uitdaging (3.5.1 - 3.5.7).<br>• Armoede, misbruik en verwaarlosing is akute uitdagings. Uitdagings vir vigswesies lê ook op die fisieke, geestelike, psigologiese, intellektuele, ekonomiese en emosionele vlak. (3.5.1 - 3.5.7).<br>• Ruimtes is nodig waar vigswesies |

| | |
|---|---|
| | aanvaarding en omvattende ondersteuning kan beleef (3.5.7).<br>• Ubuntu as sisteem het 'n invloed op die konteks waarbinne kinders versorg word (3.5.7). |
| **Basisteoretiese beginsels plaaslike kerk :**<br>Die plaaslike kerk is 'n bemagtigde liggaam waardeur die Gees die kerk en gemeenskap wil bedien. | **Metateoretiese beginsels plaaslike kerk :**<br>Pastoraat in die plaaslike kerk is die verantwoordelikheid van elke lidmaat. Kennis in verband met nood en oplossing is bemagtigend. |
| | |



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

| 5.4.1.3 Basisteorie diensbaarheid | 5.4.1.4 Metateorie diensbaarheid |
|---|---|
| • Binne die ruimte van die kerkgemeenskap skep die Gees lewegewend, getuig, lei, vertolk, help, troos Hy en laat die liefde seëvier (2.5.2).<br>• Die Makro-konteks van die Bybel bewys Matteus as evangelie (Matt. 3 : 8 - 10) ook gerig aan mense wie se liefde verflou het (2.8.8.2).<br>• Geloof moet in dade sigbaar word. Die blyke van verampteliking binne die kerk en Matteus se duidelike weerstand daarteen vra om 'n beweging vanaf status na diensknegsgestalte. 'n postmoderne interpretasie sou beteken die sterker medewerking van alle lidmate in besluitneming sowel as bemagtiging van lidmate (2.8.8.4 en 2.7.7).<br>• Die mikro-konteks van Matt. 25 : 31 - 46 wys in hierdie eskatologiese waarde-oordeel die oordeel oor die pastorale bediening van die kerk. Die oordeel vind plaas volgens die liefdesdade wat gedoen is of | • Die kerk moet weer haar ware Bybelse identiteit opeis as liggaam van Christus om doelmatig te reageer op die pastorale behoeftes van God se mense wat met MIV/Vigs lewe (3.7.4).<br>• Die transformasie van gemeenskappe en mense is belangrik (3.7.4).<br>• Die kerk is die magtigste nie-regeringsorganisasie met onbeperkte infrastruktuur en grondvlakkontak. Die kerk moet deel vorm van 'n netwerkspan om verandering teweeg te bring (3.7.5).<br>• Die kerk moet oppas vir die gevaar van 'n nuwe paternalisme wat in 'n postmoderne tyd uitgedien is. Gemeenskap- en gemeente bemagtiging is sleutel begrippe (3.7.6).<br>• Kleingroepe is besondere eenhede waardeur die kerk deur die eeue haar roeping kon uitleef (3.8.7).<br>• Kleingroepe vorm besondere eenhede waarbinne koinonia of egte geloofsgemeenskap en diens aan God, aan mekaar en aan die wêreld kan plaasvind (3.8.7).<br>• Kleingroepe is besondere groei- en |

| | |
|---|---|
| nagelaat is (2.8.6).<br>• Matt. 25 : 31 - 46 is 'n appèl op die kerk vir korrekte dade teenoor die wat in nood is, enige noodlydende, ongeag geloofsoortuiging. Die Wet is in Matteus verstaan in terme van innerlike gesindheid van die liefde, die goeddoen aan ander (2.8.8.2). | helingseenhede waarbinne egte kerkwees beleef kan word, maar waar daar ook 'n gerigtheid is op die groter kerk (3.8.7). |
| **Basisteoretiese beginsels diensbaarheid :**<br>Praktiese dade vanuit die geloof en liefde is die oordeelbare verpligting van elke individu teenoor kerk en wêreld. | **Metateoretiese beginsels diensbaarheid:**<br>MIV/Vigs-geaffekteerdheid is die konteks waarop die plaaslike kerk bemagtigend en met insig transformerend en ondersteunend moet reageer. |

| | |
|---|---|
| **5.4.1.5 Basisteorie universele arbeidsterrein van die kerk**<br>• Die wêreld is kommunikatiewe ruimte vir die Gees. Die handelinge ten opsigte van die wêreld geskied ook deur die mediêr van die kerk (2.5.3).<br>• Die Kerk het 'n wye perspektief, ook na al die nasies en die gemarginaliseerde. Hierdie perspektief is nie 'n diskontinuïteit met die Ou-Testamentiese tradisie nie, maar is in lyn daarmee. Die verbond met Abraham hou seën in vir alle geslagte van die aarde (2.8.8.4).<br>• Die Kerk is universeel, het nie grense vir wie deel is nie, asook nie vir wie mee gewerk word nie. Dissipelskap is een van die kernaspekte vir die Matteus-kerk. Die kern element hiervan is 'n lewe in lyn met wat Jesus geleer het (2.8.8.4).<br>• Matt. 25 : 31 - 46 is 'n appèl op die kerk vir korrekte dade teenoor dié wat in nood is, enige noodlydende, ongeag | **5.4.1.6 Metateorie universaliteit**<br>• Missionale teologie skep ruimte vir die emansipasie van die lidmaat en beweging oor alle grense heen. Dis gegrond op herstel en verhoudings (3.7.2).<br>• Die konteks van die kerk in Suid-Afrika is ook Afrika. Pastoraal beteken dit wegbeweeg van alleen Westerse individualisme na 'n kontekstuele verstaan van Afrika-sisteemdenke. Dit beteken kruis kulturele bewussyn (3.7.4).<br>• Verskillende substituutversorgers is deel van die omgewing van die plaaslike kerk. Dit kan wees:<br>  o familieverwante, bv. grootouers,<br>  o Versorgers betrokke in institusionele sentra, bv. vigstehuise of kinderhuise<br>  o Versorgers in huise van veiligheid wat privaat bedryf word en gemeenskaps-ondersteuning geniet.<br>  o Huise waar kinders as hoof van die huise optree of<br>  o Persone wat as pleegouers optree of<br>  o Mense wat toesig hou oor huise waar kinders aan die hoof van huishoudings staan |

| | |
|---|---|
| geloofsoortuiging (2.8.9).<br>• Die Matteus-gemeenskap was beskou as die "ware Israel". Daar is 'n duidelike universele tendens in Matteus. Die pastoraat is deel van die universele konteks. Die geringstes aan wie hulp gegee moet word is universeel - hulle is Jesus se broers - dit is aan Homself wat dit gedoen word (2.8.8.3 en 2.8.9).<br>• Christus is incognito in die geringstes aanwesig (2.8.9). | (3.7). |
| **Basisteoretiese beginsels universaliteit :**<br>Die plaaslike kerk se bediening is vanuit die werklikheid van afgesonderdheid op alle geringstes gefokus. | **Metateoretiese beginsels, universaliteit :**<br>Substituutversorgers in hulle verskeidenheid binne Afrika-konteks is deel van die geringstes waarheen die plaaslike kerk geroep word. |

| 5.4.1.7 **Basisteorie en praktyk** | 5.4.1.8 **Metateorie en praktyk** |
|---|---|
| • Die kommunikasie van die evangelie deur die praksis van die kerk geskied binne die perspektief van die koninkryk of heerskappy van God in die konteks van die konkrete gemeente en die konkrete samelewing waarin die geloofsgemeenskap staan (2.5.1 - 2.5.5).<br>• Dit laat die klem val op die term "plaaslike kerk". Die kerk is nie die Koninkryk nie, maar die handelinge van die kerk moet in lyn wees met die Koninkryk beginsels wat insluit die etiek van die liefde, gebaseer op die gebooie (2.8.8.5).<br>• Die Torah se beginsels word nie opgehef, maar gaan in vervulling in Christus (2.8.8.1 - 2.8.8.2).<br>• Die oordeel vind plaas volgens die liefdesdade wat gedoen is of nagelaat is. Die Evangelie word binne die perspektief van die heerskappy van God, binne die konteks van die gemeente en die konkrete samelewing waarbinne die gemeente staan, | • Daar bestaan verskeie gemeenskapsbronne, bv. maatskaplike werkers, dokters, sielkundiges en lidmate en groepe wat bemagtig kan word in hulpverlening (3.6.12).<br>• Die uitdagings lê op ekonomiese-, geestelike-, psigologiese-, opleidings- en emosionele vlak (3.6.12).<br>• Toekomsbeplanning van kinders behoort vroegtydig gedoen te word wanneer ouers aan MIV/Vigs ly (3.6.12).<br>• Toekomstige versorgers kan reeds vroeg geïdentifiseer word (3.6.6).<br>• Ondersteuningsgroepe is nodig vir substituutversorgers, veral waar kinders aan die hoof van huishoudings is (3.6.12).<br>• Profetiese teenoor die staat is nodig sodat die staat sy rol as substituutversorger verstaan en hulp verleen (3.6.12).<br>• As vigswesies gesien word as aktiewe lede van die gemeenskap, eerder as net slagoffers, kan hulle lewens doel en waardigheid kry.<br>• Baie kinders tree reeds op as hoofde van huisgesinne en as versorgers. Dit maak hulle deel van die oplossing, Hulle moet dus ondersteun word in die |



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

| | |
|---|---|
| gebring.<br>• Matt. 25 : 31 - 46 is ontwerp om mense se harte aan te raak, gedagtes te vul en gereeld hulle sakke leeg te maak. Die pastorale sorg vir die individu is belangrik in die Matteus - evangelie vgl. Matt. 18. Jesus vra ook daarin nederigheid en diensbaarheid van sy dissipels. Pastorale handelinge het te doen met gee/uitdeel(kos, water) Dit het te doen met aanraking(klee). Dit maak ruimte(herberg). Dit beweeg(besoek). Dit praat (by besoek en ondersteuning in die hospitaal en gevangenis) (2.8.9).<br>• Die geringstes se behoeftes strek wyer as die lyste wat in Matt. 25 gegee word. Daar is ook ander lyste of behoeftes in die Skrif. Dit gaan om die totale mens in sy behoeftes en vra meer as geld. Dit vra 'n totale betrokkenheid in die aanspreek van die behoeftes (2.8.9).<br>• Pastorale handelinge fokus op die konteks en behoefte van die individue en raak die totaal van menswees (2.8.9).<br>• Die vroeë kerk het hulle opdrag | beplanning en uitvoering van pogings om die effek van vigs in hulle gemeenskappe en families te versag. |


NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

| | |
|---|---|
| tot naasteliefde met groot ywer beoefen. Die ingesteldheid was om hulp te verleen, ongeag die persoon (2.9). | |
| **Basisteoretiese beginsels vir die praktyk van die kerk:**<br>Uitleef van die beginsels van die Koninkryk vra konkrete handelinge binne praktyk. | **Metateoretiese beginsels vir die praktyk van die kerk:**<br>Konkrete handelinge deur die plaaslike kerk skep nuwe hoop binne 'n MIV/Vigs-geaffekteerde gemeenskap. |

| | |
|---|---|
| **5.4.1.9 Empiriese studie dienslewering**<br>• Versorging van MIV/Vigs-geaffekteerdes, in besonder kinders wat wees geraak het as gevolg van veral moeders wat sterf aan MIV/Vigs word grotendeels die verantwoordelikheid van grootouers (granny's) (4.6).<br>• In gevalle waar die grootouers sterf, neem ander familie verwante die verantwoordelikheid van versorging van weeskinders oor (4.6).<br>• Die meeste gevalle van versorging vir vigswesies spruit voort uit die sterfte van die moeder. Vaders verdwyn tot groot mate na die moeders se dood (4.6).<br>• Meeste van die granny's wat kleinkinders versorg is bokant sestig jaar oud en sonder werk. Hulle is merendeels afhanklik van 'n staatspensioen (4.6).<br>• Toelaes vir vigswesies is moeilik bekombaar en kan weggeneem word sodra die granny sterf wat dit vir 'n ander substituut-versorger moeilik maak om dit weer te kry (4.6). | • Sekere hospitale is baie gemeenskapsvriendelik vir die granny's in terme van sg. "Wellnessdays" (4.6).<br>• Granny's is altyd bekommerd oor wat van kleinkinders gaan word na hulle afsterwe en is oor die algemeen nie positief ten opsigte van institusionele sorg soos kinderhuise nie of dat die kinders van een huishouding geskei word nie (4.6).<br>• Skoolgelde en uniforms is 'n groot bron van kommer vir granny's (4.6).<br>• Voedsame kos en klere asook toiletware is 'n groot tekort in hierdie huise waar vigsweeskinders versorg word (4.6).<br>• Geloof speel groot rol by versorgers (4.6) .<br>• Meeste granny's is teleurgesteld in die kerk as gevolg van swak ondersteuning ten opsigte van gebed, stres en materiële middele (4.6).<br>• Substituutversorgers in formele sorg is beter versorg as diegene in informele sorg (4.6).<br>• Versorgers in formele sorg vind ondersteuning in berading (4.6).<br>• Versorgers in formele sorg beleef beter gemoedstoestand as gevolg van die mediese en voedingsorg vir hulle versorgdes (4.6). |

| | |
|---|---|
| • Baie van die granny's se gesondheid is self nie meer goed nie en hulle leef ook saam met ander kwale soos Diabetes (4.6).<br>• Ondersteuning aan granny's vanuit die gemeenskap is nie goed nie as gevolg van verarmde en werklose gemeen-skappe (4.6).<br>• MIV/Vigs het steeds 'n stigma in alle gemeenskappe en mense praat daarvan as "dié siekte". Hulle noem dit nie op die naam nie. Vigswesies en hulle versorgers ly onder die stigma (4.6).<br>• Mediese hulp en ondersteuning is moeilik te kry veral in huise waar van die vigswesies ook MIV positief is (4.6).<br>• Ander familielede is geneig om die verantwoordelikheid van versorging op granny's af te laai (4.6). | • Versorgers in formele sorg beleef egter baie trauma met elke sterfgeval (4.6).<br>• Versorgers in formele sorg dra ook by tot informele sorg in hulle omgewings (4.6).<br>• Versorgers in bo-gemiddelde omgewings beleef as gevolg van die stigmatisering van MIV/Vigs asook die onkunde daaraan verbonde nie genoeg emosionele en fisieke ondersteuning (4.6).<br>• Versorgers in 'n bo-gemiddelde omgewing het meer toegang tot bronne en het ook meer kennis van bronne asook die siekte (4.6).<br>• Uitbranding en geestelike moegheid is 'n potensiële werklikheid by alle substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes (4.6).<br>• Plaaslike kerke is meer finansieel as emosioneel betrokke (4.6).<br>• Lidmate van plaaslike gemeentes en selgroepe weet nie hoe om betrokke te wees nie (4.6). |
| **Empiriese beginsels ten opsigte van dienslewering in nood :**<br>Die situasie van krisiservarings van die substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes skreeu om hulp by die | |


NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

| | |
|---|---|
| "liggaam" wat blywende omvattende Evangeliese hoop kan bring - die plaaslike kerke. | |

### 5.4.2 Opsomming en praktykteoretiese perspektiewe

| Basisteoretiese beginsels: | Metateoretiese beginsels: | Empiriese beginsels: | Praktykteoretiese perspektiewe: |
|---|---|---|---|
| - Die plaaslike kerk is 'n bemagtigde liggaam waardeur die Gees die kerk en gemeenskap wil bedien. | - Pastoraat in die plaaslike kerk is die verantwoordelikheid van elke lidmaat. Kennis in verband met nood en oplossing is bemagtigend. | | - Skep deur prediking en Bybelstudie van Matt. 25: 31 - 46 en in kleingroepe die ervaring dat elke lidmaat deur die Gees gestuur en gebruik word. |
| - Praktiese dade vanuit die geloof en liefde is die oordeelbare verpligting van elke individu teenoor kerk en wêreld. | -MIV/Vigs-geaffekteerdheid is die konteks waarop die plaaslike kerk bemagtigend en met insig transformerend en ondersteunend moet reageer. | | - Skep inligtings - geleenthede, ontmoetings- en diensgeleenthede waar elke lidmaat van die plaaslike kerk bemagtig kan voel oor die konteks van MIV/Vigs-geaffekteerdheid. |
| - Die plaaslike kerk se | -Substituut versorgers in hulle | - Die situasie van krisiservarings van | - Bewerk kontak met die verskillende |


NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

| | | | |
|---|---|---|---|
| bediening is vanuit die werklikheid van afgesonderdheid op alle geringstes gefokus.<br><br>- Uitleef van die beginsels van die Koninkryk vra konkrete handelinge binne praktyk. | verskeidenheid binne Afrika konteks is deel van die geringstes waarheen die plaaslike kerk geroep word.<br><br>-Konkrete handelinge deur die plaaslike kerk skep nuwe hoop binne 'n MIV/Vigs-geaffekteerde gemeenskap en die voorbeeld van die bediening binne kleingroepe skep so 'n terrein. | substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes skreeu om hulp by die liggaam wat blywende omvattende evangeliese hoop kan bring - die plaaslike kerke | kategorieë van substituutversorgers asook tuiservaring van hulle situasie. Skep geleentheid waar lidmate met hulle gawes 'n verskil in sulke huise kan maak.<br>- Gebruik alle beskikbare kleingroepe om die verskillende kategorieë van versorgers te akkommodeer. |

## 5.5 PRAKTIESE TOEPASSING (SAKPASMODEL)

Die studie oor die kleingroep (3.8.1 - 3.8.7), ook binne vroeë kerk konteks wys dat die kleingroep in gedifferensieerde vorm, volgens die aard en spiritualiteit van die gemeente, bruikbaar is as 'n pastorale ruimte waarbinne en waaruit die plaaslike kerk substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes kan versorg en bogenoemde afleidings en beginsels (5.4.1 en 5.4.2) kan aanspreek en bruikbaar kan maak.

Die volgende dien as voorbeelde wat deur die plaaslike kerk gebruik kan word:

## 5.5.1 Voorbeeld 1

## Selgroep betrokke by versorger wat huis van veiligheid besit

Agtergrond

Daar bestaan 'n huis van veiligheid binne 'n bo-gemiddelde woongebied wat deur lidmate van die plaaslike kerk besit word. In die huis word kinders, wat wees gelaat het as gevolg van MIV/Vigs, versorg. Die vrou tree op as die substituutversorger van MIV/Vigs-geaffekteerdes deurdat sy die huis bestuur. Die hele gesin word egter geraak deurdat almal daar inwoon.

Die plaaslike gemeente kan die gesin betrek om deel van 'n selgroep in die omgewing te vorm.

Gevolg:

- Die plaaslike gemeente kom hulle verantwoordelikheid in terme van die nood in 'n omgewing volgens Matt. 25 : 31 - 46 na.
- Dit spreek 'n universele behoefte aan aangesien almal in die huis nie noodwendig Christene is nie en ook nie van dieselfde ras nie.
- Die selgroeplede word bemagtig ten opsigte van die MIV/Vigs-vraagstuk. Inligting oor die siekte word oorgedra.
- Selgroeplede leer om die stigma, verbonde aan MIV/Vigs te hanteer en verby te leef.
- Selgroeplede raak by individuele wesies betrokke en kan so die fases binne rousmart van kinders identifiseer en help begelei met die nodige toerusting wat die selgroep kan verwerf.
- Indien selbyeenkomste by ander huise gehou word en van die lede van die veiligheidshuis daarheen gaan, word die uitdagings van MIV/Vigs ook deel van hulle persoonlike omgewing.
- Die bestudering van die Woord tydens selbyeenkomste word ook praktykgerig in terme van eietydse vraagstukke en die Woord word in terme van behoeftes postmodern vertolk.
- Gebedsondersteuning word 'n werklikheid.

Byeenkomste kan soms by die huis van veiligheid gehou word.

Gevolg:

- Eerstehandse inligting oor die ervaring van substituutversorgers binne eie omgewing.
- Substituutversorgers en die geaffekteerdes beleef prakties aanvaarding en omgee en die evangelie kry hande en voete binne 'n situasie.
- Praktiese ervaring van die omgee lei ook tot finansiële hulp of hulp ten opsigte van middele wat noodsaaklik is, asook vervoer.

- Fisiese hulp kan gegee word deur bv. een aand per week lede te gebruik om die kinders te versorg of een dag per week die kinders te versorg, sodat die versorger genoeg kan rus en ander noodsaaklike aktiwiteite kan verrig.
- Die bediening is meer sistemies aangesien mense wat gehelp word, gehelp word op so 'n wyse dat die hele sisteem verbeter.
- Substituutversorgers beleef vanuit die ondersteuning emosionele-, geestelike- en fisieke (koherente) gesondheid wat hulle te midde van uitdagings laat groei eerder as verlam.
- Substituutversorgers beleef hulleself as deel van die plaaslike gemeenskap.

Vanuit die selleierskap word inligting deurgegee aan die plaaslike kerk wat die groter geheel van die plaaslike gemeente betrek.

Gevolg:

- Die selgroep as groeigroep beleef homself as deel van die groter kerk en die groter kerk haarself as deel van die kleiner groep.
- Dit vorm 'n sterk ondersteuningsnetwerk en in die kleingroep raak die groter plaaslike kerk ook by die nood betrokke en vind daar groei plaas.

In die bediening binne die selgroep raak elkeen volgens gawes betrokke.

Gevolg:

- Die bemagtiging van lidmate in 'n gemeente. Dis nie meer net die ampte wat betrokke raak nie.
- Gawebediening in die gemeente kom tot sy reg. Binne die kleingroep kan elkeen sy gawes uitleef.
- Elkeen binne die kleingroep se opleiding en agtergrond vind 'n plek in die bemagtiging van die groep asook die substituutversorger.

### 5.5.2 Voorbeeld 2

**Ondersteuningsgroep van die plaaslik, hoofsaaklik blanke kerk betrokke by "granny" in Dobsonville, Soweto.**

Agtergrond:

Die ondersteuningsgroep van ses lede kom weekliks in 'n kerklokaal byeen. Hulle funksioneer as kleingroep wat soms meer en soms minder lede het. Hulle is ondersteunend bymekaar betrokke, maar het die visie om ander in die gemeente in nood te ondersteun. Omdat die gemeente beleef word as gestuurde gemeente en omdat hulle bewus geraak het van die nood van 'n substituutversorger van MIV/Vigs - geaffekteerdes in Dobsonville, Soweto, besluit hulle om ook uit te reik na haar en in haar nood betrokke te raak. Hulle besluit om by haar te gaan kuier, opname te maak van die nood in die huis en omvattend te help.

Gevolg:

- Die groep se sentrale visie gaan oor verligting van nood en ondersteuning van mense. Dit is die belangrikste rede vir bymekaar wees. Hulle beleef hulle as deel van die plaaslike gemeente en hulle visie pas in binne die breër raamwerk van die gemeente visie as gestuurdes.
- Die groep is rondom hulle bepaalde bediening van omgee en ondersteuning toegerus en bemagtig en gereed om ander te bemagtig.
- In hul betrokkenheid by die substituutversorger raak hulle by die weeskinders en die sisteem betrokke en beleef die gesin die aanraking deur die Here en deur die kerk.
- Die lede van die ondersteuningsgroep het kontak met maatskaplike werkers wat hulp kan verleen in die begeleiding van die substituutversorger om toegang te kry tot die welsynstoelae wat beskikbaar is.
- Die groep word toegerus ten opsigte van die impak en omvang van MIV/Vigs.
- Die groep kry dit reg om by die stigma van MIV/Vigs verby te beweeg.
- Die versorger beleef aanvaarding asook ruimte om te kan praat.
- Daar kom verligting binne omstandighede.
- As kerklike en ondersteuningsgroep vanuit die kerk, speel die woordbediening 'n belangrike rol in ontmoetingsgeleenthede.
- Terugvoering word aan die gemeente gegee wat middele voorsien en verdere kundigheid beskikbaar kan stel.

- Wederkerigheid speel 'n groot rol deurdat beide partye, substituutversorgers en ondersteuningsgroep emosioneel groei.

### 5.5.3 Voorbeeld 3

**Belange groep wat met hulp vanuit die plaaslike gemeente ontwikkel en groei**

Agtergrond:

Binne 'n sekere omgewing in Dobsonville, Soweto, is sewe "granny's' wat optree as substituutversorgers van MIV/Vigs, woonagtig. Tussen hulle versorg hulle 'n groot aantal kinders wat wees gelaat is as gevolg van vigs. Daar is ook een huis waarin 'n vyftienjarige meisie optree as substituutversorger vir 'n aantal broers en susters. Uit die wyer omgewing is daar ook 'n aantal "granny's" wat optree as substituutversorgers. Die plaaslike gemeente weet van die versorgers, maar het tot op hede niks gedoen nie as gevolg van eie finansies. Almal is ook nie deel van die gemeente nie.

Die plaaslike gemeente weet egter dat van hierdie versorgers kontak met mekaar het. Verder is daar in die gemeente iemand wat deel is van 'n nie-regerings organisasie wat hulp aan MIV/Vigslyers gee. Hierdie nie-regeringsorganisasielid word deur die plaaslike gemeente bemagtig om al die substituutversorgers bymekaar te kry en 'n belangegroep te stig. Hierdie belangegroep het dan weer die vermoë om uit brei na ander wat nie deel van die gemeente is nie.

Gevolg:

- Die plaaslike gemeente neem verantwoordelikheid vir nood in die omgewing in lyn met Matt. 25 : 31 - 46 en die vorige praktyk om niks te doen nie as gevolg van finansies en onvermoë en dalk die stigma verbonde aan MIV/Vigs word verbeter na 'n nuwe praksis.
- 'n Lidmaat met bepaalde kundigheid word bemagtig om 'n belangegroep te stig van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes wat mekaar kan bemagtig.
- Die groep kan as belangegroep by die plaaslike kerk bymekaar kom en die inligting van die behoeftes van sosio-ekonomiese en emosionele behoeftes word deel van die plaaslike gemeente.
- Die belangegroep skep ruimte vir bemagtiging deur die Woord en gebed, gefokus op hulle omstandighede. Hulle kry die geleentheid om verhale met mekaar te deel en mekaar te bemoedig en beleef aanvaarding.

- Die groep word 'n drukgroep wat saam met die kerk toegang kan verkry tot maatskaplike dienste, opvoeding en onderwys en mediese dienste aan die kinders.
- Die groep bied geleentheid om die spanning van persoonlike verlies asook onsekerheid oor die toekoms van die kinders met mekaar te deel. Die teenwoordigheid van lidmate uit die kerk asook pastorale hulp bied 'n wederkerigheid wat groei by albei partye kan bring.
- Die belangegroep kry geleentheid om bronne met mekaar te deel en die plaaslike kerk se lidmate kry geleentheid om op welke wyse by te dra.
- Namate die groep groei, kan dit verdeel en 'n wyer netwerk vorm van bemagtigde persone.

### 5.5.4 Voorbeeld 4

**<u>Wyk</u> in die plaaslike kerk betrokke by huishouding met kind as hoof.**

Agtergrond:

Binne die grense van die plaaslike gemeente leef 'n suster van vyftien jaar wat haar gesin van twee boeties van onderskeidelik tien en sewe jaar moet versorg. Sy het as kind hoof geword van die huisgesin. Die huisgesin met 'n kind as hoof van die gesin woon in die agterplaas van 'n ander huis as bywoners. Hulle betaal tot R150 per maand vir bywoning. Die suster wat as hoof van die gesin optree moes haar skool verlaat om die boeties te versorg en versorg ander mense se wasgoed om die verblyf te kan bekostig. Die mense wat die blyplek aan die huisgesin met die kinderhoof verskaf is lidmate van die plaaslike gemeente en deel van 'n wyk met 'n ouderling en diaken in 'n tradisionele kerk opset. Die gemeente aanvaar al meer hulle Matt. 25 : 31 - 46 verantwoordelikheid en wil uitreik na nood. Die diaken vertel tydens 'n vergadering van die geval en sy wyk word uitgedaag en bemagtig om betrokke te raak. Die wyk doen dit deur 'n besoek aan die hoofhuis en dan ook aan die weeskinders. Hulle word bewus van die behoeftes van skoolklere, fooie, kos, klere, vervoer en toesighouding asook die feit dat kategesebywoning nie bestaan nie. Hulle leer ook die situasie ken van die stigma wat aan hierdie gesinnetjie kleef omdat die ma aan vigs oorlede is en die pa verdwyn het. Die ouderling en diaken onderneem om by hulle besoek af te lê op maandelikse basis, ander laai die kleiner kinders op skool toe. Die dames in die wyk kontroleer etes en nooi die kinders om ook by hulle kinders te kom speel. Die inligting word deurgegee na die gemeente om ook 'n beter werk vir die versorger suster te kry.

Gevolg:

- Die plaaslike gemeente beleef haarself as bemagtig ten opsigte van die uitvoering van pastorale handelinge.
- Die saak word sistemies aangespreek en die beginsel van Ubuntu realiseer.
- Daar is groei in die kleingroep, maar ook in die groter plaaslike gemeente.
- Gemeet aan Steenkamp (2005:12) se beskrywing van die salutogenese sal vanuit hierdie situasie dan die volgende faktore 'n positiewe invloed op die versorger se koherensiesin gehad het: Spiritualiteit; religieusiteit; toewyding en ondersteuning; aanvaarding; gebruik van sosiale ondersteuning; empatie en samewerking.
- Binne die wyksgroep bring die geloofsprong ook nuwe koinonia en die dienslewering 'n vreugde oor hulle iets positief "aan die Here" gedoen het.

## 5.6 GEVOLGTREKKINGS

- Gedifferensieerde kleingroepe bied die geleentheid, ruimte en model aan die plaaslike kerk om haar pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes volledig te kan uitleef.
- Gedifferensieerde kleingroepe kan dien as bruikbare model in 'n diverse samelewing waar pastoraat nie meer op 'n Westers-individualistiese model kan bly funksioneer nie, maar waar sisteme meer en meer in ag geneem behoort te word.
- Kleingroepe bied bemagtiging aan lidmate binne gemeentes om hulle barmhartigheid- en sendingroeping asook gawes en toerusting uit te leef.
- Dit bied die ruimte aan ongeveer 33 000 Christelike gemeentes om binne Suid-Afrika 'n impak op die vigs-pandemie en die armoede vraagstuk te maak.
- Dit bied die ruimte waar die stigma aan MIV/Vigs verbonde gedeaktiveer kan word en die siekte meer vryelik aangemeld kan word.
- Dit bied die ruimte vir ondersteuning op elke vlak en die moontlikheid van salutogene gesondheid van versorgers wat lei tot groei eerder as vernietiging van hulleself.
- Die bied die ruimte vir geaffekteerdes, nl. veral kinders om beter fisieke en emosionele gesondheid te verkry.
- Dit bied 'n verbeterde praktyk wat in lyn is met die liefdesgebod en ware kerkwees op 'n vroeë kerk model en wat in lyn met die koninkryksbeginsels funksioneer.

- Dit bied ruimte om die meer genadige rigting in te slaan, naamlik dat geaffekteerdes deur hulle families en gemeenskappe effektief en standhoudend versorg kan word, eerder as deur versorging in duurder inrigtings.
- Dit bied die ruimte waarin substituutversorgers binne inrigtingsorg ook kerklike ondersteuning kan kry.
- Die effektiewe gebruik van die model kan dien om die geloofwaardigheid van die kerk te verbeter.

# HOOFSTUK 6

# FINALE SAMEVATTING

MIV/Vigs het sedert die openbare bekendstelling daarvan familiestrukture met verwoestende effek getref. Dit het rolverskuiwings tot gevolg gehad met die effek dat kinders wees gelaat is en ander versorgers moes kry wat nie meer hulle primêre versorgers is nie. Gesinstrukture is vervang deur substituutversorgers wat om verskeie redes self dikwels ly.

Die plaaslike kerk kan met kommunikatiewe handelinge die Evangelie van hoop laat insny op die lewens en omstandighede van hierdie mense. Daarvoor is daar 'n praktykmodel nodig.

Die doel van hierdie studie was dan om die plaaslike kerk se pastorale taak aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes vas te stel en ook vas te stel hoe die plaaslike kerk in hierdie verband haar verantwoordelikheid na behore kan uitvoer.

Om hierdie doel 'n werklikheid te maak, is van die prakties-teologiese model van Zerfass gebruik gemaak en is die volgende doelwitte vasgestel wat in die verskillende hoofstukke sou ontvou ten einde die doel te verwesenlik:

- Om die kerk se opdrag in terme van nood in die lig van die teologiese tradisie en besonder Matt. 25 : 31 - 46 en ander Skrifgedeeltes wat hierby aansluit, te ondersoek en te beoordeel.

Dit is nodig dat die gelowige sy Godgegewe en Geesgedrewe verantwoordelikheid in terme van nood in die kerklike omgewing en wyer wêreld moet ontdek, wel op so 'n wyse dat die huidige hantering van nood geëvalueer kan word en daar 'n norm vasgestel kan word vir 'n nuwe verbeterde praksis. Daarom was dit nodig dat daar tot 'n prinsipiële oriëntasie gekom word ten opsigte van die Praktiese Teologie as empiriese handelingswetenskap om weer die kerk se rol as Geesgedrewe handelingsagent van die Evangelie te verstaan; 'n Bybelse mensbeskouing te vind aangesien die mens God se mens op pad is, die subjek is van uitdeling van genadehandelinge en die objek in die ontvang van vernuwende en veranderde ondersteuning. In hierdie konteks is die Skrif, as gesagvolle Woord van God, onontbeerlik. Die eksplikasie van die Woord binne literêre- en historiese konteks en die toepassing binne die hedendaagse konteks van postmodernisme is die beginpunt. Eksegese van Matteus 25 : 31 - 46 as deel van die Evangelie asook meesprekende tekste saam met die tradisie, veral in die vroeë kerk, is ook bestudeer om weer te fokus op die plaaslike kerk se roeping om Christus, die Heer en Regter van die Koninkryk as teenwoordig binne


NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

die geringste raak te sien en so geënergeer te word tot praktiese Evangeliehandeling wat die lot van lydendes oor alle grense heen kan aanspreek.

Die basisteoretiese perspektiewe het gedien om die praksis van die studieveld te verstaan, om dit as kritiese teorie te toets en te beoordeel en om die perspektief en normatiewe komponente vir nuwe praktykteorieë te verskaf. Dit bied die norm as rigtingwyser vir die kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie. Mense tree mediêr deur pastorale handelinge op om God se Woord tot mense te laat kom. Die wêreld van die ontstaan van die teks was geen vakuum en in die tradisie van die vroeë Kerk is ook praktiese kommunikatiewe handelinge gevind.

Die huidige situasie met betrekking tot substituutversorgers van MIV/Vigs- geaffekteerdes word nie in die Bybel as sodanig bespreek nie. Tog gee die Bybel riglyne wat vir die kerk bruikbaar is om sodanige nood aan te spreek. Die inhoud en betekenis van Matt. 25 : 31 - 46, die historiese agtergrond, sowel as die literêre konteks van Matt. 25 : 31 - 46 gee sulke riglyne. Daarvolgens kan die plaaslike kerk die huidige praksis evalueer en gemotiveer en geënergeer word vir 'n verbeterde praksis, indien nodig.

- Om die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs- geaffekteerdes en die uitdagings daarvan deur 'n literatuurstudie in die sosiale wetenskappe te bestudeer.

Die sosiale wetenskappe verskaf binne beskikbare literatuur die inligting wat nodig is om huidige omstandighede van substituutversorgers te verstaan asook die wyse waarop die kerk in hierdie stadium pastoraal betrokke is. In die literatuurstudie is gepoog om oor 'n breë spektrum die konkrete situasie van nood van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes te ontdek deur in gesprek te gaan met die bevindinge van ander wetenskappe. Dit sou 'n ontdekkingstog wees oor die wye veld van MIV/Vigs en is die volgende terreine aangespreek: MIV/Vigs as ongeneeslike verworwe sindroom; vigswesies as geaffekteerdes waarvan sommige die twyfelagtige voorreg het om ook geïnfekteer te wees; substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes as 'n groep wat in verskeie kategorieë verdeel kan word met hulle behoeftes en uitdagings en wat dalk vir hulle gedoen kan word sodat hulle gesondheid ook die gesondheid van die versorgdes kan aanhelp. Verder is gehandel met die gebied van pastoraat in 'n Derde Wêreldomgewing waar die sisteme, Ubuntu en ander gelowe en tradisies 'n werklikheid is en waar die pastorale handelinge deur die bemagtigdes bemagtigend moet wees en ondersteuningsgroepe 'n antwoord blyk te wees. Laastens is literêr gewys op die rol wat kleingroepe gespeel het en kan speel in die bemagtiging van die plaaslike kerk om haar pastorale rol uit te leef.

- Om die verskynsel van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes en die uitdagings daarvan empiries deur middel van kwalitatiewe studie en die diepte onderhoude wat daarmee gepaard gaan, te bestudeer.

Die empiriese ondersoek binne verskillende kategorieë van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes het bevestig wat in die literatuurstudie gevind is, maar ook 'n persoonlike inslag gebring deur na die verhale te luister van substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes, hulle ervarings van stigma en ekonomiese ontmagtiging te beleef asook die plaaslike kerk wat nie regtig 'n antwoord het binne die konteks van verarmde gemeenskappe nie. Ander is meer ekonomies vry, maar beleef 'n emosioneel onbetrokke en oningeligte plaaslike kerk .

- Om 'n praktykmodel te skep wat die plaaslike kerk kan gebruik in pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes.

Die resultaat van alles was om die plaaslike kerk te bemagtig om haar ontdekte verantwoordelikheid in terme van die geïdentifiseerde nood en behoeftes aan te spreek deur praktiese handelinge. Die saamgooi van die bereikte doelwitte uit die vorige hoofstukke het praktykteoretiese beginsels daargestel vir 'n sakpasmodel wat deur die plaaslike kerk gebruik kan word om haar verantwoordelikheid as bemagtigdes uit te leef deur 'n pastorale bediening aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes. Die primêre ruimte waar dit kan gebeur is in 'n gedifferensieerde kleingroepbediening waar nie een model verabsoluteer word nie, maar volgens behoefte verskeie modelle ingespan kan word. Dis in lyn met bemagtigingstradisie binne die kerk en bring die ruimte en geleentheid vir wederkerigheid, sorg en oorspronggesondheid wat die versorgers laat groei. Dit bring ook genadevoordeel aan vigswesies en ander geaffekteerdes.

**Terreine waar myns insiens verdere navorsing nodig is, is die volgende:**

- Die ekonomiese voordeel wat NRO's kry in ondersteuning aan substituutversorgers van MIV/Vigs-geaffekteerdes.
- Kwantitatiewe studies oor die werklike hoeveelheid huisgesinne met kinders as hoof van die huishouding en die ekonomiese/sosiale/emosionele impak daarvan op SA.
- MIV/Vigs stigma as skaduwee oor substituutversorgers en vigswesies lank na ouers se dood: 'n kwantitatiewe studie.
- Die gebruik van substituutversorgers in ander bedieningsterreine van die kerk soos siekepastoraat.

# BIBLIOGRAFIE

(Hanteer volgens die verwysingsisteem van die NWU) (1.9, bl.35)


ABBOTT-SMITH, G. 1977. A Manual Greek Lexicon of the New Testament. Edinburgh: T&T Clark.

ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE NG KERK. 1988.
Handboek vir die erediens. Kaapstad: Nasionale boekdrukkery.

ANESHENSEL, C.S, BOTTICELLO, A.L. & YAMAMOTO-MITANI, N. 2004. When caregiving ends: The course of depressive symptoms after bereavement. *Journal of Health and Social Behaviour,* 45:422-440, Dec.

ANON. 2007. Small-group communication. (In Wikipedia) http://en.wikipedia.org /wiki Date of access: 5 April.2008.

ARNOLD, J. 1992. Big book on small groups. Illinois: Intervarsity Press.

ARONSTEIN, D. M. & THOMPSON B.J., eds. 1998. HIV and social Work: A Practitioner's guide. Binghamton, New York: The Haworth Press.

AVERT. 2008. HIV and AIDS in South Africa. http://www.avert.org/ aidssouthafrica.htm Date of access: 2 September 2008.

BABCOCK, J.H. 1998. Bereavement work in the acute setting. (In Aronstein, D. M. & Thompson, B.J., eds. HIV and social Work: A Practitioner's guide. Binghamton, New York: The Haworth Press. p.109-22.)

BALES, R. 2007. Small-group communication. (In Wikipedia) http://en.wikipedia.org. wiki Date of access: 5 April.2008.

BARNETT, T. & BLAIKIE, P. 1992. AIDS in Africa: Its present and future Impact. London: Belhaven Press.

BARNETT, T. & WHITESIDE, A. 2002. AIDS, public policy and child well-being: Poverty and HIV/AIDS: Chapter 11. Impact, Coping and Mitigation Policy. UNICEF-IRCwww.unicef-icdc.org Date of access: 29 March 2008.

BATE, S.C. 2003., ed. Responsibility in a time of AIDS: A Pastoral response by Catholic theologians and AIDS activists in Southern Africa. Pietermaritzburg: Intrepid Printers.

BAUER, D.B. 1989. The structure of Matthew's Gospel: A Study in Literary design. Sheffield, England: Almond Press.

BAUMANN, L.J., DRAIMIN, B., LEVINE, C. & HUDIS, J. 2000. Who will care for me?: Planning future care and custody of children orphaned by HIV/AIDS. (In Pequegnat, W. & Szapocznik, J., eds. Working with families in the era of HIV/AIDS. Thousand Oaks, London, Nieu Delhi: Sage Publications: p.155-88.)

BERNHARD, J.H. 1953. A Critical and exegetical commentary on the Gospel according to St. John. Edinburgh: T & T Clark.

BITES, P. 2008. New era for South Africa AIDS fight. *BBC News*: 14 Oct. http://news.bbc.co.uk/2/hi/africa,7650983.stm. Date of access: 17 Nov.2008.

BOR, R. & ELFORD, J. 1998. The family and HIV today: Recent research and practice. Trowbridge, Great Brittian: Redwood Books.

BORCHERS, T. 1999. Small Group Communication: Definition of a small group: Types of small groups. http://www.abacon.com /commstudies/groups Date of access: 5 April 2008.

BOTHMA, G. 2004. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die kerklike jaar in die prediking van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif - Ph.D Praktiese Teologie).

BOTMAN, H.R. 1996. Turning the tide of the city: An ecumenical vision of hope. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 45(3,4):508-517, Sept/Dec.

BOWERS, N. & AUGUST, K. 2004. Engaging poverty: The church as an organisation of change. *Ned. Geref. Teologiese tydskrif,* 45(2):416-425.

BRENNAN, D.J. 1998. Bereavement work in hospice and home care. (In Aronstein, D. M. & Thompson, B.J., eds. HIV and social Work: A Practitioner's guide. Binghamton, New York: The Haworth Press. p. 135-144.)

BREYTENBACH, C., red. 1988. Kerk in konteks: Die vroeë Christendom in sosiale verband. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

BROWN, J. & HENDRIKS, H.J. 2004. Understanding HIV/AIDS through the dark lens of poverty. *NG Teologiese tydskrif,* 45(2):403-407.

BUFFEL, O. 2006. Pastoral care to people living with HIV/AIDS: a Pastoral response that is contextual and liberating. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 21(1):1-18.

BYBEL. 1953. (OAV) Die Bybel: Dit is die ganse Heilige Skrif, wat al die Kanonieke Boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

BYBEL. 1983. (NAV) Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CABSA CARIS. 2006. HIV/AIDS havoc in South Africa. www.cabsa.co.za/newsite. Date of access: 4 October 2007.

CALDWELL, J., CALDWELL, P., MAXINE ANKRAH, E., ANARFI, J., AGYEMAN, D.K., AWUSABO-ASARE, K. & ORUBULOYE, I.O. 1993. African families and AIDS: context, reactions and potential interventions. *Health transition review,* 3 (supplementary issue):1-9.

CARSTENS, P.J. 2006. Kan kleingroepe in die platteland werk?: Kleingroep konferensie van 22 & 23 Februarie 2006. Stellenbosch.

CHASAUKA, D. 2006. Professional nurses' perceptions of their ability to render effective nutritional care and support to people living with HIV/AIDS. Potchefstroom: NWU. (Thesis - MSc Nutrition).

CILLIERS, S. 2007. Honger knel huishoudings wat kinders as hoofde het. *Beeld* :6, 13 Nov.

COMBRINK, H.J.B. 1980. Inleiding by die Nuwe Testament: Band iv. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

CRABTREE, B.F. & MILLER, W.L., eds. 1999a. Depth interviewing. (In Crabtree, B.F. & Miller, W.L., eds. Doing qualitative research: 2nd ed. London, New Delhi: International Educational and Professional Publisher. p. 89-108.)

CRABTREE, B.F. & MILLER, W.L., eds. 1999b. Doing qualitative research: 2nd ed. London, New Delhi: International Educational and Professional Publisher.

CZERWIEC, M. 1996. When a loved one is dying: Families talk about nursing care. *The American journal of nursing,* 96(5):32-36, May.

DAVIES, W.D. & ALLISON, D.C. 2004. A Critical and exegetical commentary on The Gospel according to Saint Matthew. Volume 111. London: The Cromwell Press.

DE GRUCHY, S. 2000. How then shall we be saved? AIDS, community and redemption. *Bulletin for Contextual Theology*, 7(1):18-25.

DEIST, F.E. 1992. A Concise Dictionary of Theological and related terms: With an English - Afrikaans and an Afrikaans - English list. 2nd ed. Pretoria: Gutenberg Printers.

DEIST, F.E. & BURDEN, J.J. 1980. 'n ABC van Bybeluitleg. Pretoria: J.L. van Schaik.

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte: 'n Handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking toegepas op 1 Petrus 2 : 11 - 12; 18 - 25. Potchefstroom Teologiese publikasies. Pretoria: V & R Drukkers.

DE KLERK, W.J. 1974. Pastorale sensitiwiteit. Doornfontein, Johannesburg: Perskor Drukkery.

DE KOCK, D.J. 2007. Pastorale begeleiding van gesinne met betrekking tot die sin van lyding by gestremdheid. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif - Ph.D Pastoraal).

DE LA PORTE, A.E. 2003. Towards concious caring in the landscape of action as reflected in the unheard care stories of aids home-basedcarers. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 18(3):121-135.

DE SILVA, D.A. 2004. An introduction to the New Testament. Contexts, Methods & Ministry Formation. Illinois: Intervarsity Press.

DE VOS, A.S. 1998. Research at grass roots: A primer for the caring professions. Pretoria: J.L. van Schaik.

DE WET, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming - 'n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig,* 40(1): 57-87, Apr.

DU RAND, J.A. 2005. Coming to terms with the world of the text of the Bible. Johannesburg: Department of Biblical and religious studies, Rand Afrikaans University.

ELYON, J.R. 2008. Die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering: 'n Prakties-teologiese studie. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif - Ph.D Pastoraal).

ENCYCLOPEDIA OF SCIENCE AND RELIGION http://www.enots.com /science-religion-encyclopedia/theological-anthropology Date of access: 16 June 2008.

FERRELL, J.A. & BOYLE, J.S. 1992. Bereavement experiences: Caring for a partner with AIDS. *Journal of Community Health Nursing,* 9(3):127-135.

FIRET, J. 1982. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen: J.H. Kok.

FORSTER, G. & WILLIAMSON, J. 2000. A review of current literature of the impact of HIV/AIDS on children in sub-Saharan Afica. *AIDS 2000,*14(3):S275-S284.

FORSTER, G. 2004. Safety nets for children affected by HIV/AIDS in Southern Africa. *Monograph 109,* Dec. http://www.kahawacafe.com /pub/ Monographs/No109/ Chap4.htm. Date of access: 25 April 2008.

FREDRICKSSON, J. & KANABUS, A. 2008a. AIDS orphans. http://www.avert.org /aidsorphans.htm Date of access: 25 April 2008.

FREDRICKSSON, J & KANABUS, A. 2008b. Stigma, discrimination and attitudes to HIV/AIDS. http://www.avert.org/aidsstigma.htm Date of access: 25 April 2008.

FRESEN, P. 2003. Responsibility and caring for one another: (In Bate, S.C. Responsibility in a time of AIDS: A Pastoral response by Catholic theologians and AIDS activists in Southern Africa. Pietermaritzburg: Intrepid Printers. p. 63-69.)

FRIEDRICH, G., ed. 1967 - 1972. Theological Dictionary of the New Testament. 4 vols. Michigan: WM. B Eerdmans.

GBOD(GENERAL BOARD OF DISCIPLESHIP). 2008. Small group ministries. Accountable discipleship. http://www.g.bod.org/smallgroup /accountable.asp Date of access: 5 April 2008.

GERBER, L.A. 2007. Pastoral counselling of persons with homosexual tendencies in a heterosexual marriage. Potchefstroom: NWU. (Dissertation M.A. - Pastoral studies).

GERKIN, C.V. 1997. An introduction to pastoral care. Nashville: Abingdon Press.

GIBBS, E. & COFFEY, I. 2001. Church next. Quantum changes in Christian ministry. England: InterVarsity Press.

GILBERT, D.J. 1999. In the best interest of the child: Maintaining family integrity among HIV-positive mothers, children and adololescents. (In Taylor-Brown & Garcia, S., eds. HIV affected and vulnerable youth: Prevention issues and approaches. New York, London, Oxford: The Haworth Press, Inc. p. 99-118.)

GILL, P. 2006. Body count: How they turned AIDS into a catastrophe. Cape Town: Jonathan Ball Publishers.

GLIESE, S. 2007. Vigswesies - en hoe hulle gou grootmens moes word. *Health 24* http://www.health24.com, Date of access: 7 April 2007.

GREEN, M., ed. 2004. Church without walls: A global examination of Cell Church. London: Paternoster Press.

GROBBELAAR, K.G. 2007. Hulpverlening tot streshantering by predikante van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika (GKSA): 'n Pastorale studie. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif - Ph.D Pastoraal).

GROENEWALD, E.P. 1980. Die Evangelie van Johannes. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

GRöNUM, N. 2002. Die konstruksie en verdiskontering van sosio-historiese konteks in eksegese: 'n Hermeneutiese studie. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (Verhandeling - M.Th. Praktiese Teologie).

GROSHEIDE, F.W. 1954. Het heilig Evangelie volgens Matteus. Kampen: N.V. Uitgewersmaatschappij J.H. Kok.

GUNDRY. R. 1982. Matthew. A Commentary on his literary and theological art. Grand Rapids: Wm.B. Eerdmans Publishing Company.

HAGNER, D.A. 1995. Matthew 14 - 18: Word Biblical Commentary. Volume 33b. Dallas,Texas: Word books Publisher.

HARRINGTON, D.J. & HARRINGTON, S.J. 1991. The Gospel of Matthew. Sacra pagina series. Volume 1. Collegeville, Minnesota: The Liturgical Press.

HARTER, L.M., JAPP, P.M. & BECK, C.S., eds. 2005. Narrativs, health, and healing: Communication theory, research, and practice. Mahwah, London: Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.

HARTER, L.M., JAPP, P.M. & BECK, S. 2005. Vital problematics of narrative theorizing about health and healing. (In Harter, L.M., Japp, P.M. & Beck, C.S., eds. Narrativs, health, and healing: Communication theory, research, and practice. Mahwah, London: Lawrence Erlbaum Associates, Publishers. p. 7-30.)

HEIJ, P.A. 1989. Psychisch, dat is ook wat! Den Haag: Oosterlaan & Le Cointre.

HEITINK, G. 1979. Pastoraat als hulpverlening: Inleiding in de pastorale theologie en psychologie. 2nd ed. Kampen: J.H. Kok.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology: Manual for Practical Theology. Michigan: Wm.B.Eerdmans.

HENDRIKS, H.J. 1990. Bedieninge in en deur die gemeente. 'n Prakties-teologiese basisteorie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 5(1):19-42.

HENDRIKS, H.J., ERASMUS, J.C. & MANS, G.G. 2004. Congregations as providers of social service and HIV/AIDS care. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 45(2):380-402.

HENDRIKSEN. W. 1974. Gospel of Matthew. Guildford and London: Billing & Sons Limited.

HENDRIKSEN, W. 1976. New Testament commentary: The Gospel of John. Guilford, London: Billing and Sons Limited.

HEYNS, J.A. 1973. Die nuwe mens onderweg. 2de dr. Kaapstad: Tafelberg uitgewers.

HEYNS, J.A. 1977. Die Kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1981. Die Mens: Bybelse en buite-Bybelse mensbeskouinge. Bloemfontein: Sacum Beperk.

HEYNS, J.A. & JONKER, W.D. 1977. Op weg met die Teologie. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. A Primer in Practical Theology. Pretoria: Gnosis Books and Publishers CC.

HILL, D. 1972. The Gospel of Matthew. Grand Rapids: WM.B.Eerdmans.

ICENOGLE, G.W. 1994. Biblical Foundations for small group ministry: An integrative approach. Illinois: Intervarsity Press.

JAPP, P.M., HARTER, L.M & BECK, C.S. 2005. Overview of narrative and health communication theorizing. (In Harter, L.M., Japp, P.M. & Beck, C.S., eds. Narrativs, health, and healing: Communication theory, research, and practice. Mahwah, London: Lawrence Erlbaum Associates, Publishers. p.1-6.)

JOHNSON, L. 2006. HIV/AIDS havoc in South Africa. www.cabsa.co.za/newsite. Date of access: 4 October 2007.

KIDD, R. 2008. Adressing HIV-related stigma and discrimination in Africa. *The Communication initiative network,* http://www.comminit.com/en/node/119796/36. Date of access: 17 Nov. 2008.

KIRKPATRIC, T.G. 1995. Small groups in the church: A handbook for creating community. New York: The Alban Institute.

KITTEL, G., ed. 1964-1968. Theological Dictionary of the New Testament. 4 vols. Michigan: WM. B. Eerdmans Publishing Company.

KNODEL, J. & VAN LANDINGHAM, M. 2002. The Impact of the AIDS epidemic on older persons[Epidemiology, social, cultural and political]. *AIDS, 16* (supplement 42002), pp. S77 - S83. http://www.aidsonline.com Date of access: 29 March 2008.

KüBLER-ROSS, E. 1991. On life after death. Berkeley, California:
Celestial arts.

KUZEL, A.J. 1999. Sampling in qualitative inquiry. (In Crabtree, B.F. & Miller, W.L. eds. Doing qualitative research: Second Edition. London, New Delhi: International Educational and Professional Publisher. p. 33-46.)

LARTEY, E.Y. 2003. In living colour. An intercultural approach to pastoral care and counseling. London: Athenaeum Press, Gateshead, Tyne and Wear.

LEBLANC, A.J. & WIGHT, R.G. 2000. Reciprocity and depression in AIDS caregiving. *Sociological Perspectives,* 43(4):631-646, Winter.

LEMMER, J.C. 1991. Hipotese-generenende ondersoeke in prakties-teologiese navorsing. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 6(1):10-21.

LEVINE, C. 1990. AIDS and changing concepts of family. *The Milbank Quaterly*, 68(1):33-58.

LIDDELL & SCOTT. 1982. Greek-English Lexicon. Oxford: Clarendon Press.

LINSK, L.N. & MASON, S. 2004. Stresses on grandparents and other relatives caring for children affected by HIV/AIDS. *Health and Social Work, 29(Excerpt).* http://www.questria.com Date of access: 29 March 2008.

LOTTER, G.A. 2000. Versoening en moontlike versoeningsimbole in die hedendaagse Suid-Afrika. *Koers,* 65(2):223 - 225.

LOUW, D.J. 1995. Pastoral care for the person with AIDS in an African context. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 10(1):29-44.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek Lexicon of the New Testament based on semantic domains. Volume 1. New York: United Bible Societies.

LUZ, U. 2005a. Matthew 21 - 28: A Commentary. Minneapolis: Fortress Press.

LUZ, U. 2005b. Studies in Matthew. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans.

MAQOKO, Z. & DREYER, Y. 2007. Child-headed households because of the trauma surrounding HIV/AIDS. *HTS: Theological studies,* 63(2):717-731, June.

MARAIS, F. 2007. Hoe lyk gestuurde pastoraat? *Kruisgewys,* 7(4):5-7, Des.

MASHAU, T.D. 2007. Unlocking the mysteries of marriage. Biblical solutions to confronting African youths in the 21st century. Potchefstroom: PTP.

MASHAU, T.D. 2008. Where and when it hurts the most: the theology of hope and accompaniment in the context of HIV and Aids in marriage and family life. *Exchange*, 37:23-34.

MASON, J. 1996. Qualitative researching. London: SAGE Publications.

McMINN, M.R. 1996. Psychology, theology and spirituality in Christian counseling. Wheaton, Ilinois: Tyndale House Publishers.

MELLODY, M. & THERON, J.P.J. 2006. Faithfull servants in the house of the Lord: Critical reflections on congregational management as stewardship. *Practical Theology in South-Africa,* 21(3):105-121, Dec.

MILLS, T.M. 1984. The sociology of small groups. 2nd ed. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall, Inc.

MINNIE, F.G. 2003. Bybelse berading aan die persoon geaffekteer deur MIV/VIGS. Potchefstroom: P.U.vir C.H.O. (Proefskrif - Ph. D Praktiese Teologie).

MOILA, M.P. 2000. Caring in traditional African society. *Bulletin for Contextual Theology,* 7(1):21, Mar.

MOMBERG, E. 2008. New stats show millions more HIV positive. *Cape Argus (Cape Town): 4 May.* http://allafrica.com/stories/printable /200805040006.html Date of access: 20 Oktober 2008.

MOMBERG, H.L.J. 2001. Die verklaring van die Bybel. *Die Kerkpad,* 5(1) Jan. http//.kerkpad.co.za/argief. Datum van gebruik: 4 Oktober 2006.

MORGAN-WITTE, J. 2005. Narrative knowledge development among caregivers: Stories from the nursus' station. (In Harter, L.M., Japp, P.M. & Beck, C.S., eds. Narrativs, health, and healing: Communication theory, research, and practice. Mahwah, London: Lawrence Erlbaum Associates, Publishers. p.217 - 236.)

MORRIS, L. 1992. The Gospel according to Matthew. Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1992. Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe. RGN Studies in metodologie. Pretoria-Wes: Gutenberg Boekdrukkers.

MULLER, J. & PIENAAR, S. 2004. Stories about care: women in a historically disadvantaged community infected and/or affected by HIV/AIDS. *Hervormde Teologiese Studies(HTS),* 60(3):1029-1047, Jan.

MULLER, J.H. 2005. Narrative approaches to qualitative research. (In
(In Crabtree, B.F. & Miller, W.L.. Doing qualitative research: Second Edition. London, New Delhi: International Educational and Professional Publisher. p. 221-238.)

NAV sien BYBEL 1983.



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

NEIGHBOUR, R.G. 2008. The naked truth about small groups: When small groups won't work and what we do about it. www.touchusa.org/wes/Articles/pdf/ntsample.pdf Date of access: 20 October 2008.

NEIGHBOUR, R.W. 1990. Where do we go from here?: A Guidebook for the cell group church. Houston: Touch Publications.

NEL, M. 1991. Die wisselwerking tussen teorie/praxis in die Praktiese Teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 6(1):22-37, Des.

NEL, M. 2007. Responsible Evangelism in a post-modern society in the presence of God: logically contextual, socially constructed and interdisciplinary. *Praktiese teologie in Suid-Afrika,* 22(11):98-117.

NESTLÉ-ALAND. 1983. Novum Testamentum Graece. 7nd ed. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.

NG'WESHEMI, J., BOERSMA, P., BENNETT, J. & SCHAPINK, D. eds. 1997. HIV prevention and AIDS care in Africa. Amsterdam,The Netherlands: Royal Tropical Institute.

NIEMANDT, N. 2007. Nuwe Drome vir nuwe werklikhede: Geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld. Epping, Wes-Kaap: ABC-Boekdrukkers.

NOBLE, R. February, 2008. Introduction to the AIDS epidemic. http://www.avert.org /aids-epidemic.htm. Date of acces: 25 April 2008.

NOBLE, R. March, 2008. HIV structure and life cycle. http://www.avert.org /virus.htm Date of access: 25 April 2008.

OAV sien BYBEL 1953.

OLIVIER, I.J. 2006. The strategic task of the church in creating spaces for spirituality. Potchefstroom: NWU. (Thesis - Ph.D Practical Theology).

OOSTENBRINK, J.W. 1996. Korporatiewe spiritualiteit en kleingroepleierskap. P.U. vir CHO (Proefskrif - Th.D Praktiese Teologie).

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 1998. Kleingroepe ter fasilitering van spiritualiteit in die kerk. *In die Skriflig,* 32(1):1-18, Apr.

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 1999. Die groot God by kleingroepe. Potchefstroom: DPM.

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 2002. Gemeentelike bedieningsgestaltes ter bevordering van kleingroepspiritualiteit. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 43(3 & 4):543-554.

OOSTENBRINK, J.W. & LOTTER, G.A. 2002. 'n Voorgestelde struktuur vir gemeentelike kleingroepleierskap. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 17(2):98-125, Des.

PATTON, J. 1993. Pastoral care in context. An introduction to pastoral care. Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox Press.

PEQUEGNAT, W. & SZAPOCZNIK, J., eds. 2000. Working with families in the era of HIV/AIDS. Thousand Oaks, London, Nieu Delhi: Sage Publications:155-188.

PIENAAR, A. 2007. Grootskaalse sterftes op pad. *Beeld*:8, 10 Nov.

PIENAAR, A. 2008. Meer as 1 uit 6 is waarskynlik MIV-positief. *Beeld*:13, 2 Sept.

PIETERSE, H.J.C. 1991. Die wetenskapsteoretiese grondslag van die Praktiese Teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 6(1):38-49.

PIETERSE, H.J.C. 1993. Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria: RGN-Uitgewers.

POINDEXTER, C. 2007. Elderly caregivers of persons with HIV: Their needs and assets. http://www.gateway.nlm.gov Date of access:20 November 2007.

PRETORIUS, C. 2006. Die Psigofortologiese belewenis van die eggenoot van 'n pasiënt met Alzheimer se siekte. Bloemfontein: UOVS. (M.Sc - Voorligtingsielkunde).

RAY, D.R. 1982. Small churches are the right size. New York: The Pilgrim Press.

REDELINGHUYS, F.J. & ROTHMAN, S. 2005. Koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering van predikante. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 45(4):466.

REICHARD, B.D., SIEWERS, C.M.F. & RODENHAUSER, P. 1992. The small group trainer's survival guide. Newbury Park, London: Sage Publications, Inc.

RICHTER, L., MANEGOLD, J. & PARTHER, R. 2004. Family and community interventions for children affected by AIDS. Cape Town: HSRC Publishers.

SAAYMAN, W. & KRIEL, J. 1992. AIDS, The Leprosy of our time?: Towards a Christian response to AIDS in Southern and Central Africa. Johannesburg: Orion Publishers.

SAHARA. 2007. Second South African National HIV household survey report. http://www.sahara.org.za. Date of access: 7 April 2007.

SALSBERRY, J.P., NICKEL, J.T., O'CONNELL, M, REYNOLDS, N.R., BRADY, D.L. & BENTZ, P.R. 1993. Home health care services for AIDS patients: One community's response. *Journal of Community Health Nursing,* 10(1):39-51.

SCHUTTE, S. 2000. Preparing the ground for community acceptance of AIDS orphans. *Bulletin for contextual theology in Africa,* 7(1):30-33, March.

SHELLY, J.A. 2000. Spiritual care. A guide for caregivers. Madison: Intervarsity Press.

SIM, D.C. 1998. The Gospel according to Matthew: The historical and social setting of the Matthean Community. Edinburgh: T & T Clark.

SLOTH-NIELSEN, J. 2002. Too little, Too late?: provisioning for child-headed households. *ESR Review: Economic and Social rights in South Africa,* 3(1):24-25, Jul.

SMIT, A.T. 1995. Nuutgedink oor leierskap in gemeentes: Die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad: Lux Verbi.

SOUTH AFRICA.INFO. 2008. Gateway to the world. http://southafrica.info/about/ health/hiv Date of access: 2 September 2008.

STANTON, G., EMERTON, J.A., CRANFIELD, C.E.B. 1995. The Interpretation of Matthew. Edinburgh: T & T Clark.

STEENKAMP, I. 2005. 'n Ondersoek na die belewinge van informele versorgers van MIV/Vigs pasiënte: 'n Salutogene perspektief. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (Verhandeling - M.A. Kliniese Sielkunde).

STEYN, A. F. & UYS, T. 2001. Die Kleingroep: Struktuur en dinamika. 2de dr. Sunnyside: Consortium Uitgewers.

STEYN, J. 2006. Caring for the caregiver: a programme on emotional, social and spiritual wellness. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 21(3):175-190.

STEYN, J. & VAN DEN BERG, J.A. 2005. 'n Pastoraal-narratiewe metode om lewensvaardighede by kankerpasiente te identifiseer: research article. *In die Skriflig*, 39(4): 733-751.

SUNWOLF, LAWRENCE, R.F. & KERANEN, L. 2005. Story Prescriptions: Healing effects of storytelling and storylistening in the practice of medicine. (In Harter, L.M., Japp, P.M. & Beck, C.S., eds. Narrativs, Health, and Healing: Communication theory, research, and practice. Mahwah, London: Lawrence Erlbaum Associates, Publishers. p. 237-258.)

SYMINGTON, J., red. 2007. Mag en kerkeenheid. Tweegesprek. *Kerbode*,178(10):1-2. http://www.kerkbode.co.za. Date of access: 7 August 2007.

TAYLOR-BROWN, S. 1998. Talking with parents about permanency planning. (In Aronstein, D. M. & *Thompson, B.J.,* eds. HIV and Social Work: A Practitioner's guide. Binghamton, New York: The Haworth Press. p. 349-360.)

TAYLOR - BROWN, S. & GARCIA, A., eds. 1999. HIV affected and vulnerable youth. Prevention issues and approaches. New York, London, Oxford: The Haworth Press, Inc.

THAYER, N.S.T. & BROWNING, D.S., eds. 1985. Spirituality and pastoral Care. Philadelphia : Fortress Press.

THERON, J.P.J. 2005. Huisbesoek in die Nederduitse Gereformeerde kerk: Kan historiese gegewens 'n oplossing bied? *Practical Theology in South-Africa,* 20(2):153-169.

TREATMENT ACTION CAMPAIGN. 2008. Key HIV statistics. http://www.tac.org.za/community/keystatistics Date of access: 1 September 2008.

TRELOAR, R., LOGAN, R., MOSTERT, C. & SHERLOCK, C. 2005. Theological anthropology: A collection of papers prepared by faith and unity commisioners of the National Council of Churches in Australia. www.ncca.org.au_/data/page/Anthropology/pdf. Date of access: 16 June 2008.

TURNER, A.H., PEARLIN, L.& MULLEN, J.T. 1998. Sources and determents of social support for caregivers of persons with AIDS. *Journal of health and social behavior,* 39(June):137-151, June.

TWIG, J & ATKIN, K. 1994. Carers perceived. Policy and practice in informal care. Philadelphia: Open University Press.

UNAIDS. 2004. Report on the global AIDS epidemic. *4th Global report.*
Geneva 27-Switzerland: http://www.unaids.org. Date of access: 10 April, 2006.

UNAIDS. 2006. Overview of the global AIDS epidemic: *2006 Report on the global AIDS epidemic.* : http://data.unaids.org/pub/Global. Date of access: 14 March 2008.

UNAIDS. 2006. Trends in the percentage of childen who are orphaned in South Africa: 1995 - 2005. *Report no. 03-09-06(2006). Statistics South Africa 2006.* http://unaids.org/en/Country Responses / Countries/ south_africa.asp Date of access:14 March 2008.

UNAIDS. 2007. AIDS orphans in sub-Saharan Africa: a looming threat for future generations: 10 Stories the world should hear more about. http://www.un.org/events/tenstories/. Date of access: 28 February 2007

UNAIDS. 2008. Global summary of the AIDS epidemic. http://www.hst.org.za/indicators/GlobalReports/UNAIDS Date of access: 2 September 2008.

UYS, L. & CAMERON, S., eds. 2004. Home-based HIV/AIDS care. Oxford: University Press.

VAN BRUGGEN, J. 1990. Matteus. Kampen: J.H. Kok.

VAN DER WALT, B.J. 1988. On being human and being a Christian in South Africa: Communalism, socialism and communism in a struggle for an African anthropology. *Wetenskaplike bydraes of the PU for CHE Series F: Institute for Reformational Studies F2 : Brochures,* (42).

VAN DER WALT, B.J. 2006. When African and Western cultures meet: from confrontation to appreciation. Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa. Printing things.

VAN DER WALT, B.J. 2007. Transforming power: Challenging contemporary secular society. Potchefstroom: Institute for contemporary christianity in Africa. Printing Things.

VAN DER WALT, E.J. 2006. Verwysings. Potchefstroom: Ferdinand Postma Biblioteek.

VAN DYK, A. 2005. HIV/AIDS. Care and Counselling: A Multidisciplinary approach. 3rd ed. Cape Town: Maskew Miller Longman.

VAN HEYNINGEN, C.J. 1999. Kleigroepbediening: 'n Strategie vir kwalitatiewe en kwantitatiewe groei in die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. P.U. vir CHO (Verhandeling - MA Praktiese Teologie).

VAN WYK, C. 2007. Pastoraat in missionale gemeentes. *Kruisgewys,*7(4):2, Des.

VAN WYK, J.H. 1993. Gesprek oor die moraliteitskrisis. *In die Skriflig*, 27(1): 125-133.

VAN ZYL, D. 2007. Die betaling van sterftevoordele aan MIV/Vigswesies. http://www.sanlam.co.za. Date of access: 7 April 2007.

VAN ZYL, H. 1988. Die kleintjies en die geringstes in die Matteusevangelie. (In Breytenbach, C., red. Kerk in konteks: Die Vroeë Christendom in sosiale verband. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 11-22.)

VENTER, C. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Pretoria: RGN Uitgewery.

VERHOEF, G.C. 2000. Die noodsaak van 'n Bybelse mensbeskouing in berading: Enkele snitte uit die Skrif en die praktiese implikasies daarvan. Potchefstroom: PU vir C.H.O. (Verhandeling - MA Praktiese Teologie).

VOS, C.J.A & MüLLER, J.C., red. 1991. God, mens en wêreld. Mens en omgewing. Orion. Doorfontein, Johannesburg: Perskor Drukkers.

WASSERMAN, H.P. 1997. Geneeskunde uit die Bybel. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

WATSON, D.C.C. s.a. The Gospel according to Matthew. Cambridge: University Printing services.

WCC (WORLD COUNCIL OF CHURCHES). 1997. Facing AIDS. The challenge. The Churches' response. A WCC Study Document. Geneva: WCC Publications.

WEBB, D. 1995. Who will take care of the AIDS orphans?: *AIDS anal. Afr.* http://www.ncbi.nlm.nih.gov Date of access: 29 March 2008.

WESTERMANN, C. 1986. Genesis 1. Een practische Bijbelverklaring. Kampen: J.H. Kok.

WHITTEN, P. 2001. Anthropology. Contemporary perspectives. London: Allyn and Bacon.

WIENER, L.S. 1989. Helping a parent with HIV tell his or her Children. (In Aronstein, D. M. & *Thompson.,* eds. 1998. HIV and Social Work: A Practitioner's guide. Binghamton, New York: The Haworth Press. p. 327-338.)

WIKIPEDIA. 2007. Ubuntu (philosophy). http://en.wikipedia. org /wiki/ Ubuntu_ (philosophy). Date of access: 28 April 2008.

WIKIPEDIA. 2008 Theological anthropology http://en.wikipedia. org/wiki/ Date of access: 16 June 2008.

ZERFASS, R. 1976. Einführung in die Praktiche Theologie. München: Verlag.

**BYLAAG 1**

**Matteus 25 : 31 – 46 Griekse Teks (Nestlé-Aland,1983) (Bylaag 1)**

Ὅταν δὲ ἔλθῃ ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου ἐν τῇ δόξῃ αὐτοῦ καὶ πάντες οἱ ἄγγελοι μετ'
αὐτοῦ, τότε καθίσει ἐπὶ θρόνου δόξης αὐτοῦ· 32καὶ συναχθήσονται ἔμπροσθεν αὐτοῦ
πάντα τὰ ἔθνη, καὶ ἀφορίσει αὐτοὺς ἀπ' ἀλλήλων, ὥσπερ ὁ ποιμὴν ἀφορίζει τὰ
πρόβατα ἀπὸ τῶν ἐρίφων, 33καὶ στήσει τὰ μὲν πρόβατα ἐκ δεξιῶν αὐτοῦ, τὰ δὲ
ἐρίφια ἐξ εὐωνύμων. 34τότε ἐρεῖ ὁ βασιλεὺς τοῖς ἐκ δεξιῶν αὐτοῦ· δεῦτε οἱ
εὐλογημένοι τοῦ πατρός μου, κληρονομήσατε τὴν ἡτοιμασμένην ὑμῖν βασιλείαν
ἀπὸ καταβολῆς κόσμου. 35ἐπείνασα γὰρ καὶ ἐδώκατέ μοι φαγεῖν, ἐδίψησα καὶ
ἐποτίσατέ με, ξένος ἤμην καὶ Συν
ηγάγετέ με, 36γυμνὸς καὶ περιεβάλετέ με, ἠσθένησα καὶ ἐπεσκέψασθέ με, ἐν
φυλακῇ ἤμην καὶ ἤλθατε πρός με. 37τότε ἀποκριθήσονται αὐτῷ οἱ δίκαιοι λέγοντες·
κύριε, πότε σε εἴδομεν πεινῶντα καὶ ἐθρέψαμεν, ἢ διψῶντα καὶ ἐποτίσαμεν; 38πότε
δέ σε εἴδομεν ξένον καὶ συνηγάγομεν, ἢ γυμνὸν καὶ περιεβάλομεν; 39πότε δέ σε
εἴδομεν ἀσθενοῦντα ἢ ἐν φυλακῇ καὶ ἤλθομεν πρός σε; 40καὶ ἀποκριθεὶς ὁ βασιλεὺς
ἐρεῖ αὐτοῖς· ἀμὴν λέγω ὑμῖν, ἐφ' ὅσον ἐποιήσατε ἑνὶ τούτων τῶν ἀδελφῶν μου τῶν
ἐλαχίστων, ἐμοὶ ἐποιήσατε.
41τότε ἐρεῖ καὶ τοῖς ἐξ εὐωνύμων· πορεύεσθε ἀπ' ἐμοῦ [οἱ] κατηραμένοι εἰς τὸ πῦρ
τὸ αἰώνιον τὸ ἡτοιμασμένον τῷ διαβόλῳ καὶ τοῖς ἀγγέλοις αὐτοῦ. 42ἐπείνασα γὰρ
καὶ οὐκ ἐδώκατέ μοι φαγεῖν, ἐδίψησα καὶ οὐκ ἐποτίσατέ με, 43ξένος ἤμην καὶ οὐ
συνηγάγετέ με, γυμνὸς καὶ οὐ περιεβάλετέ με, ἀσθενὴς καὶ ἐν φυλακῇ καὶ οὐκ
ἐπεσκέψασθέ με. 44τότε ἀποκριθήσονται καὶ αὐτοὶ λέγοντες· κύριε, πότε σε
εἴδομεν πεινῶντα ἢ διψῶντα ἢ ξένον ἢ γυμνὸν ἢ ἀσθενῆ ἢ ἐν φυλακῇ καὶ οὐ
διηκονήσαμέν σοι; 45τότε ἀποκριθήσεται αὐτοῖς λέγων· ἀμὴν λέγω ὑμῖν, ἐφ' ὅσον
οὐκ ἐποιήσατε ἑνὶ τούτων τῶν ἐλαχίστων, οὐδὲ ἐμοὶ ἐποιήσατε. 46καὶ ἀπελεύσονται
οὗτοι εἰς κόλασιν αἰώνιον, οἱ δὲ δίκαιοι εἰς ζωὴν αἰώνιον.[1]

**Matteus 25 : 31 – 46 (NAV)**

"31 Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit.

32 Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei.

33 Die skape sal hy regs en die bokke links van Hom laat staan.

34 Dan sal die Koning vir die aan sy regterkant sê : "Kom julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit,

35 want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet;
Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink;
Ek was 'n vreemdeling en julle het My gehuisves;

36 Ek was sonder klere, en julle het My klere gegee;
siek en julle het My verpleeg;
in die tronk en julle het My besoek."

37 Dan sal die wat die wil van God gedoen het, Hom vra :
"Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed,
of dors en U iets gegee om te drink?

38 En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves,
of sonder klere, en vir U klere gegee?

39 Wanneer het ons U siek gesien
of in die tronk en U besoek?"

40 En die Koning sal hulle antwoord : "Dit verseker Ek julle :Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van my gedoen het, het julle dit aan My gedoen."

41 Dan sal die Koning vir die aan sy linkerhand sê : "Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is,

42 want ek was honger, en julle het My niks gegee om te eet nie;
Ek was dors, en julle het My niks gegee om te drink nie;

43 Ek was 'n vreemdeling, en julle het My nie gehuisves nie;
sonder klere, en julle het My nie klere gegee nie;
siek en
in die tronk, en
julle het My nie versorg nie"

44 Dan sal hulle ook antwoord : "Here, wanneer het ons U honger of dors of 'n vreemdeling of sonder klere of siek of in die tronk gesien
en U nie gehelp nie!"
45 En Hy sal hulle antwoord : "Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.
46 En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar die wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe."

## BYLAAG 2

## Voorbeelde van die voorbereiding en inhoud van die diepte onderhoude,

***Agenda vir onderhoude***

**MONDAY 11 MARCH 2008**

**9 : 00 MEETING WITH GROUP AT SPARROWS MINISTRIES**

**AIM :**

- GETTING TO KNOW ALL CO-WORKERS: LIST OF NAMES;
- CAPACITIES;
- INTRODUCING ALL SUBSTITUTE CAREGIVERS TO THE STUDY, ASKING PERMISSION FOR RECORDING THEIR STORIES;
- SETTING A DATE, TIME FOR RECORDING;
- TALKING ON THE WAY FORWARD.

**Presensielys**

FRIDAY 22 FEBRUARY 2008

CLINIX PRIVATE HOSPITAL

LIST OF NAMES

| NAME | CAPACITY |
| --- | --- |

**<u>Vraelys</u>**

Corlett ave 835
Princess
072 221 5671
arnoldsmi@mweb.co.za
11 March 2008

**Re. Recording of stories of Substitute Caregivers of HIV/AIDS affected**

Dear Co-worker

Thank you for taking part in this project and that you are ready to tell your story. I hope that the effect of this study will benefit many people.

As said there is one question that will be asked. It read as follows :

**"What in your views makes it possible for you to continue to care for orphans or other people that are affected by HIV/AIDS"**

What I actually want to know is:

- In what way do you act as caregiver for HIV/AIDS affected people? For example: Do you act as a "granny" of do you support a child headed family or are you part of an outreach group?
- Since when have you been involved?
- Why are you doing what you are doing?
- Who involved you?
- Are you part of a NGO?
- What is the problems you are experiencing in caring for HIV/AIDS affected people?
- Tell about your support sistems?
- In which way is the local church involved in supporting you?
- What are your immediate needs?

God bless you

Ds. Arnold Smith 072 221 5671

## Vrywaringsvorm

Ds. HA Smith
Corlett ave 835
Princess
072 221 5671
arnoldsmi@mweb.co.za
12 March 2008

Re. Recording of stories of substitute Caregivers of HIV/AIDS affected

Declaration

I..........................................................(name) declare that I take part in this study as a co-worker out of my free will. I accept that my identity will not be made known to other people unless it was arranged with me.

Signed..............................................at Sparrows ministries on 11 March 2008.

Signed .............................................Ds. HA Smith student 12324221 NWU